

**DIE BELASTINGHANTERING VAN BUITELANDSE  
VALUTAVERPLIGTINGE AANGEGAAN DEUR 'N MAATSKAPPY  
VIR DIE VERKRYGING VAN KAPITAALBATES**

deur

J.A.C. BOSMAN  
(79212094)

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad  
Magister Commercii (Belasting)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier:

Prof. T.E. Brincker

SEPTEMBER 2008

## **SAMEVATTING**

# **DIE BELASTINGHANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIGTINGE AANGEGAAN DEUR 'N MAATSKAPPY VIR DIE VERKRYGING VAN KAPITAALBATES**

**deur**

**JAN ANDRIES CHRISTOFFEL BOSMAN**

**STUDIELEIER : PROFESSOR T.E. BRINCKER**  
**DEPARTEMENT : BELASTING**  
**GRAAD : MAGISTER COMMERCII (BELASTING)**

Die doelwit van hierdie studie is om die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge wat 'n maatskappy aangaan om 'n kapitaalbate te verkry, ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962 (die Wet) te ontleed en om te bepaal in watter opsig die hantering ooreenkom met die belastingwetgewing in die Verenigde Koninkryk en met die vereistes van International Financial Reporting Standards.

Die navorsing ontleed die bepalings van artikel 24I van die Wet om vas te stel wanneer valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting van 'n kapitale aard by die berekening van inkomste in ag geneem word en wanneer nie. Valutaverskille word by die vasstelling van belasbare inkomste in berekening gebring, ongeag of die valuta-item van 'n kapitale of inkomste-aard is en ongeag of dit gerealiseerd of ongerealiseerd is. Valutaverskille op valuta-items word tot 'n latere datum uitgestel waar die valuta-item 'n geaffekteerde kontrak is, waar die gepaardgaande bate later in gebruik geneem word en waar die valutaverskille op 'n transaksie tussen verbonde persone ontstaan. Valutaverskille word nie teen inkomste in berekening gebring waar 'n valuta-item aangewend word om bates te verkry wat in artikel 24I(11) aangedui word nie. Die betrokke bates word vasgestel met verwysing na die uitsonderings op die bepaling. Artikel 24I(11) staan in wisselwerking met paragraaf 43 van die Agtste Bylae van die Wet wat die insluiting of uitsluiting van valutaverskille by die vasstelling van kapitaalwins of -verlies op 'n vervreemde bate bepaal. Eweredige belastinghantering word soms nie bereik nie sodat die valutaverskil op

die verpligting buite rekening gelaat word terwyl die valutaverskil op die kapitaalwinst of -verlies in ag geneem word met vervreemding. Die algemene omskakelingsbepalings van artikel 25D van die Wet wat direk in paragraaf 43 van die Agtste Bylae toegepas word, gebruik nie die begrippe van IFRS nie. Die belastingbepalings volg die rekeningkundige hantering ingevolge International Accounting Standards 21 en 39, maar verskil daarvan omdat IFRS nie valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting buite rekening laat nie. Artikel 24I(11A) volg IFRS uitdruklik wanneer valutaverskille op 'n dekkingsinstrument ontstaan om buitelandse ekwiteitsaandeel te verkry.

Die wetgewing van die Verenigde Koninkryk hanteer valutaverskille as deel van die regimes van leningsverhoudings en afgeleide kontrakte. Debiëte en krediete op leningsverhoudings en afgeleide kontrakte word bepaal volgens IFRS. Die debiëte en krediete sluit enige valutaverskille in wat ontstaan op leningsverhoudings en afgeleide kontrakte in buitelandse valutatransaksies, en ongeag of die verskille van 'n kapitaal- of inkomste-aard is en ongeag of dit gerealiseer of ongerealiseer is. Die wetgewing wyk dikwels van IFRS af en bevat spesiale berekeningsbepalings vir omstandighede waar belastingbeginsels gevolg word. Die omskakelingsregulasies volg IFRS en identifiseer 'n aantal kategorieë vir die omskakeling uit 'n funksionele geldeenheid na sterling. Spesiale voorsiening word gemaak vir die uitstel en latere inagnome van valutaverskille wat in ekwiteit gepaar is. Valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting van 'n kapitaal aard word by die berekening van belasbare inkomste in ag geneem, onderhewig aan die genoemde bepalings.

Die Suid-Afrikaanse belastinghantering is gebaseer op wetgewing wat in 1993 ingestel is en gereeld daarna gewysig is. Die bepalings weerspieël nie deurlopend die rekeningkundige begrippe en beginsels van IFRS nie. Die basiese hantering kom wel ooreen met IFRS. Die wetgewing van die Verenigde Koninkryk is grootliks gewysig in 2002 en word vanaf 2004 gereeld gewysig om IFRS-beginsels en jargon te akkommodeer. Valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge van kapitaal aard word in beide lande in beginsel in berekening gebring, onderworpe aan spesiale bepalings.

Daar word aanbeveel dat die bepalings van die Wet grondig hersien word om die nuwe vereistes van IFRS deurlopend te weerspieël. In hierdie verband kan die wetgewing van die Verenigde Koninkryk waardevolle insigte vir vernuwing bied.

## **SYNOPSIS**

### **THE TAX TREATMENT OF FOREIGN CURRENCY LIABILITIES INCURRED BY A COMPANY FOR THE ACQUISITION OF CAPITAL ASSETS**

by

**JAN ANDRIES CHRISTOFFEL BOSMAN**

**STUDY LEADER : PROFESSOR T.E. BRINCKER**  
**DEPARTMENT : TAXATION**  
**DEGREE : MAGISTER COMMERCII (TAXATION)**

The objective of this study is to analyse the tax treatment of foreign currency liabilities that a company incurs to acquire a capital asset, in terms of the provisions of the Income Tax Act no. 58 of 1962 (the Act) and to determine in what respect the treatment agrees with the tax provisions of the United Kingdom and with the requirements of International Financial Reporting Standards.

The research analyses the provisions of section 24I of the Act to determine when an exchange difference on a foreign currency liability of a capital nature is included in the computation of income and when it is excluded. Exchange differences are brought into account in determining taxable income, regardless of whether they are of capital or an income nature, and regardless of whether they are realised or unrealised. Exchange differences on exchange items are deferred till a later date where the exchange item is an affected contract, where the matched asset is brought into use at a later date, and where exchange differences arise in a transaction between related persons. Exchange differences are not brought into account against income where an exchange item is used to acquire assets that are indicated in section 24I(11). The relevant assets are identified with reference to the exceptions on the subsection. Section 24I(11) interacts with paragraph 43 of the Eighth Schedule of the Act that rules the inclusion or exclusion of exchange differences in determining the capital gain or loss arising from the disposal of an asset. Mismatching for tax purposes occurs in certain cases where the exchange difference on a liability is disregarded while the exchange difference is included in

determining the capital gain or loss on disposal. The general conversion rules of section 25D of the Act that is applied directly in paragraph 43 of the Act, do not use the terms of IFRS. The tax provisions follow the accounting treatment according to International Accounting Standards 21 en 39 in general, but deviates from IFRS as the latter does not exclude exchange differences on a foreign currency liability. Section 24I(11A) follows IFRS explicitly where exchange differences arise on hedging instruments for the acquisition of foreign equity shares.

The tax provisions of the United Kingdom treat exchange differences as part of the regimes of loan relationships and derivative contracts. Debits and credits arising on loan relationships and derivatives are determined according to IFRS. The debits and credits include any exchange differences that arise on loan relationships and derivatives in foreign exchange transactions, irrespective of whether the difference is of a capital or income nature, and irrespective of whether it is realised or unrealised. The provisions often deviate from IFRS and special computational rules apply where tax principles are adhered to. The conversion regulations follow IFRS and identify various categories for the conversion from the functional currency to sterling. Special rules apply where exchange differences that are matched in equity are disregarded and at a later date brought back into account. Exchange differences arising on a foreign currency liability of a capital nature are brought into account in determining chargeable income, subject to the mentioned provisions.

The tax treatment in South Africa is based on provisions that were introduced in 1993 and have subsequently been extensively amended. The provisions do not pervasively reflect the accounting terms and principles of IFRS. The basic treatment, however, is in agreement with IFRS. The provisions in the tax law of the United Kingdom were extensively modified in 2002 and have been regularly amended from 2004 onwards to accommodate the principles and jargon of IFRS. Exchange differences arising on foreign currency liabilities are in principle brought into account in both countries, subject to special provisions.

It is recommended that the provisions of the Act should be amended profoundly to pervasively reflect the new requirements of IFRS. In this regard the tax provisions of the United Kingdom could provide valuable insight for renewal.

## INHOUDSOPGAWE

	<b>Bladsy</b>
<b>HOOFSTUK 1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding	1
1.2 Die moderne ontwikkeling van wisselkoersstelsels	2
1.3 Die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde	5
1.4 'n Oorsig oor vroeëre belastinghantering	8
1.5 Probleemstelling	14
1.6 Hipoteses	17
1.7 Aannames	17
1.8 Navorsingsdoelwitte	18
1.9 Beperking van die omvang van die studie	19
1.10 Literaturoorsig	19
1.10.1 Die belang van die vraagstelling	19
1.10.2 Die huidige stand van die onderwerp	20
1.10.3 Die verhouding tussen die literatuur en die probleemstelling	22
1.11 Opsomming	22
1.12 Metodologie	23
<b>HOOFSTUK 2 DIE HANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIG- TINGE VIR DIE VERKRYGING VAN KAPITAALBATES DEUR 'N MAATSKAPPY IN DIE SUID-AFRIKAANSE BELASTING- WETGEWING</b>	<b>24</b>
2.1 Inleiding	24
2.2 Kapitaalbates	27
2.3 Artikel 24I - winste of verliese op buitelandse valutatransaksies	28
2.3.1 Woordomsrywings	28
2.3.2 Die effek van valuta-items op belasbare inkomste	31
2.3.3 Geaffekteerde kontrakte	37
2.3.4 Kapitaalbates verkry vir latere ingebruikneming	38

**HOOFSTUK 2 (vervolg)**

2.3.5	Valuta-items van kapitale aard in transaksies tussen verbonde maatskappye	39
2.3.6	Transaksies met verbonde persone en beheerde buitelandse maatskappye	40
2.3.7	Buitelandse bates	44
2.3.8	Verskansing by die verkryging van 'n buitelandse maatskappy	51
2.4	Paragraaf 43 - bates oor beskik of verkry in 'n buitelandse geldeenheid	56
2.4.1	Paragraaf 43(1) - bates wat in dieselfde buitelandse geldeenheid verkry en oor beskik is	57
2.4.2	Paragraaf 43(2) - bates in verskillende geldeenhede verkry en oor beskik	61
2.4.3	Paragraaf 43(4) - buitelandse ekwiteitsinstrumente en bates wat geag word om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees	64
2.4.4	Die wisselwerking tussen artikel 24I en paragraaf 43	68
2.5	'n Beknopte oorsig oor die rekeningkundige verantwoordings van buitelandse valutatransaksies in Suid-Afrika	70
2.5.1	Verslagdoening van buitelandse valutatransaksies in die funksionele geldeenheid	70
2.5.2	Omskakeling uit die funksionele na die aanbiedingsgeldeenheid	71
2.5.3	Verskansing en skansrekeningkunde	73
2.6	'n Vergelyking van die belastingbepalings en rekeningkundige standaarde ten opsigte van buitelandse valutatransaksies	75
2.6.1	Omskakelingskoerse en meting	75
2.6.2	Erkenning van wisselkoersverskille	77
2.7	Gevolgtrekkings	81

<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>DIE HANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERP- LIGTINGE VIR DIE VERKRYGING VAN KAPITAALBATES DEUR 'N MAATSKAPPY IN DIE BELASTINGWETGEWING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK</b>	<b>84</b>
3.1	Inleiding	85
3.2	Sakereg	86
3.3	Belastingwetgewing sedert Finance Act 1993	90
3.4	Die paring van buitelandse valutaverpligtinge met buitelandse bates	92
3.5	Die verband van buitelandse valutatransaksies met lenings- verhoudings en finansiële instrumente	95
3.6	Buitelandse valutarekeningkunde ingevolge Finance Act 1993	97
3.6.1	Maatskappy met sterling as funksionele en aanbiedings- geldeenheid	97
3.6.2	Maatskappy met 'n funksionele geldeenheid in sterling en verslagdoening in 'n ander geldeenheid	98
3.6.3	Maatskappy met 'n buitelandse funksionele geldeenheid en verslagdoening in 'n ander geldeenheid	99
3.6.4	Maatskappy met verslagdoening in 'n buitelandse geldeenheid	99
3.6.5	Permanente saak in die buiteland van 'n inwonermaatskappy	101
3.6.6	Beheerde buitelandse maatskappye	103
3.6.7	Kapitaalwinsbepalings	105
3.7	Leningsverhoudings	106
3.7.1	Omskrywing van 'n leningsverhouding	107
3.7.2	Metode van belasting van leningsverhoudings	109
3.7.3	Buitelandse valutaverskille op leningsverhoudings	111
3.7.4	Spesiale berekeningsbepalings	114
3.7.5	Leningsverhoudings en kapitaalwins	117
3.7.6	Leningsverhoudings en 'n buitelandse valutaverpligting van kapitale aard	118



**HOOFSTUK 3 (vervolg)**

3.8	Afgeleide kontrakte	119
3.8.1	Omskrywing van 'n afgeleide kontrak	121
3.8.2	Metode van belasting van afgeleide kontrakte	124
3.8.3	Buitelandse valutaverskille op afgeleide kontrakte	125
3.8.4	Spesiale berekeningsbepalings	127
3.8.5	Afgeleide kontrakte en kapitaalwins	129
3.9	Rekeningkundige hantering van buitelandse valutaverpligtinge in die Verenigde Koninkryk	130
3.10	Vergelyking van die belastingbepalings en rekeningkundige standarde ten opsigte van buitelandse valutatransaksies	132
3.11	Gevolgtrekkings	135

**HOOFSTUK 4 VERGELYKENDE OPMERKINGS OOR DIE BELASTING-HANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIGTINGE VAN 'N KAPITALE AARD IN SUID-AFRIKA EN DIE VERENIGDE KONINKRYK**

138

4.1	Inleiding	138
4.2	Die verband van die belastingwetgewing met die rekeningkundige standarde	138
4.2.1	Die vroeë belastingwetgewing	139
4.2.2	Belastingwetgewing vanaf 1993	140
4.2.3	Belastingwetgewing sedert die inwerkingtreding van IFRS	144
4.3	Die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard	147
4.3.1	Betekenis van kapitaalbate	148
4.3.2	Valutaverskille en belasbare inkomste	148
4.3.3	Permanente saak van 'n inwonermaatskappy in die buiteland	149
4.3.4	Beheerde buitelandse maatskappye	149
4.3.5	Die effek van bates op valuta-items en valutaverskille	150

	<b>Bladsy</b>
<b>HOOFSTUK 4 (vervolg)</b>	
4.3.6            Spesiale bepalings	152
4.3.7            Kapitaalwinsbepalings	154
4.4                Gevolgtrekkings	155
<b>HOOFSTUK 5    SLOT</b>	<b>157</b>
5.1                Inleiding	157
5.2                Gevolgtrekkings	157
5.2.1            Algemene gevolgtrekkings	157
5.2.2            Bevindinge ten aansien van die hipoteses	161
5.3                Opmerkings vir oorweging	163
<b>VERWYSINGS</b>	<b>166</b>

## HOOFSTUK 1

### AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

#### 1.1 INLEIDING

Wisselkoersverskille wat ontstaan uit buitelandse valutaverpligtinge wat 'n maatskappy aangaan om kapitaalbates te verkry, word in sekere omstandighede ingesluit by die berekening van inkomste en in ander omstandighede nie. In 'n stabiele wisselkoersomgewing sal die impak van die buiterekeninglaat min effek op die belastingaanspreeklikheid van 'n entiteit hê. Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het egter nie die relatiewe stabiliteit van geldeenhede van ontwikkelde ekonomieë nie. Gevolglik kan 'n buitelandse verpligting óf baie duur word met geen gepaardgaande belastingverligting vir 'n maatskappy nie óf die wins op 'n versterkende rand is verlore inkomste vir die fiskus. Die effek op entiteite se wins of verlies mag rekeningkundig egter nie geïgnoreer word nie. Artikel 285A van die Wysigingswet op Korporatiewe Wette, 2006 sit die rekeningkundige vereistes van 'n maatskappy met 'n openbare belang uiteen. So 'n maatskappy moet voldoen aan finansiële verslagdoeningstandaarde, aan die vereistes van die Maatskappywet en Skedule 4, en dit moet finansiële state opstel wat die finansiële posisie en resultate van bedrywighede weerspieël in ooreenstemming met die genoemde standaard. Voldoening aan die vereistes van Standaard van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) wat deur die Suid-Afrikaanse Accounting Practices Board uitgereik word, is verpligtend. Alle winste en verliese, ook daardie op valutaverskille, moet erken word op die manier wat AARP voorskryf.

Hierdie studie handel oor die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge wat 'n maatskappy aangaan om kapitaalbates te verkry. Die fokus val op die toepaslike bepalings in die belastingwetgewing van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk. Dit ondersoek ook die vereistes van die toepaslike rekeningkundige standaard in beide lande en die verband hiervan met die belastingwetgewing. Die studie begin met 'n algemene oorsig oor die moderne ontwikkeling van wisselkoersstelsels, die ontstaan van toepaslike rekeningkundige standaard en die vroeë belastinghantering van wisselkoerstransaksies. Interessantheidshalwe word soms ook verwys na die belastinghantering van ander lande.

## 1.2 DIE MODERNE ONTWIKKELING VAN WISSELKOERSSTELSELS

Om sake oor landsgrense heen te doen was nog altyd deel van die ekonomiese aktiwiteite van lande (vgl. Mohr & Fourie, 2005:441-450 vir 'n uiteensetting van die redes waarom lande internasionaal handeldryf). Die verskillende nasionale geldeenhede van die handeldrywende lande moet doeltreffend vereffen word in die vorm van internasionale kapitaalvloei. Dit word gereguleer deur spesifieke instellings, byvoorbeeld 'n land se sentrale bank soos die Suid-Afrikaanse Reserwebank (McCarthy, 1984:158, 173). 'n Verhouding moet bestaan tussen die betrokke lande se geldeenhede om die waarde van die transaksies of geldeenheidomruiling te kan bepaal. Hierdie verhouding, bekend as die *wisselkoers*, is die prys van een geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid (McCarthy, 1984:164). Handeldrywende entiteite se inkomste en netto waarde hang af van veranderinge in die relatiewe valutawaarde van 'n land se geldeenheid (Kay & King, 1985:5).

Wisselkoersstelsels in die moderne tyd het die prys van geldeenhede aanvanklik aan 'n *vaste*, eksterne waarde gekoppel wat later oorgegaan het tot 'n *swewende* of buigsame stelsel. In die negentiende eeu, die tyd van die goudstandaard, is die waarde van geldeenhede gebaseer op die prys van 'n geldeenheid in terme van goud. As die metaalprys verander, verander die geldeenheid se waarde daarmee saam (Kay & King, 1985:5; Mohr & Fourie, 2005:461). Vroeg in die twintigste eeu was daar egter veral na die Eerste Wêreldoorlog en na die ineenstorting van die goudstandaard in 1931 groot onbestendigheid in lande se valutawaardes.

In 1944 te Bretton Woods in die Verenigde State van Amerika (hierna die VSA), is die Internasionale Monetêre Fonds gestig met die doel om vrye internasionale handel en geldvloei na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog te herstel (Mulder, 1993:28). Voortaan moes vaste wisselkoerse tussen die deelnemende lande se geldeenhede bepaal word deur dit óf aan die prys van een ons fyn goud te koppel óf aan die Amerikaanse dollar wat weer 'n vaste waarde in terme van goud het. Hierdie nuwe wisselkoersstelsel het bekend gestaan as die goudwisselstandaard (Mohr & Fourie, 2005:461).

Na die Tweede Wêreldoorlog het multinasionale ondernemings, veral in die VSA, die Verenigde Koninkryk (hierna die VK), Wes-Europa en Japan, geweldig toegeneem.

Wesenlike persentasies van sulke maatskappye se winste was afkomstig uit hul buitelandse bedrywighede. Die nasionale regerings het egter al meer die monetêre en fiskale beleide op die binnelandse ekonomieë gefokus wat die Bretton Woods-stelsel ondermyn het (Kay & King, 1985:6). Ongelykhede tussen die ekonomieë van die lande het ontstaan weens tekorte en oorskotte op die lopende rekeninge van die betalingsbalanse wat die wêreldhandel gestrem het (Vorster, Koornhof, Oberholster & Koppeschaar, 2005:347). Lande moes gevolglik hul geldeenhede de- of revalueer, byvoorbeeld die VK in 1967 (Dawson & Rodney, 1994:57-58). Weens die oorheersing van die Amerikaanse ekonomie en die dollar in die internasionale monetêre stelsel, het die tekort op die VSA-betalingstelsel bly groei en kapitaal het toenemend na Europa gevloei. Die VSA wou egter nie die dollar devalueer nie en het druk uitgeoefen op ander lidlande om hul geldeenhede te revalueer om sodoende sy eie posisie te verbeter (Mulder, 1993:29-31).

In 1971 het die Bretton Woods-stelsel uiteindelik ineengestort toe die omskakeling van die Amerikaanse dollar na goud finaal opgeskort is. Teen 1973 is hierdie stelsel effektief vervang deur 'n regime van *swewende wisselkoerse*. Dit beteken dat vraag en aanbod van geldeenhede op die vrye valutamark vasgestel word en dat markkragte die prys bepaal waarteen een geldeenheid vir 'n ander verruil word. Dit was 'n stelsel van beheerde swewing omdat die sentrale bank van 'n land sy eie wisselkoers redelik bestendig wil hou deur self op die mark byvoorbeeld dollar te koop of te verkoop (McCarthy, 1984:165-166). Mohr en Fourie (2005:467-474) bespreek die invloed van vraag en aanbod op die wisselkoers en die beperkte rol van 'n sentrale bank in die stelsel van beheerde swewing. Een van die gevolge van die nuwe stelsel was dat die Verenigde Koninkryk se *Sterling Areas* gekwyn het omdat die onafhanklike lande waarmee die Britse maatskappye handel gedryf het, verkies het om hul valuta in iets anders as sterling te definieer. Teen die middel 1970's was die blootstelling aan valutarisiko 'n belangrike element in die bestuur van buitelandse bedrywighede, veral weens die groot valutaskommelings wat gevloei het uit die stelsel van swewende wisselkoerse (Kay & King, 1985:6).

Die waarde van die Suid-Afrikaanse rand was gedurende die tydperk van vaste wisselkoerse aan die Britse pond sterling gekoppel. Toe die sterling in 1972 begin sweef (floteer) het, is die rand aan die VSA-dollar gekoppel. Aan die einde van 1973 en begin van 1974 het die dollar skerp gefluktueer en die Suid-Afrikaanse owerheid het 'n beleid van onafhanklike beheerde swewing van die rand vanaf Junie 1974 toegepas. In wese

was dit net 'n "stelsel van veranderlike koppeling" waar die Suid-Afrikaanse Reserwebank van tyd tot tyd die rand se wisselkoers teenoor die VSA-dollar aangepas het (Stals, 1980:1-2). Omdat dit aanleiding gegee het tot spekulatiewe transaksies, is teruggekeer na 'n dollar-koppeling in Junie 1975 wat so vas was dat die rand se wisselkoers teenoor die dollar tot in Januarie 1979 glad nie verander het nie.

In 1977 is die De Kock-kommissie aangestel om Suid-Afrika se monetêre beleid te ondersoek. Die eerste tussentydse verslag van die kommissie het bevind dat Suid-Afrika nie langer 'n beleid van wisselkoersstabiliteit kan volhou te midde van algemene swewing in die internasionale wisselkoersstelsels nie. Die rand sweef reeds saam met die VSA-dollar en enige aanbevole stelsel moet ook 'n swewende een wees (Die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, 1979:2). In Januarie 1979 het die owerheid die De Kock-kommissie se aanbeveling van 'n stelsel van *beheerde swewing* (en nie vrye swewing nie) aanvaar en die koppeling met die dollar afgeskaf (Stals, 1980:2-5; Die Kommissie van Ondersoek, 1979:18-19). Die Reserwebank sou voortgaan om invloed uit te oefen op die bepaling van die wisselkoers as aktiewe handelaar in die mark (Stals, 1980:9-12; Mohr & Fourie, 2005:471-474).

Die oorskakeling in Suid-Afrika na 'n markgerigte monetêre beleidsvoering tydens die tagtiger- en begin negentigerjare het heelwat struikelblokke gehad (Stals, 1990:1-2, 6-8). Die proses is bemoeilik deur internasionale faktore soos die wêreldresessie van 1980 tot 1982 weens die oliepryskrisis en die omskakeling na die swewende wisselkoersstelsel van die sewentigerjare. Binnelands is dit beïnvloed deur sosio-politieke onstabieleit, skommeling in die goudprys en die uitvoermarkte, en die moratorium op die terugbetaling van buitelandse skuld vanaf 1985 tot 1993. Onstabieleit in die finansiële stelsel is onder andere gekenmerk deur stygings in inflasie en rentekoerse, skommeling in die geldvoorraad, goud- en buitelandse valuta-reserwes, en 'n skerp depresiasie van die rand teenoor ander geldeenhede (Mulder, 1993:38-41; Stals, 1990:9-10). Die Reserwebank moes noodgewonge direkte beheer uitoefen vir 'n stabiele kontantwisselkoers van die rand en om korttermynfluktuasies te bedwing. Streng valutabeheer is ook weer ingestel om die grootskaalse uitvloeï van buitelandse fondse te beheer (Van der Merwe, 1991:268-271).

Sedert die nuwe politieke bestel in 1994 het Suid-Afrika se internasionale ekonomiese verhoudinge genormaliseer en die tweeledige wisselkoersstelsel van die finansiële rand en

die kommersiële rand is finaal in 1995 beëindig. Nietemin het die waarde van die rand bly depresieer teenoor die dollar, veral in 1998 met die valuta- en finansiële krisis in ontluikende ekonomieë. In 2000 het die Reserwebank wegbeweeg van beheerde swewing en die regering se monetêre beleidsraamwerk van formele inflasiemikpuntstelling aanvaar wat 'n *vryswewende wisselkoersregime* beteken (Mohr & Fourie, 2005:471, 475-480). Hiervolgens is prysstabiliteit (d.w.s. inflasiebekamping) die hoofdoelwit van die Reserwebank wat hoofsaaklik rentekoerse gebruik om die doelwit te bereik (Mohr & Fourie, 2005:395-396, 589-591). Selfs tydens die dramatiese depresiasie van die rand in 2001-2002 het die Bank die nuwe benadering toegepas deur nie die rand te probeer ondersteun nie, maar die repokoers opwaarts aan te pas om die versnelling in inflasie teë te werk en op hierdie wyse die wisselkoers van die rand te beïnvloed.

Wisselkoersskommeling word hoofsaaklik verbind aan die inflasiekoersdifferensiaal tussen die lande wat valuta ruil. Dit word weerspieël in die lande se rentekoersverskille (Chown, 1986:149; Kay & King, 1985:13). Dit beïnvloed ook die koers van 'n valutatermykontrak (Vorster, Koornhof, Oberholster, Koppeschaar, Coetzee, Janse van Rensburg & Binnekade, 2007:406; Everingham & Watson, 1996:268). Die korttermyn jaar-tot-jaar skommeling se afwyking is groter en hewiger as oor die langtermyn en word waarskynlik veroorsaak deur spekulatiewe transaksies en politieke onstabiele in een van die lande. Dit verwing die werklike oorsaak vir wisselkoersverskille en kan groot jaar-tot-jaar skommeling in entiteite se gerapporteerde wins en uiteindelijke belastingaanspreeklikheid veroorsaak. Hierteenoor is die afwyking van langtermynverskille in rente- en inflasiekoerse gering en blyk 'n meer stabiele en voorspelbare oorsaak vir wisselkoersverskille te wees. Sommige geleerdes argumenteer dat op grond hiervan 'n rentemarge-faktor aangewend moet word om die belasbare/aftrekbare wisselkoersverskil van monetêre items (bv. buitelandse valutaverpligtinge) van 'n entiteit te bepaal, eerder as dat valutaverskille op kapitale verpligtinge glad nie in die berekening van belastingaanspreeklikheid in ag geneem word nie (Kay & King, 1985:13-19, 64-67).

### **1.3 DIE ONTWIKKELING VAN REKENINGKUNDIGE STANDAARDE**

Sedert die sewentigerjare is intensiewe debat gevoer oor hoe die effek van wisselkoersskommelings in wins en verlies en in die balansstaat van 'n entiteit rekeningkundig hanteer moet word. Dit was veral die VSA wat die voortou geneem het in

teorie en praktyk met die eerste standaardvasstelling in Statement of Financial Accounting Standard (SFAS) 8 van 1975 (in die VK grootliks nagevolg as ED 21 van 1977). Na baie kritiek is dit vervang deur SFAS 52 van 1982 wat bykans identies deur die VK in 1983 uitgegee is as Statement of Standard Accounting Practice (SSAP) 20 (Everingham & Watson, 1996:270-271; Kay & King, 1985:21). In 1983 het die International Accounting Standards Committee (IASC, later die International Accounting Standards Board (IASB)) ook 'n standaard uitgereik as IAS 21. Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) het IAS 21 getrou gevolg met twee geopenbaarde konsepte voordat dit in 1985 uitgee is as Rekeningkundige Standaard (AC) 112. Sedertdien het die IASC/IASB die standaard 'n paar maal gewysig. Die hersiene internasionale standaard van 1 Januarie 2005 (met 'n amendement van 1 Januarie 2006) met die titel *The effects of changes in foreign exchange rates* is onveranderd deur SAIGR aanvaar. In IAS 39 (AC 133) *Financial instruments: recognition and measurement* (1 Januarie 2005) word die effek van verskansing van buitelandse wisselkoersverskille hanteer. (Alle verwysings na die huidige IFRS/IAS (AC)-standaarde is uit The South African Institute of Chartered Accountants / International Accounting Standards Board. *International Financial Reporting Standards*. 2006. Alle verwysings hierna na 'n IFRS / IAS word gedoen sonder die ooreenstemmende AC-nommer van Suid-Afrika.)

Die fundamentele rekeningkundige probleem is dat bates en laste wat op balansstaatdatum in 'n buitelandse geldeenheid gedenomineer is, omgeskakel moet word na die geldeenheid van die entiteit in wie se finansiële rekords sodanige items opgeneem moet word (Everingham & Watson, 1996:269 e.v.). Die debat handel veral oor watter omskakelingskoers om te gebruik en op watter items dit toegepas moet word. Gewone transaksies wat binne dieselfde jaar vereffen word, word gewoon teen die sigkoers op transaksiedatum en vereffeningsdatum omgerek en enige wisselkoerswins of verlies word in wins of verlies erken. Wanneer daar saldo's op jaareinde bestaan, beïnvloed dit wins of verlies in meer as een tydperk. Die probleem word ingewikkelder met die konsolidasie van 'n buitelandse tak of filiaal wat rekeningkundige rekords in 'n ander geldeenheid as die moedermaatskappy hou. In die VK (vgl. Kay & King, 1985:22) en Suid-Afrika word 'n buitelandse filiaal nie in die land van die moedermaatskappy belas nie, maar 'n tak wel. Die meting van die bates en laste van die tak op jaareinde is direk relevant in die kwessie oor die omskakelingskoers en die wins of verlies wat daaruit spruit. Daar was



vier metodes van omskakeling wat gevolg kon word (Everingham & Watson, 1996:303-317; Kay & King, 1985:22-25; Chown, 1986:28-30):

- *Bedryfs-niebedryfsmetode*: alle bedryfsbates en -laste word omgeskakel teen die sluitingskoers op balansstaatdatum en alle ander bates en laste teen die historiese koers in die geldeenheid van die moedermaatskappy. Wisselkoersverskille word net op bedryfsitems erken. In die VSA was dit 'n gewilde metode vanaf die 1930's tot die 1960's toe wisselkoerse stabiel was, aangesien die verstrykingskoers van byvoorbeeld 'n las bykans dieselfde was as die oorspronklike koers. Die metode het uitgedien geraak met die toename in wisselkoersskommeling tydens die Bretton Woods-bedeling.
- *Monetêre-niemonetêre metode*: slegs monetêre items word teen sluitingskoers omgerek, die res teen die historiese koers. 'n Wisselkoersverskil ontstaan byvoorbeeld op 'n lantermynlening van 'n tak, maar nie op die bate wat daardeur gefinansier word nie. In die VSA en die VK is die metode sedert 1965 gevolg. SSAP 20 paragraaf 9 (paragraafverwysings word hierna afgekort na bv. SSAP 20.09) stel dat die sluitingskoers die beste beskikbare skatting is van wat die heersende koers met verstryking van byvoorbeeld 'n langtermynlas gaan wees (in Chown, 1986:31). Kay & King (1985:24) argumenteer dat die aanname in die stelling dat wisselkoersveranderinge willekeurig is, nie daarmee rekening hou dat wisselkoersbewegings die verskille in nominale rentekoerse reflekteer en dus voorspelbaar is nie.
- *Temporele metode*: hierdie variant op die vorige metode skakel 'n balansstaatitem wat teen 'n herwaardeerde waarde gedra word (bv. vaste bates) teen die sluitingskoers om, maar teen die historiese koers indien die drabedrag die historiese kosprys is. Weer eens is die uitgangspunt dat die toekomstige bedrae van 'n bate of las omgeskakel word teen 'n koers wat die beste beskikbare skatting is van wat die koers met verstryking gaan wees. Kritiek teen SFAS 8 wat hierdie metode gevolg het, was veral dat wisselkoersverskille na die gekonsolideerde wins of verlies geneem is en nie na reserwes soos wat vroeër die praktyk was nie. In die VSA het die dollar in hierdie tyd baie gedaal teen ander geldeenhede en groot verliese op veral langtermynlenings het gerapporteerde winste erg beïnvloed.

- *Sluitingskoersmetode*: alle bates en laste word teen die sigkoers op balansstaatdatum omgeskakel. Die metode word in SFAS 52 en SSAP 20 (vir konsolidasie) gevolg en is trouens die wyse wat al sedert die 19de eeu deur Britse maatskappye verkies is (Kay & King, 1985:28). Kritiek hierteen is dat 'n item wat deur 'n tak teen historiese koste gedra word, in die gekonsolideerde state teen die huidige koers getoon word. Aangesien die wisselkoersverskil na reserwes geneem word, oefen dit egter nie 'n invloed uit op wins of verlies nie.

Die huidige IAS 21.01-02 stel dat 'n entiteit se buitelandse aktiwiteite bestaan uit óf direkte buitelandse valutatransaksies óf akitwiteite deur middel van 'n buitelandse bedrywigheid, byvoorbeeld 'n tak of filiaal wat finansiële rekords hou in sy eie funksionele geldeenheid. Die doelwit van die Standaard is om voor te skryf watter wisselkoers om te gebruik en hoe om in die entiteit se finansiële state verslag te doen oor die effek van die wisselkoersveranderinge (vgl. ook IAS 21.17-19). Al is daar sekere wysigings op die vorige hanterings, volg dit steeds die basiese historiese en/of sluitingskoersmetode (vgl. die bespreking in hoofstuk 2).

#### 1.4 'N OORSIG OOR VROEËRE BELASTINGHANTERING

Die belastingaanspreeklikheid van 'n maatskappy ontstaan uit die fisiese sakebedrywighede wat neerslag vind in die gerapporteerde finansiële resultate en posisie van die maatskappy. Die berekening van die belastingaanspreeklikheid neem normaalweg as vertrekpunt die finansiële state van die entiteit en neem opvolgend die spesifieke en toepaslike belastinggreëls in ag soos gekodifiseer in die Wet. In die Britse hofspraak *BSC Footwear Ltd v Ridgeway* het Lord Reid selfs gesê

*“that ordinary principles of commercial accounting must be used except in so far as any specific statutory provision requires otherwise”* (in Kay & Kay, 1985:47).

Met die inwerkingtreding van 'n swewendewisselkoersstelsel in die 1970's is daar, soos hierbo aangedui, mettertyd spesifieke rekeningkundige standaarde ontwikkel vir buitelandse valutatransaksies wat ook invloed uitgeoefen het op die besinning oor die belastinghantering daarvan.

In die vormingstyd van die rekeningkundige beginsels was daar nog heelwat onduidelikheid oor die spesifieke belastinggreëls vir buitelandse valutatransaksies, soos

byvoorbeeld in die VK waar aanvanklik algemene belastingbeginsels toegepas is (Kay & King, 1985:8). Oor die algemeen kan gesê word dat die belastinghantering in die meeste lande in hierdie tyd nie eenvoudig of rasioneel was nie (Chown, 1986:89). Chown verwys na die probleem van *belastingfragmentasie*: 'n transaksie met dieselfde ekonomiese gevolge word belastinggewys verskillend hanteer. Dit kan vier vorme aanneem waarvan veral die eerste drie van belang is in hierdie studie (1986:89-92).

- Die *asimmetriese hantering van bates en laste*. Byvoorbeeld, 'n maatskappy leen buitelandse valuta om 'n bate in dieselfde buitelandse valuta te bekom. Die bate word later teen dieselfde prys verkoop om die lening af te los met geen wins of verlies tot gevolg nie. Gedurende die tyd van houding verswak die plaaslike geldeenheid egter teen die buitelandse geldeenheid wat lei tot 'n belasbare kapitaalwinst op die verkoop van die bate. In die VK was daar egter geen belastingverligting vir die verlies op die ooreenstemmende verpligting tot met die wetgewing oor valutaverskille van 1993 nie (kyk hf. 3).
- *Kapitaalwinst versus normale inkomste*. Byvoorbeeld, 'n maatskappy leen buitelandse valuta teen 'n laer rentekoers as die plaaslike koers maar verwag, ooreenkomstig die termynmark se koers, dat die buitelandse valuta gaan versterk met 'n gevolglike wisselkoersverlies op die lening. Die mindere bedrag rente is aftrekbaar teen normale inkomste, maar die valutaverlies kan glad nie afgetrek word nie (bv. in die VK) of dit kan slegs teen kapitaalwinst afgetrek word (bv. in die VSA).
- *Tydsberekening*. Wisselkoerswinste of verliese op die inkomsterekening word in dieselfde tydperk ingereken in die belastingberekening, maar dié op die kapitaalrekening eers met realisasie van die kapitaalwinst of verlies.
- *Dubbelbelastingverligting*. Byvoorbeeld, 'n buitelandse tak se wins word in meer as een land belas en elk bereken die belastingaanspreeklikheid in sy eie geldeenheid. Kwessies kom na vore soos die koers van omskakeling van die transaksies en/of die netto wins, die berekening van belastingverligting en teen watter koers, en die insluit van wisselkoerswinste of verliese in die tak se inkomste.

Vanweë die stelsel van swewende koerse het Britse maatskappye met buitelandse lenings wesenlike verliese gely in die middel 1970's toe die sterling skerp verswak het teen ander geldeenhede (Chown, 1986:3). So 'n lening, wat beskou is as vaste kapitaal waarvan die wins of verlies met terugbetaling nie belasbaar of aftrekbaar is as 'n bedryfsitem nie, het ook buite die net van kapitaalwins geval en gevolglik was geen belastingverligting op die verliese beskikbaar nie, die sogenaamde “*nothings*” (Kay & King, 1985:8-9, 35). In die VK-saak van *Pattison (Inspector of Taxes) v Marine Midland Ltd (1984) STC 10, 57 TC 219* (in Chown, 1986:114-117; Kay & King, 1985:38-42) het die Court of Appeal (1983) en die House of Lords (1983) beslis dat die wisselkoersverlies met aflossing van 'n dollar-langtermynlening in die rekeningkundige rekords volledig verreken is teen die wisselkoerswins op die dollaruitlenings ('n *matched position*). Die wins is daarom nie belasbaar nie. Die omskakeling uit die funksionele geldeenheid na die aanbiedingsgeldeenheid van sterling was nie 'n fisiese wisseling van geldeenhede nie en dus ook nie 'n beskikking oor dollar nie. 'n Beskikking sou wel 'n wisselkoerswins of verlies teweegbring.

Alhoewel die uitspraak in die *Marine Midland*-saak van toepassing was op 'n bank se bedrywigheide, het die Inland Revenue in die VK dit nogtans geïnkorporeer in die Provisional Statement of Practice 3/1985 (SP 3/85) wat alle inkomstebelasting op buitelandse valutatransaksies ingevolge die VK se Case 1, Schedule D-reëls reguleer. Geen valutaverskille word in ag geneem vir belastingdoeleindes nie indien 'n maatskappy se bates en laste in 'n spesifieke buitelandse valuta volledig gepaar is, ongeag die aard van die bates (selfs vaste eiendom) en laste (Kay & King, 1985:42-45). In beide die *Marine Midland*-saak en SP 3/85 word die “wins of verlies”-metode van omskakeling aanvaar. Dit is in wese dieselfde as SSAP 20 se sluitingskoersmetode vir die omrekening van 'n buitelandse tak waar geen wisselkoersverskille op die tak se bates en laste in wins of verlies erken word nie.

Die asimmetriese hantering van wisselkoersverskille was nie in die VSA 'n probleem gewees nie, soos blyk uit die beslissing in die vroeë saak van *B.F. Goodrich Co v. Commissioner TC 1098 (1943)*. Buitelandse valuta is as 'n vervangbare eiendom (*fungible property*) beskou. Die hof het bevind dat daar nie belasbare wins ontstaan het met die terugbetaling van 'n buitelandse valutalening in Franse frank nie. Die frank is nooit in dollar omskep nie, maar is verder uitgeleen aan 'n Franse filiaal. Die simmetriese hantering lê in

die ooreenstemmende vermindering van die belastingbasis van die lening aan die filiaal wat op daardie stadium nog uitstaande was (in Chown, 1986:96-97). Die klaarblyklike praktyk van die Inland Revenue Service was om die wins of verlies op buitelandse valutalenings as kapitaal te beskou indien die fondse aangewend is om vaste eiendom te verkry, insluitend beleggings en lenings aan filiale (Chown, 1986:93-94). Korttermynlenings sal van inkomste-aard wees. Die probleem was wel een van kapitaal teenoor inkomste, soos onder andere blyk uit die beslissing in die saak van *Hoover Co Ltd v. Commissioner* 72 TC 206 (1979). Die verlies op die verskansing van die blootstelling van valuta-omskakeling van 'n filiaal het nie gespruit uit 'n *bona fide*-verskansingstransaksie nie en moet daarom as kapitaal en nie as inkomste nie hanteer word (in Chown, 1986:95-96).

In 1980 het die US Treasury 'n besprekingsdokument oor wisselkoersverskille uitgegee wat bykans woordeliks opgeneem is in The President's Tax Proposals to the Congress for Fairness, Growth and Simplicity van 1985 (in Chown, 1986:98-100 en in Kay & King, 1985:54, 64, 67-69). 'n Nuwe begrip in die belastingterminologie is die beginsel van die funksionele geldeenheid van 'n entiteit. Die kriteria vir die bepaling hiervan is ontleen aan FASB 52 en is soortgelyk aan die kriteria wat op daardie stadium reeds ingevolge SSAP 20 in die VK vir maatskappye gegeld het. Veral van belang is die siening dat wisselkoersverskille op finansiële bates en laste in valuta anders as die funksionele geldeenheid die ekonomiese ekwivalent van rente is en belastinggewys dieselfde hanteer moet word. Die *verwagte* wisselkoerswins of verlies word op 'n toevallingsbasis erken

*“(i)n order to prevent the mismatching of income and deductions that can arise if foreign exchange gain or loss is not taken into account until it is realized”* (in Chown, 1986:99).

Verwagte of permanente winste of verliese word bereken volgens 'n rente-aanpassingsfaktor wat 'n weerspieëling is van die inflasie- en rentekoersdifferensiaal tussen die betrokke lande. Die onverwagte wisselkoersverskille word erken wanneer dit realiseer.

In Kanada het die Canadian Revenue in 1980 in 'n opsomming in Interpretation Bulletin IT-95R (in Chown, 1986:132-133) aangedui dat die status van wisselkoerswinste of verliese as kapitaal of as inkomste afhang van die transaksie. Byvoorbeeld, die gebruik van fondse wat in buitelandse valuta geleen is vir hetsy die gewone bedryf van die entiteit of om kapitale bates aan te skaf. Laste word simmetries met bates hanteer en gevolglik word

wisselkoersverskille wat ontstaan met terugbetaling van 'n buitelandse lening vir belastingdoeleindes in berekening gebring. Die wisselkoersverskille van inkomste-aard moet bepaal word ingevolge algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

In Australië, soos in die VK, is daar geen belastinggevolge vir die valutaverskille wat ontstaan met terugbetaling van 'n kapitale buitelandse valutalening nie, maar wel as dit van inkomste-aard is (Chown, 1986:135-140). In die saak van *AVCO Financial Services Ltd v FC of T (1982) 82 ATC 4246 (FN/1)* het die High Court ten gunste van die belastingpligtige beslis dat die wisselkoerswins of verlies op 'n bank se langtermynlenings in buitelandse valuta wel belasbaar/afrekbaar is, omdat geld binne die definisie van handelsvoorraad val. In die saak van *Hunter Douglas Ltd v. FC&T (1983) 83 ATC 4562* het die Federal Court egter beslis dat die verliese op die terugbetaling van buitelandse lenings wat die maatskappy aangewend het om sy verdienvermoë te verbeter, kapitaal van aard was en daarom nie afrekbaar is nie. Kapitaalwinsbelasting is in 1985 bygevoeg, maar is net op bates van toepassing en dui op 'n asimmetriese benadering van verpligtinge.

In Suid-Afrika toon vroeë hofbeslissings dat die aard van die buitelandse valutatransaksie as inkomste (*SA Marine Corporation Ltd v CIR 1955 (1) SA 654 (C) 20 SATC 15*) of as kapitaal (*CIR v Brown Brothers Ltd 1955 (2) SA 165 (T) 20 SATC 55*) ingevolge die algemene beginsels van die Wet bepaal moet word om vas te stel of valutaverskille in berekening kom by inkomste (De Koker, Emslie & Frame, 1988:48-50). Ten opsigte van buitelandse valutaskuld op jaareinde is in *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR 1975 (1) SA 665 (A) 37 SATC 1* beslis dat indien die uitgawe in buitelandse valuta werklik aangegaan is ingevolge artikel 11(a), 'n afrekbare onkoste ontstaan het ten bedrae van die werklike aflossingsbedrag in daardie jaar. Die ongerealiseerde skuld soos dit op jaareinde waardeer is, is in daardie jaar eweneens as uitgawe afrekbaar en nie eers in die jaar van aflossing nie (Williams, 2005:346-348).

In 1978, kort na die *Caltex Oil*-saak, is artikel 24B bygevoeg by die Wet wat wisselkoersverskille op die terugbetaling (realisasie) van 'n buitelandse valutalening, voorskot of skuld by inkomste in berekening bring. Die bepaling geld indien die bedrag gebruik of aangegaan is ter finansiering van uitgawes om inkomste voort te bring uit 'n bedryf in die Republiek (art. 24B(1)). Ongerealiseerde wisselkoersverskille word nie deur die artikel aangespreek nie en moet steeds ingevolge die algemene beginsels van die Wet

en die sakereg hanteer word. Die bewoording van subartikel (1) sluit egter nie verskille van kapitale aard uit nie (De Koker *et al.*, 1988:456-459).

Die wyse waarop 'n uitstaande buitelandse valutalening ingevolge wetgewing en sakereg tydens hierdie fase van valutaverskille hanteer is, blyk uit die saak van *CIR v Felix Schuh (SA) (Pty) Ltd 1994 56 SATC 57 (A)* (vgl. ook Williams, 2005:349-350). Die Appèlhof het beslis dat die ongerealiseerde wisselkoersverlies wat in 1985 ontstaan het op 'n lening in Duitse mark vir gebruik as bedryfskapitaal, nie aftrekbaar is ingevolge artikel 11(a) nie. Die ongerealiseerde verlies was nie 'n onkoste of verlies werklik aangegaan of gely in die voortbrenging van inkomste in die Republiek in daardie jaar van aanslag nie. Eers met aflossing sal enige wisselkoersverlies aftrekbaar wees omdat 'n verlies dan eers werklik gely is. Verder, al is dit rekeningkundig gepas en omsigtig om voorsiening te maak vir toekomstige addisionele koste ter aflossing van die lening, kan sulke voorsienings nie die belastingposisie beïnvloed nie. Uit hierdie regspraak blyk dit dat die rekeningkundige hantering 'n afsonderlike en eiesoortige weerspieëling is van 'n entiteit se finansiële posisie en resultate, en nie ter sprake kom by die interpretasie en toepassing van die Wet nie. Die volgende aanhaling verwoord die benadering van die hof (56 SATC 57 op 60 en 70):

*“the court is concerned with the deductions permitted in terms of the Income Tax Act and not with debits or other provisions made in a taxpayer’s accounts...”*.

Omvattende bepalings betreffende die belastinghantering van wisselkoerstransaksies is in 1993 bygevoeg by die Wet as artikel 24I wat artikel 24B vervang het. Die definisie van wisselkoersverskil in subartikel (1) sluit sowel gerealiseerde as ongerealiseerde winste of verliese op 'n valuta-item in en is ook op kapitaalitems van toepassing. Die rede lê in die siening gegee in die Explanatory Memorandum to the Income Tax Bill, 1993 dat wisselkoersverskille in wese finansieringskoste verteenwoordig. Die bedoeling met art 24I word ook voorgehou as dat dit rekening moet hou met

*“fairness, simplicity, economic reality, current tax principles and generally accepted accounting practice”* (in De Koker, 2006 par 17.8A) (my beklemtoning).

Hierdie klem op AARP word byvoorbeeld herhaal in die 2006-wysigings, klousule 19, met die invoeging van art 24I(11A) (Departement Finansies, 2006:74). Sekere bepalings in artikel 24I, soos subartikel (11) wat in 2001 by die Wet bygevoeg is, wyk hiervan af omdat dit die toepassing van artikel 24I in sekere gevalle verbied.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING

Die hoofdoelwit van hierdie studie is om die belastinghantering van 'n buitelandse valutaverpligting wat deur 'n maatskappy aangegaan is om 'n kapitaalbate te verkry, ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962 te ontleed.

Die belangrikste probleme met betrekking tot die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge om kapitaalbates te verkry, is die volgende.

- *Eerstens*, dat wisselkoerswinste of -verliese wat ontstaan uit 'n verpligting in buitelandse valuta om sekere bates te verkry, nie in alle omstandighede ingesluit word by die berekening van 'n maatskappy se inkomste nie. Sekere bepalings verbied of vereis 'n uitstel van die toepassing van artikel 24I wanneer sekere bates verkry word.
- *Tweedens*, die in- of uitsluiting van enige valutawins of -verlies op buitelandse valutaverpligtinge word ten nouste betrek by die bepalings van paragraaf 43 van die Agtste Bylaag by die Wet. Hierdie bepalings handel oor die vasstelling van enige werklike kapitaalwins of -verlies met die beskikking oor sekere bates wat in buitelandse valuta verkry of oor beskik is en wat, afhangende van die geval, wisselkoersverskille by die berekening in- of uitsluit. Bepalings oor kapitaalwinste of -verliese op bates kwalifiseer hiervolgens die belastingstatus van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge.
- *Derdens*, die verontagsaming van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge in sekere gevalle verskil met IAS.28-29 wat vereis dat enige wisselkoersverskille op monetêre items, insluitend buitelandse valutaverpligtinge, in die wins of verlies van 'n entiteit erken moet word in die tydperk wanneer dit ontstaan. Die algemene oogmerk met artikel 24I soos gestel in die Explanatory Memorandum to the Income Tax Bill, 1993 om rekening te hou met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, word dus nie in alle gevalle bereik nie.

'n Buitelandse valutaverpligting is 'n *valuta-item* (art. 24I(1)) en gevolglik binne bereik van die bepalings van artikel 24I van die Wet wat op buitelandse-valutatransaksies van



toepassing is. Maatskappye val ingevolge subartikel (2) spesifiek binne die skopus van die artikel. Die volgende aspekte van artikel 24I word ondersoek ten opsigte van die hantering van buitelandse valutaverpligtinge wat aangegaan is om kapitaalbates te verkry:

- die definisies in subartikel (1);
- die berekening van valutaverskille op 'n valuta-item, buitelandse valuta-opsiekontrak en valutatermykontrak ingevolge subartikel (3) en (5);
- geaffekteerde kontrakte (1);
- die uitstel van valutaverskille op 'n valuta-item aangegaan om bates te verkry wat eers in 'n volgende jaar van aanslag in gebruik geneem word ingevolge subartikel (7);
- valuta-items van kapitale aard waarvoor geen dekking uitgeneem is nie en wat tussen verbonde persone aangegaan is ingevolge subartikel (7A);
- valuta-items waar die partye 'n inwoner, 'n verbonde maatskappy of ('n) beheerde buitelandse maatskappy(e) is ingevolge subartikel (10);
- valuta-items aangewend om kapitaalbates in buitelandse valuta te verkry ingevolge subartikel (11); en
- valuta-items wat die verkryging van buitelandse ekwiteitsaandele dek (11A).

Die bepalinge van paragraaf 43 van die Agtste Bylaag word ontleed om die invloed van valutaverskille op kapitaalwinstbepalinge en die gepaardgaande belastinghantering vas te stel. Die verband met artikel 24I word ondersoek vir spesifieke gevalle.

Die rekeningkundige vereistes ingevolge IAS 21 en IAS 39 word oorsigtelik aangedui. Die belastingbepalinge se navolging van rekeningkundige beginsels word ondersoek en gevolgtrekkings gemaak oor die ooreenstemmings en afwykings.

Die ingewikkelde en verweefde belastingbepalinge van die Wet ten opsigte van buitelandse valutaverpligtinge vir die verkryging van kapitaalbates, word vergelyk met soortgelyke belastingbepalinge van die Verenigde Koninkryk. Die doel met die vergelyking is om vas te stel of die Wet se bepalinge in lyn is met dié van die VK wat 'n leidende rol gespeel het in die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde en belastingwetgewing. Die navolging van rekeningkundige beginsels in die VK word aangedui. Die bespreking hanteer nie die VK-wetgewing in volle besonderhede nie.

Die volgende subprobleme word ondersoek:

- Wat is die algemene bepalinge ingevolge die Wet ten opsigte van valutaverskille wat ontstaan op buitelandse valutaverpligtinge deur 'n maatskappy aangegaan om kapitaalbates te verkry?
- In watter gevalle word sodanige valutaverskille ingevolge die Wet nie toegelaat in die berekening van 'n maatskappy se inkomste nie?
- In watter opsig reguleer die bepalinge van kapitaalwinsbelasting op bates die belastingstatus van valutaverskille op die genoemde buitelandse valutaverpligtinge?
- Wat is die vereistes van IAS 21 vir die rekeningkundige hantering van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge? Wat is die mate van ooreenstemming met artikel 241?
- Wat is die belastingbepalinge in die Verenigde Koninkryk wat van toepassing is op valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge aangegaan om kapitaalbates te verkry?
- Wat is die mate van ooreenstemming tussen die Verenigde Koninkryk se belastingwetgewing en toepaslike rekeningkundige standaarde ten opsigte van die hantering van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge?
- Wat is die ooreenkomste en verskille tussen die Suid-Afrikaanse belastingbepalinge en dié van die Verenigde Koninkryk ten opsigte van die hantering van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge?
- Is die bepalinge van die Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962 ten opsigte van die hantering van valutaverskille op sodanige buitelandse valutaverpligtinge redelik en billik in vergelyking met die belastingbepalinge van die Verenigde Koninkryk? Is daar gronde om wysigings van die Suid-Afrikaanse belastingbepalinge aan te beveel waar dit afwyk van 'n internasionale standaard of die nuwe rekenkundige standaarde?

## 1.6 HIPOTEESES

Die volgende hipoteses word vir hierdie studie gestel:

- Die Suid-Afrikaanse belastingbepalings ten opsigte van verpligtinge in buitelandse valuta gee soms aanleiding tot oneweredige belastinghantering. Die wisselkoersverskille wat op die verpligtinge ontstaan word soms nie in aanmerking geneem in die berekening van belasbare inkomste nie, terwyl kapitaalwins of -verlies wel in aanmerking geneem word om belasbare inkomste vas te stel wanneer oor die bate beskik word wat deur die verpligting gefinansier is.
- Die Suid-Afrikaanse belastingbepalings wat verbied dat valutaverskille in ag geneem word op buitelandse valutaverpligtinge, wyk af van die vereistes van International Financial Reporting Standards (IFRS) soos vervat in IAS 21.
- Die belastingbepalings van die Verenigde Koninkryk ten opsigte van verpligtinge in buitelandse valuta tref nie onderskeid tussen die aanwending van die verpligting vir die verkryging van 'n kapitaalbate in 'n buitelandse geldeenheid of vir die verkryging in die plaaslike geldeenheid nie.
- Die belastingbepalings van die Verenigde Koninkryk hou rekening met die vereistes van die rekeningkundige standaarde of IFRS in die hantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard.
- Die belastingbepalings van die Verenigde Koninkryk kan bydra om die Suid-Afrikaanse belastingreëls te vereenvoudig en meer in ooreenstemming met IFRS te bring.

## 1.7 AANNAMES

Die volgende aannames word in hierdie studie veronderstel:

- Buitelandse valutatransaksies word, soos in Suid-Afrika, in die belastingwetgewing hanteer van die Verenigde Koninkryk.

- Die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk van die Verenigde Koninkryk stem in wese ooreen met die vereistes van IFRS wat in Suid-Afrika gevolg word.

## 1.8 NAVORSINGSDOELWITTE

Die volgende is die hoofdoelwitte van die navorsing in die aangeduide hoofstukke:

### Hoofstuk 2

Die hoofstuk bespreek die belastingbepalings van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962 ten opsigte van 'n buitelandse valutaverpligting wat aangegaan is om 'n kapitaalbate te verkry. Dit ondersoek spesifiek die afwykings van die algemene bepaling dat alle valutaverskille in ag geneem word by die berekening van 'n maatskappy se inkomste. Dit ondersoek ook in watter gevalle die bepalinge van belasting op kapitaalwins van toepassing is op sodanige bates en die gevolglike hantering van wisselkoersverskille op die gepaardgaande verpligtinge. Die rekeningkundige beginsels vervat in IAS 21 en IAS 39 wat handel oor buitelandse valutatransaksies en die verskansing van sulke transaksies, word oorsigtelik bespreek. Die ooreenkomste en/of verskille van die Wet se bepalinge met die vereistes van die toepaslike rekeningkundige standaarde, word ondersoek.

### Hoofstuk 3

Die hoofstuk bied 'n oorsig oor die belastinghantering van soortgelyke buitelandse valutatransaksies in die Verenigde Koninkryk binne die konteks van die Britse belastingwetgewing. Die toepaslike rekeningkundige standaarde word kortliks bespreek. Die belastingbepalings word vergelyk met die rekeningkundige beginsels vir die genoemde buitelandse valutatransaksies om die mate van ooreenstemming of afwyking vas te stel.

### Hoofstuk 4

Die resultate van die ondersoek in hoofstuk 2 word vergelyk met die resultate van hoofstuk 3. Die vergelyking ontleed enersyds die mate wat beide belastingstelsels die betrokke rekeningkundige standaarde navolg. Andersyds word die belastingbepalings van Suid-Afrika met die belastingbepalings van die Verenigde Koninkryk vergelyk ten opsigte van ooreenstemmings en afwykings.

## Hoofstuk 5

Op grond van die studie oor die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard, word afleidings gemaak oor die huidige bepalings van die Wet ten opsigte van sowel die navolging van rekeningkundige beginsels as die belastingbepalings van die Verenigde Koninkryk. Die gepastheid, redelikheid en billikheid van die Wet se bepalings oor buitelandse valutaverpligtinge word in hierdie lig beoordeel.

### **1.9 BEPERKING VAN DIE OMVANG VAN DIE STUDIE**

Die volgende verwante belastingkwessies word nie in hierdie studie bespreek nie:

- waar 'n valuta-item, by die toepassing van die paragraaf wat handel oor “plaaslike geldeenheid” in subartikel (1), geag word om nie aan 'n permanente saak (soos omskryf in art. 1) toeskryfbaar te wees nie, indien die geldeenheid wat daardie permanente saak vir finansiële verslagdoening gebruik, die geldeenheid is van 'n land met 'n amptelike inflasiekoers van 100 persent of meer gedurende 'n betrokke jaar van aanslag;
- buitelandse dividende;
- artikel 6*quat*-korting op buitelandse belasting betaal;
- valutaverskille op 'n valuta-item toeskryfbaar aan 'n permanente saak van 'n nie-inwoner in die Republiek; en
- DEEL XIII van die Agtste Bylae van die Wet.

### **1.10 LITERATUUROORSIG**

'n Oorsig oor die huidige literatuur fokus slegs op die stand van die onderwerp in Suid-Afrika aangesien die vraagstelling uit hierdie konteks na vore gekom het.

#### **1.10.1 Die belang van die vraagstelling**

Suid-Afrika word toenemend deel van die globale besigheidswêreld, soos wat dit onder andere uitdrukking vind in die harmonisering van die Suid-Afrikaanse rekeningkundige standaarde met internasionale verslagdoeningstandaarde. Die Suid-Afrikaanse belastingwetgewing is gedurig aan die ontwikkel en, terwyl dit rekening hou met die land se eiesoortige internasionale posisie, is die oorweging van internasionale

belastingwetgewing van groot belang. Verskille tussen die belastingreëls van Suid-Afrika en dié van ander lande behoort ondersoek te word om meer lig te werp op die rede en bestaansreg vir sulke afwykings. Die uniekheid al dan nie van die verband in die Wet tussen buitelandse valutaverpligtinge en paragraaf 43 van die Agtste Bylaag moet ook in internasionale opsig vasgestel word.

Die verhouding van rekeningkundige beginsels en belastingreëls word op internasionale vlak gedebateer, byvoorbeeld in die VK en die VSA.. Terwyl dit nie die bedoeling is dat die belasbare wins van 'n maatskappy noodwendig dieselfde moet wees as die rekeningkundige wins nie, is dit nietemin belangrik om die twee stelsels meer in lyn met mekaar te bring (MacDonald & Martin, 2004:2). 'n Soortgelyke oogmerk is gestel met die byvoeging van artikel 24I by die Wet, naamlik om met AARP rekening te hou. Verskeie subartikels wyk hiervan af soos wat in hoofstuk 2 aangedui word. Die verbod in subartikel (11) is opvallend omdat wisselkoersverskille beskou word as 'n soort finansieringskoste wat wel ingesluit word by inkomste. Die verband tussen die betrokke belastingbepalings en rekeningkundige vereistes wat die Verenigde Koninkryk volg, is van belang om die huidige Suid-Afrikaanse hantering te beoordeel.

### **1.10.2 Die huidige stand van die onderwerp**

Die belastinghantering van buitelandse valutatransaksies word in die Wet behandel in onder meer artikels 1, 9(2), 9G, 24I, 25D en die Agtste Bylaag paragrawe 1, 43 en 84-96. Winste en verliese op buitelandse valutatransaksies word vasgestel ingevolge die bepalinge van artikel 24I en is onder andere spesifiek op maatskappye van toepassing.

Sedert 1993 is artikel 24I al meermale gewysig waaruit blyk dat die wetgewing nie altyd duidelik was nie en dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens met die wysigings poog om praktiese probleme op te los en om uitvoering te gee aan die oogmerke gestel in 1993. Ter wille van groter duidelikheid is Practice Note No. 4 op 8 Maart 1999 uitgegee wat artikel 24I uitgebreid behandel met voorbeelde. Die praktyknota is sedertdien nog nie bygewerk om die wetsveranderinge te weerspieël of om die wisselwerking met die Agtste Bylaag uiteen te sit nie. Artikel 24I(9), (10), (11), (11A) en (12), en die Agtste Bylaag het eers in 2001 in werking getree en word glad nie in die praktyknota behandel nie. Subartikel (9) is sedertdien al geskrap. Die algemene omskakelingsbepalings van artikel 25D is in 2000

ingevoeg en vier maal gewysig; subparagraaf (2A) is in 2007 bygevoeg. Die komplekse wisselwerking tussen artikel 24I en die Agtste Bylaag se bepalings “*makes it extremely difficult to follow and apply the principles set out therein*” (Kleinhans, 2004:69). Tesame met die omskakelingsreëls, verg die bepalings verduideliking met praktiese toeligtig.

Die Wet se bepalings oor wisselkoersverskille met betrekking tot buitelandse valuta-verpligtinge kom spesifiek in artikel 24I(11) voor (wysigings aan hierdie subartikel in 2002 en 2003 word bespreek in Oberholzer & Wilcocks, 2004:135-170). Paragraaf 43 van die Agtste Bylaag handel spesifiek oor die beskikking oor bates wat hetsy in buitelandse valuta bekom of verkoop is of beide verkry en verkoop is in buitelandse valuta en moet saam met subartikel (11) gelees word.

In 2004 het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR/SAICA) by monde van die projekdirekteur vir belasting vier maal formele skrywe gerig aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID). Die versoek is gerig dat die praktiese probleme rondom artikels 24I, 25D en die tersaaklike paragrawe van die Agtste Bylaag deur die SAID aangespreek word deur enersyds die interpretasies van SAICA te bevestig en andersyds ‘n bygewerkte praktyknota uit te reik (SAICA, 2004a-d). Die SAID het in antwoord laat blyk dat dit in beginsel saamstem met SAICA se interpretasie van die Wet (SAICA, 2004f:3). Wetswysigings het gevolg wat van die probleme verwyder het.

Ten spyte van die wetswysigings is nie al die verskille tussen die belastingbepalings en rekeningkundige vereistes ten opsigte van buitelandse valutatransaksies opgelos nie (Koekemoer & Rossouw, 2006:19). Dit geld ook vir die hantering van buitelandse valuta-verpligtinge wat ingevolge artikel 24I(11) in sekere gevalle geen voortspruitende valutaverskille in ag neem by inkomste nie. Die hantering veroorsaak ‘n permanente verskil met die rekeningkundige rekords van ‘n entiteit (SAICA, 2004e:1; SAICA, 2006:23).

Uit ‘n belastingoogpunt gesien, word die wisselkoerswins of verlies toeskryfbaar aan die tydperk van houding van die bates waarna in artikel 24I(11) verwys word, nie belas wanneer oor die bates beskik word nie. Indien die wisselkoersverskille op buitelandse-valutaverpligtinge ten opsigte van ‘n bate onderworpe aan paragraaf 43 wel by inkomste in berekening gebring sou word, sou dit daartoe lei dat paring nie korrek vir belastingdoeleindes toegepas word nie (De Koker, 2007: par. 17.8H). Huxham en Haupt

(2006:386) beweer dat subartikel (11) nie sin maak nie omdat dit op alle bates van toepassing is, buiten daardie wat spesifiek in die subartikel uitgesluit is.

'n Verdere interpretasieprobleem is dat die uitsluiting van wisselkoersverskille ingevolge subartikel (11) en wat onderhewig is aan paragraaf 43(1) of (2) net van toepassing blyk te wees op bates wat verkry en vervreem is in dieselfde jaar van aanslag, aangesien die paragraaf net van toepassing kan wees wanneer oor 'n bate beskik word (SAICA, 2004a:1-2). In die skrywe hierbo genoem, wys SAICA daarop (2004a:2) dat dit nie die bedoeling is soos verwoord in die Explanatory Memorandum to the Second Revenue Laws Amendment Act no. 60, 2001 (klousule 36) nie en dat 'n gewysigde interpretasienota dit behoort reg te stel. 'n Verduideliking moet ook gegee word oor paragraaf 43(4) wat nie die situasie ondervang waar 'n permanente saak in Suid-Afrika kapitaalbate in buitelandse valuta koop *en* verkoop nie en gevolglik onderhewig gestel word aan artikel 24I(11) (SAICA, 2004a:2).

### **1.10.3 Die verhouding tussen die literatuur en die probleemstelling**

Uit die oorsig oor die huidige literatuur blyk dit dat sekere bepalings van artikel 24I in 'n mate omstrede is. Wetswysigings het sake verhelder en ontledings van die verband met die Agtste Bylaag bied 'n sekere mate van verklaring. Die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge om kapitaalbate te verkry, is vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt nog nie in 'n internasionale verband ondersoek nie.

### **1.11 OPSOMMING**

Hierdie studie fokus op die volgende punte wat in 'n vergelykende internasionale konteks meer lig kan werp op die huidige status daarvan:

- die belastingwetgewing ingevolge die Wet wat van toepassing is op buitelandse valuta-verpligtinge wat 'n maatskappy aangaan om kapitaalbate te verkry;
- die afwyking van artikel 24I van die aanvanklike oogmerk gestel met artikel 24I om Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (IAS 21) te oorweeg met die hantering van buitelandse wisselkoerstransaksies;



- 'n oorsig oor soortgelyke belastingwetgewing van die Verenigde Koninkryk en die mate wat hierdie wetgewing ooreenkom met die betrokke rekeningkundige standaarde waarin buitelandse valutaverpligtinge hanteer word; en
- 'n vergelyking van die resultate van die Suid-Afrikaanse belastingwetgewing met dié van die Verenigde Koninkryk waaruit gevolgtrekkings gemaak word oor die stand van die Wet se bepalings oor buitelandse valutaverpligtinge en die verband met IFRS.

## 1.12 METODOLOGIE

Die navorsing word gebaseer op 'n literatuurstudie en behels die insameling, ontleding en interpretasie van tersaaklike inligting uit die volgende bronne:

- die Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962 en die belastingwetgewing in die Verenigde Koninkryk;
- Suid-Afrikaanse en Britse sakereg;
- Suid-Afrikaanse en Britse belastingriglyne van die onderskeie Inkomstedienste;
- Suid-Afrikaanse en Britse skrywers;
- International Accounting Standards 21 en 39; en
- toeligting met voorbeelde.

## HOOFSTUK 2

### DIE HANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIGTINGE VIR DIE VERKRYGING VAN KAPITAALBATES DEUR 'N MAATSKAPPY IN DIE SUID- AFRIKAANSE BELASTINGWETGEWING

#### 2.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie hoofstuk is die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard soos gereguleer deur die bepalings van die Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962 (die Wet).

Die vernaamste stel bepalings in die Wet ten opsigte van buitelandse valutatransaksies is artikel 24I. Met die byvoeging van artikel 24I in die Wet in 1993 is 'n aantal doelwitte met en uitgangspunte van die artikel in die Explanatory Memorandum on the Income Tax Bill van 1993 gestel. Vanweë die besondere belang daarvan vir hierdie studie, word dit in geheel aangehaal (in De Koker, 2007: par. 17.8A).

*“[Section 24I has] the object of treating, for tax purposes, all gains made and losses incurred in respect of foreign exchange transactions in a manner which takes into account as far as possible the principles of fairness, simplicity, economic reality, current tax principles and generally accepted accounting practice.”*

*“As a starting point it has been taken that gains and losses on foreign exchange transactions mainly represent finance charges. Accordingly, a consequence of this approach is that gains and losses of this nature have to be brought into account for tax purposes at the end of a year of assessment irrespective of whether they have been realized or not. In addition, this approach also has the effect that such a gain or loss is taken into account against income, regardless of whether it is of a capital nature or not.”*

Artikel 24I is al meermale as ingewikkeld beskryf (vgl. o.a. hoofstuk 1, Kolitz, 2003a:33, Clegg, 2003:70, Olivier & Honiball, 2005:217 en Kolitz, 2006:12). 'n Veelseggende beskrywing van die karakter van die artikel is die woorde van De Koker (2007: par. 17.8A):

*“In truth, though, s[ection] 24I is anything but simple, and its operation is in some instances hardly fair. Even its most fundamental principle, of addressing unrealized*

*gains and losses, sits ill with the concept of 'ability to pay', and further moves the imposition of tax away from the bedrock of cash flows".*

Die ingewikkelde aard van artikel 24I is volgens Olivier & Honiball (2005: 217) te wyte aan twee sake. Eerstens is die artikel op rekeningkundige beginsels gegrond en nie op regsbeginsele nie. Tweedens word verskillende gevalle van buitelandse valutaverskille binne die bestek van een artikel hanteer. Die rekeningkundige beginsel wat ongerealiseerde bedrae inreken by wins en verlies, is een van die uitgangspunte van artikel 24I. Ongerealiseerde valutaverskille moet in berekening kom by die vasstelling van belasbare inkomste. Volgens Clegg & Smith (2003:71) is hierdie hantering 'n afwyking van die fundamentele beginsels van die Inkomstebelastingwet. Die beginsels is naamlik dat bedrae werklik deur 'n belastingpligtige aangegaan, of deur 'n persoon ontvang of aan 'n persoon toegeval moet wees. Die skrywers is van mening dat dit gepas sal wees om ongerealiseerde winste, ongeag die omstandighede waarin dit ontstaan het, uit die belastingnet te verwyder. Die genoemde kritiek is gerig op twee van die basiese vertrekpunte van artikel 24I. Vir die doeleindes van die belastinghantering van buitelandse valutatransaksies is dit enersyds 'n uitdruklike uitgangspunt van artikel 24I om *ongerealiseerde* winste en verliese op valuta-items in ag te neem. Andersyds is dit een van die doelwitte met die artikel dat *rekeningkundige beginsels* sover as moontlik in ag geneem moet word in die wyse waarop alle winste en verliese ten opsigte van buitelandse valutatransaksies hanteer moet word (vgl. die aanhaling hierbo uit die Explanatory Memorandum on the Income Tax Bill van 1993).

Die ingewikkelde aard van artikel 24I lê ook in die feit dat die artikel van toepassing is op alle valutawinste en verliese, ongeag of dit van *kapitale aard* is of nie. Hierdie vereiste is strydig met die sogenaamde algemene aftrekkingsformule van artikel 11(a) en 23(g). Die uitgangspunt in die bogenoemde memorandum is dat valutaverskille *finansieringskoste* verteenwoordig. Finansieringskoste is aftrekbaar van die inkomste van 'n maatskappy, selfs as dit van 'n kapitale aard is (vgl. art. 11(bA), (bB) en 24J). Wat inkomste betref, sluit die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 die ontvangste of toevalling van 'n kapitale aard uit. Subparagraaf (n) van die omskrywing sluit egter spesifiek 'n bedrag in wat volgens ander bepalinge van die Wet by die belastingpligtige se inkomste ingesluit moet word. Daardie bedrag word *geag* om ontvang of toegeval te gewees het aan die

belastingpligtige. Kragtens die bepalings van artikel 24I word 'n ongerealiseerde valutawins van 'n kapitale aard by inkomste ingesluit, selfs as dit nie werklik ontvang is nie.

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik twee belastingkwessies aangeraak. Eerstens val die klem spesifiek op die bepalings van artikel 24I met betrekking tot wisselkoersverskille wat ontstaan op 'n buitelandse valutaverpligting wat 'n maatskappy aangegaan het om 'n kapitaalbate te verkry. Tweedens word paragraaf 43 van die Agtste Bylae bespreek (alle paragraafverwysings hierna is na paragrawe van die Agtste Bylae, tensy anders vermeld). Die bepalings van die paragraaf is van toepassing wanneer 'n maatskappy 'n bate in buitelandse valuta verkry of oor beskik. Die bepalings van paragraaf 43 en artikel 24I hou met mekaar verband. Hierdie wisselwerking word ook in hierdie hoofstuk ondersoek.

Die hoofstuk bespreek die belastingbepalings van artikel 24I en paragraaf 43 in die vermeldde omstandighede soos wat dit van toepassing is op die volgende persone (in kursief aangedui). 'n *Maatskappy* wat 'n inwoner is en wat 'n buitelandse valutaverpligting aangegaan het vir die verkryging van 'n kapitaalbate. 'n *Permanente saak* of tak in die buiteland van 'n inwonermaatskappy is nie 'n afsonderlike regsentiteit in die buiteland nie. 'n *Permanente saak* is op dieselfde wyse as die inwonermaatskappy, by wie se inkomste die inkomste van die permanente saak ingesluit moet word, aan al die bepalings van die Wet onderworpe. Die bepalings van artikel 24I is spesifiek van toepassing op 'n valuta-*item* van 'n *beheerde buitelandse maatskappy* (hierna 'n *BBM*) van 'n inwonermaatskappy (voorbehoudsbepaling by art. 24I(2)). Die effek van valutaverskille op die netto inkomste van 'n inwoner se *BBM* moet dus volgens die bepalings van die Wet vasgestel word. Die begrippe *maatskappy*, *inwoner*, *beheerde buitelandse maatskappy* en *permanente saak* word gebruik soos wat dit in artikel 1 omskryf is. 'n Volledige bespreking van die begrippe en die belastingbepalings van 'n *BBM* val buite die omvang van hierdie studie.

In hierdie studie word alleen op maatskappye gefokus, omdat die verband met rekeningkundige standaarde (IFRS), wat slegs op maatskappye van toepassing is, aangetoon word. Individue en trusts val buite die omvang van die studie.

Twee verdere aspekte kom in die hoofstuk voor wat genoem moet word. Die algemene omrekeningsbepalings van artikel 25D word nie afsonderlik behandel nie, maar ingesluit by die bespreking soos wat dit ter sake kom. Dit blyk ook meer gepas te wees om sekere

rekeningkundige beginsels saam met die verwante belastingbeginsels te bespreek, veral wanneer 'n belastingbepaling direk na die rekeningkundige beginsel verwys.

## 2.2 KAPITAALBATES

Valutaverskille op alle valuta-items van 'n maatskappy word by die inkomste van daardie maatskappy ingevolge artikels 24I(2)(a) en (3) in ag geneem, ongeag of dit in 'n bedryf aangewend word of nie. Subartikel (3) vereis nie dat die transaksie aangegaan moes gewees het in die loop van 'n bedryf soos wat die vereiste was voor die wysiging van 1 Oktober 2001 nie (vgl. De Koker, 2007: par.17.8A). Artikel 24I handel onder andere oor bates wat van 'n kapitale aard is. Daarby is paragraaf 43 van die Agtste Bylae van toepassing op kapitaalbate. 'n Omskrywing van wat *kapitaalbate* beteken, is dus gepas.

Die omskrywings in artikel 1 van die Wet gee nie 'n omskrywing van óf 'n *bate* óf 'n *kapitaalbate* óf wat *kapitaal van aard* beteken nie. In artikel 41(1) word vir beide eersgenoemde terme, in die konteks van spesiale reëls vir spesifieke maatskappytransaksies, na die definisie van *bate* in die Agtste Bylae verwys. Artikel 41(1) sluit handelsvoorraad uit van die omskrywing van kapitaalbate. Paragraaf 1 van die Agtste Bylae gee 'n wye omskrywing van 'n *bate*. 'n *Bate* sluit hiervolgens in eiendom asook enige reg of belang in sodanige eiendom, ongeag die aard daarvan en ongeag of dit roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik is. 'n *Bate* is egter nie valuta nie, maar sluit wel goud- of platinummunte in.

In die Suid-Afrikaanse regspraak is al vele beslissings gegee oor die kwessie van inkomste vs. ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard. 'n Algemene toets vir alle situasies bestaan nie en daar moet telkens aan die hand van die onderhawige feite beslis word of 'n bedrag as kapitaal of nie-kapitaal (inkomste) geklassifiseer moet word (vgl. o.a. die bespreking in Jordaan, Koekemoer, Stiglingh, Van Schalkwyk, Wassermann & Wilcocks, 2008:23-34, 94-96). Die howe het nietemin algemene riglyne neergelê ter onderskeid. 'n Bespreking hiervan val egter buite die omvang van hierdie studie. Breedweg is 'n kapitaalbate nie handelsvoorraad of ander bedryfskapitaal wat 'n entiteit gereeld realiseer in 'n skema van winsbejag nie. Dit is eerder van 'n meer vaste of permanente aard waarmee die entiteit die bedoeling het om dit as inkomsteproduiserende bate aan te wend of as 'n kapitale belegging te hou.

'n Maatskappy se verpligting in buitelandse valuta wat 'n kapitaalbate finansier, of dit in 'n bedryf aangewend word al dan nie, sal kapitaal van aard wees. Die klem in hierdie hoofstuk val op die hantering van kapitaalbates ingevolge artikel 24I en paragraaf 43.

## 2.3 ARTIKEL 24I - WINSTE OF VERLIESE OP BUITELANDSE VALUTA-TRANSAKSIES

Artikel 24I bevat die bepalings vir die berekening van valutaverskille wat ontstaan uit valuta-items in buitelandse valutatransaksies. Die toepassing van die bepalings berus op twee basiese aspekte (Olivier & Honiball, 2005:217). Die eerste bepalende faktor is die status van die belastingpligtige soos bepaal in subart. (2), naamlik wie is die persoon op wie die artikel van toepassing is. In hierdie studie word maatskappye ondersoek. Die tweede bepalende faktor is of die wins of verlies ontstaan het uit 'n valuta-item, 'n premie of vergoeding ten opsigte van 'n buitelandse valutakontrak, of 'n premie of diskonto ten opsigte van 'n valutatermynkontrak (subart. (3)). In hierdie studie val die klem op valuta-items van maatskappye, alhoewel daar ook na die ander twee verwys word.

### 2.3.1 Woordomsrywings

Subartikel (1) bestaan uit uitgebreide omskrywings wat op die artikel van toepassing is (De Koker, 2007: par. 17.8A kritiseer hierdie gebruik van definisies om die belastinghantering van valutaverskille te reguleer). 'n Aantal fasette van 'n buitelandse valutaverpligting word kortliks aan die hand van sekere van die definisies bespreek. Begrippe omskryf in subartikel (1) is in kursief, asook sekere afgeleide begrippe.

- *Buitelandse valuta*

'n Verpligting in enige geldeenheid anders as die *plaaslike geldeenheid*, byvoorbeeld 'n lening of skuld wat in Britse pond sterling aangedui is.

- *Heersende wisselkoers*

Die heersende wisselkoers is die koers waarteen 'n bedrag *buitelandse valuta* in die *plaaslike geldeenheid* omgerekend word. Die koers word bepaal volgens een van die vier tipes *valuta-items* en die tydstip van omrekening na die plaaslike geldeenheid.

### Voorbeeld

'n Maatskappy wat 'n inwoner is van die Republiek van Suid-Afrika (hierna die Republiek) het 'n lening in Britse pond sterling aangegaan. Aan die einde van daardie jaar van aanslag is die lening nog nie terugbetaal nie. Op die transaksiedatum word die leningsbedrag teen die heersende wisselkoers in die plaaslike geldeenheid (rand) aangedui, naamlik teen die *kontantkoers* (soos omskryf in art.1) op daardie datum. Aan die einde van die jaar van aanslag word die lening teen die heersende wisselkoers *omgereken* na die plaaslike geldeenheid, naamlik die kontantkoers op daardie datum. Die lening word dus op jaareinde in rand herstateer deur die kontantkoers (of sigkoers) op daardie datum op die lening toe te pas. Die blote hou van die valuta-item aan die einde van die jaar van aanslag vereis dat dit na die markwaarde omgereken moet word. 'n Ongerealiseerde valutaverskil ontstaan op die valuta-item wat ingevolge artikel 24I hanteer moet word. Op die datum van realisasie van die lening word die lening weer teen die heersende wisselkoers omgereken, naamlik die kontantkoers op daardie datum. Die valuta-item is nou gerealiseer en enige valutaverskil gaan in daardie jaar van aanslag in berekening gebring word by inkomste.

Die voorbehoudsbepaling by die omskrywing van heersende wisselkoers bepaal dat die Kommissaris 'n *alternatiewe koers* mag voorskryf vir enige van die voorgeskrewe koerse. Die omstandighede waaronder die alternatiewe koers gebruik mag word, is waar 'n persoon dit vir rekeningkundige doeleindes gebruik ingevolge algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

- *Plaaslike geldeenheid*

Die begrip *plaaslike geldeenheid* het die volgende betekenis vir elk van die drie persone wat in hierdie studie ondersoek word.

- Eerstens, 'n Suid-Afrikaanse *maatskappy* wat 'n inwoner is (hierna inwonermaatskappy) se plaaslike geldeenheid is die geldeenheid van Suid-Afrika, naamlik die rand.
- Tweedens, waar die inwonermaatskappy 'n *permanente saak* of tak buite die Republiek het met 'n ander geldeenheid vir doeleindes van finansiële verslagdoening as die rand, is daardie geldeenheid die plaaslike geldeenheid van die permanente saak. Die Wet omskryf nie wat met "geldeenheid vir doeleindes van finansiële verslagdoening" bedoel word nie. In hierdie verband kan kortliks na die omskrywings in rekeningkunde gekyk

word. IAS 21.8-10 onderskei tussen die funksionele geldeenheid as die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedrywig is, en die aanbiedingsgeldeenheid as die geldeenheid waarin die finansiële state opgestel word. Indien die wetgewer eersgenoemde bedoel, ontstaan geen valutaverskil as 'n permanente saak of 'n BBM, geleë in land A, bates in land B en in land B se geldeenheid hou nie. Indien die aanbiedingsgeldeenheid bedoel word, ontstaan 'n valutaverskil met die omskakeling vanuit land B se geldeenheid na dié van land A. Dit is waarskynlik dat die wetgewer met verslagdoeningsgeldeenheid die funksionele geldeenheid bedoel (SAICA, 2007c:1-2; anders Olivier & Honiball, 2005:219). Ter wille van eenvoud word in hierdie studie aanvaar dat die twee geldeenhede dieselfde is.

#### Voorbeeld

'n Inwonermaatskappy se permanente saak beoefen 'n bedryf in Brittanje, doen verslag in pond sterling en het 'n skuld in euro. Die skuld is in buitelandse valuta en moet na pond sterling, die plaaslike geldeenheid, omgerekend word. Die permanente saak se inkomste moet in sy plaaslike geldeenheid, dit is die geldeenheid van finansiële verslagdoening, bereken word. Hierdie inkomste moet vervolgens teen die gemiddelde wisselkoers vir die betrokke jaar van aanslag uit die plaaslike geldeenheid van die permanente saak na rand omgerekend word (art. 25D(2)).

- Dertens, vir doeleindes van die toepassing van artikel 24I beteken plaaslike geldeenheid met betrekking tot 'n valuta-item van 'n *beheerde buitelandse maatskappy*, wat nie aan 'n permanente saak van die BBM in die buiteland toeskryfbaar is nie, die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika, naamlik die rand. Die valutaverskil word in rand vasgestel en moet vervolgens teen die gemiddelde wisselkoers omgerekend word na die geldeenheid wat die BBM gebruik (art. 9D(6) *proviso (c)*). Die berekende valutaverskil word dan in ag geneem by die netto inkomste van die BBM wat ingevolge die bepalings van die Wet vasgestel word en by die inwonermaatskappy se inkomste ingesluit word (art. 9D(2) en (2A) - kyk 2.3.2).

- *Valuta-item*

'n Valuta-item met betrekking tot 'n persoon is 'n bedrag in *buitelandse valuta* ten opsigte van die volgende vier items:



- 'n valuta-eenheid wat 'n maatskappy verkry, maar nie vervreem het nie en op jaareinde nog besit. Voorbeelde hiervan is kontant, banksaldo's en reisigerstjeks;
- 'n lening, voorskot of skuld deur / aan 'n maatskappy aangegaan / verskuldig;
- 'n *valutatermykontrak* (hierna VTK) van 'n maatskappy. 'n VTK is 'n ooreenkoms waar 'n persoon met 'n ander persoon ooreenkom om 'n bedrag valuta vir 'n ander valuta te verruil op 'n toekomstige datum teen 'n vasgestelde wisselkoers. 'n VTK dien normaalweg as 'n dekking teen wisselkoersskommeling waaraan 'n onderliggende transaksie of buitelandse skuld blootgestel is. Dit kan ook as 'n spekulatiewe instrument gebruik word, maar is steeds aan die bepaling van artikel 24I onderhewig; of
- 'n *buitelandse valuta-opsiekontrak* wat aan 'n maatskappy die reg of voorwaardelike aanspreeklikheid gee om 'n gespesifiseerde bedrag buitelandse valuta te koop of te verkoop op of voor 'n toekomstige datum. Die doeleindes met hierdie instrument is dieselfde as vir 'n VTK. Dit verskil van 'n VTK daarin dat die houer van die opsie 'n reg het om die valuta teen die gespesifiseerde bedrag op te neem, maar nie onder 'n verpligting is om dit te doen soos by 'n VTK nie.

Die vier verskillende soorte valuta-items bestaan onafhanklik van mekaar. Een transaksie kan daartoe lei dat meer as een valuta-item geskep word waarvoor elk se *valutaverskil* in berekening gebring moet word by die vasstelling van 'n maatskappy se inkomste. Byvoorbeeld, beide 'n skuld in buitelandse valuta en 'n VTK wat daardie skuld dek, is valuta-items.

- *Valutaverskil*

'n Valutaverskil is die buitelandse valutawins of -verlies met betrekking tot 'n *valuta-item* wat ontstaan gedurende 'n jaar van aanslag. Die verskil word bereken deur die *valuta-item* te vermenigvuldig met die verskil tussen enige twee van die *heersende wisselkoerse* op *transaksie-*, *omrekenings-* of *realisasiedatum*, afhangende van die stand van die transaksie.

### **2.3.2 Die effek van valuta-items op belasbare inkomste**

Die basiese vetrekpunt van artikel 24I is dat valuta-items in aanmerking geneem moet word om 'n maatskappy se belasbare inkomste vas te stel. 'n Skuld in buitelandse valuta is byvoorbeeld nie net 'n balansstaatitem sonder enige effek op inkomste nie. Ingevolge

subartikel (3)(a), die algemene bepaling van artikel 24I oor belasbare inkomste, moet *enige valutaverskil* van 'n valuta-item, onderhewig aan subartikel (10) (kyk 2.3.6), by inkomste ingesluit of van inkomste afgetrek word. Waar 'n maatskappy 'n buitelandse valutaskuld op jaareinde het, moet die valutaverskil wat gedurende die jaar op daardie valuta-item ontstaan het, ingesluit word by of afgetrek word van die inkomste van die maatskappy. Die bepaling geld ongeag waarvoor of waar die skuld aangewend word en ongeag of dit gerealiseer het of ongerealiseer is. Dit geld ook valuta-items wat as dekking dien vir die skuld. Die bepaling van (3)(a) is duidelik en eenvoudig. Soos egter hierna sal blyk, is daar, benewens subartikel (10), verdere uitsonderings op die basiese bepaling wat betref valuta-items van 'n kapitale aard.

Artikel 24I(6) bevat 'n verdere algemene bepaling. Hiervolgens het enige insluiting by en aftrekking van inkomste ingevolge die bepalings van artikel 24I voorrang bo enige ander artikel in die Wet wat andersins die insluiting of aftrekking voortspruitend uit buitelandse valutatransaksies kan bepaal. Hierdie subartikel verhoed sodoende dat 'n valutaverskil dubbeld afgetrek of belas word (Praktyknota nr. 4 par. 8).

Twee verdere fasette van valuta-items word betrek by 'n maatskappy se inkomste en word net kortliks genoem. Eerstens bepaal artikel 24I(3)(b) dat kontantvloei in die vorm van 'n premie of vergoeding betaal of ontvang ingevolge 'n buitelandse valuta-opsiekontrak wat 'n maatskappy aangegaan of verkry het, in berekening moet kom by die vasstelling van daardie maatskappy se belasbare inkomste. Dit geskied benewens die valutaverskil wat gedurende dieselfde jaar van aanslag ontstaan het op die heersende wisselkoerse van toepassing op daardie buitelandse valuta-opsiekontrak.

Die tweede faset is dat die diskonto ontvang of die premie aangegaan ten opsigte van 'n VTK wat 'n maatskappy aangegaan het, ook by die vasstelling van die belasbare inkomste van daardie maatskappy in berekening gebring moet word (art. 24I(3)(c)).

Subartikel (3)(c)(i) en (ii), en subartikel (5) handel oor die gebruik van die termynkoers ten opsigte van 'n VTK. IAS 21 laat egter nie meer so 'n hantering toe nie. Die 2005-wetswysiging van *heersende wisselkoers* paragraaf (a) laat ook nie langer hierdie metode toe nie. In die Taxation Laws Amendment Act No.3, 2008 word subartikel (3)(c)(i), (ii) en die voorbehoudsbepaling, asook subartikel (5) geskrap. Dit word nie verder bespreek nie.

'n Teenvermydingsbepaling (art. 24I(8)) verbied as 'n aftrekking van 'n maatskappy se inkomste ingevolge subartikel (3) enige buitelandse valutaverlies wat op 'n transaksie gely is, of enige premie of vergoeding wat betaal is ten opsigte van 'n buitelandse valuta-opsiekontrak, indien dit aangegaan of verkry is uitsluitlik of hoofsaaklik om belastingaanspreeklikheid te verminder. Die bepalings van artikels 80A-80L mag ook toegepas word op ooreenkomste wat sedert 2 November 2006 aangegaan is (voor hierdie datum ingevolge art. 103).

Subartikel (12)(a) bepaal dat waar 'n maatskappy enige valuta-item hou en die bepalings van artikel 24I van toepassing word op enige tydstip gedurende daardie jaar van aanslag, word die valuta-item geag op daardie tydstip verkry te gewees het.

#### Voorbeeld

'n Beheerde buitelandse maatskappy (BBM) van 'n inwonermaatskappy het 'n buitelandse valutalening (d.w.s. in valuta anders as die BBM se plaaslike geldeenheid en as die rand). Die valutaverskille op die lening word ingereken by die BBM se netto inkomste ingevolge artikel 24I se bepalings. Die inwonermaatskappy se belasbare inkomste sluit dus die valutaverskille in (art. 9D(2A)). Indien dieselfde BBM 'n inwonermaatskappy van die Republiek word, word dit geag dat die buitelandse valutalening op daardie datum verkry te gewees het. Die nuwe inwonermaatskappy moet die valuta-item voortaan ingevolge artikel 24I hanteer (Huxham & Haupt, 2008:504-505).

Subartikel (12)(b) bepaal dat, indien artikel 24I se bepalings nie meer van toepassing is op 'n valuta-item van 'n maatskappy nie, dit geag word dat die valuta-item op daardie datum gerealiseer het.

#### Voorbeeld

Indien 'n maatskappy 'n buitelandse valutalening het waarmee onroerende eiendom in die buiteland gefinansier is voordat subartikel (11) in werking getree het, sou valutaverskille ingereken gewees het by die maatskappy se inkomste. Met die inwerkingtreding in 2001 van subartikel (11) word die valutaverskille nie meer toegelaat nie (kyk 2.3.7) en dit word geag dat die lening op daardie datum gerealiseer het.

Die bepalings van artikel 24I moet ook in ag geneem word by die vasstelling van die netto inkomste van 'n *beheerde buitelandse maatskappy*. Ingevolge artikel 9D(2) word die netto inkomste by die inkomste van 'n inwoner ingesluit proporsioneel tot die deelnemende regte wat dit in daardie BBM hou. Die netto inkomste van die BBM word bepaal ingevolge al die bepalings van die Wet. Meer spesifiek word dit bepaal asof die BBM gedurende die betrokke jaar van aanslag 'n inwoner was op wie sekere bepalings van die Wet, soos aangedui in artikel 9D(2A), van toepassing is (Olivier & Honiball, 2005:369). Die subartikel maak, onder andere, die woordomskrywing van bruto inkomste (art. 1) van toepassing op 'n BBM. Die omskrywing bepaal wat die totale bedrag uitmaak wat 'n *inwoner* ontvang het of wat ten gunste van die inwoner aan hom toegeval het in 'n betrokke jaar van aanslag. 'n Ander bepaling van toepassing op 'n BBM is paragraaf 2(1)(a) van die Agtste Bylae van die Wet. Die paragraaf bepaal dat die Agtste Bylae van toepassing is op die beskikking op of na waardasiedatum van enige bate van 'n *inwoner*.

Die netto inkomste van 'n BBM moet as inwoner dus vasgestel word ingevolge die bepalings van, onder andere, bruto inkomste en die Agtste Bylae waarkragtens die belasbare kapitaalwins vasgestel en waarvan vyftig persent by die BBM se belasbare inkomste ingesluit word (art. 26A; par. (10)(c)). Die netto inkomste van die BBM is 'n bedrag gelyk aan die belasbare inkomste van die BBM as inwoner (art. 9D(2A)). Soos reeds aangedui, moet artikel 24I in ag geneem word by die bepaling van bruto inkomste (kyk 2.1 hierbo). Dit is egter nie die BBM self wat aan die bepalings van artikel 24I onderhewig gestel word nie, maar die inwoner wat 'n belang in daardie BBM hou. Die inwonermaatskappy moet die bepalings van artikel 24I toepas op die valuta-items van die BBM en moet die gevolge daarvan in ag neem by die vasstelling van die netto inkomste van die BBM (Huxham & Haupt, 2008:505). Die valutaverskil wat ingesluit word by die inwoner se inkomste is 'n bedrag gelyk of soortgelyk aan die inkomste van die BBM en nie die werklike inkomste nie (Olivier & Honiball, 2005:394).

Die uiteensetting hierbo oor wat netto inkomste van 'n BBM beteken, verduidelik die omskrywing van *plaaslike geldeenheid* (art. 9D(6) *proviso* (c)) by die toepassing van artikel 24I op 'n valuta-item van 'n BBM wat nie aan 'n permanente saak van die BBM buite die Republiek toeskryfbaar is nie. As inwoner moet die valutaverskille op valuta-items van die BBM in die plaaslike geldeenheid van die BBM vasgestel word, naamlik in rand. Daarna word die valutaverskil uit rand na die geldeenheid wat die BBM werklik in die

buiteland gebruik, teen die gemiddelde wisselkoers omgerek. Hierdie omgerekende bedrag word ingesluit in die vasstelling van die netto inkomste van die BBM. Die netto inkomste wat in die BBM se buitelandse geldeenheid bepaal is, word vervolgens teen die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar van aanslag na rand omgerek en by die inwoner se inkomste ingesluit (art. 9D(6)).

### Voorbeeld

'n Buitelandse BBM van 'n inwoner het 'n lening aangegaan in die buitelandse geldeenheid wat dit gebruik vir finansiële verslagdoening. Aan die einde van die jaar van aanslag is die lening nog uitstaande. Die valutaverskil in rand is die verskil tussen die valuta-item omgerek teen die wisselkoers op transaksiedatum en op omrekeningsdatum. Die berekende valutaverskil word dan omgerek na die buitelandse geldeenheid van die BBM teen die gemiddelde wisselkoers en ingesluit in die vasstelling van die netto inkomste. Hierdie berekeningswyse stem ooreen met die vasstelling van die kapitaalwins of -verlies van 'n BBM uit die beskikking oor 'n bate in paragraaf 43(4) van die Agtste Bylae beoog (art. 9D(6) *proviso (a)*); kyk 2.4).

Daar moet op gelet word dat artikel 9D in wese 'n teenvermydingsartikel is wat verseker dat alle inkomste en kapitaalwinste van 'n BBM van 'n inwoner binne Suid-Afrika belas word. Om hierdie rede is daar sekere uitsonderings op bedrae wat ingesluit moet word by die vasstelling van die netto inkomste van 'n BBM. Inkomste wat in die normale gang van sake ontstaan uit transaksies wat onder uiterste voorwaardes beding is, word nie ingesluit in die netto inkomste van die BBM nie (art. 9D(9)). Dit sluit onder meer in dat inkomste en kapitaalwins wat op die beskikking oor bates verdien word deur 'n buitelandse besigheidsaak (BS) van 'n BBM (soos omskryf in art. 9D(1)), uitgesluit word van die netto inkomste van 'n BBM (art. 9D(9)(b) en (fB)). Valutaverskille wat ontstaan uit valuta-items waaraan werklike besigheidstransaksies onderliggend is, word gevolglik nie ingesluit by die netto inkomste van die BBM nie.

Die uitsluiting uit netto inkomste geld egter nie ten opsigte van sogenaamde passiewe inkomste nie (art. 9D(9)(b)(iii)). Die inkomste is in die vorm van dividende, rente, huur, tantieme en ander soortgelyke inkomste. Die uitsluiting geld ook nie vir kapitaalwins op bates wat die passiewe inkomste verdien of kan verdien nie. In hierdie opsig is dit interessant dat die woord "kan" aan die Kommissaris die moontlikheid bied om 'n wye

interpretasie te huldig oor 'n bate waarop 'n BS beskik het (SAICA, 2007b:1-2). Die Kommissaris kan naamlik betoog dat die vervreemde bate passiewe inkomste, byvoorbeeld in die vorm van huurinkomste, kon verdien het as dit nie verkoop is nie. In so 'n geval sal die BS-vrystelling nie beskikbaar wees nie en die bepaling van paragraaf 43 van die Agtste Bylae is gevolglik op die bate van toepassing (kyk 2.4).

Die uitsluiting geld ook nie vir enige buitelandse valutawins ten opsigte van 'n buitelandse ekwiteitsinstrument (kyk 2.3.7) van die BS nie. 'n BS kan, byvoorbeeld, nie buitelandse aandele op kapitaalrekening verkry en in die buiteland verkoop sonder dat die inwoner wat 'n deelnemende reg in die BBM het, nie ook in Suid-Afrika aan belasting op enige moontlike kapitaalwins onderhewig sal wees nie. In hierdie geval is dit onderworpe aan die bepaling van paragraaf 43(4) (kyk 2.4). Laastens geld die uitsluiting ook nie ten opsigte van enige buitelandse valutawins wat ingevolge artikel 24I vasgestel is nie en wat nie in die normale bedryf van die BBM ontstaan het nie.

#### Voorbeeld

Die BS van 'n BBM wat 'n verhuuringsbesigheid in die buiteland het, het 'n lening in sy (buitelandse) plaaslike geldeenheid aangegaan en dit belê in buitelandse ekwiteitsinstrumente waaruit dividende verdien sal word. Artikel 9D(6) *proviso* (c) bepaal dat die plaaslike geldeenheid met betrekking tot 'n valuta-item van 'n BBM by die toepassing van artikel 24I die Suid-Afrikaanse rand is. Die valutaverskil op omrekeningsdatum moet in rand vasgestel word en na die geldeenheid van die BBM teen die gemiddelde wisselkoers omgeskakel word. Enige valutawins op die lening moet ingesluit word by die netto inkomste van die BBM aangesien die belegging passiewe inkomste genereer en nie uit die hoofbesigheid van die BS ontstaan het nie. Passiewe inkomste mag in sekere omstandighede egter uitgesluit word, byvoorbeeld in die mate wat dit nie 10% van die BBM se inkomste en kapitaalwins oorskry nie. Hierdie omstandighede word nie verder hier bespreek nie.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat slegs gerealiseerde valutaverskille op valuta-items by die netto inkomste van 'n BBM ingesluit word. Die voorwaarde is dat die partye betrokke by die valuta-item 'n inwoner, 'n BBM en of 'n ander verbonde persoon of 'n ander BBM moet wees wat deel van dieselfde groep van maatskappye vorm (art. 24I(10); vgl. 2.3.6). Hierdie insluiting is onderhewig aan die keuse van 'n inwoner (art. 9D(12)).

### 2.3.3 Geaffekteerde kontrakte

'n Geaffekteerde kontrak word in subartikel (1) omskryf. Dit is 'n besondere soort valutakontrak waarvan die toepaslike bepalings van 'n gewone valutatermynkontrak en buitelandse valuta-opsiekontrak verskil. 'n Geaffekteerde kontrak is waar 'n maatskappy gedurende 'n jaar van aanslag 'n dekking uitneem in die vorm van 'n buitelandse valuta-opsiekontrak of 'n VTK op 'n lening, voorskot of skuld. Die lening sal aangewend word om, onder andere, 'n bate te verkry vir gebruik in die gewone loop van die besigheid en is ingevolge 'n ooreenkoms aangegaan voor die einde van daardie jaar van aanslag. 'n Geaffekteerde kontrak verskil van 'n gewone valuta-item daarin dat die primêre transaksie op jaareinde nog nie aangegaan, verkry of toegestaan is nie. Praktyknota nr. 4 (par 4.4.5) stel dit duidelik dat die dekking van sodanige toekomstige bedrae sowel die kapitaal as die rente insluit indien dit met sekerheid bepaal kan word.

Die omskrywing van *heersende wisselkoers* in artikel 24I(1) bepaal dat die omrekeningskoers van 'n geaffekteerde valutatermynkontrak die termynkoers ingevolge die kontrak is en nie die markverwante termynkoers nie (subpar. (b)(ii)). Daar is gevolglik geen valutaverskil op jaareinde ten opsigte van die valuta-item nie, aangesien die termynkoers op beide die transaksiedatum en die omrekeningsdatum gebruik word. Geen belasbare valutaverskil word gevolglik in berekening gebring totdat die onderliggende primêre transaksie aangegaan is nie (vgl. kontantvloeienskane in 2.5.) Dieselfde geld vir buitelandse valuta-opsiekontrakte (subpar. (c)(ii) van *heersende wisselkoers* en subart. 3(b)). Die bewoording en berekening is in hierdie verband sodanig gemanipuleer dat die aanvanklike premiekoste of vergoeding wat by inkomste ingereken word (kyk 2.3.2), onmiddellik gekanselleer word. Enige valutaverskil kom eers in berekening in die jaar van aanslag wanneer die opsie uitgeoefen word.

Die uitwerking van die omskrywing is dat valutaverskille uitgestel word tot die jaar van aanslag wanneer daar, byvoorbeeld, 'n werklike buitelandse valutaverpligting tot stand gekom het. Die volle valutaverskil word dus wel in ag geneem, maar eers in die tydperk van die transaksie. Interessant is wel die voorwaarde dat die buitelandse bedrag aangewend moet word "*in die gewone loop van sy besigheid*" (in die omskrywing van *geaffekteerde kontrak*, par. (b)). Indien die bedrag nie so aangewend word nie, moet 'n maatskappy op grond van die afwesigheid van die vereiste van bedryfsdoeleindes in

subartikel (2)(a) sodanige dekking hanteer ingevolge paragrawe (b)(ii) en (c)(ii)(aa) van die definisie van *heersende wisselkoers* en die omrekening teen die markverwante termynkoers doen. Geen uitstel sal dan beskikbaar wees nie en valutaverskille sal dadelik ingesluit word by die berekening van inkomste.

#### **2.3.4 Kapitaalbate verkry vir latere ingebruikneming**

Artikel 24I(7) bevat bepalinge vir die hantering van valutaverskille op 'n valuta-item ten opsigte van 'n kapitaalbate wat nie dadelik in gebruik geneem word nie. Die tersaaklike valuta-items is 'n lening, voorskot of skuld, die dekking daarvan met 'n (geaffekteerde) VTK of 'n buitelandse valuta-opsiekontrak asook die premie of vergoeding betaal(baar) daarvoor. Subartikel (7) bepaal dat die genoemde valuta-items aangewend word vir 'n wye reeks tasbare en ontasbare kapitaalbate (soos beoog in artikel 11(gA) of (gC)). Die uitsonderingsbepaling is 'n "tydsberekeningsreël" wat in werking tree indien die genoemde bate eers in gebruik geneem word vir doeleindes van die maatskappy se bedryf in 'n jaar van aanslag nadat 'n valutaverskil op die genoemde valuta-item ontstaan het of die premie betaal(baar) is. Die valutaverskil en ook die premie word oorgedra na die jaar van aanslag wanneer die bate in gebruik geneem word vir bedryfsdoeleindes. Die uitstel van die erkenning in inkomste stem ooreen met geaffekteerde kontrakte. Die uitstel na die jaar waarin die bate in gebruik geneem word, stem ooreen met die toegelate aftrekking teen inkomste van die koste van 'n verkrygte bate ingevolge artikel 12C en die vermindering ten opsigte van onkoste werklik aangegaan vir die verkryging van 'n ontasbare bate ingevolge artikel 11(gC). Die werking van die subartikel is onderhewig aan die bepalinge van artikels 36 (mynboukapitaaluitgawes) en 37E (toegevoegdewaarde-prosesse) wat buite die omvang van hierdie studie val. [Dit lyk na 'n oorsig van die wetgewer in subpar. (7) dat art. 37E herroep is deur art. 29(1) van Wet No. 8 van 2007 met inwerkingtreding vanaf 29 Februarie 2008.]

'n Voorbehoudsbepaling by die subartikel verbied dat die valutaverskil of premie in sekere gevalle verder oorgedra word. Die valutaverskil moet in aanmerking kom by die vasstelling van 'n maatskappy se belasbare inkomste in die jaar van aanslag wat volg op die jaar van aanslag waarin daardie valutaverskil ontstaan het, indien die Kommissaris van die volgende oortuig is: (1) die toekomstige lening, voorskot of skuld waarvoor 'n geaffekteerde kontrak aangegaan is, sal nie meer aangegaan word nie, (2) die lening,



voorskot of skuld is nie gebruik om die genoemde bates te verkry nie, of (3) die genoemde bates word nie gebruik vir bedryfsdoeleindes nie.

### 2.3.5 Valuta-items van kapitale aard in transaksies tussen verbonde maatskappye

Subartikel (7A) hanteer die valutaverskil op 'n lening, voorskot of skuld in buitelandse valuta tussen twee *verbonde maatskappye* (soos omskryf in art. 1 - kyk 2.3.6). Enige van die twee partye kan die debiteur of die krediteur van die lening wees. Die lening moet aangegaan gewees het in 'n jaar van aanslag wat eindig voor 8 November 2005. Hierdie *kwalifiserende valuta-item* ('n nuwe term geskep om hierdie soort skuld te benoem) moet van *kapitale aard* wees (die kwalifikasie word nie omskryf nie en ook nie in Praktyknota nr. 4 nie). Ingevolge subartikel (7A)(a) word die valutaverskil op die kwalifiserende valuta-item uitgestel en tien persent van hierdie uitgestelde bedrag word jaarliks by inkomste ingereken ingevolge artikel 24I(3). 'n Verdere kwalifikasie is dat daar geen valutatermykontrak mag wees wat die lening dek nie (par. (c)(ii)). So 'n ongedekte lening hou die risiko in van abnormale belastingblootstelling in tye van groot wisselkoersskommeling (Jordaan *et al.*, 2008:627). Die subartikel is 'n verligtingsmaatreeël (Praktyknota nr. 4 par.10) wat die ongerealiseerde valutaverskille met omrekening oor 'n tydperk in berekening bring en groot skommeling behoort te egaliseer.

Die uitgestelde bedrag van 'n valutaverskil (subart. (7A)(b)) is die totaal van die valutaverskil wat in 'n bepaalde jaar van aanslag ontstaan het uit die omrekening van 'n bepaalde kwalifiserende valuta-item op jaareinde vir sover dit nie deur 'n VTK gedek is nie en die restant van valutaverskille op dieselfde kwalifiserende valuta-item wat vanaf die vorige jaar van aanslag oorgedra is. Die jaarlikse vermindering van die uitgestelde bedrag geskied volgens die verminderde saldometode (Praktyknota nr. 4 par.10). Die restant van die valutaverskil word ingevolge subparagraaf (d) volledig in inkomste ingereken in die eerste jaar van aanslag waarin daar nie meer aan subparagraaf (a) se vereistes voldoen word nie of waarin die kwalifiserende valuta-item afgelos is. Andersins word die restant, wanneer die valuta-item gedurende die jaar verminder het, byvoorbeeld deur die lening af te los of te verskans, in dieselfde verhouding verminder as wat die valuta-item verminder het (subpar. (d)(i)) en in daardie jaar by inkomste ingereken (subpar. (f)).

'n Kwalifiserende valuta-item kan realiseer (die subpar. verwys hierna as die "ou" kwalifiserende valuta-item) deurdat dit omgeskakel word in 'n nuwe kwalifiserende valuta-item wat in 'n ander buitelandse geldeenheid aangedui is (subart. (7A)(e)). Die valutaverskil wat uit die omrekening ontstaan, word geag om die uitgestelde bedrag van die valutaverskil van die ou kwalifiserende valuta-item te wees. Die ou valuta-item word nie geag om, vir sover dit na 'n nuwe omgeskakel is, met die realisasie te verminder nie. Die ou en nuwe valuta-items word geag een en dieselfde te wees sodat 'n vermindering van die bedrag van die nuwe geag word 'n vermindering van die oue te wees. Vir berekeningsdoeleindes word die oue se buitelandse valutabedrag aan die einde van die vorige jaar van aanslag herstateer in die geldeenheid van die nuwe kwalifiserende valuta-item deur die wisselkoers te gebruik wat tydens die omskakeling gebruik is.

Buiten wysigings aan subparagraaf (a) in 2001 (stel subart. (7A) onderhewig aan subart. (10)), 2005 (stel afsnydatum van lening vas) en 2006 (skrap die 2001-wysiging), is die subartikel onveranderd sedert dit in die Wet in 1994 ingevoeg is. Die effek van die 2006-wysiging is dat die verligting van hierdie subartikel vanaf 8 November 2005 vervang word deur die verligting in subartikel (10) (kyk 2.3.6). Lenings wat voordeel trek uit die verspreiding van valutaverskille oor 10 jaar, kan egter nie die verdere voordeel van subartikel (10) geniet nie (Departement Finansies, 2007a:27).

### **2.3.6 Transaksies met verbonde persone en beheerde buitelandse maatskappye**

Subartikel (10) handel oor die hantering van valuta-items in transaksies tussen verbonde persone en/of waarby beheerde buitelandse maatskappye betrokke is. Die subartikel is in 2001 bygevoeg omdat die "oorskakeling na 'n inwonersbelastinggrondslag.....reëls genoodsaak (het) waarvolgens bepaal kan word wat buitelandse valuta met betrekking tot 'n Suid-Afrikaanse inwoner, 'n buitelandse tak van 'n Suid-Afrikaanse inwoner of 'n beheerde buitelandse entiteit is" (Departement Finansies, 2001a:26). Die basiese bepaling is dat daar in sekere gevalle (kyk hieronder) 'n totale uitsluiting uit inkomste is van enige valutaverskil weens omrekening totdat die valuta-item gerealiseer het (eerste en tweede *provisos*). Die bedrag valutawins of -verlies wat ontstaan uit die realisasie van die valuta-item word bepaal met verwysing na die verskil tussen die wisselkoerse op die transaksiedatum en die realisasiedatum. Dit word aangesuiwer met enige vroeëre insluiting of aftrekking van valutaverskille ingevolge artikel 24I (eerste *proviso*). Hierdie

bepaling is teenstrydig met die algemene bepaling in artikel 24I dat ongerealiseerde valutaverskille op 'n valuta-item ingesluit word by of afgetrek word van die inkomste van 'n maatskappy. Dit is waarskynlik dat die bedoeling met die uitstel van valutaverskille soortgelyk aan subartikel (7A) is, naamlik om verligting te bied op ongewone valutaskommeling waar groepsmaatskappye en hul BBM's partye is by 'n valuta-item.

Artikel 24I(10) is sedert sy byvoeging in 2001 al herhaaldelik gewysig, onder andere om die verligting wat subartikel (7A) bied (kyk 2.3.5) effektiewelik, alhoewel omvattender, vanaf 8 November 2005 hierin aan te bied. Die uitstel geld ten opsigte van enige soort valuta-item wat tussen die persone mag bestaan. Die tipiese valuta-item is 'n lening tussen die betrokke persone (Clegg & Smith, 2003:70). Die bepaling sluit dekkingsinstrumente van die onderliggende valuta-item in. Hierteenoor is subartikel (7A) slegs op 'n ongedekte lening of voorskot van kapitale aard tussen verbonde partye van toepassing. Die werking van subartikel (10) word onderhewig gestel aan subartikel (7A), waarskynlik totdat laasgenoemde uitgefaseer is.

Die subartikel reguleer vier gevalle wat almal te make het met verbonde persone of beheerde buitelandse maatskappye van 'n maatskappy wat 'n inwoner is. Die verontagsaming en uitstel van ongerealiseerde valutaverskille by die omrekening van 'n valuta-item geld ten opsigte van die volgende maatskappyverhoudinge waarby 'n valuta-item betrek word.

- *Eerstens, enige inwoner* en enige maatskappy wat partye is by 'n valuta-item waar die maatskappy 'n *verbonde persoon of beheerde buitelandse maatskappy* is van die inwoner of 'n ander inwonermaatskappy wat deel van dieselfde groep is. Dit is belangrik om hierdie verhoudinge tussen maatskappye volgens die omskrywings in die Wet uiteen te sit. 'n Maatskappy wat 'n *verbonde persoon* is tot 'n ander maatskappy word in artikel 1 omskryf. Dit is, onder andere, 'n maatskappy wat deel van dieselfde groep van maatskappye is waar die beherende groepsmaatskappy direk minstens 50% van die aandele hou van elke beheerde groepsmaatskappy of dit indirek hou deur een of meer ander beheerde groepsmaatskappye of enige kombinasie daarvan. Die beherende groepsmaatskappy moet direk minstens 50% van die ekwiteitsaandele in minstens een beheerde groepsmaatskappy hou. Tipiese voorbeelde van verbonde maatskappye is die moedermaatskappy en sy filiale, en die mede-filiale van dieselfde moedermaatskappy

onderling. 'n Verbonde maatskappy met betrekking tot 'n maatskappy is ook enige ander maatskappy wat ten minste 20% van die aandeelkapitaal van daardie maatskappy hou en geen aandeelhouer hou die meerderheid stemregte in daardie maatskappy nie. 'n Buitelandse maatskappy is 'n *beheerde buitelandse maatskappy* van 'n inwoner indien meer as 50% van die deelnemende belange of die stemreg in daardie buitelandse maatskappy direk of indirek deur een of meer inwoners gehou word (art. 9D(1)).

Indien 'n groepsmaatskappy in die buiteland 'n lening aan 'n verbonde binnelandse maatskappy maak, mag geen valutaverskil op die lening by die inwonermaatskappy se inkomste ingereken word tot met realisasie van die lening nie. Waar so 'n lening nie binne die afsienbare toekoms gerealiseer gaan word nie, word korttermynfluktuasies in die wisselkoers uitgeskakel. Met realisasie sal die valutaverskil die langtermynverskille in rente- en inflasiekoerse tussen die twee lande weerspieël. Die inwonermaatskappy is dus nie blootgestel aan die effek wat buitengewone wisselkoersskommeling van jaar tot jaar op 'n valuta-item het en waar die valutaverskille by inkomste in berekening gebring moet word nie. Indien 'n ongerealiseerde valutawins egter belas word, beteken die belastingaanspreeklikheid 'n uitvloeï van kontant wat nooit ontvang is of dalk nooit ontvang sal word nie (vgl. Clegg & Smith, 2003:71).

Die negatiewe sy van die uitstel van ongerealiseerde valutaverskille is dat die eenmalige verantwoordings van die valutaverskille op realisasiedatum 'n skok-effek kan hê op die belasbare wins en die belastingaanspreeklikheid van 'n maatskappy.

### Voorbeeld

'n Maatskappy hou 'n langtermyn buitelandse lening in die geldeenheid van 'n land met 'n ontwikkelde ekonomie. Weens die inflasiedifferensiaal tussen die plaaslike ekonomie en daardie ander ontwikkelde ekonomie, depresseer die rand oor die langtermyn teenoor die buitelandse geldeenheid. Geen geleidelike verrekening van die valutaverliese op die valuta-item kon gemaak word oor die tydperk waarin die leningsverpligting toegeneem het weens die verswakkende rand nie (kyk hf. 1).

Die blootstelling aan buitengewone valutaverskille op lenings raak ook daardie wat aangegaan is met derde partye. Subartikel (10) bied geen verligting in hierdie verband nie (Clegg & Smith, 2003:71). Subartikel (11) bied wel in sekere opsigte verligting (kyk 2.3.7).

- *Tweedens, enige beheerde buitelandse maatskappy* wat 'n party is by so 'n valuta-item. Nóg die inwonermaatskappy nóg die BBM mag die ongerealiseerde valutaverskille in berekening bring by inkomste. Wanneer die valuta-item realiseer, word die valutaverskil vasgestel en kom dit in berekening. In die mate wat die gerealiseerde valutaverskil nie by die BBM se netto inkomste in berekening gebring word nie, word dit omgekeerd nie by die inwoner in berekening gebring nie. Die rede, anders as by 'n buitelandse filiaal wat nie 'n BBM is nie, is dat sowel die inwoner se inkomste as die BBM se netto inkomste, wat by die inwoner se inkomste ingesluit word, aan belasting in Suid-Afrika onderhewig is. Die een kan nie 'n bedrag valutaverlies aftrek terwyl die ander nie die ooreenstemmende valutawins insluit nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die valutaverskille van 'n besigheidsaak van 'n BBM wat in die gewone gang van sake ontstaan, nie ingesluit word by die BBM se netto inkomste nie. Met realisasie van die lening aan die besigheidsaak word die valutaverskille eensydig slegs by die inwonermaatskappy in berekening gebring. Die valutaverskil aan die kant van die BBM sal in die inwoner se inkomste "gekanselleer" word eers wanneer daardie BBM 'n dividend verklaar uit die winste van die besigheidsaak wat by die inwoner se inkomste ingesluit word, indien dit nie weens 'n vrystelling op buitelandse dividende uitgesluit word nie (art. 10(1)(k)(ii)).

- *Derdens, enige beheerde buitelandse maatskappy* van 'n inwoner *en enige ander beheerde buitelandse maatskappy* van óf die inwoner óf 'n ander inwonermaatskappy wat deel van dieselfde groep van maatskappye is en betrokke is by dieselfde valuta-item. Daar dien op gelet te word dat dit *ongerealiseerde* valutaverskille tussen BBM's van dieselfde inwoner of 'n ander inwoner-groepsmaatskappy is wat uitgestel word ingevolge subartikel (10). Die bepaling verskil van die bepalings van toepassing op 'n BBM in artikel 9D met betrekking tot artikel 24I-valutaverskille op valuta-items tussen twee verbonde buitelandse BBM's wat in die betrokke BBM's se inkomste in- of uitgesluit word. Artikel 9D(2A) *proviso* (c) verbied enige aftrekking van 'n BBM se inkomste van 'n valutaverskil wat ingevolge artikel 24I vasgestel is ten opsigte van 'n valuta-item waarby die betrokke BBM's partye is. Sodanige valutaverskil word nie in ag geneem by die vasstelling van die netto inkomste van die BBM wat by die inwoner se inkomste ingesluit moet word ingevolge artikel 9D(2) nie. Die rede hiervoor is dat sodanige bedrae, soortgelyk aan byvoorbeeld tantième wat een BBM aan 'n ander BBM betaal, nie aan die Suid-Afrikaanse inwoner toeskryfbaar is nie (Olivier & Honiball, 2005:369). Omgekeerd

bepaal artikel 9D(9)(fA)(ii) en (iii) dat die valutawins wat vir die ander BBM op dieselfde valuta-item ontstaan, nie ingesluit word by die berekening van die netto inkomste van die ander BBM nie. Die inwoner kan egter ingevolge artikel 9D(12) kies dat subartikel (9) nie geld nie. Die valutawins wat by die ander BBM se inkomste ingesluit word, is dan aftrekbaar as 'n valutaverlies van die BBM se inkomste (art. 9D(2A) *proviso* (c)). Die bepalings van artikel 9D het te make met gerealiseerde valutaverskille, aangesien ongerealiseerde valutaverskille ingevolge artikel 24I(10) uitgestel word tot met realisasie. Op realisasiedatum sal die nou gerealiseerde valutaverskille ingevolge artikel 9D hanteer word.

- *Vierdens, enige inwonermaatskappy of enige beheerde buitelandse maatskappy van 'n inwoner* ten opsigte van enige VTK of buitelandse valuta-opsiekontrak wat as dekking dien vir die valuta-item in die voorafgenoemde situasies (Departement Finansies, 2007b:67).

Die verontagsaming geld vir alle valuta-items, insluitend dié van 'n kapitale aard.

### **2.3.7 Buitelandse bates**

Artikel 24I(11) is een van die ingewikkeldste en mees omstrede subartikels in artikel 24I (kyk hf. 1). Subartikel (11) lui dat *geen bedrag* ingesluit word in of afgetrek word van die inkomste van 'n persoon ingevolge die bepalings van artikel 24I nie ten opsigte van enige valutaverskil wat ontstaan uit 'n buitelandse valutaverpligting wat aangegaan is om 'n *bate* te verkry. Die bepaling is onderworpe aan sekere uitsonderings. Die bepaling is ook nie van toepassing nie indien 'n buitelandse lening aangegaan is vir uitgawes op bedryfsonkoste, behalwe voorraad wat in buitelandse valuta aangekoop is (Clegg & Smith, 2003:72). Die lening word in hierdie geval aangewend anders as vir die verkryging van bates. Die bepaling is wel van toepassing op enige valutaverskil wat ontstaan uit die dekking van daardie lening, voorskot of skuld met 'n VTK of buitelandse valuta-opsiekontrak (subart. (11)(b)).

Die Verklarende Memorandum oor die Tweede Wysigingswetsontwerp op Inkomstewette, 2001 (Departement Finansies, 2001:26-27) verduidelik dat kapitaalwinstbelastingbepalings, waarin die elemente van valutaverskille met die beskikking oor buitelandse bates hanteer word, dit genoodsaak het dat die bepalings van artikel 24I hersien moes word. Ten opsigte

van subartikel (11) verduidelik dieselfde memorandum dat die valutaverskilgedeelte wat aan die tydperk van eiendomsreg van sekere buitelandse bates toegeskryf kan word, nie onderhewig sal wees aan belasting ingevolge paragraaf 43 (kyk 2.4) wanneer oor daardie bates beskik word nie. Die keersy van hierdie vrystelling is dat die valutaverskille wat, gerealiseer of ongerealiseer, ontstaan op die valuta-item wat die aankoop van die “buitelandse bate” finansier, nie vir belastingdoeleindes toegestaan kan word nie ten einde “oneweredigheid” (*mismatching*) in die belastinghantering te voorkom. Die eweredigheid is egter net gedeeltelik, omdat verskillende koerse van toepassing is op inkomstewins en kapitaalwins. Die bedoeling met die twee stelling bepalings is waarskynlik om valutaverskille te ignoreer waar ‘n inwoner bates in die buiteland hou en met ‘n buitelandse lening finansier (Clegg & Smith, 2003:72). Soos hieronder aangetoon word, affekteer dit nie situasies waar die bate binnelands aangewend word nie, al word dit met ‘n buitelandse lening gefinansier.

Subartikel (11) vereis duidelik ‘n volledige uitsluiting van enige valutawins of -verlies op ‘n buitelandse valutaverpligting om ‘n bate te verkry en nie bloot ‘n uitstel van die verskil nie (SAICA, 2004e:1). Sonder die aangeduide uitsonderings is dit ‘n totale ontseggings van artikel 24I se werking in gevalle waar ‘n bate deur middel van buitelandse finansiering bekom word. Indien een van die uitsonderings geld, is artikel 24I van toepassing.

*Bates waar die valutaverskille op die relevante valuta-items ingesluit word by inkomste*

Om die verbod van subartikel (11) te oorkom, word by wyse van uitsondering aangetoon watter bates verkry kan word in *buitelandse valuta* sodat die valutaverskille wat uit die relevante verpligting ontstaan, kwalifiseer vir insluiting by inkomste. Dit is naamlik ‘n bate:

- wat self ‘n *valuta-item* uitmaak (subpar. (a)(i)), byvoorbeeld waar ‘n geleende bedrag verder uitgeleen word en ‘n bate uitmaak vir die uitlener (SAICA, 2004e:1);
- waarvan die *onkoste* aangedui is in die maatskappy se *plaaslike geldeenheid* (subpar. (a)(ii)), byvoorbeeld in Suid-Afrikaanse rand. Die onkoste wat ‘n permanente saak aangaan in sy (buitelandse) plaaslike geldeenheid, val binne hierdie uitsondering (kyk 2.4 vir ‘n bespreking in hierdie verband); of
- waarop artikel 9G (*buitelandse ekwiteitsinstrumente* as handelsvoorraad gehou - verkrygings vanaf 8 November 2005 word deur die omskakelingsbepalings van art. 25D

gedek) of *paragraaf 43(4)* van die Agtste Bylae van toepassing sou wees indien daaroor beskik sou word, ongeag of dit handelsvoorraad is of nie (subpar. (a)(iii)).

Die derde uitsondering op die verbod van subartikel (11) is in 2003 gewysig om dit van toepassing te maak op valuta-items in verband met handelsvoorraad, asook op die bates van 'n inwoner alleenlik, behalwe die bates van 'n permanente saak van 'n inwoner buite die Republiek. (Vgl. Oberholzer & Wilcocks, 2004:157 en SAICA, 2004(b):3 oor die anomalie t.o.v. die verskil in inwerkingtreddingsdatum tussen subart. (11) op 13 Desember 2002 en par. 43(4) op 22 Desember 2003). Die Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2003 (Departement Finansies, 2003:61) dui aan dat die wysiging saam met die wysiging van paragraaf 43(4) gelees moet word wat nou artikel 9(2) in geheel betrek (vroeër was art. 9(2)(b)(i) spesifiek uitgesluit). Behalwe die verwysing na paragraaf 43(4) bevat nóg subartikel (11) nóg paragraaf 43 enige aanduiding wat die onderlinge verband tussen die twee stelle bepalings is.

Artikel 24(11) moet ontleed word om vas te stel watter gevalle die subartikel by die werking van artikel 24I in- of uitsluit. By wyse van eliminasië gegrond op direkte en indirekte verwysings na ander bepalings van die Wet, moet vasgestel word watter valuta-items nie deur subartikel (11) geraak word nie. Op grond daarvan kan vasgestel word watter valuta-items wel positief buite die reikwydte van artikel 24I geplaas word. Die bates wat onderliggend is aan hierdie valuta-items behoort gevolglik binne die bepalings van paragraaf 43 te val. Of andersom gestel, want dit blyk die bedoeling te wees dat paragraaf 43 bepaal wanneer artikel 24I op 'n maatskappy van toepassing is, indien met die vervreemding van 'n bate die kapitaalwins of -verlies die valutaverskille oor die tydperk van eienaarskap insluit, dan geld artikel 24I se bepalings en word die valutaverskille op die relevante valuta-item by inkomste ingesluit. Insgelyks, wanneer paragraaf 43 bepaal dat sodanige valutaverskille nie in aanmerking kom by die vasstelling van kapitaalwins of -verlies nie, geld die totale uitsluiting van valutaverskille van die bate se relevante valuta-item ingevolge artikel 24I(11). (Kyk 2.4 vir 'n bespreking van par. 43.)

Twee uitsonderings op subartikel (11) se uitsluiting uit inkomste word in *paragraaf 43(4)* aangegee wat op maatskappye van toepassing is. Die eerste uitsondering is 'n *buitelandse ekwiteitsinstrument* wat as kapitaalbate gehou word. Die omskrywing van 'n buitelandse ekwiteitsinstrument in artikel 1 beteken:



- 'n aandeel of 'n depositobewys van 'n aandeel wat genoteer is op 'n erkende buitelandse aandelebeurs of 'n ander buitelandse kwalifiserende beurs of 'n buitelandse tussenhandelaar kwotasiestelsel;
- 'n deelnemende belang in 'n buitelandse reëling of skema vir kollektiewe beleggings;
- 'n kontraktuele reg of verpligting waarvan die waarde met verwysing na 'n buitelandse gespesifiseerde indeks vasgestel word;
- 'n munt wat hoofsaaklik van goud of platinum gemaak is; en
- 'n kontrak, termynkontrak of opsie ten opsigte van enige van bogenoemde instrumente.

Enige verpligting wat aangegaan is in buitelandse valuta om enige van hierdie buitelandse likiede bates te bekom, val binne die bepalings van artikel 24I en valutaverskille op die valuta-item word by inkomste ingereken. (vgl. egter 2.3.8).

Die tweede uitsondering is 'n bate waarvan die kapitaalwins of -verlies met beskikking *verkry* is of *geag verkry* te gewees het uit 'n Suid-Afrikaanse bron soos in *artikel 9(2)* beoog, naamlik:

- *onroerende eiendom* wat in die Republiek geleë is of 'n belang of reg daarin (ingevolge die voorbehoudsbepaling sluit 'n belang die volgende in: ekwiteitsaandele in 'n maatskappy, enige tipe eienaarskap van 'n ander entiteit of 'n gevestigde reg in 'n trustbate, waarvan minstens 80 persent van die markwaarde toe te skryf is aan onroerende eiendom wat nie handelsvoorraad is nie en minstens 20 persent van die belang in die maatskappy of ander entiteit word alleen of saam met 'n verbonde persoon gehou). Die bron van die kapitaalwins of -verlies is die ligging van die eiendom in die Republiek, ongeag of dit deur 'n inwoner of nie-inwoner gehou en vervreem is;
- *enige ander bate* van 'n inwoner wat *nie* aan 'n permanente saak toeskryfbaar is nie én die opbrengs met beskikking word nie in die buiteland belas nie; of
- *enige ander bate* van 'n nie-inwoner toeskryfbaar aan 'n permanent saak in die Republiek.

Die artikel 9(2)-bates moet verkry of oor beskik wees in 'n buitelandse geldeenheid (par. 43(4)). 'n Kapitaalwins wat 'n inwonermaatskappy op 'n roerende bate realiseer wat nie behoort aan sy permanente saak in die buiteland nie, sal geag word van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees, selfs al was die bate in die buiteland geleë en al was die koop- en/of verkoopprijs in buitelandse valuta. Valutaverskille op die gepaardgaande valuta-item

word ingevolge artikel 24I(11) by inkomste ingereken. 'n Verdere vereiste is dat die opbrengs nie in die buiteland belas word nie. In hierdie geval, asook in die derde geval, word die bron van die kapitaalwins of -verlies bepaal volgens die inwonerskap van die verkoper. Die bepaling stem ooreen met die benadering van die Organisation for Economic Co-operation and Development (hierna die OECD) se Model Convention (Departement Finansies, 2002:11-12; art. 13 van die model-dubbelbelastingooreenkoms).

*Bates waar die valutaverskille op die relevante valuta-items uitgesluit word van inkomste*

Op grond van al bogenoemde vrystellings van die werking van artikel 24I(11) kan die volgende verkryging van *bates in buitelandse valuta* geïdentifiseer word waarvan die valutaverskille op die relevante valuta-item nie by inkomste ingereken word nie:

- *onroerende eiendom* wat in die buiteland geleë is;
- *enige ander bate* (roerende bates) wat aan 'n permanente saak van 'n inwoner toeskryfbaar is én wat in die buiteland belas word met vervreemding;
- *enige ander bate* van 'n nie-inwoner wat *nie* aan 'n permanente saak binne die Republiek toeskryfbaar is nie;
- 'n *bedrag in buitelandse valuta* verskuldig aan die individuele belastingpligtige (die uitsonderingsbepaling in par. 43(4)(b) resorteer onder Deel XIII van die Agtste Bylae en val buite die omvang van hierdie studie).

Indien die opbrengs met beskikking oor enige van hierdie bates vanuit 'n werklik Suid-Afrikaanse bron is, sal subartikel (11) nie geld nie - buiten die derde geval is soiets egter onwaarskynlik (SAICA, 2004e:1; Departement Finansies, 2002:13).

Die volgende twee voorbeelde illustreer hoe die soort bate bepaal of subartikel (11) van toepassing is of nie (vgl. Huxham & Haupt, 2008:503 ten opsigte van voorraadaankope).

Voorbeeld 1

'n *Inwonermaatskappy* koop 'n masjien in Frankryk aan vir gebruik binne Suid-Afrika. Die onkoste in euro word by wyse van 'n lening gefinansier. Om te bepaal of subartikel (11) van toepassing is, moet die bate gemeet word aan die uitsonderings in die subartikel. By wyse van eliminasië word vasgestel of die bate 'n uitsondering is op die bepaling van subartikel (11) of nie. Op grond hiervan word vervolgens die hantering van die valutaverskil op die valuta-item bepaal.

In die eerste plek is dit duidelik dat die bate nie 'n valuta-item of 'n buitelandse ekwiteitsinstrument is nie. Tweedens word die onkoste van die bate in euro aangedui. Die feit dat die inwonermaatskappy se plaaslike geldeenheid die rand is en dat die masjien in sy eie rekords in rand aangedui word, verander niks aan die feit dat die onkoste self in euro, 'n buitelandse geldeenheid, aangegaan is nie. Die uitsondering van plaaslike geldeenheid is dus ook nie van toepassing nie. Die laaste toets is om vas te stel of die bate geag word om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees. Die bate behoort nie aan 'n permanente saak in die buiteland van die inwoner nie. Daarby sal enige moontlike kapitaalwins wat uit die beskikking van die masjien ontstaan aan die Suid-Afrikaanse owerheid betaalbaar wees en nie aan 'n buitelandse owerheid nie. Die bate voldoen dus aan die vereistes van artikel 9(2)(b)(i) wat een van die uitsonderings op die verbod van subartikel (11) is. Gevolglik geld subartikel (11) nie en enige valutaverskille op die lening word in berekening gebring by inkomste. Indien dit 'n buitelandse ekwiteitsinstrument is wat in euro gekoop en gefinansier is, kwalifiseer subartikel (11)(a)(iii) se verwysing na paragraaf 43(4) dit as 'n uitsondering op die verbod van subartikel (11). Valutaverskille op die buitelandse lening mag dus in ag geneem word.

Die situasie verander egter indien die inwonermaatskappy 'n onroerende eiendom in Frankryk gekoop het. Weer eens is dit subartikel (11)(a)(iii) se verwysing na artikel 9(2) wat die deurslaggewende toets is: dit is nie onroerende eiendom wat binne Suid-Afrika geleë is nie (subpar. (a)) en kapitaalwins sal betaalbaar wees aan 'n buitelandse owerheid (subpar. (b)(i)). Die bate word dus nie geag om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees nie. Aangesien geeneen van die uitsonderings in subartikel (11) geld nie, mag geen valutaverskille op die lening in ag geneem word by inkomste nie.

### Voorbeeld 2

Dieselfde inwonermaatskappy koop deur sy *permanente saak* in Frankryk 'n soortgelyke masjien aan vir gebruik deur die permanente saak wat ook met 'n lening in euro gefinansier word. Die lening is egter nie in 'n buitelandse valuta ten opsigte van die permanente saak nie, want dit is aangegaan in die plaaslike geldeenheid, naamlik euro. Aangesien die lening 'n valuta-item is, moet die heersende wisselkoerse tussen die rand en die euro op transaksiedatum en omrekeningsdatum (d.w.s. die kontantkoerse) toegepas word om die valutaverskil te bereken (Huxham & Haupt, 2008:495). Hierdie

valutaverskil wat in rand bereken is, word ingesluit by die permanente saak se ander winste wat teen die gemiddelde wisselkoers na rand omgerek word. Die belasbare inkomste uit die buitelandse permanente saak bestaan dus uit die artikel 24I-valutaverskil, omgerek teen die kontantkoers, en die bedryfswins, omgerek teen die gemiddelde koers. (Daar moet rekening gehou word met art. 20 wat verbied dat 'n verlies wat 'n inwoner ly in 'n buitelandse bedryf verreken mag word teen die Suid-Afrikaanse inkomste.)

Indien die lening in voorbeeld 2 aangegaan is in Britse pond sterling (buitelandse valuta) terwyl die onkoste van die bate in euro is (plaaslike geldeenheid van die permanente saak), geld die tweede uitsondering in subartikel (11)(a)(ii). Valutaverskille op die lening tussen die pond en die euro word in ag geneem by die inkomste van die permanente saak. Die feit dat die bate nie aan die vereiste van artikel 9(2)(b)(i) voldoen nie, diskwalifiseer nie die lening van hantering ingevolge artikel 24I nie, aangesien die valutaverskil nie ten opsigte van die rand bereken word nie.

Uit die bespreking blyk dit dat subartikel (11) inderdaad ingewikkeld is en dat dit, in die woorde van Huxham & Haupt (2008:504), nie duidelik is "hoekom die bepaling so ineengestremel is nie". Die komplekse direkte en indirekte verwysings in subartikel (11) na plaaslike geldeenheid, artikel 9G, paragraaf 43(4), artikel 9(2) en paragraaf 84 (nie in hierdie studie behandel nie) bemoeilik die uitleg, te meer nog omdat die ander bepalings en begrippe self uitermate gekompliseerd is. By wyse van eliminasië en met inagnome van die ander betrokke bepalings, moet enige verkryging van 'n bate waarvoor 'n buitelandse valutalening aangegaan is, ontleed word om vas te stel of die lening aan artikel 24I onderhewig is of nie. Die bate moet beoordeel word volgens die uitsonderingsbepalings. Indien dit aan enige van die uitsonderings voldoen, is subartikel (11) nie van toepassing nie en die buitelandse valutalening moet ingevolge die ander bepalings van artikel 24I hanteer word. Indien dit nie binne een van die uitsonderingskategorieë val nie, word enige valutaverskille op die buitelandse valutalening geïgnoreer.

Artikel 24I(11) is ook ter sake by die toepassing van paragraaf 43 van die Agtste Bylae om eweredige belastinghantering te verseker. Enersyds reguleer paragraaf 43 die vrystelling van valutaverskille van die kapitaalwins of -verliesberekening van sekere buitelandse

bates. Andersyds reguleer artikel 24I(11) die ooreenstemmende vrystelling van valutaverskille op die buitelandse finansiering van daardie bates. (Kyk afdeling 2.4.)

### **2.3.8 Verskansing by die verkryging van 'n buitelandse maatskappy**

Artikel 24I(11A) handel oor die hantering van valutaverskille op 'n valuta-item wat aangegaan is om die verkryging van die ekwiteitsaandele van 'n buitelandse maatskappy te verskans. Die subartikel wat in 2006 bygevoeg is, is die mees onlangse subartikel wat bygevoeg is by artikel 24I. Dit handel oor die uitsluiting van enige valutaverskil uit die inkomste van 'n inwonermaatskappy wat ontstaan op 'n VTK, buitelandse valuta-opsiekontrak en enige premie daarop wat aangegaan is om die verkryging van die ekwiteitsaandele van 'n maatskappy in die buiteland te verskans. Die verkryging is deur daardie inwonermaatskappy of enige ander inwonermaatskappy wat deel van dieselfde groep van maatskappye as daardie maatskappy vorm. Die uitsluiting is in die mate wat:

- die verkryger ten minste 20 persent van daardie aandele mag bekom;
- die verkrygte maatskappy na die verkryging 'n beheerde buitelandse maatskappy (soos omskryf in art. 9D(1)) sal wees in verhouding tot die verkryger; en
- indien die inwonermaatskappy die verkryger is, die valutaverskil nie ingesluit is nie by die inkomstestaat van daardie maatskappy ingevolge International Financial Reporting Standards (IFRS); of
- indien die verwante inwoner-groepsmaatskappy die verkryger is, die bedrag nie ingesluit is nie by die gekonsolideerde inkomstestaat van die groep ingevolge IFRS of AARP.

Die *eerste voorwaarde* dat 'n inwonermaatskappy of enige ander maatskappy wat deel van dieselfde groep van maatskappye vorm, ten minste 20% van die ekwiteitsaandelekapitaal van 'n buitelandse maatskappy moet verkry, hou die volgende in vir die aandeelhouer.

- Eerstens. Die 20%-aandeelhouding kwalifiseer die verkryger vir die vrystelling in paragraaf 64B van die Agtste Bylae. Hiervolgens word die kapitaalwins of -verlies op die beskikking oor 'n belang in die ekwiteitsaandelekapitaal van 'n buitelandse maatskappy verontagsaam, indien die inwonermaatskappy, tesame met 'n ander maatskappy in

dieselfde groep, onmiddellik voor die beskikking ten minste 20% van die ekwiteitsaandelekapitaal besit het. Die aandele moet vir 'n tydperk van minstens 18 maande voor die beskikking gehou gewees het, tensy dit 'n maatskappy is wat dit van 'n ander maatskappy in dieselfde groep vekry het en dit gesamentlik vir 18 maande gehou is. Verdere voorwaardes is dat daarvoor beskik moet word aan 'n nie-inwoner of dat dit as 'n beskikking geag word omdat die persoon opgehou het om 'n inwoner te wees of omdat die maatskappy opgehou het om 'n beheerde buitelandse maatskappy te wees. 'n Teenvermydingsbepaling (par. 64B(3)) lui dat enige kapitaalwins wat kragtens subparagraaf (2) verontagsaam is, vir die inwoner netto kapitaalwins uitmaak. Dit gebeur waar oor die BBM beskik word aan 'n verbonde persoon vir geen vergoeding of vir 'n prys wat nie onder uiterste voorwaardes beding is nie, of waar die belang, of die vergoeding vir die belang wat vir geen prys of nie onder uiterste voorwaardes beding is nie, uitgekeer is, byvoorbeeld as 'n dividend *in specie*. Indien die uitkering egter aan sekondêre belasting op maatskappye onderhewig is, of daarvan vrygestel is, of ingesluit is in die inkomste van die aandeelhouer van die maatskappy wat daarvoor beskik het, of ingesluit sou gewees het as dit nie was vir die vrystelling van artikel 10(1)(k)(ii)(dd) nie, dan word die kapitaalwins verontagsaam ingevolge subparagraaf (2).

- Tweedens. Die uitsluiting van kapitaalwins of -verlies geld ook ten opsigte van enige kapitaalluitkering aan 'n aandeelhouer ingevolge paragraaf 76 (ontvang in kontant of bates *in specie*) en paragraaf 77 (ontvang in likwidasie of deregistrasie) van die Agtste Bylae (par. 64B(5)). Die persoon moet minstens 20% van die ekwiteitsaandelekapitaal van daardie buitelandse maatskappy onmiddellik voor die uitkering besit het.

- Derdens. Die sogenaamde deelnemingsvrystelling op dividende (waarna reeds hierbo verwys is) is van toepassing. Dit is die geval indien 'n inwonermaatskappy, tesame met enige ander maatskappy in dieselfde groep van maatskappye, ten minste 20% van die totale ekwiteitsaandelekapitaal en stemreg hou in die maatskappy wat die buitelandse dividend verklaar aan daardie aandeelhouer. Sekere beperkings geld (art. 10(1)(k)(ii)(dd)). Aandeelhouders sal dus nie gepenaliseer word wanneer dividende in die land ingebring word nie (Departement Finansies, 2003:50).

Die *tweede voorwaarde* waaraan voldoen moet word, is dat die verkrygde maatskappy ná die verkryging 'n BBM met betrekking tot die inwoner of 'n ander verbonde inwoner moet wees. Die bepaling van artikel 9D(2) (kyk 2.3.2) vereis dat die netto inkomste van die BBM, soos bereken ingevolge die Wet, by die inkomste van die verkryger ingesluit moet word in verhouding tot die inwoner se deelnemende regte in die BBM. Dividendvrystelling, onderhewig aan sekere beperkings, geld vir die inwoner in die mate wat die inkomste waaruit die dividend verklaar is, reeds by die inwoner se inkomste ingesluit is of ingesluit gaan word en wat verband hou met die netto inkomste van die BBM (art. 10(1)(k)(ii)(cc)). Indien die BBM 'n besigheidsaak het, word die *bona fide*-inkomste wat die besigheidsaak verdien, nie ingesluit by die netto inkomste van die BBM nie (art. 9D(9)(b)). Indien die BBM later 'n dividend uit daardie vrygestelde inkomste verklaar, word die inwoner op die dividend belas, tensy dit kwalifiseer vir belastingvrystelling ingevolge artikel 10(1)(k)(ii).

Die *derde* en *vierde* voorwaardes stel die uitsluiting van die valutaverskil uit die inkomste van die inwonermaatskappy onderhewig aan die hantering ingevolge IFRS en AARP. Indien die valutaverskil uitgesluit is uit die inkomstestaat van die inwonermaatskappy of uit die gekonsolideerde inkomstestaat van die maatskappygroep, word dit vir belastingdoeleindes ook buite rekening gelaat. Die verwysing word vervolgens vollediger ondersoek.

Die Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2006 (Departement Finansies, 2006:74) wys uitdruklik daarop dat die omvattende merk-tot-mark-regime wat in artikel 24I aangebied word vir buitelandse wisselkoersverskille, hoofsaaklik ontwerp is om finansiële rekeningkunde na te volg. Die byvoeging van subartikel (11A) is juis gedoen vanweë onlangse wysigings in IFRS ten opsigte van wisselkoersverskansing vir die verkryging van aandele en sodat die belastinggevolge van sulke transaksies in lyn moet kom met die nie-erkenning van wisselkoersverskille ingevolge IFRS. Die uitdruklike navolging van IFRS (of AARP ingevolge die 2007-wysiging: Departement Finansies, 2007a:27) blyk voorts uit die kwalifisering dat die vrystelling slegs geld vir sover die maatskappy *kies* om die spesifieke metode te volg ingevolge die *keuse* wat IFRS toelaat. Paragraaf 20 van die Agtste Bylae is dienoreenkomstig gewysig sodat waar bogenoemde vrystelling benut is, die onkoste aangegaan om die bate te verkry, verminder word met die wisselkoerswinsbedrag of die premie ontvang, of vermeerder word met die wisselkoersverliesbedrag of premie betaal. Met vervreemding kanselleer die

valutaverskille op die valuta-item daardie wat oor die tydperk van houding ingesluit word in die kapitaalwins of -verlies. Belastingeweredigheid word dus verkry.

Die bepaling in subartikel (11A) geld ten opsigte van die dekking van die *verkryging* van die ekwiteitsaandele van 'n maatskappy. Die kapitaaluitleg om die belegging te bekom, word teen wisselkoersskommeling deur middel van 'n dekkingsinstrument beskerm. Die belastinghantering moet ooreenkom met die hantering in die finansiële jaarstate ingevolge IFRS. Presies wat met die verwysing na IFRS bedoel word, moet aan die hand van die soort transaksie bepaal word. Die verklarende memorandum van 2006 verwys na die "*elective nature of the financial statement rules*". Drie moontlike rekeningkundige hanteringswyses tree na vore. 'n Eerste moontlikheid is dat hier verwys word na die keuse wat 'n maatskappy het om skansrekeningkunde (kyk 2.5) toe te pas in die rekeningkundige verantwoording van die verskansingsinstrument (IAS 39.71). Indien al die rekeningkundige vereistes nagekom is, sal die maatskappy die verkryging as 'n kontantvloeskans verantwoord en die wins of verlies op die valuta-item via ander omvattende inkomste in ekwiteit erken. Indien 'n maatskappy nie aan die skanskriteria voldoen nie, word skansrekeningkunde nie toegepas nie. Enige valutawins of -verlies op 'n verskansingsinstrument word dadelik in die inkomstestaat erken. Hierdie is waarskynlik nie die keuse waarna in die verklarende memorandum verwys word nie, aangesien dit, as die basiese keuse om skansrekeningkunde toe te pas, te algemeen in die konteks van die subartikel is.

'n Tweede moontlike rekeningkundige hantering waarna verwys word in subartikel (11A) is die verskansing van 'n netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid ingevolge IAS 39.102 (kyk 2.5). 'n Maatskappy kan sowel 'n afgeleide instrument as 'n aangewese nie-afgeleide finansiële las soos 'n buitelandse lening gebruik vir die verskansing van die buitelandse valutarisiko waaraan die belegging blootgestel is. Indien 'n maatskappy nie skansrekeningkunde toepas nie, is die rekeningkundige hantering soos volg. Die buitelandse valutawins of -verlies op die omskakeling van die resultate van die buitelandse bedrywigheid word in ekwiteit erken. Die valutaverskille op die verskansingsinstrument word egter in wins of verlies erken (vgl. die eerste moontlikheid hierbo). Indien die maatskappy skansrekeningkunde toepas, word die valutaverskille op die verskansingsinstrument in ekwiteit erken soos by 'n kontantvloeskans. In hierdie geval beïnvloed die valutaverskille nie wins of verlies nie. Die probleem met hierdie moontlikheid



is dat subartikel (11A) nie na die verskansing van die belegging en die hermeting daarvan op latere omrekeningsdatums verwys nie, maar slegs na die dekking van die verkryging van die belegging. Die metode is slegs beskikbaar by gekonsolideerde groepstate.

‘n Derde moontlike oplossing vir die verwysing na IFRS kan gesoek word in ‘n verklaring van die woorde “*elective nature of the financial statement rules*” en “*currency hedges for the acquisition of shares*” in die verklarende memorandum van 2006. Die dekking van valuta vir die verkryging van aandele verwys na die dekking teen wisselkoersskommeling wanneer ‘n aandeelaankooptransaksie aangegaan word. In IAS 39.87 word ‘n maatskappy die keuse gegee om die buitelandse valutarisiko van ‘n *vaste verbintenis* óf met ‘n billikewaarde-skans óf met ‘n kontantvloeskans te verskans. Die verkryger gaan ‘n vaste verbintenis aan om die aandele te verkry teen ‘n prys en op ‘n datum waarop ooreengekom is met die verkoper. Die billikewaardeskansmetode erken valutaverskille op die verskansingsinstrument met hermeting na billike waarde dadelik in wins of verlies. In navolging hiervan sal dit ook vir belastingdoeleindes by die verkryger se inkomste in berekening kom. Die kontantvloeskansmetode erken dieselfde valutaverskille op die verskansingsinstrument via ander omvattende inkomste in ekwiteit en dit beïnvloed nie wins of verlies nie. Vir belastingdoeleindes sal subartikel (11A) dan geld in navolging van IFRS. Die probleem met hierdie moontlike hantering is dat IFRS vereis dat die bedrag wat in ekwiteit erken is, na wins of verlies geherklassifiseer moet word soos wat die finansiële bate, die aandeelbelegging, wins of verlies beïnvloed. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer die netto inkomste van die beheerde buitelandse maatskappy in die inkomste van die inwoner erken word (art. 9D(2)). Die bedrag uitgestel na ekwiteit word dus nie teen die finansiële bate aangesuiwer soos wat die implikasie in paragraaf 20(4) is nie. Die rede vir die aansuiwering teen die basiskoste van die belegging is waarskynlik om belastingeweredigheid te bereik met vervreemding van die bate (vgl. hierbo). Hierdie toepassing van die rekeningkundige beginsels vir die verkryging van die ekwiteitsaandele van ‘n buitelandse maatskappy blyk die waarskynlikste verklaring vir die verwysing na IFRS in subartikel (11A) te wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat subartikel (11A) na die verskansing van die verkryging van die aandeelbelegging self verwys en nie na die verskansing van ‘n buitelandse lening om die aankoop van die aandele te finansier nie. ‘n Verskansing van ‘n lening word gereguleer deur subartikel (11). Al is dit nie heeltemal duidelik wat subartikel (11A) bedoel

met die verwysing na IFRS nie, het al drie bogenoemde moontlikhede dit gemeen dat kontantvloeskansrekeningkunde toegepas word en dat die valutaverskille op die dekkingsinstrumente na ekwiteit uitgestel word. In die tydperk wanneer daardie uitgestelde wins of verlies na die inkomstestaat geherklassifiseer word, word die valutaverskille nie vir doeleindes van belasting by die inkomste van die inwoner in berekening gebring nie. 'n Permanente verskil tussen rekeningkunde en belasting ontstaan gevolglik. Uit die bewoording van die artikel word afgelei dat die oneffektiewe gedeelte van die skans wat na wins of verlies gaan wel vir belastingdoeleindes in berekening kom in dieselfde tydperk.

Die bepaling verwys laastens na 'n situasie waar een maatskappy in 'n groep van maatskappye die verkryging van buitelandse ekwiteitsaandele deur 'n ander maatskappy in die groep verskans. Die valutaverskille op die dekking mag van inkomste uitgesluit word slegs as die bedrag van die valutaverskil nie ingesluit is by die gekonsolideerde finansiële state van daardie groep nie. In die individuele finansiële state van die maatskappy wat die dekking aangegaan het, sal die valutaverskille wel in berekening kom (SAICA, 2007a:1).

#### **2.4 PARAGRAAF 43 - BATES OOR BESKIK OF VERKRY IN 'N BUITELANDSE GELDEENHEID**

Paragraaf 43 van die Agtste Bylae met die aangeduide titel bevat omskakelingsreëls om die kapitaalwins of -verlies vas te stel van alle buitelandse bates waarvoor beskik is, behalwe buitelandse valuta self wat nie binne die omskrywing van "bate" val nie (par. 1) (Departement Finansies, 2001a:80-81). Die bepaling reguleer wanneer enige kapitaalwins of -verlies wat uit die beskikking oor 'n buitelandse bate ontstaan, die valutaverskil tussen die rand en die buitelandse geldeenheid vanaf die verkryging van die bate tot met die beskikking oor die bate, moet insluit of nie. Aanvanklik het die omskakelingsreëls bepaal dat die buitelandse geldeenheid na die geldeenheid van die Republiek teen die heersende wisselkoers (volgens die betekenis in artikel 24I) op die datum van beskikking omgeskakel moet word, dit wil sê die kontantkoers op daardie datum. 'n Latere wysiging het die omskakelingskoers na die gemiddelde wisselkoers (soos omskryf in art. 1) vir die betrokke jaar van aanslag verander. In 2007 is die omrekeningskoers nogmaals gewysig na die huidige vorm van artikel 25D waarvolgens óf die gemiddelde wisselkoers vir die jaar van aanslag óf die kontantkoers op die datum van beskikking gebruik word. Die wisselkoers wat gebruik word, hang af van wie die inwoner is op wie die bepalings van artikel 25D van

toepassing is. Benewens die voorgeskrewe omskakelingskoers van toepassing op die verskillende komponente van kapitaalwinsberekening, identifiseer die bepalings die tipes verkrygings en beskikkings in buitelandse valuta van buitelandse kapitaalbates. Dit bepaal vir elk hoe en wanneer die berekening van kapitaalwins of -verlies en die omskakeling na rand moet geskied. Die bespreking lig ook die wisselwerking uit tussen paragraaf 43 en die inagnome van valutaverskille ingevolge artikel 24I.

By die toepassing van paragraaf 43 word twee begrippe in subparagraaf (7) omskryf. *Buitelandse geldeenheid* is enige ander geldeenheid as die plaaslike geldeenheid. *Plaaslike geldeenheid* ten opsigte van 'n permanente saak (soos omskryf in art. 1) van 'n inwonermaatskappy, is die geldeenheid wat die permanente saak gebruik vir finansiële verslagdoening (behalwe van 'n land wat in 'n gemeenskaplike monetêre gebied geleë is, byvoorbeeld, 'n permanente saak in Duitsland se plaaslike geldeenheid is die euro). In alle ander gevalle is die plaaslike geldeenheid die rand. Met betrekking tot die toepassing van paragraaf 43 by die vasstelling van die netto inkomste van 'n BBM, beteken plaaslike geldeenheid van 'n BBM (maar nie t.o.v. die permanente saak van die BBM nie) die geldeenheid wat die BBM gebruik vir doeleindes van finansiële verslagdoening (art. 9D(2A)(k)). Die bedoeling hiermee is om vas te stel of 'n BBM 'n bate in 'n buitelandse geldeenheid vervreem het (Olivier & Honiball, 2005:371). Die begrip *plaaslike geldeenheid* word net in subparagraaf (2) gebruik, maar waarskynlik geïmpliseer in subparagraaf (1).

#### **2.4.1 Paragraaf 43(1) - bates wat in dieselfde buitelandse geldeenheid verkry en oor beskik is**

Paragraaf 43(1) hanteer die geval waar beide die basiskoste en opbrengs van 'n bate waaroor beskik is in dieselfde (buitelandse) geldeenheid anders as rand aangedui word. Die kapitaalwins of -verlies word in daardie geldeenheid bepaal en dan na rand omgeskakel. Twee situasies is moontlik. *Eensyds* kan die inwonermaatskappy direk 'n kapitaalbate in buitelandse valuta besit en met beskikking word die kapitaalwins of -verlies teen die *kontant-* of *sigkoers* op datum van beskikking na rand omgeskakel ingevolge artikel 25D(1) (par. 43 verwys nou direk na die onderliggende reël van art. 25D ter wille van duidelikheid (Departement Finansies, 2007b:77)). *Andersyds* kan 'n bate indirek deur middel van 'n permanente saak bekom en oor beskik word in 'n buitelandse geldeenheid anders as die geldeenheid van die Republiek en waar die permanente saak finansiëel

verslag doen in 'n geldeenheid wat verskil van die inwonermaatskappy (Departement Finansies, 2006:83). Die permanente saak kan die bate verkry en oor beskik in óf sy eie (buitelandse) plaaslike geldeenheid óf in 'n buitelandse geldeenheid anders as die plaaslike geldeenheid van die permanente saak. Beide voldoen aan die bewoording van die bepaling wat lui “geldeenheid anders as die geldeenheid van die Republiek”.

Ingevolge die 2007-wetswysiging word die kapitaalwins of -verlies vasgestel in die (buitelandse) plaaslike geldeenheid van die permanente saak en omgeskakel na die geldeenheid van die Republiek teen die *gemiddelde wisselkoers* vir die jaar van aanslag waarin oor die kapitaalbate beskik is. Paragraaf 43(1) verwys nie na plaaslike geldeenheid nie. Die interpretasie dat 'n permanente saak hiermee bedoel word, berus op die onderliggende reël in artikel 25D(2) dat die ontvangste, toevalling en onkoste van 'n permanente saak teen die gemiddelde wisselkoers na rand omgeskakel word (behalwe die keuse in art. 25D(3) vir 'n natuurlike persoon en 'n niehandeldrywende trust). Wat 'n BBM betref, bepaal artikel 9D(6) dat die netto inkomste van 'n BBM teen die gemiddelde wisselkoers na rand omgeskakel moet word. 'n BBM se netto inkomste word bereken asof dit 'n inwoner is (art. 9D(2A)). 'n BBM wat 'n bate in sy eie geldeenheid verkry en vervreem, moet soortgelyk aan 'n inwoner hanteer word. Die kapitaalwins of -verlies word in die buitelandse geldeenheid van die BBM bepaal en teen die gemiddelde wisselkoers na rand omgeskakel as deel van die netto inkomste van die BBM.

Daar word aan die hand gedoen dat die beginsel in subparagraaf (1) ook geld wanneer 'n permanente saak of 'n BBM in 'n ander buitelandse geldeenheid as die geldeenheid van verslagdoening 'n bate koop en verkoop. Die kapitaalwins of -verlies word eerstens in daardie tweede buitelandse geldeenheid bepaal, dan omgeskakel na die plaaslike geldeenheid van die permanente saak of BBM teen die gemiddelde wisselkoers ten opsigte van daardie twee buitelandse geldeenhede. Die wins of verlies wat in die plaaslike geldeenheid aangedui is, word na rand omgeskakel teen die gemiddelde wisselkoers vir die betrokke jaar van aanslag. By 'n BBM word daardie wins of verlies by die netto inkomste van die BBM ingesluit. Die huidige bewoording van paragraaf 43(1) impliseer dat die wins of verlies in die tweede buitelandse geldeenheid direk na rand omgeskakel word, terwyl dit vroeër geles het dat die “persoon die kapitaalwins of kapitaalverlies by die beskikking (moet) vasstel in daardie geldeenheid (*i.e., die tweede geldeenheid*) en daardie

kapitaalwins of kapitaalverlies moet ingevolge die bepalings van artikel 25D omgeskakel word” (my invoegings en kursiverings).

Die uitwerking van subparagraaf (1) is dat enige valutaverskille oor die tydperk van eiendomsreg van daardie bate geïgnoreer word. Slegs die kapitaalwins of -verlies soos bereken in die buitelandse valuta word omgeskakel na rand in die jaar van beskikking. Dit geld ook vir die kapitaalwins of -verlies uit die beskikking oor ‘n bate wat aan ‘n permanente saak of BBM toeskryfbaar is en wat in ‘n ander geldeenheid as die plaaslike geldeenheid bekom en verkoop is.

Waar ‘n buitelandse valutaverpligting aangegaan is om die bate te finansier, moet vasgestel word of enige van die uitsonderings in artikel 24I(11) op die bate van toepassing is (kyk 2.3.7). Die enigste moontlikhede is buitelandse ekwiteitsinstrumente en artikel 9(2)-bates wat in paragraaf 43(4) gereguleer word. Omdat subparagraaf (1) hieraan onderworpe is, is die gevolgtrekking dat artikel 24I nie van toepassing kan wees wanneer ‘n inwoner of permanente saak enige ander bate in ‘n buitelandse geldeenheid verkry nie. Waar ‘n inwonermaatskappy byvoorbeeld direk ‘n bate in die buiteland bekom het waarop met vervreemding ‘n kapitaalwins gerealiseer is en belasting daarop aan die betrokke buitelandse owerheid betaal is, geld die bepaling van paragraaf 43(1). Artikel 9(2)(b)(i)(bb) bepaal dat so ‘n bate nie geag word om van ‘n Suid-Afrikaanse bron te wees nie. Indien dit wel geag word om van ‘n Suid-Afrikaanse bron te wees, geld paragraaf 43(4). Subparagraaf (1) het voorrang bo subparagraaf (2) wat ook van toepassing is op ‘n permanente saak (Departement Finansies, 2006:83).

Die bewoording van subparagraaf (1) “in ‘n geldeenheid anders as die geldeenheid van die Republiek”, skep ‘n teenstrydigheid by die toepassing van artikel 24I(11) waar die onkoste in die (buitelandse) plaaslike geldeenheid van ‘n permanente saak self aangedui word. Artikel 24I(11)(a)(ii) bepaal dat waar die onkoste van ‘n bate in die plaaslike geldeenheid aangedui word, artikel 24I van toepassing is op die buitelandse lening wat die bate finansier. Subparagraaf (1) sluit egter enige valutawins of -verlies oor die tydperk van houding uit van die kapitaalwins of -verlies by die beskikking oor ‘n bate waar ‘n permanente saak ‘n bate verkry en verkoop in sy plaaslike geldeenheid, want dit is ‘n geldeenheid anders as rand. Die oogmerk van eweredige belastinghantering (kyk 2.3.7) word dus nie bereik nie. Indien die bewoording van subparagraaf (1) lui “geldeenheid

*anders as die plaaslike geldeenheid*", is daar nie belastingoneweredigheid nie. Die bedoeling met subparagraaf (1) is egter waarskynlik wel so dat geen valutaverskil oor die tydperk van houding van die bate van 'n permanente saak ingesluit moet word nie. Die rede word gevind in artikel 9(2)(b) wat 'n bate van 'n permanente saak doelbewus uitsluit van die werking van paragraaf 43(4).

Paragraaf 43(1) is ondergeskik aan paragraaf 43(4) (kyk 2.4.3) en op grond daarvan kan die bates aangetoon word waarop dit van toepassing is. Wanneer 'n inwonermaatskappy direk 'n onroerende eiendom in die buiteland bekom, is subparagraaf (1) van toepassing. Dit kan ook van toepassing wees op roerende bates in die buiteland indien die buitelandse regeringsfeer nie die opbrengs uit die beskikking gaan belas nie (art. 9(2)(b)(i)). Laasgenoemde moontlikheid is onwaarskynlik, aangesien die OECD (art. 13) bepaal dat sodanige winste belas word in die staat waar die eienaar woonagtig is. In die geval van 'n buitelandse permanente saak of BBM van 'n inwoner, is subparagraaf (1) van toepassing op sowel onroerende as roerende eiendom wat deel vorm van die besigheidseiendom van die permanente saak.

Die effek van die wisselwerking van paragraaf 43(1) met artikel 24I kan by wyse van twee eenvoudige voorbeelde geïllustreer word.

#### Voorbeeld 1

'n Inwonermaatskappy het 'n onroerende eiendom in die buiteland in 2002 vir \$50 000 aangekoop en met 'n buitelandse lening van dieselfde bedrag gefinansier. Die wisselkoers op daardie datum was \$1 = R10. Die eiendom is in 2007 vir \$60 000 verkoop toe die kontantwisselkoers \$1 = R7 was. Die kapitaalwins met die beskikking oor die bate word in die buitelandse geldeenheid bereken en dan teen die kontantkoers op datum van verkoop na rand omgeskakel. Die kapitaalwins in dollar is \$10 000 en omgeskakel na rand teen R7 vir 'n dollar beloop dit R70 000. Hiervan word 50% by die belasbare inkomste van die inwonermaatskappy ingesluit. Paragraaf 43(1) sluit enige valutaverskil oor die tydperk van houding van die bate uit by die berekening van die kapitaalwins. Die vermeerdering van die rand teenoor die dollar met R3 word in geheel buite rekening gelaat. Wat die lening betref, bepaal artikel 24I(11) dat geen valutaverskille op enige valuta-item by inkomste in berekening kom wanneer 'n buitelandse valutaverpligting aangegaan is om 'n bate te bekom nie. Die onroerende

eiendom in die buiteland is nie een van die uitsonderings in artikel 24I(11)(a) nie en gevolglik word geen valutaverskil op die lening in ag geneem nie.

Dit is interessant om te sien wat die belastingeffek in dieselfde situasie sou wees sonder die bepalings van paragraaf 43(1) en artikel 24I(11). Wat die kapitaalwins of -verlies op die bate betref, sou die wisselkoers oor die tydperk van houding in ag geneem kon word. Die basiskoste sou R500 000 beloop het en die opbrengs R420 000 wat 'n kapitaalverlies van R80 000 beteken. Indien valutaverskille op die lening in ag geneem kon word en die volle lening van \$50 000 eers afgelos is op datum van verkoop van die bate, beteken dit 'n valutawins van R150 000 ( $[\$50\ 000 \times R10] - [\$50\ 000 \times R7]$ ) wat by inkomste in berekening kom in daardie jaar. Die kapitaalverlies van R80 000 word na 'n volgende jaar van aanslag oorgedra of teen ander buitelandse kapitaalwinste verreken.

#### Voorbeeld 2

Dieselfde feite as in voorbeeld 1 word veronderstel, behalwe dat die rand oor die tydperk teenoor die dollar gedepresieer het (van R7 tot R10). Ingevolge paragraaf 43(1) word 'n kapitaalwins van R100 000 gerealiseer waarvan 50 persent by inkomste getel word. Om dieselfde rede as in voorbeeld 1, is geen verligting beskikbaar vir die valutaverlies van R150 000 op die lening van \$50 000 wat met vervreemding vir R500 000 afgelos word nie. As die valutaverskille oor die tydperk van houding van die eiendom wel in aanmerking kon kom, sou die kapitaalwins wat by belasbare inkomste ingesluit word R125 000 bedra. Dus, teenoor die huidige statutêre verpligting om belasting te betaal op die belasbare kapitaalwins op die eiendom van R50 000, is daar 'n netto verlies van R25 000 (R150 000 valutaverlies min R125 000 belasbare kapitaalwins) wat op grond van paragraaf 43(1) en artikel 24I(11) nie in ag geneem mag word by die vasstelling van belasbare inkomste nie. Uit slegs die twee voorbeelde blyk dit dat daar verskillende belastinggevolge moontlik is en dat die huidige belastingbepalings nie altyd tot voordeel van die belastingpligtige is nie.

#### **2.4.2 Paragraaf 43(2) - bates in verskillende geldeenhede verkry en oor beskik**

Paragraaf 43(2) handel oor die vervreemding van kapitaalbates anders as daardie in subparagraawe (1) of (4) bedoel. Die kapitaalbate kan dus nie 'n bate wees waarvan die

kapitaalwins of -verlies geag word om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees nie. Indien 'n bate kwalifiseer om ingevolge subparagraaf (1) hanteer te word, mag subparagraaf (2) nie toegepas word nie (Departement Finansies, 2006:83). Die beskikking oor die bate is in *enige geldeenheid* terwyl die onkoste in 'n *ander geldeenheid* aangegaan is. Dit is moontlik dat een van die twee geldeenhede die Suid-Afrikaanse rand kan wees. 'n Inwonermaatskappy kan byvoorbeeld 'n onroerende eiendom in Nederland koop en daarvoor betaal in rand (die plaaslike geldeenheid) en dit later verkoop in euro. Die omgekeerde is eweneens waar: dit is verkry in euro en aan 'n ander onverbonde Suid-Afrikaanse inwoner verkoop in rand. Die moontlikhede raak nog ingewikkelder as 'n permanente saak van 'n inwoner 'n bate aankoop in rand vir gebruik in die buiteland en dit later in sy eie buitelandse geldeenheid (die plaaslike geldeenheid) verkoop. In hierdie geval is die rand die "ander geldeenheid", al is dit die inwonermaatskappy se plaaslike geldeenheid. Daar moet dus deeglik mee rekening gehou word wie by die transaksie betrokke is en in watter geldeenhede die verkryging of vervreemding plaasvind. Die volgende is die drie basiese bepalings van paragraaf 43(2).

- *Eerstens* bepaal *paragraaf 43(2)(a)* dat waar die onkoste in die plaaslike geldeenheid (soos omskryf in subpar. (7)) aangegaan of aangetoon word, die opbrengs omgeskakel word na die plaaslike geldeenheid teen die gemiddelde wisselkoers tydens die jaar van beskikking. Die kapitaalwins of -verlies word daarop na rand omgeskakel teen die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar. Die bewoording van die 2007-wetswysiging tesame met die uitsluitings van subparagraawe (1) en (4) maak dit duidelik dat hierdie geval van toepassing is op 'n permanente saak van 'n maatskappy (buiten die gevalle in art. 25D(3)). Die bate wat in die plaaslike geldeenheid van die permanente saak verkry is, word verkoop in 'n ander buitelandse geldeenheid. Die opbrengs word na die permanente saak se plaaslike geldeenheid omgeskakel en die kapitaalwins wat ontstaan, word vervolgens na rand omgeskakel. Die subparagraaf is ook van toepassing op 'n BBM, aangesien artikel 9D(2A)(k) bepaal dat "plaaslike geldeenheid" by die toepassing van paragraaf 43 die geldeenheid is wat die BBM gebruik vir finansiële verslagdoening. Die wisselkoersverskille tussen die plaaslike geldeenheid en die ander geldeenheid oor die tydperk van houding van daardie bate, word in ag geneem. Wanneer een van die geldeenhede die Suid-Afrikaanse rand is, sluit die kapitaalwins of -verlies 'n element in van die valutaverskil wat bereken is op die verskil tussen die rand en die buitelandse geldeenheid. Wat betref enige verbandhoudende valuta-item, byvoorbeeld 'n buitelandse



lening wat die aankoop van die bate finansier, moet artikel 24I(11) oorweeg word. Die verkrygingsonkoste word aangedui in die plaaslike geldeenheid en gevolglik word die valutaverskil op 'n buitelandse lening waarmee die bate gefinansier is, in ag geneem by die berekening van inkomste (art. 24I(11)(a)(ii)).

- *Tweedens* bepaal *paragraaf 43(2)(b)* dat waar die opbrengs in die plaaslike geldeenheid is, word die onkoste wat in 'n ander buitelandse geldeenheid aangegaan is, omgeskakel na die plaaslike geldeenheid teen die gemiddelde wisselkoers vir die jaar waartydens dit aangegaan is. Onkoste wat in meer as een jaar aangegaan is, moet telkens teen die gemiddelde wisselkoers van daardie jaar omgeskakel word. Die kapitaalwins of -verlies so vasgestel in die plaaslike geldeenheid word na rand omgeskakel teen die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar. Ook in hierdie geval maak die direkte aanwending van artikel 25D(2) dit van toepassing op 'n indirekte verkryging van 'n maatskappy deur sy permanente saak in die buiteland (buiten die gevalle in art. 25D(3)), asook op 'n BBM. Die kapitaalwins of -verlies sluit die element in van die wisselkoersverskille oor die tydperk van eiendomsreg van daardie bate. Die verkryging is egter in 'n ander buitelandse valuta as die plaaslike geldeenheid en ingevolge artikel 24I(11) is die valutaverskille op sodanige buitelandse valutalening uitgesluit van die berekening van inkomste (vgl. ook Kleinans, 2004:26 en SAICA, 2004e:1). Dit blyk dat die “oneweredigheid vir belastingdoeleindes” (Departement Finansies, 2001b:27) in hierdie geval nie voorkom is nie en wel tot nadeel van die belastingpligtige.

- *Derdens* hanteer *paragraaf 43(2)(c)* die geval waar nóg die geldeenheid van beskikking nóg die geldeenheid van onkoste in die plaaslike geldeenheid is. Die toelaatbare onkoste word teen die gemiddelde koers vir die jaar van verkryging omgeskakel na die geldeenheid van beskikking (vgl. par. (20); sien die bespreking in Kleinans, 2004: 26-27 oor 'n teenstrydigheid in die omskakeling van kwalifiserende onkoste na rand ingevolge par. 25-27 teenoor par. 43(2)(c)). Die kapitaalwins of -verlies vasgestel in daardie buitelandse geldeenheid word teen die gemiddelde wisselkoers vir die jaar van beskikking na die plaaslike geldeenheid omgeskakel. Daarna word die kapitaalwins teen die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar van aanslag na rand omgeskakel of, ten opsigte van 'n BBM, by die netto inkomste ingesluit. Hierdie bepaling is dus ook van toepassing op 'n maatskappy se permanente saak in die buiteland en op 'n buitelandse BBM van 'n

inwoner (en die uitsonderings van art. 25D(3)). Die wisselkoersverskille tussen die twee buitelandse geldeenhede oor die tydperk van eiendomsreg word wel ingesluit in die kapitaalwins of -verlies, maar geen valutaverskille op buitelandse finansiering in die vorm van 'n lening word ingereken by inkomste nie. Die verbod van artikel 24I(11) verhoed nogmaals eweredige belastinghantering.

### **2.4.3 Paragraaf 43(4) - buitelandse ekwiteitsinstrumente en bates wat geag word om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees**

Paragraaf 43(4) handel oor die beskikking van *buitelandse ekwiteitsinstrumente* en *artikel 9(2)-bates* wat verkry of oor beskik is in 'n geldeenheid anders as die geldeenheid van die Republiek. Die subparagraaf is nie van toepassing op valuta-items waarop artikel 24I van toepassing is nie. 'n Buitelandse ekwiteitsinstrument val nie binne die omskrywing van 'n valuta-item in artikel 24I(1) nie (Kolitz, 2003:34; Montocchio, 2006:146). 'n Rentendraende sekuriteit wat 'n maatskappy in die buiteland hou, is nie 'n buitelandse ekwiteitsinstrument nie. Dit is wel 'n valuta-item waarop artikel 24I van toepassing is, byvoorbeeld 'n belegging in die vorm van 'n lening of 'n skuldbrief. Die bepaling van artikel 24I is egter nie van toepassing op die wins of verlies wat uit die vervreemding van 'n buitelandse ekwiteitsinstrument ontstaan nie. As kapitaalbate moet die kapitaalwins of -verlies vasgestel word ingevolge die bepaling van paragraaf 43(4). In 'n onlangse bindende privaatbeslissing (*BPR 003* in Departement Finansies, 2007c:1-4) word hierdie benadering en berekeningswyse van kapitaalwins wat in 'n BBM ontstaan, bevestig. Die kapitaalwins of -verlies met die beskikking oor 'n indirekte aandeelhouding (gehou deur 'n BBM van 'n inwoner) in 'n maatskappy wat in die buiteland genoteer is, word bereken deur die opbrengs en onkoste in die buitelandse geldeenheid aangegaan na rand om te skakel ingevolge paragraaf 43(4), gelees met art. 9D en art. 25. Die kapitaalwins word ingesluit in die netto inkomste van die BBM en vorm so deel van die inkomste van die inwonermaatskappy.

Paragraaf 43(4) geld ook ten opsigte van bates waarvan die kapitaalwins of -verlies uit die beskikking oor die bates geag word om van 'n bron in die Republiek te wees (art. 9(2) (kyk 2.3.7 hierbo). Die bates van 'n inwonermaatskappy, buiten onroerende eiendom in die buiteland geleë, en buitelandse ekwiteitsinstrumente wat aan 'n buitelandse permanente saak behoort, moet met beskikking ingevolge paragraaf (43)4 hanteer word.

Die kapitaalwins of -verlies word bereken deur eerstens die opbrengs na rand om te skakel teen óf die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar van aanslag óf die kontantkoers op die datum van vervreemding. Die onkoste wat aangegaan is, word na rand omgeskakel teen óf die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar van aanslag óf die kontantkoers. Ná hierdie omskakeling word die kapitaalwins of -verlies in rand bereken.

### Voorbeeld

'n Maatskappy het 'n buitelandse ekwiteitsinstrument as kapitaalbate direk vir \$200 verkry toe die kontantkoers \$1 = R7 was. 'n Aantal jare later is dit vir \$230 verkoop toe die kontantkoers \$1 = R6.50. Die onkoste in die jaar van verkryging is R1 400 en die opbrengs in die jaar van beskikking is R1 495. Die kapitaalwins van R95 bestaan uit 'n toename in die waarde van die instrument van R195 ( $\$30 \times R6.50$ ), verminder met 'n wisselkoersverlies van R100 ( $\$200 \times (R7 - R6.50)$ ). Die wisselkoersverlies is weens die appresiasie van die rand teenoor die dollar oor die tydperk vanaf die aanvanklike belegging tot met die vervreemding daarvan. Die valutaverskille tussen die rand en die buitelandse geldeenheid oor die tydperk van houding word dus ingesluit by die kapitaalwins of -verlies.

Hierdie benadering tot 'n buitelandse ekwiteitsinstrument waarvoor beskik word, geld ongeag of die opbrengs in dieselfde buitelandse geldeenheid belê of in ander buitelandse ekwiteitsinstrument herbelê word (SAICA, 2002:1-2). Die rede waarom buitelandse ekwiteitsinstrumente anders hanteer word as bates wat onder die bepaling van paragraaf 43(1) en (2) val, is dat die valutawins oor die tydperk van houding sonder hierdie bepaling nie binne die Republiek belas word nie. Met ander woorde, die gevolge van kapitaalwinsbelasting op die appresiasie of depresiasie van die rand word dan nie deur die belastingnet in Suid-Afrika opgevang nie. Sodoende word fondse uit Suid-Afrika geneem wat tot nadeel is van die kapitaalrekening en die waarde van die rand. Daarby moedig dit beleggers aan om prima-aandele in Suid-Afrikaanse maatskappye eerder op buitelandse beurse te koop (Departement Finansies, 2001b:47). Die belasting van die valutawinste kan vermy word as beleggers eerder binnelands belê. Die subparagraaf kan gesien word as 'n beskermingsmeganisme van die binnelandse mark. Die belasting van valutawinste op die houding van buitelandse ekwiteitsinstrumente is egter net moontlik as die rand teenoor die betrokke buitelandse geldeenheid depreseer.

Dieselfde beginsels geld vir die berekening van die kapitaalwins of -verlies wat ontstaan uit die vervreemding van 'n bate ingevolge artikel 9(2). Die beskikking oor paragraaf 43(4)-bates sluit altyd 'n valutaverskil in, selfs al is dit in dieselfde buitelandse geldeenheid gekoop en vervreem. In hierdie opsig verskil dit van ander bates waar die kapitaalwins of -verlies in 'n buitelandse geldeenheid bepaal word en dan na rand omgeskakel word (Huxham & Haupt, 2008:785).

Die valutaverskille op 'n buitelandse lening wat die verkryging van 'n buitelandse ekwiteitsinstrument of 'n artikel 9(2)-bate finansier, word ingevolge artikel 24I(11)(a)(iii) ingereken by die vasstelling van belasbare inkomste en "belastingeweredigheid" word sodoende gedeeltelik bereik. Andersom gestel, wanneer artikel 24I(11) van toepassing is, kan die bepalinge van paragraaf 43(4) nie van toepassing wees nie. Dit beteken dat 'n bate wat nie een van die uitsonderings op die verbod van subartikel (11) is nie, nie 'n bate kan wees waarop paragraaf 43(4) van toepassing is nie. Vanweë die aanduiding watter bates in paragraaf 43(4) bedoel word, behoort daar vanaf verkryging van so 'n bate duidelikheid te wees oor die korrekte toepassing van artikel 24I(11). Waar 'n permanente saak van 'n inwonermaatskappy byvoorbeeld 'n buitelandse ekwiteitsinstrument verkry, val dit binne die omvang van paragraaf 43(4)(a) en artikel 24I(11)(a)(iii). Artikel 9(2)(b) ag egter nie die kapitaalwins uit die beskikking van enige ander bate wat aan 'n permanente saak in die buiteland behoort om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees nie. Paragraaf 43(4) is in daardie geval nie van toepassing nie en die beskikking moet ingevolge een van die ander bepalinge van paragraaf 43 hanteer word. 'n Permanente saak in die buiteland van 'n inwoner kan dus nie 'n bate verkry wat ingevolge die bepalinge van artikel 9(2)(b), paragraaf 43(4)(b) en artikel 24I(11)(a)(iii) hanteer word nie. So 'n hantering is slegs moontlik indien dit nie aan die betrokke buitelandse owerheid belasting op die kapitaalwins betaal nie wat, in die lig van artikel 13 van die model-dubbelbelastingooreenkoms van die OECD, onwaarskynlik is.

Met betrekking tot die beskikking oor 'n bate soos beoog in paragraaf 43(4) van 'n BBM (maar nie 'n bate wat aan 'n permanente saak in die buiteland van daardie BBM toeskryfbaar is nie), bepaal artikel 9D(6) *provisio (a)* dat die kapitaalwins of -verlies in rand vasgestel moet word. Dit beteken dat die valutaverskil in rand oor die tydperk van houding in ag geneem word. Die vasgestelde kapitaalwins of -verlies word vervolgens teen die gemiddelde wisselkoers omgerekend na die buitelandse geldeenheid wat die BBM gebruik.

Die terugomrekening van die kapitaalwins na die buitelandse geldeenheid van die BBM maak dit moontlik dat enige kwalifiserende verliese van die BBM daarteen verreken kan word (Olivier & Honiball, 2005:223). Die berekeningswyse bevestig dat 'n BBM as 'n inwoner beskou word en dat die Agtste Bylae van toepassing is wanneer oor 'n bate van 'n BBM beskik word. 'n Inwonermaatskappy kan dus nie buitelandse ekwiteitsinstrumente deur sy BBM bekom en oor beskik en nie onderhewig wees aan die gevolge wat valutaverskille in randwaardes op kapitaalwins het nie. Dieselfde benadering geld vir 'n onroerende eiendom in Suid-Afrika wat die BBM in sy buitelandse geldeenheid verkry en oor beskik het (par. 43(4)(b)). Hierdie uitwerking van paragraaf 43(4) geld ook wanneer 'n inwonermaatskappy 'n buitelandse ekwiteitsinstrument of 'n artikel 9(2)-bate vervreem en waar 'n permanente saak 'n buitelandse ekwiteitsinstrument vervreem. Die volgende voorbeeld illustreer die effek van paragraaf 43(4) ten opsigte van 'n BBM. (Die bepalinge van paragraaf 64B word buite rekening gelaat.)

#### Voorbeeld

'n BBM verkry 'n buitelandse ekwiteitsinstrument as kapitaalbate vir £100 toe £1 = R14 en die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar £1 = R13.80 was. In 'n latere jaar van aanslag vervreem dit die instrument vir £120 toe £1 = R15 en die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar £1 = R14.50 was. Sonder die bepalinge van paragraaf 43(4) realiseer die BBM 'n kapitaalwins van £20 waarvan 50% by die netto inkomste van die inwoner ingesluit word wat teen die gemiddelde wisselkoers R145 beloop. Die bepalinge van paragraaf 43(4) gelees met artikel 9D(6)(a) het egter die volgende uitwerking. Die onkoste word omgeskakel na rand teen die kontantkoers op daardie datum en beloop R1 400. Die rede waarom dit teen die kontantkoers geskied, is omdat 'n BBM beskou word as 'n inwonermaatskappy en die kontantkoers is op maatskappye van toepassing kragtens artikel 25D(1). Daar is geen aanduiding in artikel 9D(6) dat dit teen die gemiddelde wisselkoers omgeskakel moet word nie. Die opbrengs word soortgelyk bereken en bedra R1 800. Die kapitaalwins van R400, wat die valutaverskil oor die tydperk van houding insluit, word teen die gemiddelde wisselkoers omgeskakel na sterling en bedra £27.59 (benaderd). Ingesluit in die netto inkomste van die BBM is 50% van die kapitaalwins wat, teen die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar van aanslag, R200 beloop. Die effek van paragraaf 43(4) is dat 'n bykomstige R50 belas word wat volledig aan die valutawins toeskryfbaar is ( $\{[1,500 - 1,400] / 14.5\} / 2 \times 14.5$ ). Indien die BBM die bate verkry het by wyse van 'n lening in sterling, word enige

valutaverskille op die valuta-item ingevolge artikel 9D(6)(c) in rand bereken teen die kontantkoerse ingevolge die bepalinge van artikel 24I (vgl. Huxham & Haupt, 2006:292). Die berekende valutaverskil word na sterling teen die gemiddelde wisselkoerse omgeskakel en ingereken in die netto inkomste van die BBM. Op hierdie wyse word belastingeweredigheid gedeeltelik bereik.

#### **2.4.4 Die wisselwerking tussen artikel 24I en paragraaf 43**

Die wisselwerking tussen artikel 24I en paragraaf 43 moet verstaan word deur die volgende drie aspekte in gedagte te hou: watter persoon betrokke is by 'n buitelandse valuta-item en bate waaroor beskik word, watter soort bate verkry of oor beskik is in 'n buitelandse geldeenheid en in watter geldeenheid sodanige valuta-item en bate aangedui is. Artikel 24I geld ten opsigte van alle valuta-items van 'n maatskappy, ongeag of daar 'n verandering in eienaarskap van die onderliggende bate plaasgevind het (Olivier & Honiball, 2005:217). Paragraaf 43 geld vir die vasstelling van kapitaalwins of -verlies ten opsigte van 'n bate oor beskik of verkry in 'n buitelandse geldeenheid, en of 'n valutaverskil hierby ingesluit word (dit is nie self 'n valuta-item nie). Die bate moet oor beskik (vervreem) word voordat paragraaf 43 in werking tree. Gedagtig aan die persone, bates en geldeenhede betrokke, sluit die wisselwerking tussen artikel 24I en paragraaf 43 die volgende in:

- Onroerende eiendom in die buiteland geleë van 'n inwoner. Verkry en oor beskik in dieselfde buitelandse geldeenheid. Valutaverskille met die rand oor die tydperk van houding word nie ingesluit in die kapitaalwins of -verlies (par. 43(1)) nie. Artikel 24I is nie van toepassing op 'n verbandhoudende valuta-item soos 'n buitelandse lening indien die onkoste in dieselfde buitelandse valuta aangedui is nie (art. 24I(11)).
- Onroerende en roerende eiendom in die buiteland geleë van 'n buitelandse permanente saak of BBM van 'n inwoner. Verkry en oor beskik in die plaaslike geldeenheid van die permanente saak of BBM. Valutaverskille met die rand oor die tydperk van houding is nie ingesluit in die kapitaalwins of -verlies nie (par. 43(1)). Artikel 24I is van toepassing op 'n verbandhoudende valuta-item (voldoen aan uitsondering in art. 24I(11)(a)(ii)).

- Onroerende eiendom in die buiteland geleë van 'n inwoner, en onroerende en roerende eiendom in buiteland geleë van 'n buitelandse permanente saak of 'n BBM van 'n inwoner. Verkry en oor beskik in verskillende geldeenhede waarvan een die plaaslike geldeenheid is. Valutaverskille tussen die twee geldeenhede oor die tydperk van houding word ingesluit in die kapitaalwins of -verlies (par. 43(2)(a) en (b)). Artikel 24I is van toepassing op 'n verbandhoudende valuta-item *slegs* wanneer die onkoste ten opsigte van die bate in die plaaslike geldeenheid aangedui is (art. 24I(11)(a)(ii)).
- Onroerende eiendom in die buiteland geleë van 'n inwoner, en onroerende en roerende eiendom in buiteland geleë van 'n buitelandse permanente saak of BBM van 'n inwoner. Verkry en oor beskik in verskillende geldeenhede waarvan nie een die plaaslike geldeenheid is nie. Valutaverskille tussen die twee buitelandse geldeenhede oor die tydperk van houding word ingesluit in die kapitaalwins of -verlies (par. 43(2)(c)). Artikel 24I is nie van toepassing op 'n verbandhoudende buitelandse valuta-item nie (die bate voldoen aan geeneen van die uitsonderings in art. 24I(11) nie).
- Buitelandse ekwiteitsinstrumente en artikel 9(2)-bates van 'n inwoner of 'n BBM van 'n inwoner, en buitelandse ekwiteitsinstrumente van 'n buitelandse permanente saak van 'n inwoner. Verkry en oor beskik in enige buitelandse geldeenheid anders as die rand. Valutaverskille met die rand oor die tydperk van houding word ingesluit in die kapitaalwins of -verlies (par. 43(4)). Artikel 24I is van toepassing op 'n verbandhoudende valuta-item (art. 24I(11)(a)(iii)).

Ten slotte, al handel paragraaf 43 oor die vervreemding van bates wat in buitelandse valuta aangedui is, beïnvloed dit nietemin die toepassing van artikel 24I en meer spesifiek van subartikel (11). Eweneens veroorsaak die toepaslikheid van artikel 24I(11) dat die bepaling van artikel 24I nie meer geld vir 'n maatskappy se buitelandse valutatransaksies nie en dat paragraaf 43, indien bates ter sake is, van toepassing is (Oberholzer & Wilcocks, 2004:152). 'n Maatskappy moet dus die bepaling van die paragraaf in ag neem met die aangaan van 'n buitelandse valutaverpligting wat die bate finansier, aangesien dit die kapitale keersy is van die wins- of verliesbepaling van artikels 24I(3) en (11).

## 2.5 'N BEKNOPTE OORSIG OOR DIE REKENINGKUNDIGE VERANTWOORDING VAN BUITELANDSE VALUTATRANSAKSIES IN SUID-AFRIKA

In hoofstuk 1 is kortliks verwys na die invoer en vestiging van die rekeningkundige standaard oor buitelandse valutatransaksies in Suid-Afrika. Vervolgens word die standaard IAS 21 *Die uitwerking van veranderinge in wisselkoerse* selektief-oorsigtelik bespreek. 'n Grondige bespreking van die standaard, en veral die standaard wat handel oor die verskansing van buitelandse valutatransaksies soos vervat in IAS 39 *Finansiële instrumente: erkenning en meting*, val buite die omvang van hierdie studie.

### 2.5.1 Verslagdoening van buitelandse valutatransaksies in die funksionele geldeenheid

Ingevolge IAS 21.20-23 is 'n buitelandse valutatransaksie 'n transaksie wat aangedui is in of vereffen moet word in 'n buitelandse geldeenheid. 'n Buitelandse valutatransaksie sluit onder andere in verkope en aankope van goedere en dienste, die leen of uitleen van fondse, die aankoop of vervreemding van bates en die aangaan of vereffening van verpligtinge. Die meting van buitelandse valutatransaksies geskied soos volg:

- met die *aanvanklike erkenning* moet die transaksie teen die sigkoers op transaksiedatum opgeteken word of, indien gepas, teen 'n aanvaarbare gemiddelde koers vir die tydperk;
- met die meting en verslagdoening aan die einde van *daaropvolgende verslagdoeningstydperke* (*i.e.* op balansstaatdatums) moet monetêre items teen die sluitingskoers omgeskakel word, niemonetêre items wat teen historiese kosprys gedra word teen die wisselkoers soos op transaksiedatum en niemonetêre items wat teen billike waarde gedra word teen die wisselkoers soos op datum van herwaardasie. In paragrawe 28-29 word vereis dat enige wisselkoersverskille op *monetêre items* wat ontstaan weens vereffening of daaropvolgende omskakeling, in *wins of verlies* erken moet word in die tydperk wat dit ontstaan het. Indien 'n wins of verlies op 'n niemonetêre item via ander omvattende inkomste in ekwiteit erken word, word enige wisselkoersverskil ook na ekwiteit geneem (par. 30). Dit sal die geval wees met 'n wins of verlies op buitelandse aandele wat geklassifiseer is as beskikbaar-vir-verkoop (Vorster *et al.*, 2007:416).



‘n Entiteit kan ‘n monetêre item hê wat ontvangbaar is van of betaalbaar is aan ‘n buitelandse bedrywigheid, byvoorbeeld ‘n langtermynlening. Wanneer die vereffening van die item nie beplan word of waarskynlik nie in die afsienbare toekoms sal plaasvind nie, vorm dit in wese deel van die netto belegging van die entiteit in daardie buitelandse bedrywigheid (par. 15). Valutaverskille op daardie monetêre item word in die afsonderlike finansiële state van die entiteit of die buitelandse bedrywigheid, soos toepaslik, in wins of verlies erken. In die gekonsolideerde state word die valutaverskille in ander omvattende inkomste erken. Met vervreemding van die netto belegging word dit uit ekwiteit na wins of verlies geherklassifiseer (par. 32-33).

Die aankoop deur ‘n inwonermaatskappy van ‘n buitelandse onroerende eiendom en die finansiering met buitelandse fondse word soos volg hanteer: enige wisselkoersverskille wat ontstaan op enige stadium van die verpligting (‘n monetêre item ingevolge IAS 21.16) moet in wins of verlies erken word, selfs al is dit ongerealiseerd as ‘n onvereffende skuld op die datum van die staat van finansiële posisie (balansstaatdatum). Die insluiting in wins of verlies weerspieël die “*economic consequences of holding monetary assets and liabilities in foreign currencies*” (Everingham & Watson, 1996: 280).

### **2.5.2 Omskakeling uit die funksionele na die aanbiedingsgeldeenheid**

‘n Entiteit, byvoorbeeld ‘n tak in die buiteland, wat in die geldeenheid van die moedermaatskappy ‘n bedryf beoefen, volg dieselfde metode om buitelandse valutatransaksies te boek te stel as die moedermaatskappy. Die tak het dieselfde funksionele geldeenheid as die rapporterende entiteit. Dit is vanselfsprekend dat veranderinge in wisselkoerse wat ontstaan in die loop van die besigheid van so ‘n buitelandse integrale bedrywigheid ‘n invloed op die moedermaatskappy se kontantvloei sal hê (Everingham & Watson, 1996:314).

‘n Entiteit, byvoorbeeld ‘n tak in die buiteland, wat nie ‘n blote uitbreiding van die moedermaatskappy is nie, hou rekord van sy bedrywigheide in ‘n funksionele geldeenheid wat verskil van die aanbiedingsgeldeenheid van die moedermaatskappy- en/of groepsfinansiële state. In so ‘n geval bepaal IAS 21.18, 38-41 dat die resultate en finansiële posisie van daardie buitelandse entiteit, waarvan die funksionele geldeenheid nie die

geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is nie (sien hiervoor par. 42-43), die volgende prosedures moet volg met die omskakeling na die aanbiedingsgeldeenheid:

- bates en laste word teen die sluitingskoers op die datum van die staat van finansiële posisie (balansstaatdatum) omgeskakel;
- inkomste- en uitgawe-items in die staat van omvattende inkomste word omgeskakel teen die koers op transaksiedatum of, indien gepas, 'n aanvaarbare gemiddelde koers vir die tydperk; en
- die resulterende wisselkoersverskille word in ander omvattende inkomste erken en geakkumuleer in ekwiteit as 'n valuta-omskakelingsreserwe.

Die resulterende wisselkoersverskille ontstaan, eerstens, uit die gebruik van twee verskillende koerse vir die eerste twee tipes items en, tweedens, deur die sluitingskoers van die huidige tydperk te gebruik vir die omskakeling van die beginsaldo van netto bates. Die beginsaldo is die eindsaldo van die vorige tydperk wat in daardie tydperk omgeskakel is teen die sluitingskoers van daardie tydperk. Die wisselkoersverskille word nie in wins of verlies erken nie, omdat die veranderinge in wisselkoerse min of geen direkte effek het op die huidige en toekomstige kontantvloei uit bedrywighede nie. Dit word in 'n afsonderlike komponent van ekwiteit geakkumuleer tot en met die vervreemding van die buitelandse bedrywigheid wanneer dit na wins of verlies geherklassifiseer word.

Bates en laste se sluitingskoerse reflekteer wel die onderliggende ekonomiese veranderinge wat in wisselkoersbewegings vervat is. Dit behou die verband tussen items, byvoorbeeld 'n buitelandse onroerende eiendom wat met 'n buitelandse lening gefinansier is. Die historiese metode, en veral die temporele metode, vereis egter dat die bates teen die historiese koste gedra word terwyl verpligtinge teen die sluitingskoers omgeskakel word (Everingham & Watson, 1996:309). By 'n buitelandse entiteit beïnvloed wisselkoersskommeling nie die kontantvloei van die moedermaatskappy direk nie, maar dit affekteer wel die netto belegging in die buitelandse bedrywigheid. Wisselkoersverskille wat byvoorbeeld ontstaan op 'n buitelandse verpligting word hivolgens in ander omvattende inkomste vir die tydperk verantwoord en affekteer nie wins of verlies vir die tydperk nie (Everingham & Watson, 1996:314-315, 317).

Ingevolge IAS 1 *Aanbieding van finansiële state* paragrawe 07, 88 en 89, voldoen valutaverskille wat ontstaan uit die omskakeling van die finansiële state van 'n buitelandse bedrywigheid asook die effektiewe wins- of verliesgedeelte op verskansingsinstrumente in 'n kontantvloeskans (kyk 2.5.3 hieronder), wel aan die *Rekeningkundige Raamwerk* se definisie van wins of verlies. Hierdie valutaverskille word egter van wins of verlies uitgesluit en geklassifiseer as ander omvattende inkomste vir die tydperk. Die netto inkomste uit wins of verlies tesame met die totaal van ander omvattende inkomste maak die totale omvattende inkomste uit wat 'n entiteit se ekwiteit beïnvloed. IAS 1.90-91 vereis ook die openbaarmaking van die bedrag inkomstebelasting ten opsigte van elke komponent van ander omvattende inkomste. Die doelstelling van IAS 12 *Inkomstebelasting* vereis dat vir transaksies en ander gebeure wat buite wins of verlies val, met ander woorde, binne ander omvattende inkomste of direk in ekwiteit, enige verwante belastinggevolge ook buite wins of verlies en direk in ander omvattende inkomste of in ekwiteit erken moet word. Dit is waarskynlik dat die rekeningkundige drabedrag van hierdie komponente sal verskil van hul belastingbasisse en sal lei tot 'n uitgestelde belastingsaldo. Die opgelope saldo in die omskakelingsreserwe wat in ekwiteit geakkumuleer het, sal eers met vervreemding van die buitelandse bedrywigheid deur 'n herklassifikasie-aansuiwering in wins of verlies erken word, tesame met die belastingeffek (IAS 21.48).

### 2.5.3 Verskansing en skansrekeningkunde

Ekonomies gesproke behels verskansing die maatreëls wat 'n entiteit aanwend om sigself te beskerm teen die ongunstige uitwerking van risiko's wat uit transaksies kan voortkom. 'n Voorbeeld is buitelandse valuta-risiko weens die blootstelling aan ongunstige wisselkoersskommeling wat spruit uit 'n entiteit se transaksies of beleggings in buitelandse valuta (Vorster *et al.*, 2007:417). Om die risiko te beperk, kan 'n entiteit *verskansingsinstrumente* gebruik om 'n *item te verskans*. 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n valutatermykontrak aangaan vir beskerming teen die ongunstige verandering in wisselkoerse van die billike waarde of toekomstige kontantvloeie van 'n buitelandse langtermynverpligting. Skansrekeningkunde is 'n "vrywillige rekeningkundige model...wat op skansverhoudings toegepas word", mits aan verskeie skansvereistes voldoen word (Vorster *et al.*, 2007:417). Ingevolge IAS 39.85 erken skansrekeningkunde die effek van verrekening op wins of verlies van veranderings in die billike waarde van die *verskansingsinstrument* en die *verskanste* item. (IAS 39.09, 71-102, Appendiks A AG94-

132, BC131-220 en IG F bevat uitgebreide definisies, voorskrifte, toepassingsriglyne en verduidelikings vir die hantering van verskanste items en verskansingsinstrumente.)

Die rekeningkundige hantering van skansverhoudings is kortliks soos volg:

- *Billikewaarde-skans*: die wins of verlies met hermeting van die verskansingsinstrument na billike waarde word in wins of verlies erken; die wins of verlies op die verskanste item is enersyds 'n aansuiwering van die drabedrag van die verskanste item en andersyds 'n erkenning in wins of verlies (IAS 39.89).
- *Kontantvloeienskans*: die effektiewe gedeelte van die wins of verlies op die verskansingsinstrument word in ander omvattende inkomste erken en die oneffektiewe deel direk in wins of verlies. Die effektiewe gedeelte is die mate waarin die verandering in die billike waarde of die kontantvloeï van die verskanste item verreken word deur dié van die verskansingsinstrument (IAS 39.09). Die gedeelte in ekwiteit word (a) in wins of verlies erken óf in dieselfde tydperk wat die resulterende en erkende (nie)finansiële bate of las wins of verlies affekteer (bv. rentekoste) óf in die mate wat dit nie in die toekoms verhaal sal word nie, of (b) dit word ingesluit by die niefinansiële bate of las se drabedrag (par. 95-100).
- *Skans van 'n netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid* (insluitend 'n skans van 'n monetêre item wat as deel van die netto belegging verantwoord word): soortgelyk aan 'n kontantvloeienskans word die effektiewe gedeelte van die wins of verlies op die verskansingsinstrument in ander omvattende inkomste erken en die oneffektiewe deel direk in wins of verlies. Met vervreemding of gedeeltelike vervreemding van die buitelandse bedrywigheid word die wins of verlies op die effektiewe gedeelte van die skans uit ekwiteit na wins of verlies geherklassifiseer (par. 102). 'n Skans van 'n netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid word slegs in die gekonsolideerde finansiële state toegepas, aangesien dit die netto bates is wat teen buitelandse valuta-blootstelling verskans word en nie die waarde van die belegging self nie (IAS 39.AG99). Die verskansingsinstrument kan 'n afgeleide instrument wees of 'n nie-afgeleide instrument, byvoorbeeld 'n buitelandse lening (par. 09).

Skansrekeningkunde ten opsigte van buitelandse valuta-risiko sal toegepas word óf in die rekords van 'n entiteit wat direk transaksies in buitelandse valuta aangaan en die billike waarde of kontantvloeï wil verskans, óf in die gekonsolideerde finansiële state wanneer 'n netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid die verskanste item is.

Indien nie aan die streng vereistes van skansrekeningkunde voldoen word nie, moet verskansing volgens normale rekeningkundige beginsels hanteer word en in wins of verlies erken word.

## **2.6 'N VERGELYKING VAN DIE BELASTINGBEPALINGS EN REKENINGKUNDIGE STANDAARDE TEN OPSIGTE VAN BUITELANDSE VALUTATRANSAKSIES**

Met die uitgangspunt van die Nasionale Tesourie in gedagte dat artikel 24I die heersende rekeningkundige standaard getrou moet volg (kyk 2.1 hierbo), word 'n vergelyking in breë trekke gemaak om vas te stel in watter mate die doelwit bereik is met betrekking tot valutaverskille op valuta-items wat verband hou met die verkryging van kapitaalbates.

### **2.6.1 Omskakelingskoerse en meting**

Rekeningkundig is die toegelate koers die sigkoers (of 'n gemiddelde koers indien gepas) vir ongedekte transaksies wat omgeskakel word op transaksiedatum, balansstaatdatum en realisasiedatum. Die effek van wisselkoersverskille op verskanste valuta-items neem die termynkoers, markverwante termynkoers en sigkoers in ag vir omrekening op balansstaatdatum en realisasiedatum. Die definisie van heersende wisselkoers in artikel 24I(1) volg die rekeningkundige aanwending.

Artikel 25D(2) bepaal dat die omskakelingskoers na rand van die ontvangstes en onkoste wat in die (buitelandse) plaaslike geldeenheid van 'n inwonermaatskappy se buitelandse permanente saak vasgestel is, die gemiddelde wisselkoers vir daardie jaar van aanslag moet wees. Vir rekeningkundige doeleindes word 'n tak se bates en laste teen die sluitingskoers op jaareinde en die inkomstestaatitems teen die sigkoers op datum van transaksie (of 'n gemiddelde koers) na die aanbiedingsgeldeenheid omgeskakel. Die resulterende valutaverskille uit die twee omskakelings word via ander omvattende inkomste in ekwiteit as 'n valuta-omskakelingsreserwe erken.

### Voorbeeld

Rekeningkundig word 'n buitelandse valutaverpligting waarmee 'n kapitaalbate in die tak se funksionele geldeenheid bekom is, teen die sluitingskoers na rand omgeskakel. Tesame met alle ander bates en laste wat ook teen die sluitingskoers omgeskakel word, word hierdie totaal in rand verreken teen die wins vir die jaar in rand. Die wins vir die jaar word uit die funksionele geldeenheid na rand omgerekend teen die gemiddelde wisselkoers vir die jaar. Die verskil op die omgerekende saldo's word in die buitelandse valuta-omrekeningsreserwe erken. Die valutaverskil op die lening affekteer nie die wins van die tak wat by die inwonermaatskappy se inkomste ingesluit word nie. Die belastinghantering verskil hiervan omdat die valutaverskil op die lening, as valuta-item, bereken word teen die heersende wisselkoers op omrekeningsdatum wat ingevolge artikel 24I(11)(a)(ii) by die inkomste van die inwonermaatskappy ingereken word (kyk 2.3.7). Die rekeningkundige en belastingrekords sal dus van mekaar verskil.

Sekere belastingbepalings is verouderd en, aangesien dit rekeningkundig nie meer toegelaat word nie, is dit onwaarskynlik dat hierdie belastingreëls nog enige effek sal hê op die berekening van 'n maatskappy se belasbare inkomste. Die eerste verouderde bepaling is die toegelate *alternatiewe koers* in die voorbehoudsbepaling by die omskrywing van heersende wisselkoers in artikel 24I(1) (kyk 2.3.1). Vir maatskappye is die enigste rekeningkundige alternatiewe 'n gemiddelde wisselkoers (IAS 21.22) en slegs indien die wisselkoerse vir die gekose tydperk nie beduidend fluktueer nie. Dit is egter nie wat die voorbehoudsbepaling met alternatiewe koers bedoel nie. Gemiddelde wisselkoers word in artikel 1 omskryf en in die Wet word meermale daarna verwys as 'n omskakelingskoers naas die gebruik van die kontantkoers (bv. in art. 9D, 25D en par. 43). Praktyknota nr. 4 (par. 4.4) toon aan dat die *gemiddelde koers* in navolging van die rekeningkundige hantering wel gebruik mag word as die heersende wisselkoers vir valuta-items wat ontstaan uit groot volumes voorraadtransaksies. Hierdie gemiddelde koers mag egter slegs op die transaksiedatum gebruik word en nie op die omrekenings- of realisasiedatum nie, aangesien die heersende wisselkoers op daardie datums vir die omrekening van valuta-items gebruik moet word. Vir maatskappye kom die vergunning van 'n alternatiewe koers dus verouderd voor.

'n Tweede verouderde belastingbepaling is die gebruik van die termynkoers vir die omskakeling van 'n verskanste valuta-item (art. 24I(3)(c) en (5)). In die Wet op Belastingwette nr. 3 van 2008 word hierdie bepalings geskrap (kyk 2.3.2).

## 2.6.2 Erkenning van wisselkoersverskille

In die algemeen word *gerealiseerde en ongerealiseerde* wisselkoersverskille vir sowel belasting- as rekeningkundige doeleindes op jaareinde in wins of verlies erken en in berekening gebring by die vasstelling van die inkomste van 'n inwonermaatskappy. Dit geld vir sowel ongedekte buitelandse transaksies as verskansingsvaluta-items. Byvoorbeeld, 'n bate word in die buiteland gekoop en gefinansier met 'n buitelandse lening. Indien die bate aan die vereistes van artikel 9(2)(b)(i) voldoen en indien artikel 24I(11)(a)(iii) (en paragraaf 43(4) vooruitskouend) geld, word die valutaverskille op die omskakeling van die valuta-item in wins of verlies erken wat belasbare inkomste beïnvloed. Rekeningkundig word die valutaverskil in wins of verlies erken. Die aanpassing van 'n valuta-item na *billike waarde* of *markwaarde* op omrekeningsdatum is ook 'n uitdruklike ooreenstemming van die belastingbepalings met IFRS (vgl. die verklarende memoranda in Departement Finansies, 2002:17 en 2005:27, en die aangeduide rede vir die byvoeging van subartikel (11A) in 2006:74 en 2007a:27).

*Verskille* bestaan nietemin wat meestal aanleiding gee tot 'n uitgestelde belastingsaldo in die maatskappy se staat van finansiële posisie. Artikel 24I(7) stel die erkenning van valutaverskille uit tot die jaar van aanslag waarin die bate in gebruik geneem word, terwyl die erkenning in die rekeningkundige rekords nie daardeur beïnvloed word nie. Die uitstel van valutaverskille word ook in artikels 24I(7A) en (10) vereis. Ingevolge hierdie twee bepalings word die valutaverskille, waar 'n inwonermaatskappy en 'n verbonde persoon of beheerde buitelandse maatskappy betrokke is by 'n valuta-item, eers in ag geneem wanneer die valuta-item realiseer. Geen sodanige uitstel vind plaas ingevolge IFRS nie (Vorster *et al.*, 2007:446, 452).

### Voorbeeld

'n Inwoner-moedermaatskappy staan 'n lening toe aan sy filiaal in die filiaal se funksionele geldeenheid. Op jaareinde word die valutaverskil op die lening vasgestel as die verskil tussen die heersende koerse op transaksiedatum en omrekeningsdatum,

vermenigvuldig met die bedrag van die lening. Hierdie verskil word ingesluit in die moedermaatskappy se afsonderlike wins of verlies. Met konsolidasie sal die valutaverskil steeds in die gekonsolideerde wins of verlies verantwoord word, al word die lening geëlimineer (IAS 21.45). Die valutaverskil wat ontstaan met die omskakeling van die filiaal se finansiële state word erken in die buitelandse valuta-omskakelingsreserwe. Die valutaverskil op die lening aan die kant van die filiaal is by hierdie bedrag ingesluit (Pretorius, Venter, Von Well & Wingard, 2007:205). Rekeningkundige word die valutaverskille erken, terwyl dit vir belastingdoeleindes uitgestel word totdat die lening realiseer.

'n Verdere verskil tussen belasting en rekeningkunde kom na vore met die vervreemding van 'n buitelandse bedrywigheid wat 'n kapitaalbate uitmaak. Rekeningkundig word die valutawins of -verlies wat met die omskakeling van die finansiële state van die buitelandse bedrywigheid in ekwiteit geakkumuleer het, na wins of verlies (die inkomstestaat) geherklassifiseer. Artikel 24I bevat geen soortgelyke bepaling nie, behalwe dat enige intragroepening sal realiseer en die valutaverskil by inkomste ingereken word. Die vervreemding van die belegging sal ingevolge die reëls van paragraaf 43(4) hanteer word, naamlik dat die valutaverskille oor die tydperk van houding van die bate in ag geneem word by die berekening van die kapitaalwins of -verlies. Die verskil is permanent van aard aangesien die rekeningkundige wins en belasbare inkomste nooit ooreen sal kom nie.

Ten opsigte van *verskansing* stel IFRS streng vereistes alvorens en waarvolgens skansrekeningkunde deurlopend toegepas mag word. IFRS stel ook kriteria waarvolgens 'n skans óf as 'n billikewaarde-skans óf as 'n kontantvloeskans geklassifiseer word. Elke skans moet volgens eiesoortige beginsels hanteer word. Vir belastingdoeleindes word geen rigiede vereistes vir dekking gestel nie en elke soort dekking kom in aanmerking vir hantering ingevolge artikel 24I (Koekemoer & Rossouw, 2006:17-18). By 'n geaffekteerde kontrak is daar wel 'n normale belastingvereiste dat dit in die gewone loop van besigheid aangegaan moet word, terwyl dit nie die geval is vir ander valutatermykontrakte nie (art. 24I(3)).

Artikel 24I en IFRS stem in groot mate ooreen met die hantering van 'n skans. Op omrekeningsdatum word die valutaverskil op die valuta-item van 'n normale billikewaarde-skans in wins of verlies erken en by die vasstelling van inkomste in ag geneem. By 'n



kontanvloeskans word die valutaverskil rekeningkundig via ander omvattende inkomste in ekwiteit erken. Belastinggewys is die effek van 'n geaffekteerde kontrak dat daar geen valutaverskil ontstaan het nie - eers met realisasie word die valutaverskil in inkomste verantwoord. 'n Tydelike verskil sal egter ontstaan omdat die uitgestelde valutaverskil in ekwiteit in sekere gevalle nie direk na wins of verlies geherklassifiseer word nie, maar teen die basiskoste van die verskanste-item aangesuiwer word op transaksiedatum of (soms geleidelik) in wins of verlies erken word soos wat die onderliggende verskanste item wins of verlies beïnvloed. Voorts moet die oneffektiewe gedeelte van die verskansingsinstrument direk in wins of verlies erken word met hermeting na billike waarde. Die belastingbepalings maak nie daarvoor voorsiening dat die oneffektiewe gedeelte van 'n geaffekteerde kontrak by inkomste in berekening gebring word nie.

Subartikel (11A) volg IFRS by die verskansing van aandeleverkrygings, naamlik dat geen valutaverskil op die verskansingsinstrument by die inkomste van die inwoner ingereken word nie (kyk 2.3.8). Die uitsluiting geskied in die mate wat die bedrag ook nie ingereken word by wins of verlies van die inwonermaatskappy of in die gekonsolideerde groepswins of -verlies nie. Belastingeweredigheid word bereik met vervreemding van die belegging deurdat die valutaverskille die basiskoste aansuiwer en dus die kapitaalwingsedeelte kanselleer wat uit die valutaverskil oor die tydperk van houding ontstaan het. 'n Volledige bespreking van die dekking van 'n aandeleverkryging is in afdeling 2.3.6 gedoen en word nie hier herhaal nie.

'n Verskansing van 'n netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid word slegs in gekonsolideerde finansiële state toegepas. Hiervolgens word die effektiewe gedeelte van die valutaverskil op, byvoorbeeld, 'n buitelandse valutaverpligting as die verskansingsinstrument, via ander omvattende inkomste in ekwiteit erken en die oneffektiewe gedeelte in wins of verlies. Met die erkenning van die effektiewe gedeelte in ekwiteit is die verantwoording eweredig aan die resulterende valutaverskil voortspruitend uit die omskakeling van die finansiële state van die buitelandse bedrywigheid wat in ander omvattende inkomste erken word. Slegs in die afsonderlike state van 'n inwonermaatskappy kan beleggings in geassosieerdes, gesamentlike ondernemings en filiale teen billikewaarde-veranderings verskans word. Die valutaverskille word in daardie geval in wins of verlies verantwoord selfs al is die onderliggende verskanste belegging aangewys as beskikbaar-vir-verkoop wat ekwiteit beïnvloed indien dit nie verskans is nie

(Vorster *et al.*, 2007:462-463; 615). Hierdie ingewikkelde rekeningkundige hanterings vind nie neerslag in afsonderlike belastingbepalings nie.

IFRS verskil verder van die belastingbepalings deurdat die billike waarde van 'n VTK na die huidige waarde verdiskonteer moet word. Dit laat toe dat die rente-element en sigkoers van 'n VTK geskei mag word om van die berekening van skanseffektiwiteit uitgesluit en in wins of verlies erken te word. Die belastingbepalings bevat geen voorskrifte in hierdie gevalle nie.

*Artikel 24I(11)* se verbod op die inagnome van wisselkoersverskille in die vasstelling van inkomste wanneer verpligtinge in buitelandse valuta aangegaan is om buitelandse bates te verkry, bestaan nie in die rekeningkundige standarde nie. Met konsolidasie van 'n buitelandse tak se resultate wat in dieselfde funksionele geldeenheid as die moedermaatskappy besigheid beoefen en waar dit 'n buitelandse lening aangegaan het, sal die inwonermaatskappy die verskille rekeningkundig in ag neem, sowel op die transaksie self as op die verskansing van die valuta-item. Die valutaverskil wat spruit uit 'n buitelandse valutaverpligting wat 'n buitelandse eiendom finansier, word rekeningkundig by wins of verlies ingesluit, terwyl artikel 9(2)(a) dit uitsluit.

'n Buitelandse entiteit wat 'n tak is, kom in feite ooreen met 'n permanente saak van 'n inwoner. Rekeningkundig word valutaverskille op 'n lening ingesluit by die totale omskakeling van die tak se finansiële state na die moedermaatskappy se aanbiedingsgeldeenheid. Die valutaverskil wat uit hierdie omskakeling ontstaan, word via ander omvattende inkomste in ekwiteit as 'n buitelandse valuta-omskakelingsreserwe erken. Belastinggewys word die valutaverskille op die valuta-item afsonderlik bepaal en by die ander belasbare inkomste van die tak gevoeg (2.3.7).

Valutaverskille ten opsigte van valuta-items van 'n beheerde buitelandse maatskappy van 'n inwoner moet ooreenkomstig die eiesoortige bepalinge van artikel 9D hanteer word. Valutaverskille kan die netto inkomste van die BBM beïnvloed en gevolglik ook die inkomste van die inwonermaatskappy. Enige dividende verklaar aan die inwonermaatskappy word uitgesluit uit die inwonermaatskappy se inkomste in die mate wat dit inkomste verteenwoordig wat reeds by netto inkomste ingesluit is. Rekeningkundig word 'n BBM se winste nie ingesluit by die wins of verlies in die afsonderlike finansiële

state van die moedermaatskappy nie. Slegs dividende ontvang vanaf die filiaal word erken. 'n Tydelike verskil oor die erkenning van inkomste is moontlik.

*Paragraaf 43* van die Agtste Bylae bepaal die berekening van kapitaalwinste of -verliese op die vervreemding van buitelandse bates. Ter wille van “belastingeweredigheid” bepaal die paragraaf ook wanneer valutaverskille oor die tydperk van houding van die bate in ag geneem mag word en gevolglik in watter omstandighede artikel 24I se bepalings geld en in watter gevalle subartikel (11) van toepassing is. Soos reeds bespreek (2.4 hierbo), bereik die paragraaf nie altyd die gewenste doel nie en belastingfragmentasie is moontlik. In IFRS beïnvloed kapitaalwinst of -verlies slegs die voorsiening van die belastinguitgawe volgens die statutêre belastingkoerse, maar nie die berekening van die wins van die maatskappy nie. Nog minder bepaal die vervreemding van 'n bate wanneer valutaverskille in ag geneem mag word en wanneer nie.

## **2.7 Gevolgtrekkings**

Voor die inwerkingtreding van IFRS in 2006 het Suid-Afrikaanse maatskappye se rekeningkundige en belastinghantering van transaksies nader aan mekaar begin beweeg. Die rede hiervoor is nie alleen omdat belastingwetgewing al meer AARP-beginsels opgeneem het soos die uitgangspunt met artikel 24I dit stel nie, maar ook omdat maatskappye belastinginterpretasies in ag geneem het met die toepassing van AARP (SAICA, 2006:1). Sedert 2006 moet maatskappye IFRS toepas. Uit die bespreking hierbo blyk dit dat die IFRS-beginsels taamlik gekompliseerd is, veral wat verskansing betref. Daarby het belastingwetgewing self meer gekompliseerd geraak, onder andere weens die inwerkingstelling van belasting op kapitaalwinst. Rekeningkunde en belasting het gevolglik begin om te divergeer. Die gevolg hiervan is meer komplekse uitgestelde belastingberekenings asook 'n verhoogde risiko om permanente verskille te identifiseer en korrek in ag te neem (SAICA, 2004g:1; SAICA, 2006:1).

Die bespreking in hierdie hoofstuk het aangedui dat die belastingbepalings ten opsigte van buitelandse valutaverpligtinge wat as finansiering dien vir kapitaalbate, enersyds rekeningkundige beginsels navolg. Andersyds hou die belastingbepalings by diepgewortelde én nuwe eiesoortige belastingbeginsels. Hierdie benadering blyk veral in artikel 24I. Die kombinasie van rekeningkundige en belastingbeginsels in die artikel het

kritiek uitgelok, onder andere dat dit nie op regsbeginsels gegrond is nie en dat die grondslag van kontantvloeï vervang is met die belasting van ongerealiseerde valutawinste. Hoewel die kritiek nie ongegrond is nie, wyk die artikel meermale af van die rekeningkundige beginsels en volg dit vaste belastingbeginsels, soos byvoorbeeld die beginsel in subartikel (7) dat valutaverskille nie in aanmerking kom wanneer 'n bate nie in gebruik is nie. Eiesoortige hantering van verbonde partye (subart (7A) en (10)) is 'n beginsel wat basies aan die Inkomstebelastingwet is. Dit wyk af van die rekeningkundige beginsel dat alle ongerealiseerde valutaverskille in ag geneem moet word in 'n maatskappy se afsonderlike finansiële state in wins of verlies, ongeag of daar verwante partye betrokke is. Daarby het die inwerkingtreding van belasting op kapitaalwinst 'n unieke stempel afgedruk op buitelandse valutatransaksies wat totaal vreemd is aan rekeningkunde.

Die kritiek dat artikel 24I nie rus op die grondbeginsel van kontantvloeïe nie, word weerlê in die navolging van IFRS waar, juis omrede die klein effek van sekere wisselkoersveranderinge op kontantvloeï, daardie valutaverskille nie in wins of verlies erken word nie. Die valutaverskille word in ander omvattende inkomste (dus in ekwiteit) erken totdat dit realiseer of wins of verlies beïnvloed, byvoorbeeld met 'n geaffekteerde kontrak. Uitstel van valutaverskille op valuta-items waarby verbonde partye betrokke is, bied ook verligting op moontlike kontantvloedruk (2.3.5 en 2.3.6 hierbo).

Die ingewikkelde hantering van valutaverskille in die Inkomstebelastingwet is sekerlik grootliks te wyte aan die navolging van IFRS, wat op sy beurt die verwickelde aard van buitelandse valutatransaksies weerspieël. Belastingwysigings om aan te pas by IFRS geskied nie onmiddellik nie, is nie altyd duidelik nie en kan verdere verwarring veroorsaak. IFRS is ook nie finaal afgehandel nie en wysigings aan die hantering van finansiële instrumente kan verwag word wat weer tot belastingwysigings sal lei.

Dit blyk egter dat die belastinghantering van buitelandse valutatransaksies, ten spyte van kritiek, sedert die invoeging van artikel 24I in 1993 nietemin duidelike riglyne gehad het om te volg. Klaarblyklik het die artikel nog nie aanleiding gegee tot noemenswaardige geskille tussen die belastingpligtige en die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens wat in 'n hofsak beslis moes word nie. Aan die ander kant is die belastingbepalings ingewikkeld geformuleer, byvoorbeeld artikel 24I(11) se komplekse verweefdheid met

artikel 9(2) en paragraaf 43 waarvan die verband, om die minste te sê, nie glashelder is nie. Die uitsluitings van subartikel (11) en die bepalings van paragraaf 43 kan aanleiding gee tot oneweredige belastinghantering van valutaverskille op valuta-items. 'n Vereenvoudiging van die bepalings, byvoorbeeld met 'n positiewe aanduiding van watter gevalle nie deur artikel 24I gedek word nie, behoort die kritiek van ingewikkelheid te versag. 'n Nuwe uitlegnota behoort ook die belangrikste gevalle aan te dui wat betrokke is by artikel 24I(11) en paragraaf 43. Die wisselwerking tussen die twee stelle bepalings behoort in die Wet en in die uitlegnota duidelik gemaak te word.

Die volgende hoofstuk bied 'n oorsig oor die belastinghantering in die Verenigde Koninkryk van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge om kapitaalbates te bekom.

## HOOFSTUK 3

### **DIE HANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIGTINGE VIR DIE VERKRYGING VAN KAPITAALBATES DEUR 'N MAATSKAPPY IN DIE BELASTINGWETGEWING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK**

In hierdie hoofstuk word die hantering van 'n buitelandse valutaverpligting vir die verkryging van 'n kapitaalbate in die belastingstelsel van die Verenigde Koninkryk (VK) ondersoek. Die rede waarom die VK se hanteringswyse ondersoek word, is reeds in Hoofstuk 1 aangeraak. Die VK was, saam met die Verenigde State van Amerika, 'n voorloper in sowel die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde as belastingbepalings vir die hantering van buitelandse valutatransaksies. Die belastingwetgewing het in hierdie verband omvangryke ontwikkeling ondergaan. Rekeningkundig is die VK 'n lid van die International Accounting Standards Board. Die VK is in die proses om die International Financial Reporting Standards (IFRSe of IASe) van die IASB in te stel en verpligtend te maak vir die finansiële verslagdoening deur alle maatskappye. Die IFRSe met betrekking tot buitelandse valutatransaksies en finansiële instrumente waarby verskansingsinstrumente ingereken is, is reeds deur die Accounting Standards Board van die VK aanvaar. Hierdie hoofstuk gee 'n oorsig van buitelandse valutatransaksies soos wat dit aangebied is in die VK-wetgewing. Die bepaling vorm nie 'n losstaande kode nie, maar is ingevolge die Finance Act 2002 opgeneem in die kodes oor leningsverhoudings (*loan relationships*) en afgeleide kontrakte (*derivative contracts*). Die omskakelingsregulasies is steeds afsonderlike bepalinge ingevolge die Finance Act 1993.

Verwysings na die VK-wetgewing in hierdie studie word in Engels gedoen. Die verwysing na die belastingwetgewing gee die afkorting van die bepaalde statutêre wet, gevolg deur die jaartal, die artikel, of skedule en paragraaf, byvoorbeeld die Finance Act 2002 Schedule 26 Paragraph 54 se verwysing in hakies is (FA 2002 Sch. 26 par. 54). Binne die teks word die Finance Acts afgekort as FA gevolg deur die jaartal. Verwysing na die sekondêre wetgewing in die Statutory Instruments word gevolg deur die jaartal en die nommer van die instrument, byvoorbeeld (SI 2004 no. 3227). Die verwysing na die riglyne van die HMRC (Her Majesty's Revenue and Customs, *i.e.*, die Department of Inland Revenue) is na die huidige Corporate Finance Manual (CFM), die vroeëre Corporate Tax Manual (CTM) en die Business Income Manual (BIM), gevolg deur die toepaslike nommer.

Engelse begrippe word so na as moontlik met 'n sinvolle Afrikaanse ekwivalent vertaal om die eiesoortigheid van die wetgewing te behou. In hierdie hoofstuk is baie gebruik gemaak van Britse skrywers en van die aanlyn-riglyne van die HMRC om rigting aan te dui in die uitgebreide veld van die belastingwetgewing van die VK. Daar is veral ruimskoots gesteun op die uiteensetting en interpretasie in die werk van Southern, D. and PricewaterhouseCoopers' Treasury Tax Team (afgekort as Southern & PWC), 2007. *Taxation of loan relationships and derivative contracts*. Haywards Heath: Tottel Publishing.

### 3.1 INLEIDING

Maatskappye in die VK is onderhewig aan korporatiewe belasting (*corporation tax*). 'n Maatskappy word op sy winste belas wat uit inkomste en wins bestaan. Die Income and Corporation Taxes Act 1988 (ICTA 1988), soos gewysig, is van toepassing op 'n maatskappy wat 'n inwoner van die VK is. 'n VK-maatskappy beteken 'n maatskappy wat geïnkorporeer of gestig is ingevolge die wet van 'n gedeelte van die VK (FA 2002 Sch. 26 par. 54(1)). Vir doeleindes van korporatiewe belasting word 'n maatskappy se inkomste volgens die beginsels van inkomstebelasting bereken en kapitaalwins (*chargeable gains*) volgens die beginsels van kapitaalwinsbelasting. Die berekende inkomste en wins is egter onderhewig aan korporatiewe belasting. 'n Maatskappy betaal dus nie afsonderlike "kapitaalwinsbelasting" nie, maar die belasbare kapitaalwinste minus die toelaatbare verliese word bereken volgens die bepalinge oor kapitaalwinsbelasting in die Taxes of Chargeable Gains Act 1992 (TCGA 1992).

Belastingwetgewing bepaal dat die finansiële state (*accounts*) van maatskappye ooreenkomstig IFRS of UK Generally Accepted Accounting Practice (UK GAAP) opgestel moet word (FA 2004 sect. 50). Die algemene benadering in die VK is dat die belastinghantering van 'n item die rekeningkundige hantering volg (*tax follows the accounts*). Dit beteken dat die inkomste in die wins en verliesrekening belasbaar is en die uitgawes belastingaftrekbaar is. Hierdie reël geld tensy belastingwetgewing en die sakereg anders bepaal (vgl. FA 1998 sect. 42(1)).

Rekeningkundig moet bates en laste wat in 'n buitelandse geldeenheid aangedui word, op die rekeningkundige datums in sterling gemeet word. Enige veranderinge in die waarde, dit wil sê ongerealiseerde valutaverskille, word na wins of verlies geneem. Dit geld vir

items van beide 'n inkomste- en 'n kapitale aard. Die meting geskied teen die sigkoers op daardie datum of teen 'n gemiddelde wisselkoers vir die rekeningkundige tydperk (3.5). Hierdie basiese benadering van die rekeningkundige standaard IAS 21 (FRS 23) oor die effek van veranderinge in buitelandse wisselkoerse word breedweg gevolg in die belastingbepalings (Southern & PWC, 2007:24-25).

In die VK moes die hof al herhaaldelik sake hanteer om te beslis tussen uitgawes van 'n inkomste- of 'n kapitale aard ('n lys van sake word gegee in BIM35905). Bates van 'n kapitale aard is daardie bates wat aan 'n besigheid voordele van 'n blywende aard gee (*Atherton v British Insulated and Helsby Cables Ltd 1925, 10 TC 155* in BIM35010; vgl. ook Jones, 2007:23). Dit is die winsmakende struktuur waarbinne besigheid bedryf word en nie die bedryfskapitaal wat van eenaar verwissel waarop wins of verlies gemaak word nie (BIM35005). In die omskrywing vir kapitaalwindsdoeleindes omvat bates alle vorme van eiendom, waar ook al geleë, insluitend opsies, skulde en nieliggaamlike eiendom, valuta anders as sterling en enige vorm van geskepte eiendom (TCGA 1992 sect. 21(1)). Die Income Tax (Trading and Other Income) Act 2005 (sect. 33) laat geen bedrag toe as aftrekking wat as kapitaal in die besigheid van 'n persoon aangewend word nie. 'n Paaientafbetaling op 'n lening om 'n kapitaalbate te koop, is dus nie-aftrekbaar. 'n Verpligting is van kapitale aard waar dit aangewend word om 'n kapitaalbate te finansier.

Soos in hoofstuk 2 val die klem van hierdie hoofstuk hoofsaaklik op die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard, en wel ingevolge die VK-wetgewing. Dit verwys ook na bedryfskapitaalimplikasies waar dit die bespreking verder verduidelik. Die volgende afdeling bespreek hoe die hof beslis het oor buitelandse valutatransaksies in sekere van die belangrikste hofsake in die VK.

### **3.2 SAKEREG**

In die algemene sakereg blyk dit dat valutaverskille alleen in ag geneem word in die berekening van bedryfswins indien dit in verband met 'n besigheid se bedryfskapitaal staan (Hyland & Walton, 2007:502). Die saak van *Overseas Containers (Finance) Ltd v Stoker CA 1989, 61 TC 473* het gehandel oor valutaverliese op lenings wat oorgedra is aan 'n filiaal wat spesifiek opgerig is om die verliese weens die verswakking van die sterling as handelsverliese te benut. Die hof het beslis dat die valutaverliese nie ontstaan



het uit die bedryfsaktiwiteit van die maatskappy nie, maar dat dit valutaverliese op kapitaalrekening was (in Hyland & Walton, 2007:502). In 'n vroeëre saak, *Firestone Tyre & Rubber Co Ltd v Evans Ch D 1976, 51 TC 615*, het 'n maatskappy aan sy moedermaatskappy in die VSA 'n lening terugbetaal in 1965. Die lening is vanaf 1922-1931 toegestaan as aanvangsfinansiering van die maatskappy. Die hof het beslis dat die oorgrote meerderheid van die lening kapitaal verteenwoordig het en het gevolglik nie die valutaverlies toegelaat as aftrekking teen inkomste nie. Slegs die inkomstegedeelte van die valutaverskille is as aftrekking toegelaat (in Hyland & Walton, 2007:502).

In die saak van *Pattison (Inspector of Taxes) v Marine Midland Ltd (1984) STC 10, 57 TC 219* (vgl. hf. 1) is beslis dat daar geen valutaverskille ontstaan het op volledig gepaarde transaksies nie (kyk 3.4). Die gevolg van die omskakeling van 'n monetêre bate in die een geldeenheid kanselleer die gevolg van die omskakeling van die ooreenstemmende monetêre verpligtinge in die ander geldeenheid. Alleen die ongepaarde posisie wat heelyd op die lopende rekening was, is in berekening gebring vir belastingdoeleindes. Hierdie paringsbegrip van die hof het afgewyk van die Inland Revenue se siening van die wet om te onderskei tussen kapitaal en inkomste. Hiervolgens is verliese op kapitaalrekening nie toegestaan nie, maar die winste op bedryfsbates is belas. Die Court of Appeal asook die House of Lords het egter nie hierdie onderskeid oorweeg nie. Die Statement of Practice 1/87 het op hierdie belangrike beslissing gevolg wat as praktiese riglyn moes dien. Dit het die onderskeid van kapitaal en inkomste as welerkende regsbeginne gehandhaaf. Lenings wat tydelike finansiering bied, moet onderskei word van lenings wat bydra tot die kapitaal van die besigheid. (Southern & PWC, 2007:330.) Hierdie riglyn is egter gedeeltelik met die 1993-wetswysiging en finaal met die 2002-wetswysiging beëindig en is nie meer van toepassing op maatskappye wat onderhewig is aan korporatiewe belasting nie (Hyland & Walton, 2007:502).

Die bekende saak van *Bentley v Pike Ch D (1981) STC 360, 53 TC 590* het handel oor eiendom uit 'n erflating in Duitsland in 1967 waarvoor die Britse erfgename in Duitse mark (DM) beskik het in 1973. Die hof het die Kommissaris se beslissing gehandhaaf oor die berekening van die belasbare wins uit die verkoop van die eiendom. Die wins was die verskil tussen die waarde in DM op die verkrygingsdatum, omgeskakel na sterling teen die heersende wisselkoers op daardie datum, en die waarde in DM op die verkoopsdatum, omgeskakel na sterling teen die heersende wisselkoers op daardie datum. Die

belastingpligtige het betoog dat die tydperk van houding moes begin het op 'n latere datum toe die erfgenaam opgeteken is in die Duitse Grondregister in 1972, maar dit is verwerp omdat die Duitse wetgewing absolute eienaarskap toegeken het vanaf die sterwensdag van die erflater (in Walton & Flint, 2007:930). Die sterling het versterk teenoor die DM, daarom sou 'n korter tydperk van eienaarskap 'n heelwat laer wins tot gevolg gehad het. Opvallend is dat die kapitaalwins nie in DM vasgestel is en slegs teen die heersende wisselkoers op die verkoopsdatum na sterling omgeskakel is nie. Indien 'n betoog met hierdie argument sou slaag, sou dit ook 'n heelwat laer kapitaalwins tot gevolg gehad het.

In die saak van *Capcount Trading v Evans (Inspector of Taxes) [1993] STC 11* het die Court of Appeal die beslissing van *Bentley v Pike* gevolg en die Kommissaris se berekening gehandhaaf. Die belastingpligtige het 'n verlies gely op 'n aandelebelegging wat in Kanadese dollar verkry en verkoop is. Die Kommissaris het die verlies bereken as die verskil tussen die aankoopprys in sterling-ekwivalent en die verkoopprys in sterling-ekwivalent. Die belastingpligtige het geargumenteer dat die verlies eers in Kanadese dollar vasgestel moet word en daarna omgeskakel moet word na sterling teen die heersende wisselkoers op datum van vervreemding, wat 'n wesenlike toename in verlies sou beteken. Die hof se argument was dat die buitelandse valuta vir doeleindes van kapitaalwinsbelasting nie geld was nie, maar *money's worth*, dit wil sê 'n bate wat met aankoop 'n waarde in sterling verkry het (in Walton & Flint, 2007:933).

'n Saak waarin die afsonderlikheid van elke valuta-item bevestig word, is *Whittles v Uniholdings Ltd (No 3) CA 1996, 68 TC 528*. In die saak moes beslis word of 'n buitelandse lening in dollar om 'n belegging te finansier en die dekking van die lening met 'n valutatermykontrak met dieselfde bank, afsonderlike transaksies verteenwoordig. Die sterling het wesenlik verswak teenoor die dollar oor die tydperk van die lening. Die Court of Appeal het beslis dit is twee transaksies. Die gevolg hiervan was dat die valutawins op die termynkontrak belasbaar was terwyl die verlies op die terugbetaling van die lening nie aftrekbaar was vir kapitaalwinsbelasting nie. Die termynkontrak was nie 'n skuld nie, maar die regte daarvan is vervreem, soortgelyk aan enige ander kontrak vir die verkoop van 'n bate (in Walton & Flint, 2007:197, 977). Die paringsbeginsel van *Marine Midland* wat die twee kante van die transaksie saamgevoeg het vir belastingdoeleindes, is dus nie verder toegelaat nie (Southern & PWC, 2007:334).

Sedert die 1993-wetgewing is slegs een saak in die hof beslis. In *Goodbrand (Inspector of Taxes) v Loffland Bros North Sea Inc [1997] STC 102* het die belastingpligtige olieboortorings in 1985 vir \$38,6 miljoen verkoop. Die verkoopprijs in sterling was £33,3 miljoen, maar omdat dit ingevolge 'n huurkoop-ooreenkoms oor 'n tydperk betaalbaar was, is uiteindelik slegs £23,8 miljoen ontvang weens die versterking van die sterling teenoor die dollar. Die hof het die belastingpligtige se eis dat die verskil as 'n verlies toegestaan moet word, verwerp. Die vergoeding was die kontrakprijs in dollar en die sterling-ekwivalent was bloot 'n waarde wat daaraan toegeken en gebruik is vir die belastingberekening. Die kapitaalwinst van £6,7 miljoen is daarom belas in die jaar van vervreemding. Die valutaverlies van £9,5 miljoen oor die tydperk wat die vergoeding afbetaal is, was nie 'n onverhaalbare vergoeding waarvoor verligting toegestaan mag word nie. Die beslissing van *Goodbrand* het die beslissing in 'n Special Commissioners Hearing in *Poseidon Inc v Inspector of Taxes [1996] STC (SCD) 273* verwerp. In hierdie aanhoor is die beginsel van *Bentley v Pike* nie toegepas nie. Dit is bevind dat valutaverliese op 'n vergoeding vir 'n belasbare bate wat in paaiemente ontvang word, aftrekbaar is as onverhaalbare vergoeding ingevolge TCGA 1992. (In *Southern & PWC*, 2007:24, 331, 334; *Walton & Flint*, 2007:948.)

In die 1980's en vroeë 1990's was daar herhaalde oproepe vanuit die geledere van betrokke groepe dat ernstige aandag gegee moet word aan die ontwerp van nuwe wetgewing oor valutatransaksies. In 'n verslag van die sogenaamde The Group of Nine (nege verskillende Britse instellings) aan die Financial Secretary to the Treasury oor voorstelle vir veranderinge aan die destydse geldende wetgewing, eis die groep in 1987

*“urgent action...to deal with the serious anomaly that capital gains and losses on foreign currency borrowing are neither taxed nor relieved”* (in *Southern & PWC*, 2007:331).

Hierdie pleidooi kom in dieselfde tyd as die saak van *Beauchamp (HM Inspector of Taxes) v F W Woolworth plc (1989) STC 510, 61 TC 542* waarvan die beslissings wipplank gery het tot met die finale uitspraak van die House of Lords in 1989. Die Britse maatskappy moes as filiaal van 'n Amerikaanse maatskappy ingevolge die valutaregulasies wat toe van krag was, 'n gedeelte van sy leningsfinansiering in die buiteland bekom en vir 'n minimum van vyf jaar hou. Die twee lenings in Switserse frank is omgeruil vir sterling, aangewend vir die algemene besigheidsdoeleindes van die maatskappy en is uit algemene fondse terugbetaal. Die maatskappy wou die valutaverlies op die lenings eis as

belastingaftrekbaar omdat die lenings gebruik is vir korttermyn kontantvloei-verpligtinge weens die uitbreiding van die besigheid. Die finale beslissing teen die belastingpligtige het berus op die onderskeid van kapitaal en inkomste. Die twee lenings was van 'n vaste bedrag vir 'n vasgestelde tyd van meer as een jaar en daarom kapitaal van aard. Die valutaverskille was “*nothings*” - valutaverliese verkry geen belastingverligting nie en valutawinste is belastingvry. Tydens die saak het een van die Lordships opgemerk dat die wet onredelik is en dringend gewysig moet word. (In Southern & PWC, 2007:332-333.)

Twee konsultasiedokumente van die Inland Revenue het in 1989 en 1991 gevolg. In opvolging van die reaksie hierop het die Inland Revenue in 'n persvystelling in 1992 die vaste voorneme uitgespreek om nuwe wetgewing voor te berei. 'n Raamwerk is gegee van wat dit sou behels (Southern & PWC, 2007:333). In 1993 is die langverwagte wetgewing deurgevoer en vervat in FA 1993 onder die titels *Corporation Tax: Currency* (sect. 92-96) en *Exchange Gains and Losses* (sect. 125-170). Dit het in 1995 in werking getree. Met die herroeping van FA 1993 het die bepalings in FA 1996 en FA 2002 met hul talle wysigings die huidige geldende wetgewing geword.

Die sakereg is gebaseer op vroeëre wetgewing. Die huidige bepalings is nog nie in die howe getoets nie, behalwe die saak van *Goodbrand* wat gevolg het op FA 1993. Die bespreking hierna fokus gevolglik op die wetsbepalings self, skrywers se uiteensetting daarvan en riglyne van die HMRC (Department of Inland Revenue).

### **3.3 BELASTINGWETGEWING SEDERT FINANCE ACT 1993**

Belastingwetgewing in die 1990's het al meer die rekeningkundige hantering aangeneem as die bepalings wat vir belastingdoeleindes moet geld. As voorbeeld hiervan is die FA 1993 wat die belastingbepalings vir buitelandse valutawinste en -verliese in lyn gebring het met die rekeningkundige hantering (Jones, 2007:84). Twee ander belangrike belastingkodes was die FA 1994 oor finansiële instrumente en die FA 1996 oor leningsverhoudings. Hierdie drie kodes het 'n omwenteling in die VK se belastingwetgewing ten opsigte van skuld en afgeleide kontrakte teweeggebring, aangesien dit weggedoen het met die hoeksteen om kapitaal en inkomste te skei. Dit het die neiging aan die gang gesit om die belastinggevolge al nouer met die winssyfer in die maatskappy se finansiële state te verbind (Department of Inland Revenue, 2000:1).

In die FA 2002 (sect. 79(1)) is wysigings aangebring wat die wetgewing oor buitelandse valutatransaksies in FA 1993 (sect. 125-170) herroep het, met effek vanaf 1 Oktober 2002. Die nuwe wetgewing is opgeneem in die wetgewing oor finansiële instrumente en leningsverhoudings (vgl. die ontwerp in Department of Inland Revenue, 2001b:1-2). Dit is van toepassing gemaak op alle maatskappye wat onderhewig is aan korporatiewe belasting. Die enigste bepalings van FA 1993 wat nog gegeld het na die FA 2002-wysigings, was die gewysigde Sections 92-94AB wat handel oor die omskakelingsreëls.

Die herroeping van die 1993-wetgewing in 2002 het die volgende teweeggebring (Department of Inland Revenue, 2001b:3-4). Paring (*matching*) is voortaan verpligtend (*non-elective*) in navolging van UK GAAP (SSAP 20) (kyk 3.4). Ander hanterings van die 1993-wetgewing wat verval het, is die uitstelverligting op sekere valutaverskille en die sogenaamde “*nothings*” waarvolgens geen valutaverskille in berekening gebring is vir belastingdoeleindes nie (Department of Inland Revenue, 2001a:5-6).

Die bedoeling met die nuwe regime wat vanaf 2002 geld, is dat belasbare wins naby aan die rekeningkundige wins moet wees met weinig afwykings van UK GAAP (Department of Inland Revenue, 2000:3). Valutaverskille word voortaan grootliks binne die regimes van leningsverhoudings en finansiële instrumente hanteer (kyk 3.6, 3.7 en 3.8).

In die FA 2004 is die wetgewing gewysig in navolging van die hersiene finansiële verslagdoeningstandaard oor buitelandse wisselkoerse in die VK, Financial Reporting Standard 23 (FRS 23). Hierdie standaard is gebaseer op IAS 21 (kyk hf. 2 en 3.9) en is sedert 1 Januarie 2005 verpligtend vir alle genoteerde maatskappye. Na die wysigings van FA 2004 (Sch. 10 par. 77) wat die aanvaarding van IFRS vir doeleindes van VK-belasting bepaal, is die enigste oorblywende bepalings van FA 1993 die nuut gewysigde Sections 92-92E.

Die aanvaarding van IFRS as rekeningkundige standaarde in die VK vir genoteerde maatskappye het 'n verandering aan die belastingwetgewing vir valutaverskille genoodsaak. Nuwe rekeningkundige begrippe, kategorieë en kriteria om te bepaal wat in wins of verlies en wat in ekwiteit (reserwes) erken word, word gevolg in die belastingwysigings van F(No. 2)A 2005 en in die Statutory Instruments. Onder andere is die vroeëre paringsbegrip hierin vervang met die regulasies oor verontagsamings

(*disregard regulations*). Verder reguleer dit die belastinghantering van valutaverskille waar billikewaarde-rekeningkunde toegepas word (Southern & PWC, 2007:340-341). Die veranderinge in rekeningkunde het ook gelei tot verandering aan die omskakelingsreëls in FA 1993 (sect. 92-92E) soos bespreek in 3.5.

### 3.4 DIE PARING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPFLIGTINGE MET BUITELANDSE BATES

'n VK-maatskappy kan buitelandse bates, byvoorbeeld 'n aandelebelegging in 'n buitelandse filiaal, verskans teen die risiko van wisselkoersskommelings wat daartoe kan lei dat die batesyfer op sy balansstaat verminder (Southern & PWC, 2007:371). Die metode van verskansing kan deur middel van 'n buitelandse valutaverploffing wees. Die valutaverskil op die bate word verskans deur 'n gelyke en teenoorgestelde valutaverskil op die las wat teen mekaar in reserwes verreken is. Hierdie hantering staan as paring (*matching*) bekend. Voor die 1993-wetgewing is beide valutaverskille geïgnoreer vir belastingdoeleindes, die sogenaamde "*nothings*". Indien die maatskappy egter die belegging verkoop, moet enige valutaverskil oor die tydperk van eienaarskap ingesluit word in die belasbare kapitaalwins (*Bentley v Pike*). Met die 1993-wetgewing is die valutaverskil op die buitelandse lening vir belasting in berekening gebring, ongeag of dit in wins of verlies, of in reserwes erken is. Die valutaverskil op die bate word steeds eers met vervreemding in ag geneem. Om hierdie oneweredige hantering in belasting en tussen rekeningkunde en belasting te oorkom, is in die 1993-wetgewing voorsiening gemaak vir 'n "paringskeuse" (*matching election*) (die sogenaamde *matching regulations*: SI 1994 no. 3227). Valutaverskille op die gepaarde verploffing is onder sekere voorwaardes nie op die toevallingsbasis met omskakeling belas nie, maar is uitgestel tot met vervreemding van die gepaste bate. Die valutaverskil is erken as 'n kapitaalwins of -verlies en het die gelyke en teenoorgestelde kapitaalwins of -verlies op die bate gekanselleer. (Southern & PWC, 2007:371-372.)

Met die herroeping van die 1993-wetgewing in 2002 is paring voortaan verploffend (*non-elective*) in navolging van UK GAAP (SSAP 20) (Department of Inland Revenue, 2001b:3-4). Dit beteken dat die netto valutaverskille op enige gepaarde verploffing, insluitend valutakontrakte, wat na reserwes geneem word ingevolge GAAP, verontagsaam (uitgestel) word tot die ooreenstemmende bate vervreem word (t.o.v afgeleide kontrakte, vgl.

FA 2002 Sch. 26 par. 16(3)). Die Regering se doel hiermee is dat nabelaste verskansing so effektief as moontlik moet wees. Die paring is ook uitgebrei na bates wat leningsverhoudings verteenwoordig en waarvan die valutaverskille na reserwes geneem is en teen valutaverskille van verpligtinge verreken is ingevolge GAAP (FA 1996 sect. 84A(3)). Soortgelyk word valutaverskille op sekere leningsverhoudingsbates wat beskou word as 'n "permanent-soos-ekwiteitlening" en ingevolge GAAP na reserwes geneem word, uitgestel asof dit 'n gepaarde bate is. In hierdie geval word dit verontagsaam al is daar nie 'n gepaarde verpligting nie (Southern & PWC, 2007:373).

Met vervreemding van 'n gepaarde bate word die uitgestelde valutaverskille teruggebring vir belastingdoeleindes volgens bepaalde reëls (die sogenaamde *bringing into account gains or losses (BAGL) regulations*: SI 2002 no. 1970 reg. 4, SI 2004 no. 3259 en SI 2005 no. 2013) (Department of Inland Revenue, 2001b:4). Waar 'n bate binne belasbare kapitaalwins sorteer, word die uitgestelde valutaverskil op die gepaarde verpligting ook hieronder ingebring. Die gepaarde valutaverskille op 'n netto belegging in 'n tak word nie belas nie, aangesien dit 'n buitelandse besigheidsbate is (kyk 3.6.5). Waar die wins of verlies op vervreemding van 'n substansiële aandeelhouding (soos omskryf; vgl. Walton & Flint, 2007:825e.v.) vrygestel is van kapitaalwins, is die valutaverskil op die gepaarde verpligting ook vrygestel (TCGA 1992 Sch. 7AC par. 39). 'n Permanente verskil met die rekeningkundige rekords ontstaan (Southern & PWC, 2007:374). Waar die bate 'n leningsverhouding of 'n kapitaaltoelae-bate soos 'n skip of vliegtuig is, word die gepaarde valutaverskille as 'n leningsverhoudingdebiet of -krediet belas (SI 2002 no. 1970 reg. 6).

Die Tesourie in die VK het ingevolge FA 1996 en FA 2002 (Sch. 26 par. 3) die bevoegdheid om verskansing volgens die vervangde UK GAAP toe te pas vir belastingdoeleindes. Die sogenaamde *disregard regulations* is ingevolge Statutory Instruments uitgereik in 2004 tot 2006 en het effek vanaf 1 Januarie 2005 om die nuwe situasie onder IFRS aan te spreek. By die omskrywing van die regulasies se begrippe is sommige soortgelyk aan die begripsdefinisies in IFRS. Ander omskrywings behou die begrippe van die wetgewing oor leningsverhoudings en afgeleide kontrakte wat die noue verband tussen die rekeningkundige en die belastinghantering beklemtoon (die omskrywings kom voor in SI 2004 no. 3256 reg. 2).

Die *disregard regulations* (soos gewysig deur opvolgende SI's) het ten doel dat

maatskappye dieselfde belastinghantering ontvang op transaksies ingevolge IFRS as wat die geval was onder die vorige rekeningkundige standaard (Southern & PWC, 2007:381). Volgens die verontagsamingsregulasies word die ou paringsbeginsels volgens SSAP 20 toegelaat. Hierdie verontagsaming is 'n afwyking van die huidige beginsel van *tax follows the accounts*. SSAP 20 gee die opsie om die valutaverskille van 'n niesterlinglening of 'n billikewaardeskans wat aangegaan is om die verkryging van 'n buitelandse ekwiteitsbelegging te finansier of te verskans, na reserwes te neem. So vind paring plaas met die gedekte item, die belegging, waarvan die valutaverskille met omskakeling na reserwes geneem word.

Die huidige FRS 26 laat die skans van 'n netto belegging slegs toe in gekonsolideerde state waar die valutaverskille in ekwiteit erken word (vgl. hf. 2.5 en 2.6). In die moedermaatskappy se afsonderlike state word die valutaverskille op so 'n lening asook die billikewaarde-valutaveranderinge van 'n termynkontrak na wins of verlies geneem, terwyl die valutaverskille op die omskakeling van die aandelebelegging in ekwiteit erken word. Aangesien net die valutaverskille op die belegging in ekwiteit verantwoord word en nie die valutaverskille op die lening of afgeleide instrument ook nie, kan die valutaverskille nie teen mekaar in ekwiteit verreken word nie. Dit beteken dat dit nie voldoen aan die vereistes van die bepalings in FA 1996 (sect. 84A(3)) en FA 2002 (Sch. 26 par. 16(3)) nie wat gebaseer is op SSAP 20 (CFM9402). Valutaverskille op 'n leningsverhouding of afgeleide kontrak word naamlik nie in berekening gebring as dit in ekwiteit erken word nie.

Die toepassing van IFRS gee aanleiding tot 'n oneweredige belastingposisie, aangesien die valutaverskille op 'n leningsverhouding jaarliks belas word en dié op 'n aandelebelegging as 'n kapitaalwinst slegs wanneer die bate verkoop word indien dit nie vrygestel is as 'n substansiële aandeelhouding nie (CFM9402). Die wetgewing is gevolglik gewysig waarin aan die Tesourie die bevoegdheid gegee word om regulasies uit te reik wat bepaal dat valutaverskille soos deur die Tesourie vasgestel nie in berekening gebring word nie (FA 1996 sect. 84A(3A) en FA 2002 Sch. 26 par. 16(3A)). Die *disregard regulations* is uitgereik om die probleem onder IFRS uit te skakel deur te bepaal dat paring wel plaasvind waar 'n leningsverhouding (reg. 3) of 'n afgeleide kontrak (reg. 4) aandele, skepe of vliegtuie verskans, soos wat dit toegelaat is onder SSAP 20. (Southern & PWC, 2007:381-383.)



Verontagsaming geld ook vir 'n kontantvloeienskans van 'n voorspelde transaksie sodat die valutaverskille op die niebestaande debiteur of krediteur buite rekening gelaat word (reg. 7, 8). Die verontagsaamde bedrae word by belasting in berekening gebring wanneer die onderliggende bate vervreem word (reg. 10). Die verandering in billike waarde van veral valutatermykontrakte wat rekeningkundig erken word in inkomste, word vir belastingdoeleindes verontagsaam. Wanneer die kontrak verval of vervreem word, word dit weer in berekening gebring. Dieselfde hantering geld vir rentekoerskontrakte (reg. 9). (Southern & PWC, 2007:380-388; Hyland & Walton, 2007:552-557.)

### **3.5 DIE VERBAND VAN BUITELANDSE VALUTATRANSAKSIES MET LENINGS- VERHOUDINGS EN FINANSIËLE INSTRUMENTE**

Die drie stelle wetgewings vir buitelandse valutatransaksies (FA 1993), finansiële instrumente (FA 1994) en leningsverhoudings (FA 1996) is beskryf as

*“three systems with a common theme but which also differ from each other in numerous ways...”* (Department of Inland Revenue, 2000:24).

Die Department of Inland Revenue het in 2000 gevolglik oorweging geskenk waarom die drie kodes nie langer in afsonderlike wetgewing moet bestaan nie, maar gekonsolideer behoort te word ter wille van vereenvoudiging en 'n vermindering in die nakomingslas van alle betrokkenes. Die verskillende praktiese belastinghanterings van al drie ten spyte, is sommige van die redes wat die deurslag gegee het vir die uiteindelijke nuwe wetgewing, soos volg:

- Die oorvleueling van die onderwerp, naamlik die belasting van geldelike skulde en valutakontrakte wat valutaverskille kan insluit.
- By al drie word die basiese belastingbeginsels gebaseer op rekeningkundige beginsels soos toegepas in die rekords van 'n maatskappy.
- By al drie word ongerealiseerde winste en verliese in berekening gebring.
- By al drie word onderskeid gemaak tussen bedryfs- en niebedryfstransaksies.
- By al drie word geen onderskeid gemaak tussen kapitaal en inkomste-items nie.

Die eiesoortigheid van leningsverhoudings en finansiële instrumente het dit 'n minder aantreklike opsie gemaak om die drie stelle wetgewings in een regime saam te vat. (Department of Inland Revenue, 2000:24-31.) 'n Konsultasiedokument het die voorstelle

uiteengesit vir die assimilasië in nuwe wetgewing van buitelandse valutawinste en -verliese in die belastingkodes van leningsverhoudings en finansiële instrumente (Department of Inland Revenue, 2001a:1-20). Die proses en resultaat moet onder andere die volgende behels:

- die herroeping van die vorige reëls in FA 1993 en die invoeging van nuwe reëls vir die omskakeling van buitelandse valuta na sterling,
- die hantering van valutaverskille op valutakontrakte binne die wetgewing oor finansiële instrumente en dié op skulde binne die wetgewing oor leningsverhoudings,
- die uitbreiding van die omvang van finansiële instrumente en
- om die wetgewing oor leningsverhoudings en finansiële instrumente meer in lyn met mekaar te bring.

Sedert 2002 word valutaverskille nie meer in 'n aparte wetskode behandel nie. Die reëls daarvoor is in 2002 opgeneem in leningsverhoudings (FA 1996) en afgeleide kontrakte (*derivative contracts* – FA 2002 Sch. 26-28). Die winste of verliese wat uit hierdie twee wetskodes ontstaan, is inkomste-items en word óf as bedryfsinkomste óf as niebedryfsinkomste geklassifiseer. Eersgenoemde word belas of is aftrekbaar onder Schedule D, Case I-winste of verliese, en laasgenoemde onder Schedule D, Case III(a) (Southern & PWC, 2007:44).

Die belastingwetgewing in die VK volg die benadering dat veranderinge in die waarde van skuld (leningsverhoudings) en skuldverwante instrumente (afgeleide kontrakte soos valutatermykontrakte) wat in die finansiële state erken word, as belasbare inkomste of as belastingaftrekbare onkoste hanteer word. Dit word as monetêre bates beskou. Veranderinge in die waarde van ekwiteitsaandele sorteer onder kapitaalwinsbelasting, aangesien dit as niemonetêre bates beskou word (Southern & PWC, 2007:39-40).

Kapitaalwinsbepalings geld wanneer nie een van die twee kodes geld nie. Voorbeelde hiervan is buitelandse valuta-ekwiteit wat nie op handelsrekening gehou word nie, aandelebeleggings wat aangedui is in buitelandse valuta en valuta-eenhede (Southern & PWC, 2007:46).

### 3.6 BUITELANDSE VALUTAREKENINGKUNDE INGEVOLGE FINANCE ACT 1993

Die basiese reël ten opsigte van buitelandse valutarekeningkunde is dat vir doeleindes van korporatiewe belasting die winste van 'n maatskappy vir 'n rekeningkundige tydperk bereken en uitgedruk moet word in sterling (sect. 92). Die toepassing van die basiese reël op winste word uitgebrei met bepalings vir omstandighede waar die funksionele en aanbiedingsgeldeenheid verskil of in 'n ander geldeenheid as sterling is (sect. 92A-92C). Hierdie toepassing verwys net na “sekere winste of verliese” wat bereken word ingevolge IFRS vir doeleindes van korporatiewe belasting. In hierdie gevalle is die IFRS-gebaseerde bepalings handelswinste (FA 1998 sect. 42(1)), winste uit leningsverhoudings (FA 1996 sect. 85A), afgeleide kontrakte (FA 2002 Sch. 26 par. 17A) en ontasbare bates, en bestuursuitgawes. Kapitaalwinste val onder die basiese reël en word in sterling bereken (CFM10557; kyk 3.6.7).

Die begrip “funksionele geldeenheid” waarna verwys word, is die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die maatskappy besigheid bedryf en stem ooreen met die begrip in IFRS (kyk 2.5). Dit vervang die begrip “plaaslike geldeenheid” wat in FA 1993 tot FA 2002 gebruik is in navolging van SSAP 20. Anders as SSAP 20 laat IFRS 23 (IAS 21) toe dat verslagdoening in 'n ander geldeenheid as die plaaslike (of funksionele) geldeenheid aangebied word. Die begrip *accounts* verwys na die jaarlikse verslagdoening soos vereis deur die Companies Act 1985. (Sect. 92E.) *Accounts* word vertaal met “verslagdoening” of “aanbiedingsgeldeenheid”, want dit is die *presentation currency* van IFRS. Dit word egter nie so in die wetgewing gebruik nie. Wat ookal die aanbiedingsgeldeenheid is, die algemene reël is dat die winste of verliese van korporatiewe belasting bereken moet word met verwysing na die funksionele geldeenheid (CFM10560). Die volgende paragrafe bespreek eerstens die basiese reël en daarna die verdere bepalings. Daar word ook kortliks gekyk na bepalings oor beheerde buitelandse maatskappye en kapitaalwins.

#### 3.6.1 Maatskappy met sterling as funksionele en aanbiedingsgeldeenheid

Die basiese reël vereis dat die winste (*profits*), dit wil sê die winste of verliese van 'n maatskappy vir 'n rekeningkundige tydperk, in sterling bereken en uitgedruk word (sect. 92). Dit sluit alle items van belasbare inkomste en kapitaalwins in (CFM10557). 'n

Maatskappy wat buitelandse valutatransaksies aangaan en bates en laste besit wat in buitelandse valuta aangedui word, sal met omskakeling van hierdie bedrae valutaverskille in sy rekords toon. Die maatskappy kan dit as deel van sy eie besigheid doen of deur 'n tak of permanente saak in die buiteland (kyk 3.6.5).

Die normale handelswinste en verliese word ingevolge IFRS bereken en sluit bedrae uit wat in ekwiteit erken word. Spesiale reëls geld vir leningsverhoudings (3.7) en afgeleide kontrakte (3.8). Waar krediete of debiete hierop ontstaan en waar dit vir bedryfsdoeleindes aangegaan is, word dit ingereken by bedryfswins of verlies. Indien enige valutaverskille op 'n leningsverhouding of afgeleide kontrak na ekwiteit geneem word, word dit verontagsaam. Valutaverskille wat ingevolge die *disregard regulations* verontagsaam word (3.5), byvoorbeeld op 'n verskansing van 'n buitelandse aandelebelegging met 'n buitelandse lening of valutakontrak, kom eers in berekening met vervreemding van die belegging. Dit beteken dat slegs valutaverskille wat na wins of verlies geneem is vir belastingdoeleindes erken word (Southern & PWC, 2007:350-351).

### **3.6.2 Maatskappy met 'n funksionele geldeenheid in sterling en verslagdoening in 'n ander geldeenheid**

'n Maatskappy wat 'n VK-inwoner is, beoefen sy bedryf in sterling en doen verslag in 'n ander geldeenheid ingevolge IFRS. Sterling word in die verslagdoening aangedui as die funksionele geldeenheid. Sterling moet gebruik word om die winste en verliese vir korporatiewe belastingdoeleindes te bereken volgens FRS 23 asof sterling die aanbiedingsgeldeenheid is (sect. 92A). Die belastingreëls ignoreer dus die verslagdoening en vereis dat die wins of verlies met verwysing na sterling volgens IFRS bereken word (CFM10565).

Met die omskakeling uit die funksionele geldeenheid, sterling, na die buitelandse geldeenheid waarin verslag gedoen word, word enige valutaverskille in ekwiteit erken. Die valutaverskille het nie met die sterlingwinste of -verliese te make nie en word buite rekening gelaat vir korporatiewe belasting (Southern & PWC, 2007:352). Die sterlingwinste of -verliese wat vir belasting in berekening kom, sluit enige valutaverskille in wat ontstaan het op transaksies, bates of laste wat in die ander geldeenheid aangedui is (CFM10565). Die verskille is deel van die normale bedrywighele en word in sterling gemeet.

### **3.6.3 Maatskappy met 'n buitelandse funksionele geldeenheid en verslagdoening in 'n ander geldeenheid**

'n Maatskappy wat 'n VK-inwoner is, beoefen sy bedryf in 'n geldeenheid anders as sterling en doen verslag in 'n ander geldeenheid ingevolge FRS 23. Die geldeenheid anders as sterling is aangedui as die funksionele geldeenheid. Sterling moet gebruik word om die wins of verlies vir korporatiewe belastingdoeleindes te bereken volgens IFRS. Die wins of verlies word in die funksionele geldeenheid bereken asof dit die geldeenheid van aanbidding is. Hierdie wins of verlies moet vervolgens in sterlingekwivalent uitgedruk word (sect. 92B). Die koers waarteen die winsbedrag na sy sterlingekwivalent omgeskakel word, is die toepaslike wisselkoers, naamlik die gemiddelde wisselkoers vir die rekeningkundige tydperk, of die toepaslike sigkoers vir die betrokke transaksie (sect. 92D). Hierdie bepaling oor die omskakelingskoers stem ooreen met FRS 23.

Die omskakeling van winste of verliese uit die funksionele na die aanbiddingsgeldeenheid veroorsaak valutaverskille wat in ekwiteit erken word. Hierdie verskille word geïgnoreer wanneer die wins bereken word in die funksionele geldeenheid, omdat die belastingberekening gebaseer word op geagte funksionele verslagdoening waarin daardie valutaverskille nie voorkom nie (CFM10565).

Die bepaling is ook van toepassing waar 'n maatskappy met 'n buitelandse funksionele geldeenheid sy aanbiddingsgeldeenheid in sterling het. Met die omskakeling uit die funksionele geldeenheid na sterling word die valutaverskille ingevolge FRS 23 in ekwiteit erken. Hierdie valutaverskille sou weer eens nie ontstaan het as die verslagdoening in die funksionele geldeenheid aangebied is nie. Gevolglik word die valutaverskille soos in die vorige paragraaf vir belastingdoeleindes buite rekening gelaat. Die belastingberekening word dus gebaseer op die sterlingverslagdoening, maar ignoreer die valutaverskille wat in ekwiteit erken is (Southern & PWC, 2007:355).

### **3.6.4 Maatskappy met verslagdoening in 'n buitelandse geldeenheid**

'n Maatskappy wat 'n VK-inwoner is, doen verslag in 'n geldeenheid anders as sterling, maar nie een van die bogenoemde situasies (sect. 92A-92B) is van toepassing nie. Sterling moet gebruik word om die wins of verlies vir korporatiewe belastingdoeleindes te

bereken volgens IFRS. Die wins of verlies word bereken in die aanbiedingsgeldeenheid en word vervolgens in sterlingekwivalent uitgedruk (sect. 92C(1)). Hierdie bepaling geld ook vir 'n nie-inwoner maatskappy wat vir 'n rekeningkundige tydperk verslag doen (*i.e.*, *return of accounts* vir belastingdoeleindes) in 'n geldeenheid anders as sterling (sect. 92C(2), 92E(2)).

Die omskakelingkoers van 'n bedrag na sy sterlingekwivalent of na sy ekwivalent wat uitgedruk word in die funksionele of aanbiedingsgeldeenheid (kyk hieronder), is volgens die gemiddelde wisselkoers of toepaslike sigkoers (3.6.3; sect. 92D). Dit is waarskynlik dat die gemiddelde koers die toepaslike koers sal wees vir die omskakeling van winste of verliese op leningsverhoudings en afgeleide kontrakte wat deur die tydperk erken is, aangesien dit bydra tot die bedryfswinste of niebedryfswinste wat deur die tydperk erken is (Southern & PWC, 2007:353).

Die bepaling hanteer die geval waar die buitelandse aanbiedingsgeldeenheid dieselfde is as die funksionele geldeenheid, en ook van 'n permanente saak in die VK van 'n nie-inwoner (CFM10570). Indien die permanente saak in sterling verslag doen, geld die bepaling van Section 92 (CFM10575).

Die aanname by die toepassing van hierdie bepaling is dat enige sterlingbedrag wat genoem word in die korporatiewe belastingwetgewings, die ekwivalent is vir die bedrag wat in die aanbiedingsgeldeenheid uitgedruk word (sect. 92C(4)). Dit beteken dat die kapitaaltoelaes in daardie buitelandse geldeenheid bereken en afgetrek word vir korporatiewe belastingdoeleindes. Indien daar 'n monetêre perk op 'n kapitaaltoelae is, byvoorbeeld die £12 000 op luukse motors, word daardie sterlingbedrag teen die sigkoers op die dag van verkryging van die bate omgeskakel (CFM10580).

Die wins of verlies in die buitelandse geldeenheid word verminder met die berekende kapitaaltoelaes en aansuiwerings. Die resultaat word in sterling omgeskakel. Die winste of verliese word volgens IFRS bereken en sluit dus in wins of verlies uit bedryfsaktiwiteite, verhurings, leningsverhoudings, afgeleide kontrakte en ontasbare vaste bates. Dit sluit kapitaalwinst en buitelandse dividende uit wat in sterling bereken word (CFM10570).

Die bepaling van Section 92C gee nie leiding oor die hantering van 'n permanente saak in

die buiteland van 'n VK-inwoner waarvan die verslagdoeningsgeldeenheid verskil van die geldeenheid van die inwonermaatskappy nie (kyk 3.6.5; Southern & PWC, 2007:349).

#### Voorbeeld

'n VK-maatskappy se bedryf is in die VK met euro as funksionele en aanbiedingsgeldeenheid. Dit hou rekords van takke wat in ander geldeenhede sake doen, naamlik dollar en jen. Die resultate van hierdie takke word in euro omgeskakel volgens FRS 23 en teen die wisselkoers volgens Section 92D. Die kapitaaltoelaes en nie-aftrekbare aansuiwerings word ingereken by die vasstelling van hierdie resultate. Die totale belasbare wins in euro word bereken en na sterling omgeskakel teen die toepaslike wisselkoers. (Voorbeeld in CFM10575 aangepas.)

'n Oorgangsbepaling reël die omskakeling ten opsigte van enige bedryfsverliese, verliese uit 'n buitelandse eiendomsbesigheid, bestuursuitgawes of nie-bedryfstekorte op leningsverhoudings wat oorgedra word na 'n volgende rekeningkundige tydperk wat op of na 1 Januarie 2005 begin. Die bedrae word omgeskakel na sterling teen die Londense sluitingskoers vir die laaste dag van die vorige rekeningkundige tydperk (FA 2005 Sch. 4 par. 51). Die sterlingverliese kan van toekomstige winste afgetrek word (CFM10585).

### **3.6.5 Permanente saak in die buiteland van 'n inwonermaatskappy**

'n Buitelandse permanente saak van 'n VK-inwoner is 'n permanente saak (vroeër 'n tak of agentskap) waardeur die inwoner 'n bedryf beoefen in 'n gebied buite die VK. Dit het die betekenis volgens die dubbelbelastingooreenkoms met daardie buitelandse gebied of volgens FA 2003 (sect. 148) wat die omskrywing van die OECD Model Convention getrou volg (kyk hf. 2). Artikel 7(2) van die OECD Model Convention skryf aan daardie die inkomste toe wat dit na verwagting sou maak as 'n "*distinct and separate enterprise*" onafhanklik van die inwonermaatskappy. Die buitelandse inkomste of winste van 'n permanente saak in die buiteland word in die VK belas.

Die huidige FA 1993 (sect. 92-92E) bevat nie meer uitdruklike bepalings ten opsigte van 'n buitelandse permanente saak van 'n VK-inwonermaatskappy nie. Voorheen het FA 1993 bepalings gehad wat gegeld het vir die omskakeling na sterling in hierdie omstandighede (die vorige sect. 93A). Hierdie reël het normale rekeningkundige prosedures gevolg en dit

in wetgewing vasgelê om verwarring te voorkom. Die insluiting in die inwonermaatskappy se rekords geskied deur die buitelandse bedrae na sterling om te skakel volgens die sluitingskoers/netto beleggingsmetode. (CFM10575.)

Ingevolge FRS 23 word die resultate van 'n alleenstaande tak wat onafhanklik van die VK-inwoner 'n bedryf beoefen in 'n buitelandse (die funksionele) geldeenheid, na die aanbiedingsgeldeenheid van die inwonermaatskappy omgeskakel teen die gemiddelde of sigkoers. Die balansstaat word omgeskakel teen die sluitingskoers. Enige valutaverskille word na ekwiteit geneem, maar vir belastingdoeleindes verontagsaam ingevolge FA 1996 (sect. 84A(3)(b), (8)-(10)) (CFM10575).

Ingevolge FRS 23 is daar ten opsigte van 'n tak wat in so 'n mate afhanklik van die VK-inwoner is dat sterling die funksionele geldeenheid is, geen onderskeid met die res van die maatskappy se bedrywighede nie. Valutaverskille op transaksies sal op normale wyse ontstaan met omskakeling en ingesluit word by die resultate van die tak. Valutaverskille op omskakeling vir opname in die state van die inwonermaatskappy wat na ekwiteit geneem word, word nie ingesluit vir belastingdoeleindes nie (Southern & PWC, 2007:360).

Die wins of verlies van 'n buitelandse tak moet vir korporatiewe belastingdoeleindes volgens Section 92 bereken word. Die bedrae word volgens IFRS bereken wat beteken die wins of verlies uit bedryfsaktiwiteite, leningsverhoudings en afgeleide kontrakte word vir belastingdoeleindes in ag geneem. Bedrae wat na ekwiteit geneem is, word geïgnoreer. Dit sluit in enige valutaverskille met omskakeling van die tak se resultate na sterling vir konsolidasie met (afsonderlike opname in) die maatskappy se rekords. Die metode kom dus ooreen met Section 92B. (Southern & PWC, 2007:359-360.)

Valutaverskille op leningsverhoudings of afgeleide kontrakte wat na ekwiteit geneem word, word verontagsaam (FA 1996 sect. 84A(3), FA 2002 Sch. 26 par. 16(3); vgl. 3.6 en 3.7). So 'n valutaverskil ontstaan onder andere wanneer die wins of verlies van 'n gedeelte van 'n maatskappy omgeskakel word vanuit een geldeenheid na 'n ander geldeenheid. Dit sluit die valutaverskille in ten opsigte van leningsverhoudings en afgeleide kontrakte wat ontstaan met die konsolidasie van die tak in die maatskappy se rekords. Konsekwent met die bepalings in Sections 92B-92C word die valutaverskille nie vir belasting in berekening gebring nie (Southern & PWC, 2007:361).



Valutaverskille op gepaarde laste en bates wat verontagsaam word, word normaalweg teruggebring vir belastingdoeleindes met vervreemding van die bate, behalwe as dit 'n buitelandse besigheidsbate is wat aan 'n tak behoort (SI 2002 no. 1970 reg. 4; SI 2004 no. 3259 reg. 2). 'n Tak wat 'n aandelebelegging hou in 'n ander buitelandse geldeenheid en wat verskans is met 'n leningsverhouding of afgeleide kontrak, erken die valutaverskille hierop in ekwiteit. Die belegging geld ook as 'n buitelandse besigheidsbate en geen valutaverskille word vir belasting erken nie. Dieselfde geld vir die verskansing van die netto belegging in die tak self, aangesien dit ook 'n buitelandse besigheidsbate is. Waar die bate wat vervreem word egter 'n leningsverhouding verteenwoordig waarop valutaverskille met omskakeling van die tak in ekwiteit erken is, word die verskille wel in berekening gebring vir belastingdoeleindes as krediete of debiete op die leningsverhouding (SI 2002 no. 1970 reg. 13). Hierdie teenstrydige hantering geskied selfs ten spyte van enige valutaverskille op laste van die tak wat permanent verontagsaam word. (Southern & PWC, 2007:361-363.)

Waar 'n maatskappy se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid in dieselfde buitelandse geldeenheid is en dit 'n buitelandse tak met 'n ander funksionele geldeenheid het, is die wyse waarop die tak se resultate en balansstaat met die maatskappy se rekords gekonsolideer word, soortgelyk aan die proses gereguleer in Section 92C (kyk voorbeeld in 3.6.4). Waar die maatskappy se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid verskillende buitelandse geldeenhede is, word die tak vir belastingdoeleindes in die funksionele geldeenheid gekonsolideer. Die belasbare wins word bereken in die funksionele geldeenheid asof dit die maatskappy se aanbiedingsgeldeenheid is (sect. 92B). Valutaverskille wat na ekwiteit geneem is met konsolidasie, word verontagsaam. (Southern & PWC, 2007:363-364.)

### **3.6.6 Beheerde buitelandse maatskappye**

Beheerde buitelandse maatskappye (*CFC's*) word gereguleer deur die bepalinge in ICTA 1988 (sect. 747-756; Sch. 24-26; vgl. bespreking in Hyland & Walton, 2007:400-430). 'n *CFC* is 'n nie-inwonermaatskappy wat deur VK-inwoners beheer word en wat aan 'n laer vlak van belasting onderworpe is in die gebied waarin dit 'n inwoner is. Dit word geag 'n inwoner te wees in die gebied waarin dit aanspreeklik is vir belasting regdeur 'n tydperk weens domisilie, inwoning of plek van bestuur. Die plaaslike belasting is minder as

75% van die ooreenstemmende VK-belasting op soortgelyke winste, uitgesluit kapitaalwinste. Maatskappye word hanteer as onderworpe aan 'n laer vlak van belasting waar die plaaslike belasting bepaal word ingevolge *designer rate tax provisions* wat maatskappye in staat stel om in groot mate beheer uit te oefen oor hul belastingaanspreeklikheid, byvoorbeeld in Guernsey en Jersey.

Die VK-beheermaatskappye moet die gedeelte van die *CFC* se wins, toegedeel volgens elk se relevante belang in die *CFC*, insluit by hul eie winste wat teen die korporatiewe belastingkoers belas word. Die belasbare wins van 'n *CFC* vir 'n tydperk is die totale wins (inkomste min aftrekbare uitgawes) belasbaar volgens korporatiewe belastingbepalings.

Sekere uitsonderings geld waar die belasbare wins van die *CFC* nie toegedeel en ingesluit word by die VK-inwoners se wins nie. Indien die *CFC* 'n *acceptable distribution policy (ADP)* het waarvolgens ten minste 90% van die belasbare wins aan die aandeelhouders uitgekeer word, hoef die wins nie by die VK-inwoners se wins ingesluit te word nie. Die bepaling van leningsverhoudings en afgeleide kontrakte word ook toegepas om te bepaal of die *ADP*-vlak bereik is. 'n Ander uitsondering is waar die *CFC* betrokke is by vrygestelde bedrywighede, maar slegs indien dit 'n besigheidsaak, soos omskryf, in daardie gebied het. Hierdie uitsondering is nie van toepassing in sekere gevalle nie, onder andere waar die hoofbesigheid van die besigheidsaak nie beleggings is nie, of waar minder as 50% van die bruto bedryfsontvangstes van verwante persone afkomstig is, of waar dit 'n plaaslike moedermaatskappy is waarvan 90% van die bruto inkomste direk van maatskappye afkomstig is wat dit in daardie gebied beheer en wat self by vrygestelde bedrywighede betrokke is. Nog 'n uitsondering is waar die belasbare winste vir die tydperk nie £50 000 oorskry nie. Die uitsondering geld ook nie waar 'n *CFC* die "motieftoets" slaag nie, naamlik waar enige vermindering in VK-belasting minimaal is en dit nie 'n hoofrede vir die *CFC* se bestaan is om winste weg te keer van die VK om nie daar belas te kan word nie.

'n *CFC* wat IFRS volg, moet ook FRS 23 toepas. Indien 'n *CFC* so afhanklik is van sy inwonermaatskappy dat sy funksionele geldeenheid dieselfde is as die inwonermaatskappy se sterlinggeldeenheid, kan valutaverskille ontstaan wat nie in die *CFC* se rekords in die buitelandse geldeenheid ter sprake is nie. Dit kan byvoorbeeld 'n buitelandse intermediêre moedermaatskappy wees met aansienlike monetêre items. Daarteenoor sal 'n selfstandige bedryf in die buiteland se funksionele en

aanbiedingsgeldeenheid waarskynlik dieselfde wees (Southern & PWC, 2007:366-367). Ingevolge vorige reëls (ICTA 1988 sect. 747A is herroep) moes die belasbare wins van 'n *CFC* bereken en uitgedruk word in die geldeenheid wat gebruik word in die verslagdoening vir die eerste relevante rekeningkundige tydperk waarin die wins toegedeel is. Die winsbedrag moes dan na sterling omgeskakel word teen die Londense sluitingskoers op die laaste dag van die rekeningkundige tydperk.

Die nuwe reëls vir buitelandse valuta (FA 1993 sect. 92-92E) is vanaf 1 Januarie 2005 van toepassing op die berekening en uitdrukking van 'n *CFC* se belasbare wins wat volgens IFRS bereken moet word. Enige een van die situasies in die spesiale reëls is moontlik. Ingevolge Section 92C moet die wins of verlies bereken word in die *CFC* se verslagdoeningsgeldeenheid en dan na sterling omgeskakel word teen die gepaste wisselkoers. Anders as die ander twee reëls is daar geen verwysing na IFRS (GAAP) in hierdie reël nie. Indien die *CFC* dus in 'n gebied val wat nie IFRS vereis of nie UK GAAP gebruik nie, skryf Section 92C voor dat die geldeenheid van verslagdoening gebruik moet word. Die probleem bly egter bestaan, naamlik dat valutaverskille op monetêre items met omskakeling na sterling kan ontstaan wat nie aanwesig is in die rekords van die *CFC* nie. (Southern & PWC, 2007:367-370.)

### **3.6.7 Kapitaalwinsbepalings**

Maatskappye wat VK-inwoners is en permanente sake in die VK van nie-inwonermaatskappye, is aanspreeklik vir korporatiewe belasting op hul kapitaalwinste. Die kapitaalwinste minus toelaatbare verliese word ingesluit by winste wat aan korporatiewe belasting onderworpe is (ICTA 1988 sect. 6(3); TCGA 1992 sect 2(1)). 'n Maatskappy wat 'n ander geldeenheid as sterling gebruik, stel sy wins of verlies vas ingevolge IFRS en pas vir belastingdoeleindes die bepaling toe van FA 1993 (sect. 92) soos hierbo uiteengesit. Die basiese reël is dat die kapitaalwinst van 'n maatskappy vir 'n rekeningkundige tydperk in sterling bereken en uitgedruk moet word. Belasbare kapitaalwinste en aftrekbare kapitaalverliese word egter nie volgens rekeningkundige beginsels bereken nie. Die omskakeling van sodanige winste en verliese na sterling volg die bepaling ingevolge TCGA 1992 (Walton & Flint, 2007:162, 194 e.v.).

Die algemene bepaling is dat die toelaatbare onkoste wat afgetrek kan word van die

vergoeding van 'n bate wat vervreem is, die bedrag of die waarde van die vergoeding is, in geld of in geldwaarde, wat volledig en uitsluitlik vir die verkryging van die bate gegee is. Hierby word gevoeg die bykomstige koste aangegaan om die bate te verkry en te vervreem (TCGA 1992 par. 38). Waar die koste of geagte koste in buitelandse valuta aangedui is, word dit omgeskakel na sterling teen die heersende wisselkoers op die datum van verkryging. Die vergoeding ontvang met die vervreemding word soortgelyk omgeskakel op die datum van vervreemding. Die kapitaalwins of -verlies word dan op die normale wyse bereken deur gebruik van die sterlingbedrae (CFM10595; vgl. 3.2 vir die sake van *Bentley v Pike* en *Whittles v Uniholdings Ltd*).

Verligting is beskikbaar vir 'n VK-inwonermaatskappy op 'n proporsionele gedeelte van die kapitaalwins wat ingereken is in die belasbare wins van 'n CFC. Die bepaling geld waar die VK-maatskappy aandele vervreem in die CFC of 'n ander maatskappy wie se aandele aanleiding gee tot die belang in die CFC. Die verligting word beperk indien, voor die vervreemding, 'n dividend betaal is uit die winste wat aan die VK-inwoner toegedeel moet word (ICTA 1988 Sch. 26 par. 3).

Waar 'n VK-inwonermaatskappy deur 'n permanente saak in die buiteland 'n bedryf beoefen en die geheel of gedeelte van die bedryf tesame met die bates oordra aan 'n nie-inwonermaatskappy in ruil vir ten minste 25% van die aandele in daardie maatskappy, kan 'n gedeelte van die netto belasbare kapitaalwins op die aandele uitgestel word. Die uitstel geld totdat die inwonermaatskappy daardie aandele vervreem of indien die nie-inwoner die bates vervreem binne ses jaar na die oordrag (TCGA 1992 sect. 140; Sch. 4 par. 5).

Die stelle spesiale korporatiewe belastingreëls wat beoog om IFRS toe te pas, waaronder leningsverhoudings en afgeleide kontrakte, is sedert 1 Oktober 2002 van toepassing en betrek valutaverskille binne hierdie bepalinge. Dit word vervolgens bespreek.

### **3.7 LENINGSVERHOUDINGS**

Die belastingbepalinge vir leningsverhoudings is ingestel met FA 1996 (sect. 80-105, Sch. 8-15) en wesenlik gewysig met FA 2002 (sect. 82, Sch. 25). Die taal van die wetgewing is verander met FA 2004 (sect. 52, Sch. 10) in navolging van IFRS, byvoorbeeld die verwysings na billikewaarde-rekeningkunde en geamortiseerde koste-

rekeningkunde (Hyland & Walton, 2007:769). Volgens IAS 39.47 en 56 is alle finansiële bates en laste wat nie geklassifiseer word as teen billike waarde deur wins of verlies nie, finansiële bates en laste wat teen geamortiseerde koste gedra word. In beginsel volg die bepalings van leningsverhoudings hierdie klassifiserings en berekeningswyses. Heelwat wysigings het ook gevolg in die FA's van 2005 en 2006. Die wetgewing is omvattend en gespesialiseerd. Die bespreking wat volg, gee 'n oorsig oor sekere van die basiese bepalings en die hantering van valutaverskille.

### 3.7.1 Omskrywing van 'n leningsverhouding

Die belastingbepalings van leningsverhoudings berus op 'n regsomskrywing van wat leningsverhouding beteken en nie op rekeningkundige begrippe en hanteringswyses nie. Die regsraad van die transaksie bepaal of daar 'n lening is (Southern & PWC, 2007:73-74). 'n Skuld bestaan waar een party 'n wetlike verpligting het om geld, goedere of dienste aan 'n ander party te lewer (CFM5054). Vir 'n lening moet daar 'n deposito of oordrag van fondse wees, 'n verpligting vir rentebetaling of 'n ooreenkoms dat dit rentevry is, en die belofte van terugbetaling. Die skuld moet 'n bepaalbare hoeveelheid geld wees en nie 'n voorwaardelike verpligting nie. (Southern & PWC, 2007:74, 79-93.) Indien die terugbetaling voorwaardelik is, maar die skuld het die kenmerke van 'n lening, byvoorbeeld dat daar 'n skuldinstrument is, dat dit rente dra en voorrang van terugbetaling met likwidasië bo aandelekapitaal het, kan dit 'n leningskuld wees (CFM5054b).

'n Leningsverhouding bestaan waar 'n maatskappy 'n krediteur of debiteur is ten opsigte van 'n geldskuld (*money debt*) wat ontstaan uit 'n transaksie vir die leen van geld (FA 1996 sect. 81(1)), of enige voorskot van geld (sect. 103). So 'n skuld is 'n werklike lening omdat daar 'n oordrag van fondse was (Southern & PWC, 2007:80). As krediteur van 'n leningsverhouding is geld aan die maatskappy verskuldig ('n bate), as debiteur is die maatskappy die geld verskuldig ('n las) (sect. 81). 'n Geldskuld is skuld wat vereffen word, of volgens die opsie van die debiteur of krediteur vereffen moet word, met die betaling van geld, die oordrag van 'n reg van vereffening, of die uitreik of oordrag van aandele in 'n maatskappy (sect. 81(2)). Solank as wat daar 'n moontlikheid is dat vereffening in geld gaan wees, is dit 'n geldskuld. Indien 'n ooreenkoms 'n opsie bevat dat die vereffening byvoorbeeld kan geskied by wyse van die oordrag van aandele of eiendom in plaas van geld, is dit 'n geldskuld (CFM5054).

'n Skuld wat uit die regte en verpligtinge ontstaan wat aandele in 'n maatskappy verleen om dividende te ontvang, is egter nie 'n leningsverhouding nie (sect. 81(4)). Gewone aandele en voorkeuraandele is dus nie leningsverhoudings nie en val binne die bepalings van belasbare bates ingevolge TCGA 1992. Daarteenoor val rente op permanente rentedraende aandele (*PIBS*) en die aandele self binne leningsverhoudings, byvoorbeeld aandele in bougenootskappe (Southern & PWC, 2007:94). Voorbeelde van 'n leningsverhouding sluit in prima effekte, korporatiewe effekte, bankoortrekkings en -lenings, en ander korporatiewe skuld (Hyland & Walton, 2007:770). Finansiële bruikhuurkontrakte en huurkoopkontrakte is nie leningsverhoudings nie. 'n Lening verwys nie na gewone debiteure en krediteure vir die lewering van goedere en dienste nie (Southern & PWC, 2007:42).

'n Lening tussen maatskappye in 'n groep om kontantfondse beskikbaar te stel, sal 'n leningsverhouding uitmaak. Dit is egter nie die geval waar die skuld ontstaan uit die lewering van goedere of dienste nie, aangesien handelsdebiteure nie 'n uitleen van geld is nie (FA 1996 sect. 81(1)). Waar 'n intragroepening ontstaan uit die oordrag van byvoorbeeld bates wat onvereffen bly, kan so 'n bedrag 'n skuld, lening of kapitaalbydrae wees. 'n Oordrag van 'n lening tussen maatskappye in 'n groep verander nie die feit dat 'n leningsverhouding bestaan nie. Rente op intermaatskappylenings val binne die bepalings van leningsverhoudings (Southern & PWC, 2007:81-83, 95).

'n Leningsverhouding kan ook ontstaan uit 'n transaksie waar 'n instrument uitgereik word met die doel dat dit sekuriteit vir, of die regte van 'n krediteur ten opsigte van, enige geldskuld verteenwoordig (sect. 81(3)). So 'n skuld is 'n geagte of veronderstelde (*notional*) lening. By werklike lenings kan 'n instrument ook uitgereik word, maar by geagte lenings is daar 'n uitgereikte instrument sonder die leen van geld. Die skuld ontstaan dus uit iets anders as die leen van geld. 'n Maatskappy kan byvoorbeeld 'n leningseffek (*loan note*) uitreik as vergoeding vir die verkryging van grond of aandele. 'n Uitgereikte skuldinstrument is volgens sy eie voorwaardes regtens afdwingbaar. (Southern & PWC, 2007:79, 84 e.v.)

Enige betalings of rente kragtens die regte of verpligtinge van die leningsverhouding, word hanteer as ingevolge daardie leningsverhouding gedoen (sect. 81(5)). Leningsverhoudings kan in sterling of in buitelandse valuta aangedui word (sect. 81(6)). Geen onderskeid word

gemaak tussen inkomste en kapitaal nie (sect. 84(1)), maar wel tussen bedryf en niebedryf (sect. 80, 82), soortgelyk aan afgeleide kontrakte.

Sekere geldskulde ontstaan nie uit 'n leningsverhouding of 'n afgeleide kontrak nie, want geen geld is geleen nie (sect. 100). Dit word nogtans hanteer as betaalbaar ingevolge 'n leningsverhouding. Sodanige skulde word slegs 'verhoudings' (*relationships*) genoem, byvoorbeeld handelskuld of boeteskuld. (CFM5216). Enige rente (insluitend oordragprysaanpassings op rente), diskonto's, waardedalingsverliese en die terugskryf daarvan, of valutaverskille wat hierop ontstaan, val onder die bepalings van leningsverhoudings (sect. 100). Buitelandse valuta en buitelandse valutaverpligtinge is 'n geldskuld, nie 'n kommoditeit nie (sect. 100(6), (10)). Die gevolg is dat valutaverskille wat op die buitelandse valuta ontstaan, in berekening kom vir belastingdoeleindes (Southern & PWC, 2007:22).

Die leningsverhoudingbepalings het voorrang bo die bepalings van afgeleide kontrakte. Dit is die geval waar 'n wins of verlies aan 'n maatskappy toeval op 'n afgeleide kontrak waarkragtens dit 'n party is by 'n leningsverhouding en die wins of verlies word in berekening gebring vir doeleindes van die bepalings op leningsverhoudings (sect. 101).

### **3.7.2 Metode van belasting van leningsverhoudings**

Slegs maatskappye het leningsverhoudings. Dit is óf bates óf laste. Die belasting hiervan het twee beginsels (Southern & PWC, 2007:95). Die eerste beginsel is dat alle winste op leningsverhoudings en verwante transaksies as inkomste in berekening gebring word vir doeleindes van korporatiewe belasting. Waar 'n maatskappy 'n party is by 'n leningsverhouding vir *bedryfsdoeleindes*, is die inkomste daaruit bedryfsinkomste. Die krediete word beskou as ontvangstes van die bedryf en die debiete as aftrekbare uitgawes om die inkomste van die bedryf te bereken (FA 1996 sect. 80, 82). Die berekening geskied ingevolge Schedule D, Case I. Waar 'n maatskappy geld leen, sal dit vir bedryfsdoeleindes wees indien die leningsverhouding aangegaan is om die fondse aan te wend in die bedryf, byvoorbeeld vir die verkryging van 'n kapitaalbate om te gebruik in sy vervaardigingsbedryf. As uitlener van fondse is die maatskappy 'n party by 'n leningsverhouding as die uitleen van geld deel is van sy bedryf. Section 103 bepaal dit is vir bedryfsdoeleindes wanneer die leningsverhouding gekontrakteer is in die loop van

bedrywighede wat 'n integrale deel van die besigheid se bedryf is (vgl. ook CFM5301).

'n Leningsverhouding is vir *niebedryfsdoeleindes* waar 'n maatskappy 'n party by 'n leningsverhouding is wat nie 'n integrale deel van die bedryf is nie. 'n Maatskappy wat byvoorbeeld 'n vervaardigingsbedryf het en geld by 'n bank leen en dan weer uitleen aan 'n ander maatskappy, het 'n niebedryfsleningsverhouding. Die leen van fondse vir bedryfsdoeleindes sal 'n integrale deel van die besigheid wees, terwyl die uitleen van fondse normaalweg slegs 'n bedryf sal wees vir finansiële instellings. 'n Handelsmaatskappy wat geld aan 'n filiaal uitleen vir finansiering, doen dit nie as deel van sy integrale bedryf nie (Southern & PWC, 2007:100-101). 'n Toedeling tussen bedryf/niebedryf mag gemaak word op grond van die bewoording in Section 80(2) en 82(2), naamlik dat winste en verliese in berekening kom *in die mate* wat 'n maatskappy 'n party by 'n leningsverhouding is vir bedryfsdoeleindes. Die onderskeid tussen bedryf/niebedryf geld ook ten opsigte van 'n verskansingstransaksie en wat die verskanste item is. Beleggings wat 'n maatskappy hou wat nie aangewend word in die besigheid nie, val normaalweg binne die niebedryfskategorie en die gepaardgaande leningsverhoudingitems word ook so hanteer. In die saak van *Overseas Containers (Finance) Ltd v Stoker* (kyk 3.2) was die lening niebedryf van aard en die valutaverliese kon nie as bedryfsverliese van bedryfsinkomste afgetrek word nie. (Southern & PWC, 2007:100-110.) 'n Buitelandse eiendomsaak is nie 'n bedryf nie en debiete en krediete op 'n leningsverhouding word hanteer volgens die reëls vir niebedryfsdoeleindes (CFM5310).

Vir belastingdoeleindes word die krediete en debiete van die niebedryfsleningsverhouding saamgevoeg. 'n Netto kredietbedrag word as inkomste uit die leningsverhouding belas ingevolge Schedule D, Case III en 'n netto debietbedrag bied verligting van belasting as 'n niebedryfstekort op die leningsverhouding (sect. 80, 82). 'n Tekort kan as verligting binne groepsverband benut word, of teen totale bedryfswinste ingebring word in die huidige tydperk, of teruggedra word vir verrekening teen winste uit niebedryfsleningsverhoudings van voorafgaande tydperke, of oorgedra word vir verrekening teen winste uit niebedryfsleningsverhoudings van die opvolgende tydperke (sect. 83, Sch. 8; FA 2002 Sch. 25 par. 3, 17-19). Niebedryfstekorte wat ontstaan op leningsverhoudings voordat die maatskappy met 'n bedryf begin, kan onder sekere voorwaardes oorgedra word na die jaar waarin die bedryf begin en teen bedryfswinste verreken word (CFM5321). Niebedryfsdebiete of -krediete op 'n afgeleide kontrak (kyk 3.8) word hanteer ingevolge die



bepalings van leningsverhoudings wat vir niebedryfsdoeleindes aangegaan is.

Die tweede beginsel (Southern & PWC, 2007:95e.v.) is dat enige krediete of debiete wat rekeningkundig volgens IFRS by wins of verlies ingesluit is, winste of tekorte uitmaak op die leningsverhouding vir belastingdoeleindes, onderworpe aan die bepaling van leningsverhoudings in FA 1996 (sect. 82, 85A). Die rekeningkundige syfer omvat onder andere bedrae wat erken is in die inkomstestaat en in ekwiteit (sect. 85B). 'n Spesiale bepaling geld waar bedrae vir rekeningkundige doeleindes nie (ten volle) in ag geneem word vir die bepaling van wins of verlies nie. Die aanname moet gemaak word dat die verhouding in geheel in berekening gebring is om wins of verlies te bepaal. Die debiete wat so in berekening kom, mag egter nie die krediete ten opsigte van 'n leningsverhouding vir daardie tydperk oorskry nie. Die bepaling geld waar die maatskappy 'n party is by 'n krediteure of debiteure leningsverhouding of waar 'n relevante bedrag kapitaalbydrae aan die maatskappy gemaak is wat rekeningkundig as 'n las hanteer word (sect. 85C; FA 2006 Sch. 6 par. 12; FA 2007 Sch. 5 par. 11).

'n Maatskappy bring die krediete en debiete op leningsverhoudings in berekening wat 'n billike weergawe is van die rekeningkundige tydperk van die totaal van alle winste en verliese (insluitend daardie van kapitale aard) wat uit die maatskappy se leningsverhoudings en verwante transaksies ontstaan. Verwante transaksies verwys na die vervreemding of verkryging van regte of verpligtinge ingevolge 'n leningsverhouding (sect. 84(5)), maar nie na die skep van 'n leningsverhouding self nie. Dit bring ook in berekening alle rente ingevolge daardie leningsverhoudings en alle onkoste en uitgawes aangegaan vir daardie verhoudings en transaksies (sect. 84(1)).

Vir doeleindes van korporatiewe belasting in die VK kan skuld ook in buitelandse valuta aangedui word wat lei tot valutaverskille. Valutaverskille is ingesluit in die debiete en krediete wat in berekening kom vir belasting (sect. 84A) (kyk hierna).

### **3.7.3 Buitelandse valutaverskille op leningsverhoudings**

Ingevolge 'n wysiging in FA 2002 (Sch. 23 par. 3) is FA 1996 Section 84A bygevoeg wat die verband van valutaverskille met leningsverhoudings bepaal. Hiervolgens sluit die verwysing in Section 84(1) na 'n maatskappy se winste en verliese wat uit

leningsverhoudings en verwante transaksies ontstaan, ook die valutaverskille in wat daaruit voortkom. Valutaverskille word dan ingevolge die bepaling van leningsverhoudings hanteer. Die bepaling van leningsverhoudings is dus van toepassing op valutaverskille op leningsverhoudings wat in buitelandse valuta aangedui is (CFM5002). Valutaverskille op handelskuld as “verhoudings” word ook betrek (CFM2200).

‘n Valutawins of -verlies word omskryf as winste of verliese wat ontstaan weens die vergelyking op verskillende tye van die aanduiding in een geldeenheid van die waarde wat ‘n maatskappy in ‘n ander geldeenheid op ‘n bate of las geplaas het (sect. 103(1A)). Dit beteken dat die waarde van ‘n leningsverhoudingbate of -las, soos aangedui in ‘n geldeenheid, op verskillende tye vergelyk word en daardie geldeenheid verskil van die geldeenheid wat die maatskappy gebruik. Die valutaverskil op ‘n leningsverhouding verwys na die valutaverskil op ‘n bate of las wat ‘n leningsverhouding verteenwoordig (sect. 103(1B)). Op jaareinde moet monetêre bates en laste wat in ‘n buitelandse valuta aangedui is, teen die sluitingskoers omgeskakel word. Die omgeskakelde winste en verliese op die leningsverhoudingitems word as belasbare inkomste of aftrekbare onkoste hanteer (Southern & PWC, 2007:220).

#### Voorbeeld

‘n VK-maatskappy verkry aan die begin van die jaar ‘n lening van \$200. Die wisselkoers op daardie datum was £1 = \$1.50. Aan die einde van die jaar is die wisselkoers £1 = \$1.40. Die leningsbedrag het in sterling toegeneem van £133.33 tot £142.86 wat ‘n aftrekbare valutaverlies van £9.53 beteken.

Rente, diskonto’s en toevallings wat in buitelandse valuta aangedui word, word steeds ingevolge die bepaling van leningsverhoudings bereken. Aangesien rente in buitelandse valuta teen die sigkoers omgerekend word, is daar geen valutaverskil wat daarop ontstaan nie. Wanneer die bedrag ooploop, verander dit die skuldbedrag. (Die volgende aangepaste voorbeeld is ontleen aan Southern & PWC, 2007:222-223.)

#### Voorbeeld

‘n VK-beleggingsmaatskappy reik op 1 Julie 2006 ‘n leningseffek uit met ‘n sigwaarde van \$350 wat aflosbaar is op 30 Junie 2008. Dit dien as betaling vir die verkryging op 1 Julie 2006 van ‘n valuta-opsie van \$300. Die leningsnota dra rente teen 5% van die

sigwaarde. Die finansiële jaareinde val op 30 Junie. Die wisselkoerse aan die begin en einde van die 2007-finansiële jaar was £1 = \$1.50 en £1 = \$1.60 onderskeidelik. Vir die 2007-jaar is die belastingberekening op die leningsverhouding soos volg:

*Valutaverskil op lening*

£13 valutawins [(325 / 1.60) - (300 / 1.50) - (25 / 1.60) (diskonto)]

*Niebedryfsdebiete*

£16 diskonto

£11 rente (350 x 5% / 1.60)

*Totale leningsverhoudingsdebiete op 30 Junie 2007*

£14 (13 - 16 - 11)

Die bepaling van Section 84(1) geld nie in die volgende twee gevalle nie (sect. 84A(3)): die valutaverskil ten opsigte van 'n bate of las wat 'n leningsverhouding verteenwoordig, of die valutaverskil wat die resultaat is van die omskakeling vanuit een geldeenheid na 'n ander van die wins of verlies van 'n deel van 'n maatskappy se besigheid, en daardie valutaverskil word in die maatskappy se staat van veranderinge in ekwiteit erken. In beide gevalle word dit vir belastingdoeleindes ook nie in berekening gebring nie. Eersgenoemde valutaverskil het te make met 'n lening wat 'n moedermaatskappy aan sy filiaal maak vir permanente finansiering, in plaas van aandelekapitaal (Southern & PWC, 2007:375).

Die Tesourie het die bevoegdheid om hierdie bepalings wat winste of verliese uitstel, te wysig deur regulasies uit te reik. 'n Aantal regulasies is sedert 2002 uitgereik wat valutaverskille in spesifieke gevalle verontagsaam of terugbring as debiete of krediete ingevolge die bepalings van leningsverhoudings (Hyland & Walton, 2007:775-777). 'n Voorbeeld is waar valutaverskille verontagsaam word op 'n lening wat as skans dien en die kontrak gepaar is met aandele, buitelandse takke, skepe of vliegtuie. Geen valutaverskil word dan as krediet of debiet in berekening gebring nie. FA 1996 Section 84A se werking gaan gestaak word op 'n datum wat die Tesourie nog moet bepaal (F(No. 2)A 2005 Sch. 6 par. 9). Die rede hiervoor is die teenstrydighede van die artikel met Statutory Instrument 2004 (No. 3256). Tesame met valutaverskille op afgeleide kontrakte se soortgelyke toekomstige staking (3.8.5), sal dit waarskynlik vervang word deur 'n stel

*disregard regulations* (kyk 3.4) wat valutaverskille dan effektief sal reguleer, gegrond op die rekeningkundige beginsels van 2005 (Southern & PWC, 2007:375-376).

### 3.7.4 Spesiale berekeningsbepalings

'n Hele aantal bepalinge reguleer berekenings in spesiale gevalle. Dit volg dus nie die algemene reël dat die belastingberekening die rekeningkundige beginsel volg nie. Hieronder tel die volgende.

- *Verwante partye.* Die verskillende maniere waarop 'n leningsverhoudingdebiteur en -krediteur verwant kan wees, byvoorbeeld deur beheer, word in FA 1996 (o.a. sect. 87, 87A en Sch. 9) bepaal. Indien die leningsverhouding die enigste skakel tussen twee partye is, is die twee partye nie verwant nie (Hyland & Walton, 2007:791). Die tipe verwantskap en die omstandigheid van die leningsverhouding bepaal die wyse en gevolg van die spesiale belastingberekening (CFM5401; Southern & PWC, 2007:232-233). Byvoorbeeld, waar verwante partye betrokke is by 'n leningsverhouding en die verwantskap is deur beheer, word die debiete en krediete op 'n geamortiseerde kostebasis vasgestel (sect. 87(2)). 'n Krediteurmaatskappy moet billikewaarde-rekeningkunde toepas waar die verwantskap ook deur beheer is, maar die opbrengs op die leningsverhouding vir die krediteur minder is as 'n kommersiële opbrengs en voordele uit die leningsverhouding val aan 'n ander maatskappy toe wat aan die krediteur verwant is (sect. 93C).
- *Laat rentebetaling.* 'n Debiteurmaatskappy sluit in sy rekeningkundige rekords debiete in op 'n geamortiseerde kostebasis op 'n leningsverhouding met 'n verwante maatskappy en die rente word nie binne 12 maande betaal na die einde van die rekeningkundige tydperk waarin dit opgeloo het nie. Die volle opgeloope bedrag rente word nie deur die krediteur opgeteken nie, omdat die rente byvoorbeeld betaalbaar is aan 'n nie-inwoner verwante maatskappy. Die rente word eers as debiete in berekening gebring wanneer dit betaal word. Geen valutaverskille op die opgeloope rente word in ag geneem nie, behalwe waar dit ontstaan op opgeloope rente wat binne die 12 maande tydperk betaal word. Die rente word eers op die dag van betaling teen die sigkoers omgeskakel (Sch. 9 par. 2). Hierdie bepaling verbied nie die valutaverskille op die lening of die koste van 'n valutatermykontrak op die lening nie (Hyland & Walton, 2007:791-795).

- *Transaksies nie onder beding van uiterste voorwaardes nie.* Waar transaksies nie onder uiterste voorwaardes beding is nie, word die debiete en krediete vasgestel met die aanname dat die transaksie aangegaan is volgens die voorwaardes wat sou geld tussen onafhanklike persone (Sch. 9 par. 11). Die bepaling is nie van toepassing waar die twee maatskappye binne 'n kapitaalwins-groep val nie of waar oordragprysaanpassings gemaak is nie.

Indien valutaverskille ontstaan op 'n lening wat nie onder uiterste voorwaardes beding is nie, geld die volgende (par. 11A). Waar 'n maatskappy 'n debiteurverhouding gedurende 'n rekeningkundige tydperk het en

- die geheel of gedeelte van enige rente of ander uitkering verteenwoordig 'n uitkering ten opsigte van 'n sekuriteit (ingevolge ICTA 1988 sect. 209(e)(vii) is dit 'n dividend), of
- die winste en verliese van die maatskappy word ingevolge die oordragprysbepalings bereken asof die lening in geheel of gedeeltelik nie gemaak is nie,

word enige valutaverskil op 'n verpligting wat die leningsverhouding verteenwoordig, buite rekening gelaat in die vasstelling van enige debiete of krediete ten opsigte van leningsverhoudings (par. 11A(1), (2)).

Waar 'n maatskappy 'n krediteurverhouding in 'n rekeningkundige tydperk het en die lening nie aangegaan sou gewees het nie of kleiner sou gewees het indien die twee partye die transaksie onder uiterste voorwaardes sou beding het, word die valutaverskille op 'n bate wat die leningsverhouding verteenwoordig, buite rekening gelaat in die vasstelling van enige debiete of krediete ten opsigte van leningsverhoudings. Hierdie bepaling geld nie in die mate wat 'n ander persoon 'n ooreenstemmende debiteurverhouding het en valutaverskille van dieselfde bedrag in berekening bring nie (par. 11A(4), (5)).

- *Kapitalisering van finansieringskoste.* Waar debiete of krediete op 'n leningsverhouding ingevolge IFRS by die waarde van 'n vaste kapitaalbate of projek in berekening gebring is, word dit vir belastingdoeleindes as wins of verlies hanteer in die tydperk wat dit rekeningkundig erken is (Sch. 9 par. 14(1), (2)). Die bepaling geld nie ten opsigte van debiete van 'n ontasbare bate nie (par. 14(3)). Waar die debiete reeds ingevolge hierdie bepaling in berekening gebring is, mag geen debiet in berekening gebring word ten opsigte van die waarde van die gekapitaliseerde debiete wat afgeskryf, gearmorteer of

gedepresieer word nie (par. 14(4)). Hierdie verbod voorkom dubbele aftrekking van die debiete.

Waar 'n maatskappy 'n aandelebelegging by wyse van 'n lening finansier en rente op die leningsverhouding ingevolge IFRS in ekwiteit of aandeelhouersfondse erken en nie in berekening bring in die vasstelling van wins of verlies nie, word die debiete of krediete vir belastingdoeleindes in berekening gebring asof dit by wins of verlies ingesluit is (Sch. 9 par. 14A). Die aandelebelegging word hanteer as 'n vaste kapitaalbate. 'n Voorbeeld is waar die bedrae na die aandelepemie geneem is of waar die rente rekeningkundig as 'n dividend hanteer is (Hyland & Walton, 2007:807).

- *Maatskappy hou op om 'n VK-inwoner te wees.* Waar 'n maatskappy ophou om 'n inwoner van die VK te wees, word dit geag om al die bates en laste wat sy leningsverhoudings verteenwoordig, onmiddellik voor daardie datum oor te maak het (*assigned*) teen billike waarde. Dit word geag om dit teen dieselfde vergoedingsbedrag te verkry het onmiddellik na daardie datum (Sch. 9 par. 10A). Die bepaling geld nie as die bates of laste deur die permanente saak in die VK van die nie-inwoner steeds gehou word of verskuldig is nie (Hyland & Walton, 2007:807). Die bepaling geld gevolglik vir 'n permanente saak in die VK van 'n nie-inwoner wanneer die bates of laste nie meer gehou word nie. Enige wins of verlies op die bate of las word in berekening gebring as 'n debiet of krediet op die leningsverhouding.

- *Ontoelaatbare doeleindes.* Waar 'n leningsverhouding 'n ontoelaatbare doeleinde het, word enige debiete, en krediete uit valutaverskille, wat ten opsigte van die leningsverhouding aan die ontoelaatbare doeleinde toegewys kan word, nie in berekening gebring vir korporatiewe belastingdoeleindes nie (par. 13(1)). 'n Leningsverhouding het 'n ontoelaatbare doel indien die maatskappy 'n party is by 'n leningsverhouding of indien dit 'n verwante transaksie aangaan vir 'n doeleinde wat nie een van die besigheids- of kommersiële doeleindes van die maatskappy is nie (par. 13(2)). Aktiwiteite wat nie binne korporatiewe belasting val nie, word nie ingesluit by die besigheidsdoeleindes nie (par. 13(3)). 'n Doeleinde van belastingvermyding wat gerig is op die verkryging van 'n voordelige belastingposisie, het 'n besigheids- of ander kommersiële doeleinde, maar slegs indien dit nie een van die hoofdoeleindes van die maatskappy is nie (par. 13(4), (5)).

Die bepaling is gerig op transaksies wat geen vooruitsig van kommersiële of ekonomiese wins het nie (CTM56720). Die Inland Revenue het drie tipes transaksies in hierdie verband al aangeval (Southern & PWC, 2007:526): rente op befondsing vir aandeleterugkoop, 'n VK-inwonermaatskappy wat by sy nie-inwoner moedermaatskappy leen om bates by die moeder te koop, en lenings aan 'n moedermaatskappy om rente-inkomste teen verliese te verreken. Die bepaling sal geld waar 'n permanente saak van 'n nie-inwoner lenings aangaan vir buitelandse aktiwiteite wat buite die VK se belastingnet val. Dit sal egter nie toegepas word waar lenings die volgende befonds nie, ongeag of dit binne of buite die VK is: verkryging van aandele, betaling van dividende, of verkryging van besigheidsbates by 'n derde party of van 'n verwante maatskappy (CTM56740).

Omstandighede waar die toepaslikheid van Paragraph 13 oorweeg word ten opsigte van leningsverhoudingsdebiete, is die volgende (Southern & PWC, 2007:528-529; vgl. ook CTM56780). Eerstens, waar 'n debiet 'n bykomstige kenmerk van die transaksie is, is die bepaling van ontoelaatbare doeleindes nie van toepassing nie. Tweedens, die debiet is 'n wesentliche deel van die transaksie wat 'n normale besigheidsaktiwiteit is, dit maak nie deel uit van 'n aktiwiteit wat verwyderd is van die bedryf nie en dit is nie ontwerp met die uitsluitlike doel om belasting te vermy nie. In die geval is die bepaling nie van toepassing nie, selfs al was daar motiewe om 'n belastingvoordelige posisie te verkry. Derdens, waar die enigste rede met die transaksie is om 'n debiet op die leningsverhouding te kry, sal die bepaling van ontoelaatbare doeleindes wel toegepas kan word.

### **3.7.5 Leningsverhoudings en kapitaalwins**

Die winste en verliese wat op leningsverhoudings ontstaan, word as inkomste hanteer, ongeag of dit van 'n kapitale aard is en ongeag of die maatskappy die lener of uitlener is (3.7.1 hierbo; Walton & Flint, 2007:165e.v.). Die krediete en debiete sluit valutaverskille in wat ontstaan uit enige bate of las wat 'n leningsverhouding verteenwoordig (3.7.3). Die paring van valutaverskille op belasbare bates met 'n verbandhoudende lening word steeds toegestaan na die herroeping van FA 1993 wat voorheen buitelandse valutatransaksies bepaal het. Die gepaarde valutaverskille word in berekening gebring as kapitaalwins of toelaatbare verlies wanneer die gepaarde bate vervreem word (SI 2002 No.1970).

Waar 'n leningsverhouding 'n vasgeslote afgeleide kontrak het (*embedded derivative*),

word dit volgens IFRS verdeel tussen die leningsgedeelte en die vasgeslote afgeleide instrumentgedeelte. Vir korporatiewe belasting val die lening binne leningsverhoudings en die vasgeslote afgeleide binne afgeleide kontrakte wat soms belas kan word as kapitaalwins (kyk 3.8; Walton & Flint, 2007:166). Aandele in bougenootskappe soos *PIBS*, val ten volle binne leningsverhoudings en gevolglik buite korporatiewe belasting op kapitaalwins (Walton & Flint, 2007:168).

Die algemene reël is dat daar geen belasbare kapitaalwins ontstaan op die vervreemding van 'n leningsverhouding nie, aangesien elke bate wat 'n leningsverhouding verteenwoordig 'n *qualifying corporate bond (QCB)* is wat vrygestel is van kapitaalwins (TCGA 1992 sect. 115, 117(A1)).

### 3.7.6 Leningsverhoudings en 'n buitelandse valutaverpligting van kapitale aard

'n Buitelandse valutaverpligting wat 'n VK-maatskappy aangegaan het vir kapitaaldoeleindes, moet ingevolge die bepalings van leningsverhoudings hanteer word. So 'n verpligting voldoen aan al die basiese vereistes wat hierbo aangedui is.

#### Voorbeeld

'n VK-maatskappy se verslagdoeningseenheid is in sterling. Aan die begin van die finansiële jaar gaan dit 'n lening aan van \$100 toe die wisselkoers £1 = \$1.3 was. Die lening is terugbetaalbaar na vyf jaar teen 'n effektiewe jaarlikse rentekoers van 8.45%. Aan die einde van die eerste jaar was die wisselkoers £1 = \$1.4. Die amortisasie, valutaverskille en leningsverhoudingsyfers vir die eerste jaar lyk soos volg:

Begin-saldo \$	Finansierings-koste \$	Eind-saldo \$	Finansierings-koste £	Valutaverskil op lening £	Valutaverskil op rentelas £	Leningsverhouding-debiet £
100	8.45	108.45	(6.26)	5.49	0.22	(0.55)

Finansieringskoste in sterling:  $8.45 / 1.35$  (gemiddelde koers)

Valutaverskil op lening:  $(100 / 1.3) - (100 / 1.4)$



Valutaverskil op finansieringskoste:  $(8.45 / 1.4) - (8.45 / 1.35)$

Die finansieringskoste word by die valutaverskil gereken om die debiet of krediet van die leningsverhouding vir belastingdoeleindes te bepaal. Die valutaverskil is dieselfde as wat ingevolge FRS 23 / IAS 21 bereken word. Die opgelope finansieringskoste verteenwoordig 'n monetêre las wat op jaareinde teen die sigkoers hermeet word. In die voorbeeld verminder die valutaverskil hierdie verpligting.

### 3.8 AFGELEIDE KONTRAKTE

Afgeleide kontrakte het 'n lang geskiedenis, veral in die landboumarkte waar pryse vasgestel is vir toekomstige lewering van produkte terwyl die oeste nog op die land gestaan het (CFM11021a). Moderne handelsbeurse het in die negentiende eeu in Amerika en Brittanje ontstaan waarop termynkontrakte (*futures*) verhandel het. Kort voor die Bretton Woods-stelsel (hf. 1) finaal in duie gestort het, het die ekonoom Milton Friedman gewys op die noodsaaklikheid om valutarisiko te verskans. In Desember 1971 is die International Monetary Market gestig waarop kontrakte in sewe groot geldeenhede teen die VSA-dollar verhandel sou word. Hierop het snelle ontwikkeling gevolg van termynkontrakte, opsiekontrakte en ruilkontrakte om items soos kommoditeite (bv. olie, metale en landbouprodukte), rentekoerse, weersomstandighede, valuta, aandele en kredietrisiko te verskans. Afgeleide kontrakte is vandag nog steeds in 'n proses van gesofistikeerde ontwikkeling waarop rekeningkundige en belastingbeginsels moet antwoord.

Die huidige belastingwetgewing oor afgeleide kontrakte kan kortliks gestel word teen die agtergrond van vorige wetgewing en praktyk. In die praktyk het die gebruik tussen die VK en die VSA ontstaan om parallelle lenings aan te wend om valutarisiko te verskans (Southern & PWC, 2007:390-393). Hiervolgens kom 'n moedermaatskappy in die VK met 'n moedermaatskappy in die VSA ooreen om aan elk se filiaal in die ander een se land 'n lening in die betrokke land se geldeenheid toe te staan op gelyke voorwaardes. Geen valutaverskille ontstaan nie, omdat sterling nie na dollar omgeskakel word nie en *vice versa*. Met betaling van rente deur die VK-filiaal van die VSA-moedermaatskappy aan die VK-moedermaatskappy is daar 'n VK-terughoubelasting (Finney & Dixon, 1986:83-84). Die struktuur van parallelle lenings is vereenvoudig met lenings wat net een

leningsooreenkoms tussen die twee moedermaatskappye vereis. Hiervolgens leen die twee moedermaatskappye aan mekaar uit in elk se eie valuta om dan verder uit te leen aan die filiale.

'n Verdere ontwikkeling het met rug-aan-ruglenings (*back-to-back loans*) plaasgevind. Valutablootstelling word uitgeskakel vir die maatskappye wat die lenings maak en ontvang deur van 'n tussenganger, soos 'n bank, gebruik te maak. Die uitlener (VSA) deponeer dollarfondse in 'n bank en die lener (VK) leen in sterling. Indien dit 'n VK-bank is, is die rentebetaling aftrekbaar vir belastingdoeleindes (Finney & Dixon, 1986:85). Rug-aan-ruglenings het ontwikkel in kruisvalutaruiltransaksies (*cross currency swaps*) waarin 'n bedrag in sterling vir 'n bedrag in dollar geruil is, betaling gemaak is teen rentekoerse volgens die ooreenkoms en die bedrae op 'n vasgestelde toekomstige datum weer teruggeruil word teen 'n wisselkoers waartoe in die kontrak ooreengekom is. Op hierdie wyse word fondse bekom wat verskans is. Die hantering van rente verskil van die vorige metodes omdat net een netto jaarlikse betaling gemaak word. Hierdie jaarlikse ruilfooi word betaal deur die verskaffer van die sterker geldeenheid aan die verskaffer van die swakker geldeenheid waar 'n hoër rentekoers geld. Indien die VK-maatskappy die jaarlikse fooi ontvang, word dit belas op die inkomste. Indien die VK-maatskappy die betaling doen, is dit 'n "jaarlikse betaling" en nie rente nie omdat daar geen lening bestaan nie. Dit is teen inkomste aftrekbaar. 'n Terughoubelasting moet van die betaling afgetrek word (Finney & Dixon, 1986:85-86). Die terugruiling van die bedrae gee aanleiding tot kapitaalwins of -verlies (Southern & PWC, 2007:391).

'n Konsultasiedokument in 1991 oor die belastinghantering van finansiële instrumente vir die bestuur van rentekoersrisiko was ten gunste van 'n "assimilasie tot inkomstebenadering" van alle betalings en ontvangstes. Slegs die bedryfs- en niebedryfsgebruik van die instrumente word onderskei. Inkomste moet erken word op 'n toevallingsbasis en nie op 'n betalingsbasis nie. Hierna het die Statement of Practice no. 14, 1991 die belastinghantering van 'n termynkontrak of opsiekontrak gekoppel aan die onderliggende bate of transaksie. Dit is 'n verskansingsbenadering. Afgeleide kontrakte is binne inkomste gebring, uitsluitend ekwiteitsverwante instrumente. Verder moet dit die rekeningkundige rekords volg en op 'n toevallingsbasis of merk-tot-markbasis gebaseer wees. (Southern & PWC, 2007:391-392.)

Die wetgewing oor finansiële instrumente van FA 1994 hanteer ses kwalifiserende kontrakte (d.i. rentekoerskontrakte en -opsies, valutakontrakte en -opsies, en skuldkontrakte en -opsies). Oor die algemeen word die winste en verliese op kwalifiserende kontrakte erken vir belastingdoeleindes op die basis van 'n maatskappy se finansiële state. Tesame met die voortdurende skep van nuwe kontrakte, het die noodsaaklikheid om die verband met die wetgewing oor buitelandse valutatransaksies en leningsverhoudings duideliker te reguleer (kyk 3.5), gelei tot die nuwe en buigbaarder bepalings oor afgeleide kontrakte in FA 2002 (Southern & PWC, 2007:393).

Nuwe wetgewing vir die belasting van afgeleide kontrakte word in FA 2002 (sect. 83, Sch. 26-28) en FA 2004 (Sch. 10) vervat, met wesenlike wysigings in FA 2005 en F(No. 2)A 2005. Die bepalings is gebaseer op die debiete en krediete van die rekeningkundige rekords van 'n maatskappy. Sedert 1 Januarie 2005 is FRS 26 (kyk 3.9) ten opsigte van afgeleide kontrakte die verpligte rekeningkundige metode vir maatskappye (FA 2004 sect. 50). In navolging van IFRS gebruik die wetgewing ook die begrip billikewaarde-metode van rekeningkunde (*fair value basis of accounting*). Anders as by leningsverhoudings, berus die bepalings van afgeleide kontrakte op die rekeningkundige omskrywings daarvan (Southern & PWC, 2007:73).

Die nuwe wetgewing oor afgeleide kontrakte het die bepalings oor finansiële instrumente uitgebrei deur alle soorte afgeleide kontrakte in te sluit, buitelandse valutaverskille ten opsigte van afgeleide kontrakte hierby in te sluit en die verband met leningsverhoudings nouer te bepaal. Die nuwe bepalings het voorrang bo ander wetgewing ten opsigte van die belastinghantering van afgeleide kontrakte, byvoorbeeld kapitaalwinsbepalings ingevolge TCGA 1992 en die relevante bepalings van ICTA 1988. (Hyland & Walton, 2007:542.) Die bepalings van afgeleide kontrakte is egter nie van toepassing waar 'n maatskappy ten opsigte van 'n afgeleide kontrak 'n party is by 'n leningsverhouding en die wins of verlies op daardie kontrak volgens die bepalings van leningsverhoudings verantwoord word nie (FA 1996 sect. 101). Die bepalings is uitgebreid en gespesialiseerd. Dit probeer oënskyklik om alle moontlike rekeningkundige transaksies te ondervang.

### **3.8.1 Omskrywing van 'n afgeleide kontrak**

'n Afgeleide kontrak van 'n maatskappy is 'n relevante kontrak wat aan die vereistes van

FA 2002 Schedule 26 voldoen. As kontrak moet dit aan die normale regsvereistes vir kontrakte voldoen. Daar moet 'n ooreenkoms, kontraktuele bedoeling en vergoeding wees (Southern & PWC, 2007:398). Die kontrak moet 'n relevante kontrak wees, naamlik 'n opsie, 'n termynkontrak (*future*) of 'n kontrak vir verskille (FA 2002 Sch. 26 par. 2). Die omskrywings oor kontrakte is wyd sodat al die verskillende soorte kontrakte in die mark binne die regulasies gebring kan word. Dit is gebaseer op die omskrywings van die Financial Services and Markets Act 2000 (CFM11105). Die omskrywings word in die belastingwetgewing egter ingeperk deur kontrakte uit te sluit wat nie as afgeleides in die rekeningkundige rekords hanteer word nie (CFM11110).

'n Opsie sluit 'n waarborg (*warrant*) in wat 'n instrument is wat aan die houër die reg gee om in te skryf op aandele van 'n maatskappy of op bates wat 'n leningsverhouding verteenwoordig (par. 12(8-9)). 'n Termynkontrak is 'n kontrak vir die verkoop van eiendom waarkragtens die lewering op 'n toekomstige datum en teen 'n prys moet geskied waartoe in die kontrak ooreengekom is (par. 12(6)). 'n Kontrak vir verskille is 'n kontrak waarmee die bedoeling is om 'n wins te maak of 'n verlies te vermy met verwysing na skommeling in die waarde of prys van eiendom, 'n indeks of 'n ander faktor, wat in die kontrak beskryf is (par. 12(3)). 'n Ruiltransaksie (*swap*) en 'n termynkontrak of opsie wat in kontant vereffen word, is voorbeelde van 'n kontrak vir verskille (CFM13068). 'n Opsie en termynkontrak wat tot lewering loop, 'n waarborg of leningsverhouding, is nie kontrakte vir verskille nie (par. 12(5)).

'n Relevante kontrak van hierdie aard word 'n *plain vanilla contract* genoem. Dit beteken dit is 'n kontrak wat nie 'n finansiële of niefinansiële kontrak met 'n vasgeslote afgeleide kontrak is nie en ook nie 'n hibriede kontrak nie (FA 1996 sect. 94A; SI 2006 no. 3269; kyk 3.8.5 vir vasgeslote afgeleide kontrakte). By 'n niefinansiële vasgeslote afgeleide kontrak wat nie 'n leningsverhouding is nie, val slegs die vasgeslote afgeleide kontrak binne die bepaling van Schedule 26 en dit word hanteer as 'n opsie, 'n termynkontrak of 'n kontrak vir verskille (par. 2A). Afgeleide kontrakte wat minder gewoon en meer innoverend is, word eksotiese kontrakte genoem. 'n Voorbeeld van 'n eksotiese afgeleide is 'n telekommunikasiemaatskappy wat 'n niestandaard onderliggende item soos bandwydte in die kontrak gebruik. Met die opkoms van rentekoers- en valutaruiltransaksies in die 1980's is dit aanvanklik ook eksoties genoem, maar mettertyd het dit wydverspreide gebruik geword en dit is vandag standaard finansiële instrumente. (CFM11095.)

'n Afgeleide kontrak is slegs 'n relevante kontrak vir belastingdoeleindes indien dit vir rekeningkundige doeleindes hanteer word as 'n afgeleide finansiële instrument, of as 'n finansiële bate of las (par. 3(1)). Dit beperk die wye omskrywing van relevante kontrakte. Die relevante rekeningkundige standaard vir die omskrywing van 'n finansiële instrument is FRS 25 (par. 3(5)). Afgeleide instrumente word in FRS 26 behandel. 'n Valutakontrak word vir belastingdoeleindes geklassifiseer as 'n afgeleide kontrak (Southern & PWC, 2007:2). Sekere relevante kontrakte word rekeningkundig nie verantwoord as finansiële instrumente nie, maar word nietemin as afgeleide kontrakte hanteer (par. 3(2)). Dit is die geval indien die onderliggende item kommoditeite is of indien dit 'n kontrak vir verskille is met as onderliggende item grond (waar ook al geleë), tasbare roerende bates, ontasbare bates, weerstoestande of kredietwaardigheid. Kontrakte waarvan die onderliggende item aandele is en wat aangegaan is vir bedryfsdoeleindes, val binne die bepalings van afgeleide kontrakte.

Sekere kontrakte word uitgesluit van die bepalings van afgeleide kontrakte op grond van die onderliggende saak, soos omskryf in Paragraph 11 (par. 4). Relevante kontrakte wat van die bepalings van afgeleide kontrakte uitgesluit word, is daardie waarvan die onderliggende item bestaan uit 'n uitgeslote soort eiendom, byvoorbeeld opsies en termynkontrakte oor ontasbare bates wat volgens daardie wetgewing hanteer word. Sekere kontrakte wat aandele as bate verskans waarop kapitaalwinste ontstaan, is ook nie relevante kontrakte nie (Hyland & Walton, 2007:543).

'n Maatskappy het 'n skansverhouding tussen 'n relevante kontrak (die verskansingsinstrument) en 'n bate of las (die verskanste item) in die mate wat die maatskappy beide as 'n skans aangewys het. In enige ander geval bestaan 'n skansverhouding as die verskansingsinstrument bedoel is om as 'n skans te dien van die blootstelling aan billikewaardeveranderings van die verskanste item wat aan 'n bepaalde risiko toegeskryf kan word en wat wins of verlies beïnvloed. Verder moet die verskanste item rekeningkundig as 'n bate of las erken word. 'n Las sluit die eie aandeelkapitaal van 'n maatskappy in (par. 12(14)). (Verdere uitsluitings word gegee in par. 4; vgl. Hyland & Walton, 2007:542, 546.)

Die Tesourie het die bevoegdheid om sekere van die bepalings te wysig (par. 13). Die bedoeling met hierdie bevoegdheid is om tred te hou met ontwikkelings in die mark, die

skep van nuwe afgeleide kontrakte en wysigings aan IFRS sodat die belastingwetgewing van krag word in dieselfde tydperk as die gewysigde IFRS (Walton & Flint, 2007:179).

### 3.8.2 Metode van belasting van afgeleide kontrakte

Ingevolge die regime van afgeleide kontrakte word alle krediete (winste) en debiete (verliese) wat rekeningkundig ontstaan op die afgeleide kontrakte van 'n maatskappy, as inkomste belas of van inkomste afgetrek (FA 2002 Sch. 26 par. 1, 14). Sowel "egte" afgeleides as vasgeslote afgeleide kontrakte (kyk 3.8.5) val binne die bepaling van korporatiewe belasting (Southern & PWC, 2007:389). Sekere kontrakte word egter belas as kapitaalwins (kyk 3.8.5; Walton & Flint, 2007:175). Waar 'n maatskappy 'n party is by 'n afgeleide kontrak wat vir *bedryfsdoeleindes* aangegaan is, word die krediete ten opsigte van daardie kontrak vir daardie rekeningkundige tydperk as ontvangstes van daardie bedryf ingereken by die winste uit daardie bedryf (par. 14(2)). Die debiete is onkoste van daardie bedryf wat aftrekbaar is in die berekening van die winste. Indien daar krediete of debiete is ten opsigte van 'n afgeleide kontrak wat nie hiervolgens in berekening gebring is nie, met ander woorde vir *niebedryfsdoeleindes*, word dit in berekening gebring asof dit niebedryfskrediete of -debiete is ingevolge die bepaling van leningsverhoudings (par. 14(3)). Die niebedryfskrediete of -debiete val buite kapitaalwinsbepalings, aangesien leningsverhoudings oor die algemeen nie aan kapitaalwins onderhewig is nie (Walton & Flint, 2007:175; kyk 3.7.5 en 3.8.5).

Die krediete en debiete wat in berekening gebring word, moet 'n billike weergawe wees van die totale van al die winste en verliese, en al die uitgawes en onkoste, ten opsigte van 'n maatskappy se afgeleide kontrakte en verwante transaksies (par. 15(1)). Dit sluit uitgawes en onkoste in op bestaande kontrakte en kontrakte wat 'n maatskappy moontlik mag aangaan (par. 15(4, 5)). 'n Verwante transaksie ten opsigte van 'n afgeleide kontrak beteken die vervreemding of verkryging van die regte of verpligtinge ingevolge daardie afgeleide kontrak (par. 15(7, 8)). Onderhewig aan die bepaling van Schedule 26, is die bedrae wat in berekening kom vir doeleindes van die skedule daardie wat in ooreenstemming met IFRS erken is in die bepaling van 'n maatskappy se wins of verlies vir daardie tydperk (par. 17A(1)). Ten opsigte van 'n afgeleide kontrak wat ingevolge IFRS as 'n finansiële bate of las hanteer word (par. 3(1(b))), moet die bedrae in berekening gebring word volgens billikewaarde-rekeningkunde (par. 17A(1A)). Die verwysing in

Schedule 26 na bedrae wat erken is om die wins of verlies van 'n maatskappy te bereken, is daardie wat erken is in die maatskappy se wins of verliesrekening, of in die inkomstestaat, of in die staat van erkende wins of verlies, of in die staat van veranderings in ekwiteit (par. 17B(1)). Die insluiting van bedrae erken in laasgenoemde twee state beteken dat 'n maatskappy vir belastingdoeleindes dalk 'n aansuiwering moet maak om daardie bedrae in te sluit (CFM13252).

Die Tesourie se bevoegdheid om nuwe bepalings te maak vir verskillende gevalle, beteken om bedrae wat erken is volgens Paragraph 17B(1) buite rekening te laat, of om bedrae wat nie ingesluit is nie in berekening te bring by inkomste (par. 17C).

### **3.8.3 Buitelandse valutaverskille op afgeleide kontrakte**

Valutawins of -verlies word omskryf as die wins of verlies wat ontstaan as gevolg van die vergelyking op verskillende tye van die uitdrukking in een geldeenheid van die waarde wat 'n maatskappy in 'n ander geldeenheid plaas op 'n bate of las van die maatskappy. Dit is dus ook van toepassing op 'n afgeleide kontrak (Sch. 26 par. 54(2)-(3)). Die winste en verliese op 'n afgeleide kontrak en verwante transaksies (par. 15(1)(a)) sluit valutaverskille in wat daarop ontstaan (par. 16(1)).

Die valutaverskille word egter in die volgende twee gevalle nie in berekening gebring vir belastingdoeleindes nie (par. 16(3)): indien die onderliggende item valuta uitmaak ('n valutakontrak), of indien die valutaverskil die resultaat is van die omskakeling vanuit een geldeenheid na 'n ander van die wins of verlies van 'n deel van 'n maatskappy se besigheid, en in beide gevalle word die valutaverskil in die maatskappy se staat van veranderinge in ekwiteit erken. Die uitsluiting geld ook vir die valutaverskille op 'n valutakontrak wat binne 'n beskrywing van die Tesourie val (par. 16(3A)).

Die Tesourie het die bevoegdheid om enige valutaverskille wat op afgeleide kontrakte uitgesluit is in berekening te bring as krediete of debiete vir belastingdoeleindes ingevolge Schedule 26, of as belasbare kapitaalwinste (par. 16(8-10); 54(2A)). 'n Reeks SI's is uitgereik om veral uitgestelde valutaverskille wat na ekwiteit (reserwes) geneem is, terug te bring en in ag te neem vir belasting. (Kyk 3.4 vir 'n bespreking van die *disregard regulations* wat sekere winste verontagsaam.) Die bepalings van FA 2002 Schedule 26

Paragraph 16 gaan gestaak word op 'n datum wat die Tesourie sal bepaal (F(No. 2)A 2005 Sch. 6 par. 9). Verdere sekondêre wetgewing ten opsigte van valutaverskille sal ingestel word (Hyland & Walton, 2007:552-554).

'n Valutakontrak omvat 'n valuta-geïndekseerde termynkontrak (*currency future*), 'n valutavooruitkontrak (*currency forward*) en 'n valutaruilooreenkoms (*currency swaps*). Dit sluit in kontrakte vir netto betalings of kontrakte vir verskille. Die twee bene van 'n valutakontrak word afsonderlik omgeskakel uit die buitelandse geldeenheid na die plaaslike geldeenheid. By 'n valutakontrak gaan 'n maatskappy 'n kontrak aan om 'n gespesifiseerde bedrag van een geldeenheid op 'n bepaalde toekomstige datum te koop (bate) deur 'n gespesifiseerde bedrag van 'n ander geldeenheid op dieselfde datum te betaal (verpligting) teen 'n bepaalde wisselkoers. Wanneer die valutakontrak teen sigkoers waardeer word, is die verskil met die termynkoers in die kontrak die diskonto of premie wat die rentekoersverskil tussen die twee lande weerspieël. Die termynkoers is dus 'n funksie van die sigkoers en die rentekoersdifferensiaal. Die verskil word oor die termyn van die kontrak versprei. Die volgende voorbeeld verduidelik die wyse van berekening en erkenning. (Southern & PWC, 2007:410-411, 431-440; Vorster *et al.*, 2007:406.)

#### Voorbeeld

AC plc gaan 'n valutatermynkontrak aan op 1 Januarie 2007 wat verstryk op 31 Augustus 2007. Ingevolge die kontrak onderneem AC plc om \$100 000 van die bank te koop. Die sigkoers op datum van die kontrak is £1 = \$1.2125. Die rentekoers in die VK is 4.5% en in die VSA 3.5%. Die termynkoers is £1 = \$1.2049 en word soos volg bereken as 'n sintetiese lening:

- Die bank moet oor 8 maande \$100 000 lewer. Die huidige waarde is \$97 697. Teen 'n rentekoers van 3.5% sal dit die verlangde \$100 000 lewer.
- Die sterlingekwivalent is £80 575 ( $97\ 697 / 1.2125$ ). Teen 'n rentekoers van 4.5% lewer dit na 8 maande £82 992, die bedrag wat AC plc moet betaal.
- Die termynkontrakkoers is £1 = \$1.2049 ( $100\ 000 / 82\ 992$ ).

Op 1 Januarie 2007 is die bedrag wat ontvang en betaal gaan word dus £82 992 ( $100\ 000 / 1.2049$ ).



Op jaareinde 30 Junie 2007 is die termynkoers vir 'n soortgelyke tweemaande-kontrak £1 = \$1.25. Die bedrag wat betaal gaan word, is steeds £82 992. Die bedrag wat ontvang gaan word, is nou £80 000. Dit is 'n verlies van £2 992 op die buitelandse geldeenheid wat by die debiete getel word en belastingaftrekbaar is in 2007.

Op 31 Augustus 2007 is die sigkoers £1 = \$1.22. Die bedrag wat ontvang word, is £81 967. 'n Valutawins van £1 967 op die afgeleide kontrak is as krediet belasbaar in 2008. Die algehele verlies oor die twee tydperke op die bedrag wat ontvang word, is £1 025. Die enigste werklike betaling geskied aan die einde van die kontrak met die uitruil van die geldeenhede wat neerkom op 'n betaling van verskille.

#### 3.8.4 Spesiale berekeningsbepalings

'n Hele aantal spesiale berekeningsbepalings ten opsigte van afgeleide kontrakte kom in FA 2002 voor waarvan 'n paar hier genoem word.

- *Maatskappy hou op om 'n VK-inwoner te wees.* Waar 'n maatskappy ophou om 'n VK-inwoner te wees, word dit geag dat die regte en verpligtinge onder 'n afgeleide kontrak oorgemaak (*assigned*) word onmiddellik voor daardie datum vir 'n vergoeding van 'n bedrag gelyk aan die billike waarde op daardie datum. Die nie-inwoner neem dit onmiddellik na daardie datum weer op teen billike waarde (Sch. 26 par. 22A). Die bepaling geld nie indien, na daardie datum, 'n permanente saak in die VK van die nie-inwoner die regte en verpligtinge van die kontrak voortaan hou nie. Indien die permanente saak in die VK ophou om die kontrak te hou, is die bepaling van toepassing.
- *Afgeleide kontrakte vir ontoelaatbare doeleindes.* Waar 'n afgeleide kontrak 'n ontoelaatbare doeleinde het, word valutakrediete op die kontrak asook debiete wat aan die ontoelaatbare doeleinde toegewys kan word, nie ingesluit by krediete of debiete ingevolge Schedule 26 nie (par. 23). Indien hierdie debiete die valutakrediete oorskry, kan die "netto verlies" teen ander geakkumuleerde krediete van die afgeleide kontrak in berekening gebring word, maar mag dit nie oorskry nie. Die bedrag wat nie in berekening gebring word nie, word verontagsaam, maar kan in volgende tydperke in berekening kom teen krediete wat nie ontoelaatbaar is nie (CFM13668). Bedrae wat nie volgens hierdie

bepaling in berekening gebring kan word nie, mag nie op enige ander manier in berekening kom vir korporatiewe belastingdoeleindes nie. 'n Ontoelaatbare doeleinde met 'n afgeleide kontrak en verwante transaksie (par. 24) is dieselfde as daardie wat bespreek is in die soortgelyke bepaling vir leningsverhoudings (3.7.4 hierbo).

- *Kapitaaluitgawes.* Waar debiete of krediete volgens FRS 26 toegelaat word ten opsigte van 'n afgeleide kontrak om die waarde van 'n vaste kapitaalbate of projek vas te stel, word dit in berekening gebring vir die doeleindes van korporatiewe belasting in dieselfde tydperk (par. 25). Debiete word nie as afgeleide kontrak-debiete in berekening gebring waar dit in berekening gebring is ten opsigte van ontasbare bates nie (par. 25(3)). Dit verhoed dubbele berekening. Dieselfde reël van “*no second bite of the cherry*” (CFM13606) geld waar die debiet reeds ingesluit is in die afskryf van die waarde van 'n vaste kapitaalbate of projek, of in die amortisasie of waardevermindering van die rentekomponent van die bate (par. 25(4)).

- *Erken in ekwiteit.* Waar debiete of krediete op 'n afgeleide kontrak ingevolge FRS 26 in ekwiteit erken word, maar nie 'n item is in enige van die state genoem in Paragraph 17B(1) waarvolgens wins of verlies bereken word nie, word dit in berekening gebring vir belastingdoeleindes in daardie tydperk asof dit 'n wins- of verliesitem was in die berekening van rekeningkundige wins (par. 25A). So 'n bedrag kan byvoorbeeld na aandelepremie geneem wees (Hyland & Walton, 2007:560).

- *Transaksies nie onder beding van uiterste voorwaardes nie.* Afgeleide kontrakte tussen verwante partye val binne die oordragprysbepalings van ICTA 1988 (Sch. 28AA). Waar valutaverskille op 'n afgeleide kontrak ontstaan wat nie 'n ooreenkoms is wat onder uiterste voorwaardes beding is nie en die wins of verlies uit die kontrak ingevolge die oordragprysbepalings hanteer word asof die maatskappy nie 'n party by die kontrak is nie, word enige valutaverskille op die kontrak buite rekening gelaat. Waar die oordragprysbepalings wel vereis dat die wins of verlies op die kontrak bereken word asof dit 'n ooreenkoms is wat onder uiterste voorwaardes beding is, word die valutaverskille op die aangepaste bedrag in berekening gebring (par. 27).

Waar 'n bedrag ingevolge die bepalings oor transaksies wat nie onder uiterste voorwaardes beding is nie hanteer moet word as winste of verliese, of as uitgawes en onkoste, ten opsigte van 'n afgeleide kontrak of 'n verwante transaksie, word daardie krediete en debiete in berekening gebring asof dit werklike bedrae is (par. 31A). Die oordragprysaanpassings word dus vir belastingdoeleindes in ag geneem.

- *Transaksies binne groepe.* Waar een maatskappy binne 'n groep (oordragnemer) 'n ander maatskappy binne dieselfde groep (oordraggewer) vervang as party by 'n afgeleide kontrak, is dit 'n transaksie tussen verwante partye. Die oordraggewer vervreem die kontrak teen sy veronderstelde drawaarde en die oordragnemer verkry dit teen daardie waarde sodat die oordrag geskied op 'n basis van geen wins / geen verlies (par. 28). Die bepaling geld egter nie waar die maatskappy billikewaarde-rekeningkunde ten opsigte van afgeleide kontrakte toepas nie (par. 30). Aangesien alle afgeleide kontrakte volgens billike waarde gedra moet word, is die eerste bepaling verouderd (Southern & PWC, 2007:408).
- *Afgeleide kontrakte met nie-inwoners.* Waar 'n VK-inwonermaatskappy en 'n nie-inwoner partye is by 'n afgeleide kontrak wat voorsiening maak vir geagte netto rentebetalinge (bv. by 'n rentekoers- of valutaruiltransaksie), word dit nie as 'n debiet in berekening gebring nie. Die bepaling geld nie indien die maatskappy 'n finansiële instelling is wat by die kontrak betrokke is as deel van sy bedryf nie, of indien die nie-inwoner betrokke is weens sy bedryf deur 'n permanente saak in die VK nie, of indien 'n dubbelbelastingooreenkoms met die ander land 'n rentebepaling bevat nie (par. 31). Die bedoeling is om debiete op transaksies met lande met normale rentekoerse toe te laat, maar transaksies met belastingtoevlugsoorde uit te sluit (CFM13678).

### **3.8.5 Afgeleide kontrakte en kapitaalwinst**

Sedert 2004 is 'n aantal Statutory Instruments uitgereik wat bepalings ingevoer het in FA 2002, Schedule 26 (par. 45A-45M) met betrekking tot toenames en -afnames van sekere afgeleide kontrakte wat vir niebedryfsdoeleindes gebruik word. Hierdie winste en verliese moet jaarliks as kapitaalwinste of -verliese ingevolge die TCGA 1992 in berekening kom en nie ingevolge die bepalings van leningsverhoudings nie. Die kapitaalwinste word nie op 'n realisasiebasis belas nie, maar op 'n rekeningkundige basis

(Southern & PWC, 2007:389). Die berekening van die winste of verliese geskied volgens die normale reëls van toepassing op afgeleide kontrakte, maar word as kapitaalwinste of -verliese hanteer en nie as inkomste nie (par. 45A, B). Verliese kan teruggedra word om teen netto winste van die vorige twee jaar verreken te word. Die bepaling is sedert 1 Januarie 2005 van toepassing en volg die erkenning van die wins of verlies op die kontrakte ingevolge IFRS-beginsels.

Die bepaling is van toepassing op afgeleide kontrakte waarvan die onderliggende items verband hou met aandele, grond en sekere tasbare bates, en op vasgeslote afgeleide kontrakte. Die onderliggende item moet 'n bate wees wat belasbaar is vir kapitaalwindsdoeleindes. 'n Vasgeslote afgeleide kontrak word ingevolge IFRS verdeel in die gasheerkontrak (die leningsgedeelte wat 'n nie-afgeleide is) en die afgeleide kontrak. Die belastinghantering volg hierdie verdeling. Die gasheerkontrak word volgens die reëls van leningsverhoudings hanteer en die elemente van die vasgeslote afgeleide kontrak volgens die reëls van afgeleide kontrakte. Die bepaling is gespesialiseer en word nie verder bespreek nie.

Waar 'n relevante kontrak 'n afgeleide kontrak word en die kontrak onmiddellik voor die verandering 'n belasbare bate was, word 'n belasbare wins of 'n toelaatbare verlies in berekening gebring asof die kontrak vervreem is teen die geagte drawaarde op daardie datum (FA 2002 Sch. 26 par. 43A). Waar 'n relevante kontrak ophou om 'n afgeleide kontrak te wees, word dit vir doeleindes van die bepaling van afgeleide kontrakte geag dat die kontrak vervreem is teen 'n vergoeding gelyk aan die geagte drawaarde op daardie datum. Vir doeleindes van TCGA 1992 word dit geag dat die kontrak onmiddellik na daardie datum vir dieselfde vergoeding verkry is (FA 2002 Sch. 26 par. 43B).

### **3.9 REKENINGKUNDIGE HANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIGTINGE IN DIE VERENIGDE KONINKRYK**

Die VK is 'n lid van die International Accounting Standards Board wat in Londen gesetel is. Die IASB het ten doel om 'n enkele stel rekeningkundige standaarde (IFRS, vroeër IAS) te ontwikkel wat wêreldwyd aanvaar word met die oog op deursigtige en vergelykbare inligting in finansiële state vir algemene gebruik (Vorster *et al.*, 2007:1). Ingevolge regulasies van die Europese Unie moet alle genoteerde groepe IFRS in die

gekonsolideerde state vanaf 1 Januarie 2005 toepas (Southern & PWC, 2007:28, 48-50). Die VK-belastingwetgewing aanvaar IFRS slegs in sover dit deur die Europese Kommissie aanvaar is, wat, na aanvanklike uitsluitings van dele van IAS 39, nou alle bestaande IFRSe is (Department of Inland Revenue, 2006:1; vgl FA 2004 sect. 50(2)).

Die Companies Act 1985 (sect. 226) verplig egter nie alle maatskappye om IFRS toe te pas nie en laat 'n paar opsies oop vir die individuele state van die lede van 'n groep. Maatskappye wat op die Alternative Investment Market genoteer is, moet wel ingevolge die vereistes van die London Stock Exchange vanaf 1 Januarie 2007 IFRS toepas. Alle ander kategorieë van maatskappye word toegelaat, maar word nie verplig nie, om IFRS toe te pas (Gee, 2006:1). Dit is dus moontlik dat sommige of al die lede van 'n groep IFRS volg, veral om die konsolidasieproses te vergemaklik (Gee, 2006:110-11). Ander rekeningkundige standaarde wat ander soorte maatskappye mag volg, is onder andere UK GAAP waarvan 'n aantal in vele opsigte, en selfs heeltemal, in ooreenstemming gebring is met IFRS. Die individuele VK-entiteite in 'n groep moet egter óf IFRS óf UK-GAAP volg (Southern & PWC, 2007:51). Daardie UK GAAP-standaarde wat met IFRS geharmonieer is, word deur die Accounting Standards Board (ASB) van die VK uitgereik as Financial Reporting Standards (FRS). Die oogmerk van die ASB is om binne die volgende paar jaar alle ouer UK GAAP-standaarde ten volle met FRS te vervang (Gee, 2006:471 e.v.).

In September 2004 is FRS 23 *The effect of changes in foreign exchange rates* uitgereik wat in geheel op IAS 21 (kyk hf. 2) gebaseer is. Die standaard oor finansiële instrumente, FRS 25 en FRS 26, is tegelykertyd uitgereik en is gebaseer op IAS 32 en IAS 39. Die implementeringsdatum van hierdie standaarde was op 1 Januarie 2005 en al drie hierdie standaarde geld vir alle genoteerde maatskappye. Die nuwe standaard oor openbaarmaking van finansiële instrumente, IFRS 7, is deur die ASB aanvaar as FRS 29 (Department of Inland Revenue, 2006:2). Vanaf 1 Januarie 2006 geld die FRSs ook vir ongenoteerde maatskappye wat billikewaarde-rekeningkunde volg. Die FRSs is dus van toepassing op groepe asook op die moedermaatskappy se afsonderlike state (Gee, 2006:469). FRS 23 het die vorige SSAP 20 vervang vir genoteerde maatskappye. IAS 21 (FRS 23) en IAS 39 (FRS 26) is in hoofstuk 2 behandel en die bespreking oor buitelandse valutaverpligtinge word nie hier herhaal nie.

### 3.10 VERGELYKING VAN DIE BELASTINGBEPALINGS EN REKENINGKUNDIGE STANDAARDE TEN OPSIGTE VAN BUITELANDSE VALUTATRANSAKSIES

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die belastingbepalings in die VK oor die algemeen doelbewus toenemend in lyn gebring word met die rekeningkundige beginsels. Die herhaaldelike wysigings en byvoegings in die FA's sedert 2002 en die talle uitgereikte Statutory Instruments veral vanaf 2004, is dikwels om nuwe rekeningkundige vereistes vir belastingdoeleindes te implementeer, of om die belastingbepalings in navolging van IFRS te verfyn, of om afwykings van IFRS duidelik te stel. Die wetgewing in FA 2004, FA 2005 en F(No. 2)A 2005 is daarop gerig om te verseker dat maatskappye wat ingevolge IFRS verslag doen, steeds dieselfde belastinghantering ontvang as onder UK GAAP (Department of Inland Revenue, 2006:1). FA 2004 (sect. 50-54 & Sch. 10) hanteer spesifiek die aanvaarding van IFRS vir VK-belastingdoeleindes, onder andere die omskrywing van GAAP as UK GAAP of IAS, en die vervanging van verwysings na 'reserwes' met 'staat van veranderings in ekwiteit'.

Die wetgewing is omvattend en gedetailleerd. Die bedoeling hiermee blyk te wees om die besonderhede van die IFRS-beginsels presies aan te spreek, hetsy in die beskrywing van finansiële transaksies of in die berekening van die wins of verlies uit daardie transaksies. Die algemene beginsel is dat krediete en debiete van afgeleide kontrakte wat in berekening gebring word, daardie is wat erken word in die vasstelling van 'n maatskappy se wins of verlies volgens IFRS, insluitend bedrae erken in die inkomstestaat sowel as bedrae erken in ekwiteit (Hyland & Walton, 2007:554).

Die beginsel van *tax follows the accounts* word egter nie slaafs toegepas nie. Indien daar goeie rede is om van IFRS af te wyk, word dit so bepaal in die wetgewing (vgl. FA 1998 sect. 42(1)). Vir sover dit nog moontlik is, kan dit ook deur sakereg gewysig word. Die Department of Inland Revenue gee elf kategorieë aan waarbinne die meeste afwykings van IFRS val (Department of Inland Revenue, 2006:2-3). Dit sluit in openbare beleid, oordragpryse, strukturele redes, kapitale items, simmetrie, realiseerbaarheid en belastingkapasiteit, en getroue weergawe. Die kern van die probleem is dikwels of ongerealiseerde winste belasbaar is, veral by billikewaarde-aansuiwering. Die oplossing hang daarvan af of die erkenning van die toename in die billike waarde "*effectively little different from a realisation for cash...*" is (Department of Inland Revenue, 2006:4). Hierdie

beginsel word byvoorbeeld tradisioneel aanvaar in die belasbaarheid van winste (soos verkope) wat deur debiteure verteenwoordig word. Dit word ook erken in die wetgewing oor leningsverhoudings (FA 1996) en afgeleide kontrakte (FA 2002 Sch. 26) waar winste in berekening gebring word volgens billikewaarde-rekeningkunde en waar ongerealiseerde valutaverskille op 'n toevallingsbasis vir belastingdoeleindes in ag geneem word. Ook wat verskansing en billikewaarde-aansuiwerings betref, is dit die Regering se uitgangspunt dat die wetgewing moet verseker dat die nabelaste posisie op verskanste transaksies so effektief moontlik moet wees. By 'n rekeningkundig eensydige billikewaarde-skans sal die belastingbepalings hiervan afwyk en beide bene van die skans soortgelyk hanteer (Department of Inland Revenue, 2006:4).

Die wetgewing oor buitelandse valutarekeningkunde in FA 1993 Sections 92-92E is met effek vanaf 1 Januarie 2005 van toepassing. Dit vervang die vorige bepalinge wat die rekeningkundige hantering ingevolge SSAP 20 gevolg het. Die wysigings in die nuwe standaard, FRS 23, is onder andere dat die omskakeling van transaksies teen die sigkoers of gemiddelde wisselkoers plaasvind en nie teen die sluitingskoers nie, en dat onderskei moet word tussen die funksionele en aanbiedingsgeldeenheid. Die belastingbepalings volg hierdie benadering. Dit onderskei verskillende situasies om die rekeningkundige beginsel prakties toe te pas (kyk 3.6). Daar bly nietemin onsekerheid oor die praktiese hantering in sommige gevalle waarvan twee hier genoem word (Southern & PWC, 2007:356-359). Eerstens, waar 'n maatskappy wat 'n VK-inwoner is en nie in die VK ingelyf is nie, verslag doen in buitelandse valuta wat nie ingevolge IFRS of UK GAAP voorberei is nie. Die maatskappy is onderworpe aan die rekeningkundige standaarde van die land van inlywing, maar moet vir VK-belastingdoeleindes die belastingopgawe volgens VK-reëls voorberei, naamlik volgens IFRS of UK GAAP (FA 2004 sect. 50). Dit kan lei tot verskille tussen die belasbare valutaverskille en die finansiële state van die maatskappy. Tweedens, waar 'n VK-permanente saak van 'n nie-inwonermaatskappy verslag doen in 'n buitelandse geldeenheid, moet dit Section 92C toepas en die wins of verlies ingevolge GAAP in die funksionele geldeenheid bereken en na sterling omskakel. GAAP kan volgens die Department of Inland Revenue in hierdie geval verskeie moontlikhede hê wat die land en die aanvaarding van IFRS of 'n plaaslike weergawe daarvan in ag moet neem (Southern & PWC, 2007:359). Die beginsels van rekeningkunde asook die bestaande belastingbepalings spreek hiervolgens nie alle praktiese situasies aan nie.

Die krediete en debiete wat ontstaan op leningsverhoudings en afgeleide kontrakte sluit valutaverskille in. Dit geld vir inkomste- en kapitale items wat aangegaan is vir bedryfs- en niebedryfsdoeleindes (3.7.3 en 3.8.3). Benewens daardie gevalle wat vir ontoelaatbare doeleindes aangegaan is, is daar heelwat spesiale bepalings wat afwyk van die algemene beginsel van *tax follows the accounts* (3.7.4 en 3.8.4). Ten opsigte van die spesiale berekeningsbepalings by leningsverhoudings merk Southern en PWC (2007:224) die volgende op:

*“The notion that the loan relationship rules require that the tax computation should follow the company’s accounts becomes a tired fiction once we consider the extensive accounting overrides. In truth, the only rule is that tax follows the accounts unless it does not.”*

By leningsverhoudings is een van die vernaamste areas waar die wetgewing afwyk van IFRS die leningsverhoudings tussen verwante partye en maatskappye in ‘n groep (vgl. bv. FA 1996 sect. 87, 87A, 93C; Sch. 9 par. 2, 4A, 5, 5A, 6, 6A, 12, 17-19). Die verwantskap word bepaal deur beheer, meerderheidsbelang, deelneming, die bestaan van ‘n aftredevoordeleskema ten opsigte van die debiteurmaatskappy en deur die bestaan van ‘n vennootskap met ‘n maatskappy. Die basiese bepaling is dat debiete en krediete op ‘n geamortiseerde kostebasis in berekening gebring moet word en nie volgens billike waarde hermeet mag word nie. Die spesiale bepalings sit uiteen hoe debiete en krediete hanteer moet word en dek gevalle soos waardedalingsverliese, skuldvriskelding, laat rentebetalinge, kontinuïteit by intragroeptransaksies, grootdiskonto-sekureiteitstransaksies en veranderings van verwantskapstatus. Die wetgewing beoog om verwante partye te verhoed om die verskillende maniere waarop skuld belas word, uit te buite (CFM5400). Die effek van die spesiale bepalings is om debiete (verligting) te beperk of uit te stel. (Die verskillende situasies word in CFM5400-5850 en Southern & PWC, 2007:224-270 bespreek.) Hierdie en ander spesiale bepalings toon dat van die IFRS-beginsels afgewyk word om tradisionele belastingposisies te handhaaf.

Ten opsigte van afgeleide kontrakte word net die volgende opmerkings gemaak. Verskansing word deur FRS 26 / IAS 39 bepaal en afhangende van die soort skans, word die billikewaarde-aansuiwering in wins of verlies, of in ekwiteit erken (kyk 2.5). Die belastingbepalings kan egter sekere leningsverhoudings en afgeleide kontrakte op ‘n ander rekeningkundige basis belas (Department of Inland Revenue, 2006:12). Vir



belastingdoeleindes word die wins of verlies op 'n afgeleide kontrak bepaal volgens die bedrae erken in die inkomstestaat én in ekwiteit (FA 2002 Sch. 26 par. 17A, 17B). Oneweredigheid met die rekeningkundige hantering is moontlik as die billikewaarde-aansuiwering in ekwiteit erken word en jaarliks na wins of verlies geherklassifiseer word soos wat die verskanste item wins of verlies beïnvloed. Die rekeningkundige verskansing is effektief, maar dit is nie belastinggewys effektief nie (CFM13271). 'n Ander geval is waar die verskansingsinstrument, wat 'n leningsverhouding of 'n afgeleide kontrak kan wees, in wins of verlies erken word en die verskanste niemonetêre item in ekwiteit, dus rekeningkundig oneweredig. Die *disregard regulations* is neergelê sodat paring of eweredige belastinghantering bereik word in gevalle soos kontantvloeiskanse, valutakontrakte, rentekoerskontrakte en kommoditeitskontrakte wat voorspelde transaksies verskans. Die regulasies laat paring toe ingevolge die hantering van SSAP 20 (kyk 3.4) sodat die verskansing effektief is na belasting (CFM13271a, b).

### 3.11 GEVOLGTREKKINGS

Die VK-wetgewing oor buitelandse valutatransaksies in die algemeen het ingrypende ontwikkeling ondergaan. In die vroeë jare was die bepalings algemeen van aard en het dikwels tot oneweredige belastinghantering gelei, veral weens die onderskeid tussen kapitaal en inkomste. Rekeningkundig is valutaverskille op alle items erken in wins of verlies, of in reserwes (CFM9051). Die 1993-wetgewing het die bepalings meer in lyn gebring met die rekeningkundige beginsels van SSAP 20, onder andere dat valutaverskille alleen op 'n omskakelingsbasis erken word, dat paring mag plaasvind in reserwes en dat valutaverskille op langtermyn kapitale items uitgestel kan word (Hyland & Walton, 2007:505). Die 2002-wetswysiging het die 1993-bepalings herroep, die hantering van valutaverskille binne die bepalings van leningsverhouding en afgeleide kontrakte betrek, en nuwe reëls vasgestel om die metode van omskakeling te reguleer.

Met die inwerkingstelling van IFRS op 1 Januarie 2005 as verpligte rekeningkundige standaard vir genoteerde maatskappye en die voorneme om dit op alle maatskappye in die VK van toepassing te maak binne die afsienbare toekoms, is die bepalings met die FA 2004 en opvolgende FA's gewysig om dit in lyn te bring met IFRS. Die bepalings se uitgangspunt is dat belasting rekeningkunde moet volg wat gelei het tot gedetailleerde en gespesialiseerde wetgewing. Talle wysigings is aangebring om hieraan uitvoering te gee.

Daarby het die Tesourie die bevoegdheid om sekondêre wysigings aan te bring waardeur rekeningkundige hanterings wat nuut en nog onvoorsien in die belastingwetgewing is, so gou as moontlik aangespreek word.

Ten spyte van die uitgangspunt om rekeningkunde te volg, is daar baie uitsonderings en afwykings van die rekeningkundige hantering. Belastingeiesoortigheid soos transaksies tussen verwante partye, teenvermydingsbepalings en paring van rekeningkundig oneweredige transaksies, word hierdeur bevestig.

Valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting van kapitale aard se basiese hantering kom met die rekeningkundige hantering ooreen. Die valutaverskille op die verpligting word erken op 'n toevallingsbasis, naamlik met omskakeling na sterling. Die belastingbepalings wyk van die rekeningkundige benadering af indien daar 'n verwante party betrokke is of indien paring nie geskied nie. Paring in ekwiteit vind byvoorbeeld plaas waar die valutaverskil op 'n lening of afgeleide kontrak wat 'n aandelebelegging verskans, rekeningkundig in wins of verlies erken word terwyl die belegging se valutabewegings in ekwiteit erken word. Die belastinghantering verhoed onder andere dat slegs een kant van die valutaverskille in berekening gebring word vir belasting, dat kontantvloei beïnvloed word en dat die effektiwiteit van die skans verminder word (Southern & PWC, 2007:382). In hierdie geval is die belastinghantering gewysig deur die verontagsamingsregulasies wat teruggryp na vroeëre praktyk onder SSAP 20 waar 'n billiker bestel voorgeskryf is.

Om op te som, die VK-belastingbepalings hou volledig en tydig rekening met IFRS en poog om alle omstandighede te reguleer. Waar sekere situasies soos transaksies tussen verwante partye, of 'n oneweredige behandeling van 'n transaksie, of 'n erodering van die belastingbasis met ontoelaatbare transaksies in die rekeningkundige hantering voorkom, wyk die belastinghantering hiervan af. Die onderskeid van kapitaal en inkomste het verdwyn in navolging van rekeningkunde. Op sekere uitsonderings na word winste of verliese op kapitaalitems ingevolge die bepalinge van leningsverhoudings en afgeleide kontrakte bereken. Die berekende wins of verlies word wel hanteer as kapitaalwins of -verliese en nie as Schedule D-wins of verlies nie. Buiten die algemene valuta-omskakelingsreëls van FA 1993, word valutaverskille binne die konteks van leningsverhoudings en afgeleide kontrakte bepaal. Dit vereis dat al die bepalinge van hierdie twee regimes oorweeg moet word indien 'n buitelandse valutatransaksie ter sake

is. Hier moet nie alleen rekening gehou word met die beginsels van IFRS waarop die bepaling gebaseer is nie, maar ook met die afwykings vir belastingdoeleindes.

## HOOFSTUK 4

### **VERGELYKENDE OPMERKINGS OOR DIE BELASTINGHANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPFLIGTINGE VAN 'N KAPITALE AARD IN SUID-AFRIKA EN DIE VERENIGDE KONINKRYK**

#### **4.1 INLEIDING**

In die voorafgaande hoofstukke is eerstens gekyk na die ontwikkeling van buitelandse valutatransaksies en hoe dit vir rekeningkundige en belastingdoeleindes verantwoord word. Die probleemstelling wentel rondom die belastinghantering van buitelandse valutaverpfligtinge wat van 'n kapitale aard is. Die kern van die ondersoek is in die eerste plek gerig op die belastingwetgewing in Suid-Afrika en wat die verhouding met die toepaslike rekeningkundige standaarde is, naamlik IAS 21 en IAS 39. Hierna is die belastingwetgewing in die Verenigde Koninkryk bespreek en die verband daarvan met die toepaslike rekeningkundige standaarde, FRS 23 (IAS 21) en FRS 26 (IAS 39).

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om op grond van die inligting en bevindinge van die voorafgaande hoofstukke die belastingwetgewing oor buitelandse valutatransaksies in Suid-Afrika op te weeg en te vergelyk met die Britse belastingwetgewing. Die wyse van ondersoek is om eerstens na die verband tussen die rekeningkundige standaarde en die belastingwetgewing in die twee lande te kyk. Daarna word die onderskeie belastingwetgewings soos wat dit tans daar uitsien, vergelyk. Uiteraard geskied dit in breë trekke, des te meer vanweë die uitgebreidheid van die rekeningkundige standaarde en van die Britse belastingwetgewing.

#### **4.2 DIE VERBAND VAN DIE BELASTINGWETGEWING MET DIE REKENING- KUNDIGE STANDAARDE**

Hierdie afdeling fokus op die invloed van rekeningkundige beginsels op die belastingwetgewing in Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk. Die volgende fases kan breedweg onderskei word. Die VK-rekeningkundige standaarde en wetgewing vorm die vertrekpunt, aangesien die VK 'n leidende rol gespeel het in die ontwikkeling van belastingwetgewing oor buitelandse valutatransaksies, soos gesien in hoofstuk 1 en 3.

#### 4.2.1 Die vroeë belastingwetgewing

Die rigtinggewende ontwikkeling van die praktiese hantering van buitelandse valutatransaksies het in die VK en die VSA plaasgevind. Dit het neerslag gevind in die rekeningkundige standaarde wat in die 1970's en 1980's in die twee lande uitgereik is. Ekonomies het inflasie- en rentekoersverskille aanleiding tot wisselkoersskommeling gegee. Rekeningkundig het die standaarde leiding verskaf oor die hantering van valutaverskille tussen die handeldrywende lande. Aanvanklik is verskillende metodes gevolg vir die omskakeling van ongerealiseerde saldo's op jaareinde en veral vir die omskakeling van die resultate van buitelandse bedrywigheede vir die opname in die beherende entiteit se finansiële state. Mettertyd het die historiese en sluitingskoersmetodes die norm geword. Die VK het SSAP 20 in 1983 uitgereik. Op grond van die leiding in die VK en die VSA, het die IASC gevolg met IAS 21 in 1983. In Suid-Afrika is RE (AC) 112 uitgereik in navolging van IAS 21. Verskansing van buitelandse valutatransaksies is in sowel SSAP 20 as RE 112 hanteer.

Die rekeningkundige metode van berekening en verslagdoening het op internasionale vlak dus gou redelike ooreenstemming bereik. Die aard van die entiteit het die metode van omskakeling bepaal. 'n Selfstandige en onafhanklike buitelandse bedrywigheid is as belegging hanteer en word teen die sluitingskoers op balansstaatdatum omgeskakel. 'n Afhanklike buitelandse bedrywigheid wat 'n blote uitbreiding van die moedermaatskappy is, het die temporele metode gevolg. Valutaverskille wat uit omskakeling ontstaan wat nie die moederentiteit se kontantvloei beïnvloed nie, byvoorbeeld die verskil weens die omskakeling van 'n selfstandige buitelandse bedrywigheid se state, is in reserwes (ekwiteit) erken. Geen onderskeid is tussen kapitaal- en inkomste-items gemaak nie, en alle valutaverskille is in ag geneem, ongeag of dit gerealiseer of ongerealiseer is. 'n Valutaverpligting van 'n kapitale aard wat normaalweg 'n langtermynlas is, is omgerek teen die sluitingskoers en die valutaverskille is in wins of verlies erken.

Die belastinghantering was ingewikkelder. Aanvanklik is sowel in die VK as in Suid-Afrika op algemene belastingbeginsels volgens elkeen se belastingwetgewing gesteun. In die VK is die rekeningkundige resultate gebruik en aangepas vir belastingwetgewing en vorige hofbeslissings. Die twee belangrikste onderskeidende belastingbeginsels wat in al twee lande voorkom, is eerstens dat slegs gerealiseerde valutaverskille in ag geneem word. Die

uitgangspunt is 'n betalingsbasis en nie die toevallingsbasis soos in rekeningkunde nie. Die tweede onderskeid is dat tussen kapitaal en inkomste onderskei moet word. Hierdie onderskeid is in die howe van beide lande as 'n erkende belastingbeginsel gehandhaaf. Dit beteken dat valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting van 'n kapitale aard nie vir belasting in berekening geneem word nie. In die VK is dit as “*nothings*” beskou. In die VK het hierdie benadering tot belastingoneweredigheid aanleiding gegee, aangesien die bate wat gefinansier is, met vervreemding vir kapitaalwinsbepalings in aanmerking gekom het. Na die saak van *Pattison (Inspector of Taxes) v Marine Midland Ltd (1984) STC 10, 57 TC 219* was die belastinghantering dat daar geen belastinggevolge ontstaan het waar daar volledige paring (*matching*) van verskille bestaan het nie. Nietemin het die onderskeid van kapitaal en inkomste steeds in die howe die deurslag gegee. So was dit die geval gewees in die saak van *Beauchamp (HM Inspector of Taxes) v F W Woolworth plc (1989) STC 510, 61 TC 542*, al het die hof ook aanduiding gegee van die onredelikheid dat valutaverliese op 'n monetêre kapitaalitem nie belastingverligting ontvang nie.

In Suid-Afrika het hierdie oneweredigheid nie ontstaan nie, omdat belasting op kapitaalwins eers in 2001 in werking gestel is. Artikel 24B wat in 1978 bygevoeg is by die Wet en slegs gerealiseerde valutaverskille hanteer het, het per definisie egter nie valutaverskille van 'n kapitale aard uitgesluit nie. Die saak van *CIR v Felix Schuh (SA) (Pty) Ltd 1994 56 SATC 57 (A)* bevestig die Wet se vereiste van gerealiseerde valutaverskille, selfs as dit op 'n bedryfskapitaallening aangegaan is. Suid-Afrika se belastinghantering was, behalwe kapitaalwins en paring, soortgelyk aan die wetgewing in die VK wat betref die onderskeid van kapitaal en inkomste, en dat slegs gerealiseerde valutaverskille in ag geneem is vir belasting.

#### **4.2.2 Belastingwetgewing vanaf 1993**

Die beginsels van SSAP 20 en die VSA se SFAS 52 is in die gewysigde IAS 21 van 1993 steeds gevolg. RE 112 het dieselfde wysigings in 1993 aangebring, byvoorbeeld die verwydering van sekere keuses wat vroeër toegelaat is. Die doel met die omskakeling van buitelandse transaksies en bedrywighede is dat die resultate verenigbaar moet wees met die effek wat valutaverskille op 'n entiteit se kontantvloei en ekwiteit het (RE 112.01 in Everingham & Watson, 1996:271). Beide SSAP 20 en RE 112 het daarom verskille wat met omskakeling van 'n buitelandse entiteit ontstaan en wat nie die moedermaatskappy se

kontantvloei beïnvloed nie, in reserwes erken. Transaksies en monetêre items van 'n entiteit wat omgeskakel is, word in inkomste erken. Verskanste monetêre items is teen die termynkoers aangeteken en omgeskakel. Onder sekere omstandighede kon die transaksie selfs teen die termynkoers opgeteken word met die gevolg dat daar geen valutaverskil met omskakeling was nie.

Die VK en VSA het afgeleide instrumente (insluitend verskansing) binne 'n nuwe standaard oor finansiële instrumente gebring. In 1995 is IAS 32 en in 1998 IAS 39 oor finansiële instrumente uitgereik. Verskansing is ook in Suid-Afrika voortaan binne hierdie standarde opgeneem, behalwe ten opsigte van 'n netto belegging in 'n buitelandse entiteit waar die valutaverskille in ekwiteit erken word ingevolge IAS 21.

Dit is interessant om te sien dat in 1993 beide die VK en Suid-Afrika nuwe omvattende belastingwetgewing ten opsigte van buitelandse valutatransaksies bygevoeg het. In die VK bevat FA 1993 wetgewing oor buitelandse valuta-omskakeling en valutaverskille op transaksies. Die wetgewing volg die rekeningkundige hantering en volgens die Department of Inland Revenue se verklarende memorandum is dit gevolglik nie nodig om afsonderlike berekeninge te maak vir elke buitelandse transaksie nie (in Hyland & Walton, 2007:505; 'n volledige bespreking van die bepaling is op bl. 505-529). Een van die belangrikste vernuwings is dat valutaverskille op kapitaalitems in berekening gebring word, byvoorbeeld op 'n buitelandse lening van 'n kapitale aard. Verder word verskille op 'n toevallingsbasis in ag geneem sodat ongerealiseerde verskille op jaareinde in berekening kom. 'n Ongerealiseerde valutawins op 'n langtermyn kapitaalbate of -las kan uitgestel word. Die wins vir korporatiewe belastindoeleindes moet in sterling bereken word en in sekere voorgeskrewe gevalle in 'n ander geldeenheid. Onderskeid word wel getref tussen bedryfs- en niebedryfsdoeleindes van valutatransaksies wat onderskeidelik ingevolge Schedule Case I en Case III-regulasies belas word. Die wetgewing bevat definisies oor bates, laste en valutatermykontrakte wat van toepassing is in die bepaling. 'n Belangrike bepaling wat bygevoeg is deur SI 1994 (no. 3227) is die keuse om *matching* (paring) toe te pas waar 'n buitelandse lening of 'n valutatermykontrak aangegaan is om 'n ekwiteitsbelegging in 'n buitelandse bedrywigheid te verskans. Aandele val nie binne die valutabepalings nie, terwyl die valutaverskille op die lening of kontrak wel ingevolge die 1993-bepalings in berekening gebring moet word. Om ongelyke belastinggevolge te voorkom, kan die valutaverskille uitgestel word op die lening of kontrak tot met

vervreemding van die belegging. Die 1993-bepalings was egter voorskriftelik en het in groot mate onafhanklik van die finansiële rekords gegeld (CFM2200).

In FA 1994 het wetgewing oor finansiële instrumente gevolg op die rekeningkundige standaard. Die wetgewing is van beperkte omvang en dek slegs 'n paar tipes kontrakte. In FA 1996 het die belangrike wetgewing oor leningsverhoudings gevolg wat beskryf is as “*an example of legislative drafting of outstanding quality*” (Southern & PWC, 2007:75). Wysigings daarna was omvattend, maar die grootste verandering het gekom in die FA 2002-wetgewing. Met hierdie wetgewing is die buitelandse valutatransaksies van 1993, met uitsondering van die omskakelingsreëls in Sections 92-94, in geheel herroep en binne die bepalings oor leningsverhoudings en die nuwe FA 2002-wetgewing oor afgeleide kontrakte geplaas. Van toe af word valutatransaksies hanteer as deel van hierdie bepalings. Die uitgangspunt met hierdie wetgewing was steeds dat die finansiële rekords die vertrekpunt is vir die belastingberekennings, genoem die “*authorised accounting method*”. Die belastingberekennings word dus vereenvoudig en behoort meestal met die rekeningkundige hantering ooreen te stem (CFM2200, CFM2400). Van die belangrikste vernuwings is dat die ingewikkelde reëls en definisies verdwyn het en dat uitstelverligting op valutawinste nie meer beskikbaar is nie. Paring is ook van toe af verpligtend vir maatskappye wat valutaverskille in ekwiteit verantwoord sodat die valutaverskil op 'n langtermynlening eers met aflossing (in geval van 'n ekwiteitslening) of met vervreemding van die verskanste bate belasbaar word ingevolge die *BAGL regulations* (hf. 3.4; CFM2200). Die omskakelingsreëls is meer in lyn gebring met GAAP (SSAP 20) en skryf nie meer 'n omskakelingskoers voor nie.

In Suid-Afrika het artikel 24I in 1993 die vorige artikel 24B vervang. Die bedoeling met die belastingwetgewing is dat valutaverskille op buitelandse valutatransaksies op so 'n manier hanteer moet word dat dit die beginsels van billikheid, eenvoud, ekonomiese werklikheid, huidige belastingbeginsels en AARP in ag neem. Die hersiene RE 112 wat IAS 21 volg, is vanaf 1993 van toepassing en die beginsels soos vervat in hierdie standaard is dus daardie waarna in die oogmerk verwys word. Artikel 24I is omvattend met definisies wat die reikwydte van die bepalings aandui. Die omskrywings gebruik heelwat eie terminologie, maar steun vir die betekenis daarvan dikwels op AARP, byvoorbeeld *heersende wisselkoers* op verskillende datums (die sigkoers in AARP op daardie datums of sluitingskoers op jaareinde) en *geaffekteerde kontrak* (in AARP 'n valutatermykontrak



om kontantvloei te verskans). 'n Unieke begrip is *valuta-item* wat nie in AARP gebruik word nie. Van belang is dat die onderskeid tussen kapitaal en inkomste verdwyn het en dat valutaverskille op 'n toevallingsbasis in berekening gebring word sodat sowel gerealiseerde as ongerealiseerde verskille op valuta-items in ag geneem word. In hierdie konteks stem artikel 24I met die VK-wetgewing ooreen. 'n Ander belangrike ooreenstemming kom voor in die omskrywing van valuta-items in artikel 24I(1) as 'n *lening, voorskot of skuld* en *valutatermykontrakte* en *buitelandse valuta-opsiekontrakte*. Dit vorm die kernpunt waarop valutaverskille in artikel 24I ontstaan. In die VK-wetgewing van FA 2002 is valutaverskille binne die bepalings van leningsverhoudings en afgeleide kontrakte opgeneem en vorm in wese die basis vir die ontstaan en bestaan van valutaverskille.

In 2000, met die oog op die inwerkingtreding van die inwonersgrondslag van belasting op 1 Januarie 2001, is omskakelingsreëls vir die berekening van belasbare inkomste in 'n buitelandse geldeenheid met artikel 25D bygevoeg. Geen verwysing na rekeningkundige praktyk word hierin gemaak nie, maar die belasbare inkomste wat in die buitelandse geldeenheid bereken is, word op die laaste dag van die jaar van aanslag na rand omgeskakel teen die heersende wisselkoers op daardie datum. In die rekeningkundige terme van RE 112 is dit die sluitingskoers. Andersins word dit omgeskakel teen die heersende wisselkoers(e) soos wat die Kommissaris toestaan op versoek van die belastingpligtige, dit wil sê wat in die rekeningkundige rekords gebruik is. Die Wet bevat voortaan algemene bepalings vir die omskakeling van belasbare buitelandse inkomste omdat inwoners op hul wêreldwye inkomste belas word soos in die VK en soos gereguleer in FA 1993 Sections 92-94.

Die volgende belangrike Suid-Afrikaanse wetswysigings is in 2001 aangebring met die byvoeging van belasting op kapitaalwins. Tesame met die oorskakeling na die inwonergrondslag, het dit aanleiding gegee tot die wysiging en byvoeging van sekere subartikels in artikel 24I, wysigings aan artikel 25D en die byvoeging van die Agtste Bylae waaronder paragraaf 43 tel. Twee nuwe begrippe "permanente saak" (tak, *branch*) en "plaaslike geldeenheid" kom nie in AARP voor nie, maar "permanente saak" stem wel ooreen met die omskrywing van buitelandse bedrywigheid. Hierdie begrippe word in die VK-wetgewing gebruik (FA 1993 sect. 94, 149, 163) en het dieselfde betekenis as in die Wet. Die begrip "geldeenheid...vir doeleindes van finansiële verslagdoening" van die

permanente saak is in 2002 bygevoeg en steun direk op AARP. Artikel 24I(11) is nuut bygevoeg in 2001 en staan spesifiek in verband met paragraaf 43. Dit berus nie op AARP-beginsels nie. 'n Buitelandse valutaverpligting wat onder hierdie bepaling val, veroorsaak gevolglik permanente verskille met die rekeningkundige rekords.

Die opvolgende wetswysigings aan artikel 24I, 25D en paragraaf 43 het soms probleme met die toepassing daarvan uitgestryk en dit soms vererger soos die skrapping van die kontantkoers in die omskakelingsbepalings van artikel 25D in 2002 (vgl. Oberholzer & Wilcocks, 2004). Wysigings het ook gefokus op die verband tussen artikel 24I(11), artikel 9(2) en paragraaf 43, en die invloed op 'n permanente saak en 'n BBM (2002 en 2003). Oor die algemeen het die wysigings gehandel oor suiwer belastingkwessies en nie soseer oor AARP-beginsels nie, waarskynlik omdat die verband geag was om duidelik genoeg te wees.

#### **4.2.3 Belastingwetgewing sedert die inwerkingtreding van IFRS**

Die rekeningkundige standaarde van die IASB staan bekend as IFRS. Dit bevat die vorige IASe en nuwe standaarde wat as IFRSe uitgereik word. Die inwerkingtredingsdatum in die VK vir genoteerde maatskappye is 1 Januarie 2005. In Suid-Afrika moet genoteerde maatskappye aan IFRS voldoen vir finansiële jare wat op of na 31 Desember 2005 eindig (SAICA, 2006:1). Artikel 285A van die Wysigingswet op Korporatiewe Wette, 2006 wat op 14 Desember 2007 in werking getree het, vereis dat maatskappye met 'n openbare belang aan die vereistes van IFRS moet voldoen. In die VK is nog nie alle standaarde, bekend as FRS, volledig by IFRS aangepas nie. Die relevante standaarde in hierdie studie geld sedert 1 Januarie 2005 vir genoteerde maatskappye. Die standaarde is naamlik FRS 23 in verband met die uitwerking van wisselkoersveranderings (gebaseer op IAS 21), en FRS 25 en FRS 26 (gebaseer op IAS 32 en IAS 39) wat oor finansiële instrumente, insluitend afgeleide kontrakte, handel. In Suid-Afrika geld IAS 21, IAS 32, IAS 39 en IFRS 7. In beide lande val die inwerkingtreding van IFRS vir genoteerde maatskappye naby genoeg aan mekaar om gerieflikheidshalwe 'n nuwe fase vir doeleindes van hierdie studie te vorm.

In die VK volg heelwat maatskappye steeds die vorige SSAP 20 waarop die belastingwetgewing van FA 2002 grootliks gebaseer is. Daardie wetgewing is nie sonder

meer van toepassing op maatskappye wat IFRS toepas nie, veral wat terminologie, kategorieë en kriteria vir erkenning in wins of verlies, of in ekwiteit, betref (Southern & PWC, 2007:340). Gevolglik is wetgewing in FA 2004 (volgens sect. 50(6) met werking vanaf 1 Januarie 2005), FA 2005 en F(No. 2)A 2005 gepubliseer wat die nuwe rekeningkundige praktyk volg ten opsigte van buitelandse valuta-items en finansiële state (*accounts*) wat in buitelandse valuta aangedui is. Dit is opmerklik dat die verwysing na GAAP (*i.e.*, IFRS of IAS ingevolge FA 50(1), (2)) in al drie kodes voorkom. FA 1993 (sect. 92-92C) bepaal die wyse van omskakeling na sterling vir maatskappye wat hul wins of verlies ingevolge IFRS moet bereken. Hierdie bepalings voer die begrip “funksionele geldeenheid” in. Dit neem IAS 21 in ag wat toelaat dat ‘n entiteit sy verslagdoening kan opstel in ‘n geldeenheid anders as die funksionele geldeenheid, naamlik in die aanbiedingsgeldeenheid. In SSAP 20 moes die verslagdoening in die *local currency* (plaaslike geldeenheid) geskied (Southern & PWC, 2007:349). FA 1996 (sect. 85A) en FA 2002 (sect. 17A) vereis dat die bedrae wat in berekening gebring moet word vir doeleindes van die onderskeie kodes, daardie is wat ooreenkomstig IFRS erken is vir die vasstelling van die maatskappy se wins of verlies vir die tydperk. Afgeleide finansiële instrumente word in IFRS erken volgens die billikewaarde-metode sodat billikewaarde-rekeningkunde ingevoer word in die belastingwetgewing. Uitsonderings geld egter vir leningsverhoudings en afgeleide kontrakte waar IFRS nie gevolg word nie en eiesoortige belastingbepalings geld (hf. 3 en 4.3).

In Suid-Afrika is die volgende wetswysigings aangebring in die tydperk vanaf 2005 as die jaar waarin IFRS vir genoteerde maatskappye verpligtend geword het. Wysigings is aangebring in artikel 24I(10) om valutaverskille op transaksies tussen verbonde persone wat tot aflossing uitgestel word, uit te brei ten opsigte van die partye betrokke en die soorte valuta-items (veral wysigings in 2005 en 2007). Ander wysigings word in navolging van AARP gedoen. ‘n Wysiging in 2005 skrap die gebruik van die termynkoers om ‘n transaksie en die dekking daarvan met ‘n VTK om te skakel (art. 24I(1) definisie van *heersende wisselkoers* par. (a) en (b)). Die rede is dat dit nie meer ingevolge AARP toelaatbaar is nie wat net die *kontantkoers* (sigkoers) en *VTK-koers* toelaat (Departement Finansies, 2005:27). Artikel 25D is in 2005 in geheel vervang en die kontantkoers is teruggebring naas die gebruik van die gemiddelde wisselkoers om buitelandse valuta om te skakel. Hierdie verandering is aangebring sodat die gebruik van die kontantkoers kan ooreenstem met die metode in die finansiële state van ‘n maatskappy (Departement

Finansies, 2005:28). Vir dieselfde rede is paragraaf 43 van die Agtste Bylae in 2005 gewysig.

Die wysigings in 2006 tot 2008 het dikwels te make met navolging van AARP (of IFRS sedert 2005). 'n 2006-wysiging van *heersende wisselkoers* korrigeer 'n weglating in 2005 ten opsigte van 'n VTK wat 'n geaffekteerde kontrak is waar die heersende wisselkoers die termynkoers ingevolge die VTK is (par. (b)(ii)). Die enigste nuwe bepaling is die byvoeging van artikel 24I(11A) in 2006 (Revenue Laws Amendment Act 20, 2006). Die rede vir die byvoeging lê in die feit dat artikel 24I onlangse veranderings aan IFRS voorafgaan en bygewerk moet word om daarmee tred te hou. Artikel 24I is naamlik

*“a comprehensive mark-to-market regime for foreign currency gains and losses that are largely designed to follow financial accounting.”* (Departement Finansies, 2006b:74).

Die belastinghantering van valutaverskille op die dekking van die verkryging van ekwiteitsaandeel moet soortgelyk aan die rekeningkundige hantering ingevolge IFRS wees (bespreking in hf. 2). 'n Onlangse wysiging in 2008 skrap verouderde bepalings wat nie meer toelaatbare rekeningkundige praktyk is nie (art. 24I(3)(c)(i)-(ii) en *proviso*, subart.(5)).

Die huidige artikel 24I se rekeningkundige wortels lê in RE 112 van 1993. Die wysigings weerspieël veral die implikasies van die oorskakeling na 'n inwonergrondslag in 2001 en die bepalings van belasting op kapitaalwinst in 2001. Die implikasies van transaksies tussen verbonde persone ten opsigte van buitelandse valutatransaksies is in geheel bygevoeg by die 1993-wetgewing. In 'n mate is rekening gehou met die veranderings in IFRS wat ook tot uiting kom in die wysigings aan artikel 25D en paragraaf 43 ten opsigte van omskakelingskoerse. Bepalings wat rekeningkundig ontoelaatbaar geword het, is geskrap.

'n Aspek van die huidige IAS 21 wat nie aandag ontvang nie, is die onderskeid van funksionele en aanbiedingsgeldeenheid. Die bepalings in artikel 9D, 25D en paragraaf 43 is nie altyd duidelik ten opsigte van ingewikkelder en meer verwyderde transaksies nie sodat die gebruik van begrippe soos “plaaslike geldeenheid”, “buitelandse geldeenheid”, “geldeenheid anders as die geldeenheid van die Republiek” en “geldeenheid...vir doeleindes van finansiële verslagdoening” verwarring veroorsaak. Die onderskeid van 'n afhanklike en 'n selfstandige buitelandse bedrywigheid wat 'n tak (permanente saak) of selfs 'n BBM kan wees, word nie gemaak nie. Hierteenoor is die omskakelingsbepalings in

die VK (FA 1993 sect. 92-92D) breedvoerig en gebruik dit die terminologie van IAS 21. Dit vereis ook dat die inkomste van die buitelandse bedrywigheid ingevolge IFRS bepaal moet word, 'n vereiste wat nie in die Wet voorkom nie. Maar ten spyte van die omskakelingsbepalings se detail bestaan daar onsekerheid in bepaalde gevalle (kyk 3.10).

Die omskrywings van begrippe in IAS 21 is min en bondig. Die omskrywings in artikel 24I is baie, uitgebreid en ingewikkeld. Die begrip *valuta-item* is 'n eiesoortig geskepte term in die Wet waaromheen die ander omskrywings en bepalinge wentel. Dit is insiggewend dat die VK-wetgewing in FA 2002 die 1993-bepalinge herroep het en daarmee saam al die uitgebreide omskrywings, byvoorbeeld kwalifiserende bates, laste en maatskappye. Die omskrywings en interpretasies is opgeneem binne die wetgewing oor leningsverhoudings (FA 1996 sect. 103) en afgeleide kontrakte (FA 2002 Sch. 26 par. 1-3, 12). Dit handel egter hoofsaaklik oor die omskrywing van die begrippe wat in die bepalinge voorkom en gebruik hiervoor soms begrippe en omskrywings van IAS 39, byvoorbeeld verskansingsverhouding, aangewese (*designated*) en vasgeslote afgeleide kontrak. Die benaderingswyse van hierdie regimes steun trouens swaar op die rekeningkundige praktyk van finansiële instrumente deur daardie winste of verliese as vertrekpunt te neem vir belastingdoeleindes. Byvoorbeeld, 'n afgeleide kontrak is een wat dit vir rekeningkundige doeleindes is (FA 2002 Sch. 26 par. 3); 'n vasgeslote afgeleide kontrak word soortgelyk aan IAS 39.10-11 verdeel tussen die gasheerkontrak (leningsgedeelte) en die vasgeslote afgeleide (afgeleide kontrak-gedeelte) (FA 1996 sect. 94A).

Die twee kodes is egter nie 'n herhaling van rekeningkundige praktyk nie. Leningsverhoudings en afgeleide kontrakte neem ook die tersaaklike regsaspekte, insluitend ander belastingwetgewing, en ekonomiese gebruike in ag sodat dit binne die geheel van die Britse belastingomgewing kan pas. Die talle uitsonderings is sprekende bewys hiervan. Dieselfde geld vir die Suid-Afrikaanse belastinghantering van buitelandse valutatransaksies en spesifiek vir valutaverpligtinge van 'n kapitale aard.

#### **4.3 DIE BELASTINGHANTERING VAN BUITELANDSE VALUTAVERPLIGTINGE VAN 'N KAPITALE AARD**

Ten slotte word die Suid-Afrikaanse belastinghantering opgeweeg teen die VK-wetgewing ten opsigte van 'n maatskappy se kapitale buitelandse valutaverpligting. Hierdie

subafdeling volg breedweg die aspekte in hoofstuk 2 ten opsigte van wetgewing in Suid-Afrika en word vergelyk met die VK-wetgewing van valutarekeningkunde (FA 1993), leningsverhoudings (FA 1996) en afgeleide kontrakte (FA 2002).

#### 4.3.1 Betekenis van kapitaalbate

'n Kapitaalbate beteken in Suid-Afrika en die VK in die algemeen dieselfde, naamlik die permanente of vaste bate wat aangewend word om wins te maak. Dit is die inkomsteskeppende struktuur van 'n maatskappy. Dit kan ook 'n kapitaalbelegging soos aandele of vaste eiendom wees, maar sluit bedryfsbates uit (2.2 en 3.1). 'n Lening wat verband hou met so 'n bate is kapitaal van aard.

#### 4.3.2 Valutaverskille en belasbare inkomste

Die begrip *valutaverskil* word in beide wetgewings gegrond op die rekeningkundige betekenis. Valutaverskil beteken die verskil wat ontstaan deur 'n bedrag in een geldeenheid om te skakel na 'n ander geldeenheid op verskillende datums teen verskillende wisselkoerse. Die wetgewings kom ook in die volgende aspekte ooreen:

- valutaverskille word in berekening gebring by die vasstelling van belasbare inkomste;
- valutaverskille word in ag geneem ongeag of die item waarop dit ontstaan het vir bedryfs- of niebedryfsdoeleindes aangewend word;
- valutaverskille op items van sowel inkomste as kapitale aard word in ag geneem;
- valutaverskille word op sowel gerealiseerde as ongerealiseerde items in ag geneem.

In die Wet word 'n item waarop valutaverskille ontstaan, 'n *valuta-item* genoem. Dit behels 'n valuta-eenheid, 'n lening, voorskot of skuld, 'n VTK en 'n buitelandse valuta-opsiekontrak wat as dekking dien vir die lening, voorskot of skuld, asook 'n geaffekteerde kontrak as 'n spesiale soort dekkingsinstrument. In die VK is wetgewing ontwerp wat die belastingimplikasies van lenings en afgeleide kontrakte breedvoerig bepaal. Valutaverskille word hierbinne betrek as 'n aspek naas andere wat ingevolge die bepalinge van die twee regimes in ag geneem word by die vasstelling van inkomste. Valutaverskille ontstaan hoofsaaklik hierop, buiten daardie op vervreemding van 'n bate in buitelandse valuta aangedui en daardie op die omskakeling van die finansiële state van 'n buitelandse

bedrywigheid. Die Wet bevat daarenteen die minimum inligting oor wat 'n valuta-item behels. Die uitgangspunt is dus die buitelandse valutatransaksie en nie die valuta-item nie. In hierdie opsig kom dit meer met IAS 21 ooreen as die VK-wetgewing. Aan die ander kant berus die VK-wetgewing weer baie op IAS 39, veral wat afgeleide kontrakte betref en in 'n mate leningsverhoudings wat soortgelyk aan finansiële laste is. Die Wet omskryf nie hierdie instrumente nie. Gegewe die uitgangspunt van navolging van AARP (of IFRS), weeg die Wet lig op teen die VK se omvattende hantering van een van die ingewikkeldste velde in rekeningkunde.

#### **4.3.3 Permanente saak van 'n inwonermaatskappy in die buiteland**

Die hantering van buitelandse valutatransaksies van 'n permanente saak ('n tak) volg in beide lande dieselfde basiese metode. Indien die PS in so 'n mate afhanklik is van die moedermaatskappy dat dit in rand (in SA) of sterling (in die VK) verslag doen, word die transaksies op die normale wyse omgeskakel en die valutaverskille by die resultate van die PS ingereken. Indien die PS onafhanklik van die moedermaatskappy sy bedryf beoefen, word die inkomste in die plaaslike geldeenheid (SA-wetgewing) of die funksionele geldeenheid (VK-wetgewing) van die PS bereken en na die aanbiedingsgeldeenheid van die moedermaatskappy omgeskakel teen die gemiddelde koers (SA en die VK) of die sigkoers (VK).

Die *disregard regulations* in die VK-wetgewing maak dit duidelik dat enige valutaverskille wat weens omskakeling in ekwiteit erken word, nie vir belastingdoeleindes in berekening kom nie. Valutaverskille op gepaarde laste en bates word teruggebring met vervreemding van die bate, behalwe as dit 'n buitelandse besigheidsbate is wat aan 'n tak behoort. Die Wet bevat nie 'n soortgelyke vrystelling nie. Die VK-wetgewing (FA 1993 sect. 92-92E) bevat groter duidelikheid ten opsigte van die funksionele en aanbiedingsgeldeenheid vir verskillende situasies as die bepalinge in artikel 25D en artikel 24I(1) (*plaaslike geldeenheid*).

#### **4.3.3 Beheerde buitelandse maatskappye**

'n Suid-Afrikaanse inwonermaatskappy met 'n BBM in die buiteland moet 'n valuta-item, byvoorbeeld 'n lening, na rand omskakel teen die sigkoers op transaksie- en realisasie-

datum. Die gerealiseerde valutaverskil word in rand bereken en dan teen die gemiddelde wisselkoers na die buitelandse geldeenheid van die BBM omgeskakel. Hierdie bedrag word ingereken by die vasstelling van die netto inkomste van die BBM en die resultaat word na rand omgerek en teen die gemiddelde wisselkoers vir insluiting by die inwoner se inkomste. Valutaverskille op werklike besigheidstransaksies soos daardie van 'n besigheidsaak, word soos die transaksie nie ingesluit by die netto inkomste van die BBM nie. Die uitsluiting geld egter nie vir passiewe inkomste en vir kapitaalwinst op buitelandse ekwiteitsinstrumente nie. Ongerealiseerde valutaverskille word uitgestel tot die valuta-item realiseer.

In die VK-wetgewing moet 'n *CFC* die belasbare inkomste ingevolge IFRS bereken. Dit moet FRS 23 toepas en die omskakeling moet ingevolge die bepalings van FA 1993 (sect. 92-92E) geskied teen die toepaslike wisselkoers. Bedrae wat as gevolg van die omskakeling in ekwiteit erken word, word nie in ag geneem by die inkomste van die inwoner nie. Sekere bedrae word nie ingesluit by die belasbare wins van 'n *CFC* nie, soos die inkomste van 'n besigheidsaak. Die VK-wetgewing kom baie ooreen met die hantering in Suid-Afrika. 'n Belangrike verskil is dat in die VK 'n valuta-item van 'n *CFC* nie eers in sterling bereken moet word en daarna terugomgeskakel moet word na die funksionele geldeenheid om vir 'n derde maal as deel van belasbare wins weer na sterling omgeskakel te word nie.

#### **4.3.5 Die effek van bates op valuta-items en valutaverskille**

'n Buitelandse valutaverpligting van 'n kapitale aard dui in hierdie studie op die aanwending van 'n buitelandse lening, voorskot of skuld om die verkryging van 'n kapitaalbate te finansier. Sodanige lening kan ongedek wees of dit kan deur 'n VTK of buitelandse valuta-opsie gedek word om 'n maatskappy teen die risiko van wisselkoersskommeling te verskans. 'n Kapitaalbate kan egter bepaal of valutaverskille op 'n relevante valuta-item in berekening gebring word by die vasstelling van belasbare inkomste. Dit is opmerklik dat, naas die algemene subartikels in artikel 24I (*i.e.*, (1), (2), (3), (6) en (12)), die meeste ander subartikels valutaverskille reguleer waarby bates betrokke is (*i.e.*, (7), (7A), (11) en (11A)). Van die orige twee is subartikel (8) 'n teenvermydingsbepaling en subartikel (10) (ook (7A)) reguleer verwante partye. Die bates bepaal die volgende ten opsigte van valutaverskille:



- 'n valutaverskil op 'n valuta-item word uitgestel na die jaar van aanslag wanneer die betrokke bate in gebruik geneem word (subart. (7));
- 'n valutaverskil op 'n kwalifiserende, ongedekte valuta-item van 'n kapitale aard waarby verbonde maatskappye betrokke is, word oor 'n tydperk in berekening gebring (subart. (7A));
- 'n valutaverskil op 'n buitelandse valuta-item waarmee 'n bate verkry is, word buite rekening gelaat (subart. (11)). Sekere uitsonderings geld, naamlik waar 'n bate
  - 'n valuta-item daarstel,
  - se onkoste in die plaaslike geldeenheid aangedui is, of
  - 'n buitelandse ekwiteitsinstrument is wat voorraad of 'n kapitaalbate uitmaak, of wat geag word om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees vir doeleindes van belasting op kapitaalwins;
- 'n valutaverskil op dekkingsinstrumente wat die verkryging van ekwiteitsaandele in sekere omstandighede verskans (subart. (11A)).

Subartikel (11) ignoreer valutaverskille waar die onderliggende bate:

- onroerende eiendom in die buiteland is,
- enige ander bate van 'n permanente saak van 'n inwoner in die buiteland is wat met vervreemding aan buitelandse belasting onderhewig is, of
- enige ander bate van 'n nie-inwoner is wat nie aan 'n permanente saak in die Republiek toeskryfbaar is nie.

Hierdie subartikel is 'n uitsondering op die algemene bepaling dat alle valutaverskille in ag geneem word vir belastingdoeleindes. Dit verskil van IFRS en kom ook nie voor in die VK-wetgewing as een van die uitsonderings nie. Dit is verder uniek in die opsig dat dit die inkomstekeersy is van paragraaf 43 van die Agtste Bylaag waarin valutaverskille wat ontstaan met die vervreemding van sekere buitelandse kapitaalbetes nie in ag geneem word vir kapitaalwindsdoeleindes nie.

Subartikel (11A) is 'n uitdruklike navolging van IFRS om valutaverskille op verskansing van aandeleverkrygings nie in ag te neem in die mate wat dit nie vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes in ag geneem is nie. Dit kom ooreen met die VK-wetgewing wat paring in ekwiteit toelaat van valutaverskille op 'n leningsverhouding of 'n afgeleide kontrak waar valutaverskille op die verskanste item in ekwiteit erken word.

#### 4.3.6 Spesiale bepalings

Buiten die bogenoemde spesiale gevalle wat almal bates betrek, bevat die Wet en die VK-wetgewing 'n aantal spesiale bepalings. Slegs 'n paar van die VK-bepalings word hier gegee.

- *Verwante partye.* In die Wet word valutaverskille op valuta-items waarby verbonde maatskappye betrokke is, uitgestel tot die datum van realisasie van die valuta-item. In die VK bepaal die tipe verwantskap by 'n leningsverhouding die metode en resultaat van die spesiale berekening, byvoorbeeld 'n berekening volgens gearmorteerde koste waar daar beheer is. Daar is dus nie uitstel van die verskil in die VK nie.
- *Teenvermydingsbepaling.* Geen valutaverlies word as aftrekking toegestaan indien 'n transaksie aangegaan is uitsluitlik en hoofsaaklik met die doel om belastingaanspreeklikheid te verminder nie. In die VK word geen valutaverskille op transaksies met ontoelaatbare doeleindes in berekening gebring nie. Indien die doeleinde die verkryging van 'n belastingvoordelige posisie is, is dit net ontoelaatbaar wanneer dit een van die hoofdoeleindes van die maatskappy is.
- *Transaksie nie onder beding van uiterste voorwaardes nie.* Artikel 24I bevat nie bepalings oor valutaverskille op transaksies wat nie onder uiterste voorwaardes tussen verbonde persone beding is nie, buiten die algemene teenvermydingsbepaling en die bepaling oor verbonde persone hierbo. In die Wet geld die bepalings van artikel 31 ten opsigte van verbonde persone waar die Kommissaris die vergoeding kan aanpas om 'n prys weer te gee wat onder uiterste voorwaardes beding is (die sg. "oordragprysbepaling"). Waar 'n maatskappy deur 'n buitelandse belegger gefinansier word en die skuld is oneweredig (oormatig) in verhouding tot ekwiteit (die sg. "dun kapitalisasie"), word die rente op die oormatige gedeelte nie as 'n aftrekking toegelaat nie. Praktyknota nr. 2 (par. 7) gee riglyne waar die finansiële bystand in valuta anders as rand aan 'n inwonermaatskappy verleen word om die berekenings te kan doen wat betrekking het op artikel 31. Die ekwivalente valutawaarde moet bepaal word deur die gemiddelde wisselkoers toe te pas (Olivier & Honiball, 2005:429) of die kontantkoers op die datum waarop die bedrag van finansiële bystand vasgestel moet word. Indien die randwaarde

verswak het teenoor die buitelandse geldeenheid, kan die kontantkoers gebruik word op die dag waarop die lening ontvang is of die skuld werklik aangegaan is.

Ingevolge die bepalings oor leningsverhoudings word valutaverskille buite rekening gelaat indien die lening nie in ag geneem word by die bepaling van wins of verlies vir belastingdoeleindes nie. Die bepaling geld nie indien by 'n krediteurverhouding 'n ooreenstemmende valutaverskil op die debiteurverhouding wel in berekening gebring is nie. By afgeleide kontrakte word die valutaverskille ook weggelaat indien die kontrak ingevolge oordragprysbepalings hanteer word asof die maatskappy nie 'n party was by die kontrak nie. In die mate wat oordragprysaanpassings gemaak is, word die valutaverskille wel in ag geneem.

- *Kapitaaluitgawes.* Ingevolge IAS 23 *Leenkoste*, word rentekoste gekapitaliseer by kwalifiserende bates. Volgens IAS 23.06(e) mag valutaverskille op buitelandse lenings by leenkoste ingesluit word in die mate wat dit die rentekoste aansuiwer. Dit word sodoende ingesluit by die kapitalisering van leenkoste van 'n kwalifiserende bate. Die valutaverskille op die kapitaalbedrag wat gekapitaliseer kan word, word beperk tot die bedrag wat die verskil is tussen die werklike rentekoste omgeskakel na rand en die rente op die randekwivalent van die lening teen die koers in Suid-Afrika. Valutaverskille op 'n VTK kwalifiseer nie vir kapitalisering nie (Vorster *et al.*, 2007:479-480). Artikel 24I bevat nie bepalings oor die hantering van gekapitaliseerde leenkoste nie. Ingevolge artikel 11(bA) van die Wet word rente wat aangegaan is by die oprigting van 'n bate wat deur die belastingpligtige gebruik gaan word vir doeleindes van sy bedryf, as aftrekking toegelaat in die jaar van aanslag waarin die bate deur hom in gebruik geneem word.

By leningsverhoudings en afgeleide kontrakte in die VK-wetgewing word debiete of krediete wat ingereken is by die waarde van 'n kapitaalbate of projek, vir belastingdoeleindes in berekening gebring in dieselfde tydperk wat dit rekeningkundig erken is. Dit kom ooreen met die hantering in Suid-Afrika, ook wat betref die verbod om debiete 'n tweede maal, byvoorbeeld as waardevermindering, as aftrekking in berekening te bring. Aangesien valutaverskille ingesluit word by die debiete of krediete, behoort dieselfde hantering in die VK vir kapitalisering van valutaverskille op rentekoste te geld as wat ingevolge IAS 23 toelaatbaar is.

- *Ander spesiale en teenvermydingsbepalings* kom in die wetgewing oor leningsverhoudings en afgeleide kontrakte voor, maar word nie hier verder bespreek nie. Artikel 24I bevat nie dieselfde spesiale bepalinge nie, omrede die VK-wetgewing handel oor die debiete en krediete wat ontstaan by leningsverhoudings en afgeleide kontrakte. Van hierdie spesiale bepalinge is onder andere laat rentebetalinge, die beëindiging van inwonerstatus (vgl. art. 24I(12) vir aanvang en beëindiging van 'n valuta-item), erkenning in ekwiteit, transaksies binne groepe en afgeleide kontrakte met nie-inwoners. Die hantering ingevolge die Wet moet geskied volgens ander bepalinge van die Wet.

#### **4.3.7 Kapitaalwinsbepalings**

In Suid-Afrika word die toepassing van artikel 24I(11) betrek by die toepassing van paragraaf 43 van die Agtste Bylae ten opsigte van die vasstelling van kapitaalwins of -verlies waarby valutaverskille oor die tydperk van houding van die vervreemde bate ingesluit of uitgesluit word. Die algemene beginsel van belastingeweredigheid is dat waar valutaverskille op 'n buitelandse lening waarmee 'n bate verkry is, nie in berekening kom vir belastingdoeleindes nie, die valutaverskille op die bate met vervreemding ook nie ingesluit word by die vasstelling van kapitaalwins nie. Valutaverskille op valuta-items word in ag geneem op onderliggende buitelandse bates wat geag word om van 'n Suid-Afrikaanse bron te wees, wat ekwiteitsinstrumente is of wat in die plaaslike geldeenheid verkry is. Kapitaalwins met vervreemding hiervan sluit gevolglik die valutaverskille oor die tydperk van houding in. Soos wat in hoofstuk 2 betoog is, word die eweredigheidsbeginsel nie in alle omstandighede gestand gedoen nie.

In die VK is die basiese reël dat wins of verlies vir belastingdoeleindes in sterling uitgedruk moet word. Kapitaalwinste of -verliese moet eweneens in sterling, maar volgens kapitaalwinsbepalings, bereken en by 'n maatskappy se inkomste ingesluit word wat aan korporatiewe belasting onderworpe is. Toelaatbare onkoste word van die vergoeding vir die vervreemde bate afgetrek. Onkoste wat in 'n buitelandse geldeenheid aangegaan is, word omgeskakel na sterling teen die heersende wisselkoers op die datum van verkryging. Vergoeding wat in 'n buitelandse geldeenheid ontvang word, moet ook na sterling omgeskakel word teen die heersende wisselkoers op die datum van vervreemding. Die beslissing in die saak van *Bentley v Pike Ch D (1981) STC 360, 53 TC 590* is dus die geldende bepaling. Die valutaverskil oor die tydperk wat die bate gehou word, word dus in

ag geneem by die vasstelling van kapitaalwins. Ingevolge die paringsbeginsel word valutaverskille op die valutaverpligting en op die gepaardgaande bate nie in berekening gebring nie. Met die vervreemding van die bate word daardie uitgestelde valutaverskille beide binne kapitaalwinsbepalings in berekening gebring en kanselleer mekaar in effek uit. Indien 'n bate van kapitaalwins vrygestel is, kom geen valutaverskille in berekening nie. Oneweredige belastinghantering word uitgeskakel deurdat die debiete of krediete op 'n leningsverhouding wat jaarliks binne inkomste in berekening moet kom, uitgestel word en volgens die gepaardgaande bate hanteer word met vervreemding. Waar die valutaverskille op 'n krediteurleningsverhouding wat 'n langtermynbelegging in 'n buitelandse bedrywigheid verteenwoordig, na ekwiteit geneem is, word die valutaverskil met die beëindiging van die leningsverhouding as 'n leningsverhoudingsdebiet of -krediet in berekening gebring. Die bepaling van artikel 24I(11A) stem hiermee ooreen deur valutaverskille op die verskansing van 'n aandeleverkryging nie in berekening te bring nie. Die verskansing kan met 'n lening of 'n VTK gedoen word. 'n Paring vind plaas met die valutaverskille op die omskakeling van die netto belegging en niks kom vir die betrokke jaar van aanslag in berekening nie. Die valutaverskille word ingereken by die basiskoste van die belegging. Met vervreemding kanselleer die valutaverskille wat ingesluit word in die kapitaalwinsberekening die valutaverskille uit wat op die verskansing ingesluit word by die basiskoste. Dit verseker belastinggeweredigheid.

Spesiale bepalinge geld vir sekere afgeleide kontrakte, byvoorbeeld vasgeslote afgeleide kontrakte, waar die onderliggende item 'n bate is wat onder kapitaalwinsbepalings val. Die wins of verlies op die kontrakgedeelte moet jaarliks op 'n rekeningkundige basis bereken word, maar as kapitaalwinste belas word. Die leningsgedeelte word volgens die bepalinge van leningsverhoudings hanteer.

#### **4.4 GEVOLGTREKKINGS**

Die vergelyking toon dat die Suid-Afrikaanse belastingwetgewing van 1993 rekeningkundige beginsels in ag neem, maar 'n eiesoortige karakter het deur definisies aan te wend om die bepalinge oor buitelandse valutatransaksies te reguleer. Sommige wysigings reflekteer veranderde rekeningkundige praktyk. Ander wysigings weerspieël die invloed van die verandering na die inwonergrondslag en die inwerkingtreding van belasting op kapitaalwins.

Valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting van 'n kapitale aard word deur spesiale bepalings gereguleer, naamlik die tyd van ingebruikneming van die bate, verbonde persone, die samehang met kapitaalwinsbepalings en die toepassing van IFRS. Belastingeweredigheid word nie altyd bereik met die hantering van valutaverskille op verpligtinge nie. Die verhouding tussen artikel 24I(11) en paragraaf 43 van die Agtste Bylae waarby artikel 9(2) en artikel 25D betrek word, bemoeilik die toepassing van die bepalings en gee nie duidelike riglyne by ingewikkelde verhoudings tussen partye en die transaksies nie. Belastingeweredigheid word bereik waar buitelandse aandelebeleggings verskans word (subart. (11A)) op 'n wyse wat IFRS navolg.

Hierteenoor het die VK-wetgewing 'n algehele gedaanteverwisseling ondergaan sedert 1993 met die assimilasie van buitelandse valutatransaksies in leningsverhoudings en afgeleide kontrakte. Dit het verdere vernuwing ondergaan toe IFRS die verpligte rekeningkundige praktyk geword het vir genoteerde maatskappye. Belastingbepalings neem die patroon aan van rekeningkunde, maar die talle spesiale bepalings toon dat belastingbeginsels vir alle transaksies oorweeg word en van rekeningkunde afwyk indien die beginsel nie tot sy reg kom nie.

## HOOFSTUK 5

### SLOT

#### 5.1 INLEIDING

Hierdie studie het die Suid-Afrikaanse belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge ondersoek wat gebruik word om kapitaalbates te verkry. Dit is vanuit die perspektief van 'n maatskappy gedoen om die verband met rekeningkundige praktyk soos beliggaam in IFRS aan te toon. Die doelwit met die studie is die ontleding van die Wet se bepalings oor buitelandse valutaverpligtings van kapitale aard, is om vas te stel wanneer valutaverskille nie by inkomste in ag geneem word nie, watter bates hierdie besluit beïnvloed en wat die vereiste van IFRS ten opsigte van buitelandse valutaverpligtinge is. Die bepalings van die Wet is in die breër konteks van die belastingwetgewing in die Verenigde Koninkryk geplaas. Hierdie wetgewing gebruik Generally Accepted Accounting Practice (oftewel IFRS) as vertrekpunt vir die vasstelling van die belastingaanspreeklikheid van 'n maatskappy. Vir hierdie doel is die VK-wetgewing oorsigtelik bespreek asook die verband met IFRS. Die volgende is die belangrikste gevolgtrekkings uit die studie. Die studie sluit af met 'n aantal opmerkings vir oorweging.

#### 5.2 GEVOLGTREKKINGS

Eerstens word die vernaamste bevindinge en gevolgtrekkings aangebied. Daarna word die hipoteses wat in hoofstuk 1 gestel is, beoordeel.

##### 5.2.1 Algemene gevolgtrekkings

- Die 1993-wetgewing het twee belangrike belastingbeginsels verander: valutaverskille van 'n kapitale aard en ongerealiseerde valutaverskille word nie meer buite rekening gelaat soos in die tydperk voor artikel 24I nie, maar word in berekening gebring vir belastingdoeleindes. Valutaverskille word soos finansieringskoste hanteer. Die erkenning van valutaverskille op kapitale en ongerealiseerde items volg AARP. Dit is as een van die oogmerke met die nuwe artikel 24I aangedui. Hierdie verskille word in die Wet self geïmpliseer deur die bewoording “enige valutaverskil ten opsigte van 'n valuta-item”, maar

nie uitdruklik genoem nie. Die VK-wetgewing neem ook hierdie valutaverskille in ag, hetsy as bedryfs- of as niebedryfsdebiete en krediete. Die VK-wetgewing stel uitdruklik dat valutaverskille op kapitaalitems en ongerealiseerde items in ag geneem moet word. In beginsel word valutaverskille op 'n buitelandse valutaverpligting van 'n kapitale aard vir belastingdoeleindes in beide wetgewings in ag geneem.

- Definisies reguleer die bepalings van artikel 24I. Die definisies hou verband met AARP, maar is hoofsaaklik gerig op die regulering van die bepalings in die artikel, byvoorbeeld die begrippe valuta-item en geaffekteerde kontrak. Dit hou nie voldoende rekening met IAS 21 en IAS 39 nie. Dieselfde geld die gebruik van die begrip *plaaslike geldeenheid* in artikel 9D, 24I, 25D en paragraaf 43. IFRS onderskei die funksionele en aanbiedingsgeldeenheid in die buitelandse valutatransaksies van 'n maatskappy en omskakelings uit 'n buitelandse geldeenheid van 'n buitelandse bedrywigheid. Die Wet het nog geen wysiging in hierdie verband aangebring nie. Die begrippe beïnvloed die identifisering van die tersaaklike geldeenhede van 'n permanente saak van 'n inwoner in die buiteland en van 'n beheerde buitelandse maatskappy, asook ander betrokke partye en transaksies, binnelands of buitelands, met daardie buitelandse bedrywigheede. In die VK-wetgewing is weggedoen met die definisies in die 1993-wetgewing, die begrippe van IFRS is ingebring en verskillende situasies en die gebruik van die tersaaklike geldeenhede word aangetoon. Die VK-wetgewing word hierdeur eenvoudiger en duideliker wat nie die geval in die Wet is nie.

- Die definisie van valuta-item omvat 'n valuta-eenheid, 'n lening, voorskot of skuld, 'n valutatermykontrak en 'n buitelandse valuta-opsiekontrak. Die betekenis van valuta-eenheid en lening word nie omskryf nie en die interpretasie berus gevolglik op algemene en rekeningkundige omskrywings. 'n VTK en valuta-opsiekontrak word kortliks omskryf. Die begrippe se betekenis is egter baie wyer as die gegewe definisies en moet eweneens volgens algemene en rekeningkundige omskrywings verstaan word. Die Wet maak geen melding hoe wyd die begrippe verstaan moet word nie. Die VK-wetgewing bevat uitgebreide bepalings oor leningsverhoudings en afgeleide kontrakte wat in beginsel met die Wet se begrip van valuta-item ooreenkom. Die omskrywings berus op regs- en rekeningkundige beginsels, met direkte verwysing na IFRS wat die parameters van die



begrippe bepaal. Die omvang van die interpretasie word beperk of uitgebrei met spesifieke bepalings oor wat byvoorbeeld as 'n leningsverhouding geld.

- Die Wet bevat spesifieke uitsonderings waar valutaverskille op 'n buitelandse verpligting uitgestel word, byvoorbeeld tot die datum van ingebruikneming van 'n bate, of in gevalle van transaksies tussen verbonde persone, tot die datum wat die valuta-item realiseer. Die VK-wetgewing bevat heelwat meer spesiale bepalings wat in die Wet ingevolge ander bepalings gereguleer word, byvoorbeeld transaksies wat nie onder uiterste voorwaardes beding is nie.
- Die spesifieke invloed van die verandering na die inwonersgrondslag van belastingaanspreeklikheid en die invoering van belasting op kapitaalwins in 2001 word veral in artikel 24I(11) gesien. Hierdie bepaling verbied dat valutaverskille op 'n buitelandse valutalening wat gebruik word om sekere bates te verkry, by inkomste ingesluit of van inkomste afgetrek word. Hierdie uitsluiting is permanent. Die subartikel moet in samehang met paragraaf 43 van die Agtste Bylae gelees word. Die beginsel is dat valutaverskille oor die tydperk van houding van die bate wat uitgesluit word, met vervreemding nie onderhewig is aan belasting op kapitaalwins nie. Die bates is veral buitelandse bates wat 'n maatskappy hou of wat 'n permanente saak van 'n inwoner in die buiteland hou. Die bates wat nie onder die bepaling val nie, is bates wat vir kapitaalwinsbepalings geag word om van 'n bron in die Republiek te wees, bates wat in die plaaslike geldeenheid bekom is, 'n bate wat 'n valuta-item is en buitelandse ekwiteitsinstrumente. Op hierdie bates is die valutaverskille op die valuta-item wat daarmee gepaardgaan, wel belasbaar of aftrekbaar. Die kapitaalwins of -verlies sluit die valutaverskille oor die tydperk van houding in. Die gewenste doel van 'n belastingeweredige hantering word egter nie in alle gevalle bereik nie. Dit is deels te wyte aan die komplekse en bondige formulering van die bogenoemde bepalings en die omskakelingsbepalings, die onduidelikheid oor wat plaaslike geldeenheid en geldeenheid vir finansiële verslagdoening beteken, en die gebrek aan die gebruik van die nuwe IFRS-begrippe funksionele en aanbiedingsgeldeenheid. Belastingeweredigheid word net deels bereik, aangesien die valutaverskille op die valuta-items as inkomste teen die normale belastingkoers van toepassing op maatskappye belas word, terwyl die valutawins opgesluit in die kapitaalwins teen die insluitingskoers van kapitaalwinste belas

word. Daarby word valutaverskille op valuta-items jaarliks by inkomste in berekening gebring, terwyl kapitaalwinste of -verliese eers met vervreemding in ag geneem word.

Die VK-wetgewing poog om belastinggeweredigheid te bereik met die *disregard*- en die *BAGL*-regulasies. Die paringsbeginsel verseker dat waar valutaverskille op 'n gepaardgaande bate in ekwiteit erken word, die verskil op die leningsverhouding of afgeleide kontrak ook na ekwiteit uitgestel word tot met vervreemding. Valutaverskille op 'n afgeleide kontrak met 'n onderliggende kapitaalbate wat vervreem word, word ook volgens kapitaalwinsbepalings hanteer. Indien 'n bate 'n leningsverhouding verteenwoordig, dan word die valutaverpligting ook as 'n leningsverhoudingdebiet of -krediet hanteer. Op hierdie wyse word valutaverskille in dieselfde tydperk in berekening gebring.

- Soos die Wet volg die VK-wetgewing IFRS nie slaafs na nie, maar maak voorsiening vir bepalinge wat belastingbeginsels handhaaf, byvoorbeeld die invloed van kapitaalwinsbepalings, paring, verbonde partye en die beëindiging of aanvang van inwonerstatus. Waar IFRS die twee bene van 'n transaksie ongelyk hanteer, maak die VK-wetgewing voorsiening vir paring, byvoorbeeld in die geval van skansverantwoording van 'n netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid in die rekords van die afsonderlike entiteit. Artikel 24I(11A) is 'n voorbeeld waar die belastingbepaling soortgelyke hantering aan 'n transaksie gee as wat dit in die finansiële state ontvang. Dit is die enigste keer wat uitdruklik in die Wet self melding gemaak word van die navolging van IFRS. Hierdie subartikel tesame met paragraaf 20(4) van die Agtste Bylae verseker dat belastinggeweredigheid geskied met die vervreemding van die bate.

- Buitelandse valutatransaksies het in sowel die Wet as die VK-wetgewing 'n gemeenskaplike basis in die vorm van IAS 21 en IAS 39. Die vorm en omvang van die wetgewing verskil egter in groot mate. Die Wet het die 1993-wetgewing behou en slegs wysigings aangebring aan sekere bepalinge, 'n aantal verouderde bepalinge geskrap en 'n paar bepalinge nuut bygevoeg wat AARP of IFRS weergee. Die artikel is in 'n ou gedaante met slegs 'n gedeeltelike nuwe kleed. Die VK-wetgewing het 'n totale nuwe voorkoms en inhoud gekry sedert die 1993-wetgewing. Eers is nuwe wetgewing uitgevaardig betreffende finansiële instrumente en daarna oor leningsverhoudings. Daarna is die 1993-bepalinge geskrap en op 'n geheel nuwe wyse by leningsverhoudings en afgeleide

kontrakte ingelyf. Laastens, vanaf 2004, was daar die algehele aanpassing by IFRS ten opsigte van die omskakelingsbepalings, leningsverhoudings en afgeleide kontrakte en die gepaardgaande valutaverskille. Die bepaling is omvattend, duidelik, logies en sintakties en semanties eenvoudig en tog spesifiek, met verwysings na ander wetsgedeeltes. Die VK-wetgewing behou nietemin spesiale bepalinge vir belastingdoeleindes. Daarby magtig die bepaling telkemale die Tesourie om nuwe regulasies te skep om nuwe situasies aan te spreek soos wat dit ontstaan in die finansiële milieu.

## 5.2.2 Bevindinge ten aansien van die hipoteses

Die hipoteses wat in hoofstuk 1 gestel is ten opsigte van die belastinghantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard, word elk afsonderlik beantwoord aan die hand van die resultate van die studie.

- *Hipotese 1. Die belastingbepalings van die Wet gee soms aanleiding tot 'n oneweredige belastinghantering deurdat die valutaverskil op 'n buitelandse valutaverpligting verontagsaam word terwyl die kapitaalwins of -verlies op die gepaardgaande bate met vervreemding vir belastingdoeleindes in ag geneem word.*

Die hipotese is gedeeltelik waar. Die uitsluitingsbepaling van artikel 24I(11) het betrekking op onroerende eiendom in die buiteland en bates van 'n permanente saak van 'n inwoner in die buiteland. Albei tipes bates word met vervreemding deur die buitelandse staat belas. 'n Oneweredige belastinghantering vanuit die posisie van die belastingpligtige bestaan deurdat die valutaverskil op die buitelandse verpligting nie vir belastingdoeleindes in aanmerking kom nie. 'n Belastingoneweredigheid bestaan ook waar die valutaverskil op die verpligting sowel as op die kapitaalwins of -verlies in berekening gebring word, omdat dit teen verskillende koerse belas word, soos by sommige gevalle in paragraaf 43(2). Ander gevalle in paragraaf 43(2) sluit die valutaverskil in by die kapitaalwinsberekening, terwyl die verskil op die verpligting uitgesluit word. Eweredigheid word bereik in die geval van artikel 24I(11A) waar die valutaverskil op die dekkingsinstrument buite rekening gelaat word en die basiskoste met daardie bedrag aangesuiwer word. Die aansuiweringsbedrag kanselleer die valutaverskil ingesluit in die kapitaalwins of verlies. Hierdie subartikel volg IFRS waar die valutaverskil in ekwiteit erken word tot dit wins of verlies beïnvloed op welke tydstip dit dan afwyk van die rekeningkundige praktyk.

- *Hipotese 2. Die belastingbepalings van die Wet wat verbied dat valutaverskille in ag geneem word op buitelandse valutaverpligtinge, wyk van die vereistes van IFRS af.*

Die hipotese is waar. IFRS laat nooit valutaverskille buite rekening nie. Sommige verskille word in ekwiteit erken, maar word geherklassifiseer na wins of verlies wanneer die onderliggende bate wins of verlies beïnvloed. Valutaverskille word met vervreemding van die bate in wins of verlies erken. IFRS tref geen onderskeid tussen kapitaal- en inkomste-items se effek op wins of verlies nie.

- *Hipotese 3. Die belastingbepalings van die VK ten opsigte van buitelandse valutaverpligtinge tref nie 'n onderskeid tussen die aanwending van die verpligting vir die verkryging van 'n kapitaalbate in 'n buitelandse geldeenheid of vir die verkryging van die kapitaalbate in die plaaslike geldeenheid nie.*

Die hipotese is waar. Die hantering verskil egter van die Wet se bepalings. Die VK-wetgewing gebruik nie die begrip *plaaslike geldeenheid* nie, maar onderskei tussen funksionele en aanbiedingsgeldeenheid in navolging van IFRS. Winste en verliese uit leningsverhoudings en afgeleide kontrakte moet ingevolge IFRS bereken word. Valutaverskille word hierby ingesluit. Indien die funksionele geldeenheid sterling is, word die valutaverskille op 'n verpligting vir belastingdoeleindes erken. Verskille wat na ekwiteit geneem word, word verontagsaam en eers met vervreemding volgens die *BAGL*-regulasies hanteer. As dit 'n kapitaalbate is wat vervreem word, word die valutaverskil ook volgens kapitaalwinsbepalings hanteer. Kapitaalwins word altyd in sterling bereken wat beteken dat die valutaverskil oor die tydperk van houding in ag geneem word. Indien die funksionele geldeenheid 'n buitelandse geldeenheid is (bv. van 'n tak) en die verpligting is in daardie geldeenheid, ontstaan met omskakeling na sterling 'n valutaverskil wat in ekwiteit erken word en nie die belastingberekening beïnvloed nie. Die kapitaalwins moet steeds in sterling bereken word. Dit blyk hiervolgens dat, tensy daar 'n paring van valutaverskille op die las en die bate in ekwiteit is, daar 'n belastingoneweredigheid bestaan. Valutaverskille op gepaarde bates en laste wat verontagsaam is, word teruggebring vir belastingdoeleindes, behalwe wanneer dit 'n buitelandse besigheidsbate is, insluitend 'n tak self. Dit verskil van die Wet wat byvoorbeeld 'n aandeelbelegging ingevolge paragraaf 43(4) hanteer waarop valutaverskille in ag geneem word.

- *Hipotese 4. Die belastingbepalings van die VK hou rekening met die vereistes van IFRS in die hantering van buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard.*

Die hipotese is gedeeltelik waar. Die VK-bepalings wend die begrippe van IFRS aan. Die bepalinge ingevolge buitelandse valutarekeningkunde is omvattend en spreek die meeste situasies aan. Die bepalinge wyk van IFRS af deur somtyds geen valutaverskil wat verontagsaam is, weer in berekening te bring vir belastingdoeleindes nie. Dit wyk ook af wanneer belastingbeginsels gehandhaaf word, byvoorbeeld in verbonde partytransaksies.

- *Hipotese 5. Die belastingbepalings van die VK kan bydra om die bepalinge van die Wet te vereenvoudig en meer in ooreenstemming met IFRS te bring.*

Die hipotese is waar. Die VK-bepalinge het vele positiewe punte. Die uiteensetting van die bepalinge volg logies op mekaar. Die verwysing na ander bepalinge en subbepalinge word gegee wat verwarring uitskakel en verstaanbaarheid bevorder. Die taalgebruik is eenvoudig. Die bepalinge is in 'n nuwe vorm en hou uitdruklik rekening met IFRS en nuwe ontwikkelinge in die finansiële markte. Die wysigings is egter inhoudelik baie en gereeld in 'n poging om die implikasies van IFRS en praktyk belastinggewys te hanteer. Die uitsonderings op die basiese bepalinge is eweneens gewigtig in omvang.

### **5.3 OPMERKINGS VIR OORWEGING**

Die volgende oorwegings word aan die hand gedoen. Dit het slegs betrekking op die Suid-Afrikaanse belastinghantering.

- 'n Grondige hersiening van die Wet se bepalinge is nodig om rekening te hou met IFRS en die praktyk. Met die inwerkingtrede van IFRS is die rekeningkundige praktyk en belasting besig om van mekaar weg te beweeg (SAICA, 2006:1). 'n Aantal jare het verloop sedert IFRS van toepassing geword het op genoteerde maatskappye. Slegs een bepaling weerspieël dit (art. 24I(11A)). Aandag moet aan die rekeningkundige basis van IFRS gegee word, naamlik billikewaarde- en geamortiseerde kosterekeningkunde. Die omskakelingsbepalinge in artikel 25D behoort IAS 21 se begrippe, definisies en die

verskillende omstandighede waarop dit van toepassing is, uiteen te sit. IAS 39 is ingewikkeld en verg duidelike belastingbepalings.

- 'n Praktyknota wat die bestaande bepalinge bywerk, sal bydra tot groter duidelikheid met die toepassing. Dit sal egter beperk wees tot die bepalinge self en sal, in die lig van die VK-wetgewing, IFRS en die praktyk, nie voldoende kan wees nie. Aanlyn-riglyne wat voortdurend bygewerk kan word, sal die bepalinge se toepassing vergemaklik.
- Dit behoort oorweeg te word om die belastinghantering van valuta-items soos in die VK-wetgewing in afsonderlike bepalinge te betrek waar die hantering van valutaverskille, naas byvoorbeeld rente, een van die aspekte van daardie valuta-item is. Die vele en soms verouderde definisies is dan nie meer nodig nie. Dit sal die kritiek dat die bepalinge van buitelandse valutatransaksies deur definisies gereguleer word, bevredigend beantwoord.
- Dit moet in gedagte gehou word dat IFRS nie finaal is nie en dat wysigings weer aangebring sal word om probleme uit te stryk. Die herhaalde wysigings aan die VK-wetgewing is enersyds 'n aanduiding van die aanpassings wat nodig is om die praktiese implikasies van die huidige IAS 21 en IAS 39 aan te spreek. Andersyds dui dit op die intydse reaksie van die Tesourie om probleme aan te spreek.
- Die basiese bepalinge rondom buitelandse valutaverpligtinge van 'n kapitale aard in die Wet is duidelik. Dit moet oorweeg word of die volle implikasies van lenings en verskansingsinstrumente in die lig van IFRS se vereistes voldoende deur die huidige bepalinge gedek word. In 1993 is afgestap van die toepassing van die verskil tussen kapitaal en inkomste, en tussen gerealiseerde en ongerealiseerde valutaverskille. Sekere ander rekeningkundige beginsels ten opsigte van valutaverskille kan oorweeg word, byvoorbeeld die tydstip waarop 'n bate gereed is vir gebruik, eerder as die datum van ingebruikneming, en gekapitaliseerde finansieringskoste. Dit sal nakomingsvereistes vergemaklik. Uitsonderings wat nie in artikel 241 hanteer word nie en deur ander bepalinge van die Wet gereguleer word, kan as selfstandige subartikels bygevoeg word in die wetgewing oor buitelandse valutaverskille, byvoorbeeld oordragprysbepalinge.

- Hierdie studie is beperk in omvang, veral wat die VK betref. Navorsing oor die onderwerp soos wat dit in die VSA, Australië, Kanada en ander lande hanteer word, kan meer lig hierop werp. Dit kan moontlike nuwe insigte verleen in die ontwerp van nuwe wetgewing oor buitelandse valutatransaksies, en spesifiek oor die hantering van valutaverskille op buitelandse valutaverpligtinge van kapitale aard.

## VERWYSINGS

Clegg, D. & Smith, A. 2003. Cross-border loans. Foreign exchange gains or losses. *Tax Planning*, 17(3):70-72.

Dawson, A.J.D. & Rodney, W.H. 1994. The use of exchange-rate hedging techniques by UK property companies. *Journal of Property Finance*, 5(4):56-67.

De Koker, A.P. 2007. *Silke on South African income tax*. Durban: LexisNexis. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
[http://bibinf.unisa.ac.za/nxt/gateway.dll?f=templates\\$fn=default.htm\\$vid=mylnb:10.1048/enu](http://bibinf.unisa.ac.za/nxt/gateway.dll?f=templates$fn=default.htm$vid=mylnb:10.1048/enu) [Toegang: 2007-09-04].

De Koker, A. P., Emslie, T.S. & Frame, C. R. 1988. *Income tax in South Africa*. Durban: Butterworths.

Everingham, G.K. & Watson, A. 1996. *Generally Accepted Accounting Practice. A South African viewpoint*. 2nd ed. Cape Town: Juta & Co.

Finney, M.J. & Dixon, J.C. 1986. *Companies operating overseas: UK tax law and practice*. London: Longman.

Gee, P. 2006. *UK GAAP for business and practice*. London: Elsevier.

Huxham, K. & Haupt, P. 2006. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse inkomstebelasting*. Roggebaai: H & H Publications.

Huxham, K. & Haupt, P. 2008. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse inkomstebelasting*. Roggebaai: H & H Publications.

Hyland, M. & Walton, K. 2007. *Tolley's corporation tax 2007-08*. London: LexisNexis Tolley.

Jones, C. 2007. *Principles of business taxation. Finance Act 2006*. Oxford: Elsevier.



Jordaan, K., Koekemoer, A., Stiglingh, M., Van Schalkwyk, L., Wassermann, M. & Wilcocks, J. 2008. *Silke: Suid-Afrikaanse inkomstebelasting 2008*. Durban: LexisNexis.

Kay, J. & King, J. 1985. *Taxing currency fluctuations? The tax treatment of foreign exchange gains and losses*. (IFS Report Series No. 18.) London: The Institute for Fiscal Studies.

Kleinhans, C. 2004. *The taxation principles of foreign exchange transactions with specific reference to the interrelationship between the eighth schedule and the other provisions of the Income Tax Act*. Ongepubliseerde MCom Belasting-skripsie. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth.

Koekemoer, A. & Rossouw, C. 2006. *Is the treatment of foreign exchange contracts for South African tax purposes similar to the accounting treatment thereof under IFRS?* Referaat gelewer by die Kongres van die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging, Sun City, 28-30 Junie.

Kolitz, M. 2003a. Foreign currency transactions. Which provisions apply? *Tax Planning*, 17(1):33-35.

Kolitz, M. 2003b. Foreign currency transactions - II. *Tax Planning*, 17(2):60-63.

Kolitz, M. 2006. Foreign currency transactions. *Tax Planning*, 20(1):12-14.

Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. 1979. *Wisselkoerse in Suid-Afrika. Tussentydse verslag*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

MacDonald, G. & Martin, D. 2004. *Tax and accounting. A response to the 2003 consultation document on corporation tax reform*. (TLRC Discussion Paper no. 4.) London: The Tax Law Review Committee.

McCarthy, C.L. 1984. *Monetêre ekonomie. 'n Suid-Afrikaanse perspektief*. Pretoria: HAUM.

Mohr, P. & Fourie, L. 2005. *Ekonomie vir Suid-Afrikaanse studente*. 3de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Montocchio, J. 2006. Selling the game - IX. Foreign exchange gains and losses. *Tax Planning*, 20(6):145-148.

Mulder, I.J. 1993. *Management of currency risk and exchange rate exposure*. Ongepubliseerde MCom Rekeningkunde-skripsie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Oberholzer, R. & Wilcocks, J.S. 2004. The effects on taxpayers of new tax legislation regarding foreign exchange transactions. *South African Journal of Accounting Research*, 18(1):43-73.

Olivier, L. & Honiball, M. 2005. *International tax. A South African perspective*. Kaapstad: Siber Ink.

Pretorius, D., Venter, E., Von Well, R. & Wingard, C. 2007. *GAAP handbook 2008*. Durban: LexisNexis Butterworths.

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2002. *Foreign assets and foreign currencies*. June 2002. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
[https://www.saica.co.za/integritax/999\\_Foreign\\_Assets\\_and\\_Foreign\\_Currencies.htm](https://www.saica.co.za/integritax/999_Foreign_Assets_and_Foreign_Currencies.htm)  
[Toegang: 2007-09-22].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004a. *Section 24I of the Income Tax Act*. 2 April 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
<https://www.saica.co.za/documents/Submission%20to%20SARS%20regarding%20section%2024I.pdf> [Afgelaai: 2007-02-16].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004b. *Interaction between sections 24I and 25D*. 19 July 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
<https://www.saica.co.za/documents/interaction%20between%20sections%2024I%20and%20section%2025D.pdf> [Afgelaai: 2007-02-16].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004c. *Translation of foreign currency amounts*. 23 December 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
[https://www.saica.co.za/documents/Submission\\_National\\_Treasury\\_section25D.pdf](https://www.saica.co.za/documents/Submission_National_Treasury_section25D.pdf)  
[Afgelaai: 2007-02-16].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004d. *Interaction between sections 24I and 25D*. 23 December 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
[https://www.saica.co.za/documents/Response\\_SARS%20reply\\_section25D.pdf](https://www.saica.co.za/documents/Response_SARS%20reply_section25D.pdf) [Afgelaai: 2007-02-16].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004e. *International tax - applicability of section 24I(11)*. June 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by  
[https://www.saica.co.za/integritax/1190\\_International\\_tax\\_applicability\\_of\\_section\\_24I\\_11\\_.htm](https://www.saica.co.za/integritax/1190_International_tax_applicability_of_section_24I_11_.htm) [Toegang: 2006-11-27].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004f. *Income tax: interaction between sections 24I and 25D*. 2 December 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by:  
<https://www.saica.co.za/documents/Section24Iand25D.pdf> [Afgelaai: 2007-02-16].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2004g. *AC 133 - tax considerations*. April 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by  
[https://www.saica.co.za/integritax/1179\\_AC\\_133\\_tax\\_considerations.htm](https://www.saica.co.za/integritax/1179_AC_133_tax_considerations.htm) [Toegang: 2006-11-27].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2006. *Tax and accounting treatment of transactions to diverge considerably going forward*. May 2006. [Aanlyn] Beskikbaar by  
[https://www.saica.co.za/integritax/1407\\_Tax\\_and\\_accounting\\_treatment\\_of\\_transactions-to\\_diverge\\_considerably\\_going\\_forward.htm](https://www.saica.co.za/integritax/1407_Tax_and_accounting_treatment_of_transactions-to_diverge_considerably_going_forward.htm) [Toegang: 2007-08-24].

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2007a. *Hedging foreign company acquisitions*. May 2007. [Aanlyn] Beskikbaar by  
[https://www.saica.co.za/integritax/1519\\_Hedging\\_foreign\\_company\\_acquisitions.htm](https://www.saica.co.za/integritax/1519_Hedging_foreign_company_acquisitions.htm)  
[Toegang: 2007-08-24]

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2007b. *CFC and the business establishment exemption*. June 2007. [Aanlyn] Beskikbaar by [https://www.saica.co.za/integritax/1530\\_CFC\\_and\\_the\\_business\\_establishment\\_exemption.htm](https://www.saica.co.za/integritax/1530_CFC_and_the_business_establishment_exemption.htm) [Toegang: 2007-08-24]

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 2007c. *Meaning of 'currency used for purposes of financial reporting'*. July 2007. [Aanlyn] Beskikbaar by [https://www.saica.co.za/integritax/1542\\_Meaning\\_of\\_currency\\_used\\_for\\_purposes\\_of\\_financial\\_reporting.htm](https://www.saica.co.za/integritax/1542_Meaning_of_currency_used_for_purposes_of_financial_reporting.htm) [Toegang: 2007-08-24].

Southern, D. & PricewaterhouseCoopers' Treasury Tax Team. 2007. *Taxation of loan relationships and derivative contracts*. Haywards Heath: Tottel Publishing.

Stals, C.L. 1980. *Die praktiese uitvoering van die beleid van 'n beheerde swewende wisselkoers in Suid-Afrika*. Lesing gelewer voor die Pretoriase tak van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika op 26 Junie 1980. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Stals, C.L. 1990. *Monetêre beleidsprobleme van die tagtigerjare*. Eerste Gerhard de Kock-lesing gehou by die Universiteit van Pretoria op 14 Februarie 1990. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Suid-Afrika. 2007. *Die Inkomstebelastingwet nr. 58 van 1962*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2001a. *Verklarende memorandum oor die Tweede Wysigingswetsontwerp op Belastingwette, 2001*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2001b. *Verklarende memorandum oor die Tweede Wysigingswetsontwerp op Inkomstewette, 2001*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2002. *Explanatory memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2002*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2003. *Explanatory memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2003*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2005. *Explanatory memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2005*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2006. *Explanatory memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2006*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2007a. *Explanatory memorandum on the Taxation Laws Amendment Bill, 2007*. Pretoria: Staatsdrukker

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2007b. *Explanatory memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2007*. Pretoria: Staatsdrukker

Suid-Afrika. Departement Finansies. 2007c. *Binding private ruling: BPR 003*. 3 September 2007. [Aanlyn] Beskikbaar by <http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=4265> [Toegang: 2008-05-20].

Suid-Afrika. Departement Handel en Nywerheid. 2006. *Corporate Laws Amendment Bill*. Pretoria: Staatsdrukker.

The South African Institute of Chartered Accountants/International Accounting Standards Board. 2007. *International Financial Reporting Standards (IFRSs) including International Accounting Standards (IASs) and Interpretations as at 30 November 2007*. Volume 1A & 1B. London: International Accounting Standards Board.

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 1993. *Finance Act 1993 (c. 34)*. Office of Public Sector Information.[Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/acts/acts1993/ukpga\\_19930034\\_en\\_8](http://www.opsi.gov.uk/acts/acts1993/ukpga_19930034_en_8) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 1994. *Statutory Instrument 1994 no. 3227. The exchange gains and losses (alternative method of calculation of gain or loss) regulations 1994*. 15 December 1994. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/si/si1994/Uksi\\_19943227\\_en\\_1.htm](http://www.opsi.gov.uk/si/si1994/Uksi_19943227_en_1.htm) [Toegang: 2008-08-18].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 1996. *Finance Act 1996 (c. 8)*. Office of Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/acts/acts1996/Ukpga\\_19960008\\_en\\_1](http://www.opsi.gov.uk/acts/acts1996/Ukpga_19960008_en_1) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 1998. *Finance Act 1998 (c. 36)*. Office of Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/acts/acts1998/ukpga\\_19980036\\_en\\_1](http://www.opsi.gov.uk/acts/acts1998/ukpga_19980036_en_1) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2000. *Technical note: corporate debt, financial instruments and foreign exchange gains and losses*. 8 November 2000. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.hmrc.gov.uk/consult\\_new/forex.pdf](http://www.hmrc.gov.uk/consult_new/forex.pdf). [Toegang: 2008-07-15].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2001a. *Corporate debt, financial instruments and foreign exchange gains and losses. A consultative document*. 26 July 2001. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.hmrc.gov.uk/consult\\_new/loan\\_losses.pdf](http://www.hmrc.gov.uk/consult_new/loan_losses.pdf). [Toegang: 2008-07-15].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2001b. *Loan relationships, derivative contracts and foreign exchange gains and losses. A technical note*. 19 December 2001. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.hmrc.gov.uk/consult\\_new/loan\\_losses.pdf](http://www.hmrc.gov.uk/consult_new/loan_losses.pdf). [Toegang: 2008-07-15].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2002. *Finance Act 2002 (c. 23)*. Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/ACTS/acts2002/ukpga\\_20020023\\_en\\_8](http://www.opsi.gov.uk/ACTS/acts2002/ukpga_20020023_en_8) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2002. *Statutory Instrument 2002 no. 1970. The exchange gains and losses (bringing into account gains or losses) regulations 2002*. 25 July 2002. [Aanlyn] Beskikbaar by <http://www.opsi.gov.uk/si/si2002/20021970.htm> [Toegang: 2008-08-12].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2004. *Finance Act 2004 (c. 12)*. Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/Acts/acts2004/ukpga\\_20040012\\_en\\_8](http://www.opsi.gov.uk/Acts/acts2004/ukpga_20040012_en_8) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2004. *Statutory Instrument 2004 no. 3256. Loan relationship and derivative contracts (disregard and bringing into account of profits and losses) regulations 2004*. 9 December 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/si/si2004/uksi\\_20043256\\_en.pdf](http://www.opsi.gov.uk/si/si2004/uksi_20043256_en.pdf) [Toegang: 2008-08-12].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2005. *Finance Act 2005 (c. 7)*. Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/acts/acts2005/ukpga\\_20050007\\_en\\_7](http://www.opsi.gov.uk/acts/acts2005/ukpga_20050007_en_7) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2005. *Finance (no. 2) Act 2005 (c. 22)*. Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/Acts/acts2005/ukpga\\_20050022\\_en\\_1](http://www.opsi.gov.uk/Acts/acts2005/ukpga_20050022_en_1) [Toegang: 2008-07-14].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2005. *Income tax (trading and other income) Act 2005 (c. 5)*. Public Sector Information. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.opsi.gov.uk/Acts/acts2005/ukpga\\_20050005\\_en\\_1](http://www.opsi.gov.uk/Acts/acts2005/ukpga_20050005_en_1) [Toegang: 2008-08-21].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2006. *Accounting standards - the UK tax implications*. 24 July 2006. [Aanlyn] Beskikbaar by [http://www.hmrc.gov.uk/practitioners/int\\_accounting\\_index.htm](http://www.hmrc.gov.uk/practitioners/int_accounting_index.htm) [Toegang: 2008-08-24].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2008. *Business income manuals*. [Aanlyn] Beskikbaar by <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/bimmanual/Index.htm> [Toegang: 2008-08-20].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2008. *Corporate finance manuals*. [Aanlyn] Beskikbaar by <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/cfmmanual/Index.htm> [Toegang: 2008-08-11].

United Kingdom. Department of Inland Revenue. 2008. *Corporate tax manuals*. [Aanlyn] Beskikbaar by <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/ctmanual/index.htm> [Toegang: 2008-08-15].

United Kingdom. Ministry of Justice. 1985. *Statutory Instrument 2004 No. 2947. The Companies Act 1985 (International Accounting Standards and other accounting amendments) regulations 2004*. Queen's Printer. Crown Copyright 2004. [Aanlyn] Beskikbaar by <http://www.opsi.gov.uk/si/si2004/20042947.htm> [Toegang: 2008-07-16].

Van der Merwe, E.J. 1991. Management of the gold and other foreign reserves. In: Meijer, J.H., Falkena, H.B. & Van der Merwe, E.J. (eds.). *Financial policy in South Africa*. Kaapstad: Southern Book Publishers.

Vorster, Q., Koornhof, C., Oberholster, J.G.I. & Koppeschaar, Z.R. 2005. *Beskrywende rekeningkunde. IFRS-fokus*. 16de uitg. Durban: LexisNexis Butterworths.

Vorster, Q., Koornhof, C., Oberholster, J.G.I., Koppeschaar, Z.R., Coetzee, S.A., Janse van Rensburg, C. & Binnekade, C.S. 2007. *Beskrywende rekeningkunde. IFRS-fokus*. 18de uitg. Durban: LexisNexis.

Walton, K. & Flint, A. 2007. *Tolley's capital gains tax 2007-08*. London: LexisNexis Tolley.

Williams, R.C. 2005. *Income tax in South Africa. Cases and materials*. 2nd ed. Durban: LexisNexis Butterworths.